

Ek verklaar dat dië verhandeling wat hierby vir die graad
Magister Artium aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat, deur
my ingedien word, my selfstandige werk is en nie vóórheen deur my
vir 'n graad aan 'n Universiteit/Fakulteit ingedien is nie.

F. Meyer
.....

(F.Meyer)



UOVS-SASOL-BIBLIOTHEEK 0280788



111011070901220000019

HERDE SKATTELAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTHEEK VERWYDER WORD NIE

DIE OU-TESTAMENTIESE MESSIASVERWAGTING

IN DIE LIG VAN DIE

PROFESIE VAN JESAJA

deur

FREDERIK MEYER

Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir
die graad MAGISTER ARTIUM in die FAKULTEIT
LETTERE EN WYSBEGEERTE (DEPARTEMENT BYBELKUNDE)
aan die UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE VRYSTAAT

97708

Studieleier: Dr. D.N. Pienaar

Januarie 1980

VOORWOORD

In die eerste plek wil ek my dank betuig teenoor my Skepper, wat aan my die verstand, insig en gesondheid gegee het om hierdie verhandeling aan te pak en te voltooi. Sonder Sy sterke hand is die mens tot niks in staat nie.

Naas my dank aan God, ook my dank aan die volgende persone en instellings wat dit moontlik gemaak het dat hierdie studiestuk voltooi kon word:

Eerstens, aan my studieleier, dr. Daan Pienaar, vir sy geduld en altyd gewillige raad, selfs wanneer ek hom op onmoontlike tye geskakel of gaan spreek het.

Tweedens die Biblioteekpersoneel van die volgende opvoedingsinrigtings, naamlik die Onderwyskollege Goudstad, Randse Afrikaanse Universiteit, en die Transvaalse Onderwysdepartement.

Derdens mnr. Sjaas Reyneke van G.O.K., vir die taalkundigeversorging van hoofstukke 1-6.

Laastens wil ek ook mev. L. Nel van die R.G.N. bedank vir die flinke en foutlose tikwerk.

Opgedra aan my twee dogters

Estie en Elmarie Meyer

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

Hoofstuk 1 - Inleiding

1.	Motivering	1
2.	Afbakening	2
2.1	Indeling van die stof	2
3.	Metode van benadering	4
3.1	Die Bron van ondersoek	4
3.1.1	Die Bybel as Primêre Bron	4
3.1.2	Sekondêre Bronne	6
3.2	Die metode van ondersoek	6
3.2.1	Openbaringshistories	6
3.2.1.1	'n Horisontale indeling van die stof	8
3.2.1.2	Samevattende aard van die stof	8
3.2.1.3	Eksegetiese metode	9
3.2.1.4	Die Tematiese metode	9
3.3	Die probleem rondom die boek Jesaja	9

Hoofstuk 2 - Draers van die Messiasgedagte in die Ou Testament

1.1	Die oorsprong van die Messiasgedagte	12
1.2	Die periode vanaf die Skepping tot en met die Rigters	17
1.2.1	Genesis 3:15	17
1.2.2	Genesis 4:1	20
1.2.3	Genesis 49:10-12	21
1.2.4	Numeri 24:17	23
1.3	Die Messiasverwagting gedurende die tyd van die konings	25
1.3.1	2 Samuel 7:11-16	26
1.3.2	Die boek Job	27
1.3.2.1	Job 19:25	28
1.3.2.2	Job 33:24 en 25	29
1.3.3	Die Psalmbundel	30
1.3.3.1	Ps. 2	31
1.3.4	Die Profeet Jesaja	34
1.3.4.1	Jesaja 2:1-5	35
1.3.4.2	Jesaja 9:1-6	35
1.4	Profesieë gedurende die tyd van die Ballingskap	36
1.4.1	Esegiël 17:22-24	37
1.4.2	Esegiël 21:25-27	39
1.4.3	Die boek Daniël	40
1.4.3.1	Daniël 2:31-44	41
1.4.3.2	Daniël 7:13 en 14	42
1.5	In die tydperk na die Ballingskap	45
1.5.1	Die verskyning van die Messias	47
1.5.2	Verskillende Messiasvoorstellings	48
1.5.2.1	'n Koninklike Messias	48
1.5.2.2	'n Priesterlike Messias	50
1.5.2.3	Die Messias as Profeet	50
1.5.2.4	Ander benaminge vir die Messias	51
1.5.3	Plaasbekledende lyde en sterwe	51

Hoofstuk 3 - Die Messiasfiguur 55

1.	Die Messias as Koning	55
1.1	Jesaja 9:6	61
1.2	Miga 5	63
1.3	Psalm 110	64
2.	Die Messias as Profeet	67
2.1	Deuternomium 18:15-18	68
3.	Die Messias as Priester	71
3.1	Sagaria 6:11-13	76
3.2	Psalm 110	78
4.	Die Messias as Seun van God	79
4.1	Psalm 2:7 en 12	80
4.2	Psalm 89:27	81
5.	Die Messias as Kneg van die HERE	83

Hoofstuk 4 - Die Messiaanse Profesieë van Jesaja 89

1.	Uit die stam van Dawid	90
2.	Die Maagdelike geboorte	93
3.	Name	98
3.1	Immanuel	98
3.2	Wonderbare Raadsman	100
3.3	Sterke God	101
3.4	Ewige Vader	102
3.5	Vredevors	104
3.6	Regeerder	105
3.7	Verstotene	106
3.8	Die Kneg	108
4.	Karakter	110
4.1	Regverdig	111
4.2	Billikheid of geregtigheid	112
4.3	Regverdige oordeel	114
4.4	Sagmoedigheid	115
4.5	Selfverloëning	116
4.6	Liefde en medelye	117
5.	Die Messias se leerstellinge	119
5.1	Vreugde in die wêreld	119
5.2	Genade aan die heidene	120
5.3	As 'n Onderwyser	122
6.	Die natuur van die Messias	123
6.1	Seun van God	123
6.2	Seun van die mens	124
7.	Die Messias se dood	126
7.1	Saam met rowers gekruisig	126
7.2	Bespotting	128
7.3	Alleen in die stryd	128
7.4	Deurboor	129
7.5	Met 'n ryke in die dood	130
7.6	Suksesvolle lyding	130
8.	Sy Opstanding	132
8.1	Mag oor die dood	132
9.	Die Messias se Hemelvaart	134
9.1	Skenking van gawes	134
9.2	Die beoefening van Sy Priesterskap	135

<u>Hoofstuk 5</u>	<u>- Die Messiasverwachting van Jesaja -</u>	
	<u>Nuwe Testamenties toegelig</u>	138
1.	Afkoms	138
1.1	Uit die geslag van Dawid	138
1.2	As 'n Koning	140
1.3	Maagdelike geboorte	140
1.4	'n Voorloper	141
1.5	Name	142
1.5.1	Immanuel	142
1.5.2	Regeerder	143
1.5.3	Wonderbaar	143
1.5.4	Raadgewer	144
1.5.5	Sterke God	144
1.5.6	Ewige Vader	145
1.5.7	Vredevors	146
1.5.8	Die Kneg	146
2.	Profesieë oor die karakter van die Messias	147
2.1	Sy Regverdigheid	147
2.2	Trou en waarheid	148
2.3	Geregtigheid en regverdigheid	149
2.4	Getrouheid	150
2.5	Ywer en geesdrif	150
2.6	Nederigheid en geduld	151
2.7	Selfverloëning	151
2.8	Liefde	153
3.	Die prediking van die Messias	154
3.1	Die prediking bring blydschap in die wêreld	154
3.2	Heil aan die heidene	156
3.3	Met die Heilige Gees gesalf	157
3.4	As onderwyser	158
3.5	Sy Prediking verrig wonders	159
4.	Die Messias se twee nature	160
4.1	Goddelike natuur	161
4.1.1	Seun van God	161
4.1.2	God Drie-Enig	162
4.2	Menslike natuur	163
4.2.1	Seun van die mens	163
4.2.1.1	'n Liggaam	164
4.2.1.2	Siel	165
4.2.1.3	Emosies	165
4.2.1.4	Afmatting	165
4.2.1.5	Smart	166
4.2.1.6	Hy ken armoede	166
4.2.1.7	Toorn	167
5.	Die Dood van die Messias	167
5.1	Gemartel en geslaan	167
5.2	Gekruisig saam met misdadigers	168
5.3	Bid vir sy vervolgers	169
5.4	Deurboor	169
5.5	Vrywillige en plaasvervangende dood	169
6.	Die Opstanding	170
6.1	Mag oor die dood	170

7.	Sy Hemelvaart en Verhoging	171
7.1	Gawes voor die Hemelvaart	171
7.2	Gawes na die Hemelvaart	172
7.3	Beoefening van Sy voorspelde Priesterskap	173

	Jesus en die Messiasverwagting by die Jode in die Nuwe-Testamentiese tyd gegrond op die profesieë van Jesaja	175
--	--	-----

1.	Uit die Koninklike geslag van Dawid	175
2.	Seun van die mens	177
3.	Die Voorloper	178
4.	Koninkryk van God	179

	Die Nie-realistiese in die Jesaja profesieë gee aanleiding tot Jesus se verwerping deur die volk	180
--	--	-----

Hoofstuk 6 - Konklusie

1.	Die Messiasverwagting	188
2.	Verwerping van Jesus deur die Jode	193
3.	Lewe uit die dood	194

	Finale Opsomming	197
--	------------------	-----

	Aangehaalde Vakkundiges	199
--	-------------------------	-----

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1. MOTIVERING VIR DIE STUDIE

In die Ou Testament is die voorspellings aangaande die koms van die HERE Jesus Christus in die Volheid van die tyd vervul. Omdat die voorspellings nie altyd direk in woorde uitgedruk is nie, is daar in hierdie studiestuk gepoog om 'n studie te maak van hierdie gedeeltelik verborge voorspellings van die komende Messias of Verlosser, soos aangetref in die profesieë van die profeet Jesaja.

Indien daar net gesoek sou word na die Messiaanse profesieë in die boek Jesaja, sou hierdie studie die indruk skep dat die profesieë van Jesaja losstaande is van die ander profetiese boeke. Daarom is daar ook 'n studie gemaak van enkele Messiaanse profesieë elders in die Ou Testament.

Hierdie studie is ook gemotiveer deur die losstaande gedagtes en sienswyses wat vandag gekoester word ten opsigte van Jesus Christus. Daar word vandag beweer dat Hy die vleeslike Seun van Josef was¹ of dat die Maagdelike geboorte van geen belang vir ons is nie². Die twintigste eeu word gekenmerk daardeur dat Jesus Christus in alle rolle gesien word, behalwe in dié een van Verlosser. Dit is dan ook hierdie gees van die tyd dat die mens vir Hom rolle geskep het soos 'Jesus Christ Super Star' en derglik meer.

1. McCrossan, I.J. The Bible, Christ and Modernism. 1928. p. 100.
2. McCrossan, I.J. a.w. p. 110.

In hierdie studie sal daar gepoog word om Jesus in sy Goddelike rol te sien as Verlosser van die mens soos deur God die Hemelse Vader belowe is. Indien Hy weer in die rol van Verlosser herstel kan word, sal hierdie studiestuk as geslaag beskou kan word. Jesus Christus is tog die enigste ware God in die mens se lewe¹.

Die onbybelse beginsels waarvan reeds melding gemaak is en wat in hierdie studiestuk teëgewerk moet word, is die gevolg van filosofiese rigtings soos die liberalisme, eksistensialisme en andere, waarin gepoog word om die kerk van geloof in Jesus Christus af te breek². Gesien in die lig van die Christelike beskawing hier aan die suidpunt van Afrika is hierdie denkrigtings 'n bron van kommer, omdat hulle poog om die jeug los te maak van dit wat eie aan die Afrikaanse volk se godsdiens is.

Daarom stel hierdie studiestuk hom ten doel om aan te toon dat die belofte van 'n Verlosser soos 'n goue draad deur die Ou Testament loop en sy beslag in die Nuwe Testament kry.

Daar is ook 'n poging aangewend om 'n antwoord te vind op die vraag waarom die Jode vir Jesus verwerp het nadat hulle soveel eeue na 'n Verlosser uitgesien het. Was hulle teleurgesteld in Hom of het Hy misluk in sy verlossingswerk?

2. AFBAKENING

2.1 Indeling van die stof

In hierdie studie is daar gepoog om 'n deurlopende oorsig te gee van die periodes waarin daar gereeld vanaf die kant van God openbaringe gemaak is ten opsigte van die komende Verlosser.

1. Brullenburg Wurth, G. Christelike Sedeleer. Van Schaik: Pretoria. 1954. p. 51.

2. Landman, W.A. Opvoedkunde vir Onderwysstudente. 1978. p. 174.

In hoofstuk 2 is daar dié grenslyne van die studieveld getrek naamlik die tydperk:

1. Vanaf die Skepping tot en met die Rigters
2. Van die konings
3. Van die Ballingskap
4. Vanaf die Ballingskap, tot en met die aanbreek van die Nuwe-Testamentiese tydperk.

Die rede vir hierdie afbakening lê daarin dat dit die belangrikste tydperke in die Openbaringsgeskiedenis weergee. Vanaf die Skepping tot en met die Rigters was dit 'n tydperk van woelinge, gekenmerk deur die roeping, die uittoeg uit Egipte, die woestynreis, e.d.m., waarin God telkens na vore kom as die Een wat die Skepping beheers, maar ook as die Een wat keuses kan maak. In hierdie tyd het Hy vir Hom 'n volk verkies waaruit die Verlosser gebore sou word.

Die konings van Israel was God se verteenwoordigers op aarde en is deur die volk as verlossers beskou. Hulle stel dit dan ook aan Samuel dat hulle iemand wil hê wat voor hulle in tye van oorloë (1 Sam. 8:20) kan uittrek. Hierdie aardse verlossers was egter die volk se ondergang soos wat Samuel dan ook aan hulle voorspel het (1 Sam. 8:11 e.v.), want dit was hulle wat begin het met die afgodediens en onderdrukking van die volk. Hierdie koningsperiode is egter in hierdie studie belangrik in dié opsig dat die koningskap van Dawid vir die volk 'n simbool geword het van die Ware Verlosser se Koninkryk. Die volk se verlange na 'n Verlosser word aan die koningshuis van Dawid gekoppel. Dit was ook Dawid wat hierdie verlange na 'n Verlosser sterk uitgedruk het in sy Psalms. Aan die einde van die koningsperiode tree Jesaja sterk op die voorgrond as dié profeet wat die volk vertroos in hulle moeilike omstandighede en die belofte gee van die komende Kneg. Hierdie Kneg het 'n doel op aarde en sal in die volheid van die tyd optree (Jesaja 49:1-2): Hy wat uit die geslag van Dawid sou spruit, het 'n wêreldroeping (42:1-7).

Die periode van die Ballingskap is weer belangrik in dié opsig dat dit die tydperk is waarin die volk die meeste blootgestel was aan afdwaling van die HERE se weë, omdat talle vreemde invloede op hulle ingewerk het. Hulle was op godsdienstige terrein bedreig deur sinkretisme en anti-Judaïsme.

Die Messiasverwagting gedurende hierdie tydperk vervaag¹ en die profete soos Esegïël en Daniël moes nou die volk se geloof versterk deur hulle profesieë aangaande 'n Verlosser².

Daar is gepoog om binne hierdie afgebakende tydperke, soos hierbo uiteengesit, te bly en te let op profesieë aangaande die Messias se Name, sy karakter, sy natuur, sy werke en die vervulling van hierdie profesieë. Daar is in die hele studie gelet hoe hierdie profesieë vervul is en of daar 'n verband bestaan tussen veral Jesaja se profesieë en die Nuwe-Testamentiese vervulling. Daar is dus gepoog om te wys dat Jesaja as profeet Jesus Christus reeds eeue tevore aan die volk Israel verkondig het, sonder dat hulle dit in hierdie lig gesien het.

3. METODE VAN BENADERING

3.1 Die Bron van ondersoek

3.1.1 Die Bybel as Primêre bron

In hierdie ondersoek was die Bybel as die onfeilbare Woord van God die primêre bron. Daar is met geloof aanvaar dat die Bybel die openbaring van God aan die mens is.

Saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis (N.G.B.) (Art. 3-7) word bely dat die Woord van God nie deur die wil van mense

1. Duvenhage, S.J. Dékor van die Nuwe Testament. s. j. p. 212.

2. Helberg, J. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament, D1.2. 1976. p. 166.

voortgebring is nie, maar geskryf is deur mense wat gestaan het onder die inspirasie van die Heilige Gees. In die gees van die N.G.B. word aanvaar dat die Bybel die onfeilbare, geïnspireerde, gesaghebbende Woord van God is.

Die Besondere Openbaring het 'n aanvang geneem kort na die Sondeval (Gen. 3:9), asook by die geleentheid waar die vloek oor die slang uitgespreek is (Gen. 3:15). In Gen. 3:15¹ word daar 'n boodskap aan die mens gegee dat uit die 'saad van die vrou' Iemand gebore sal word wat die slang se kop sal vermorsel². In hierdie profesie is daar nog geen vermelding van 'n Verbond wat met die mens gesluit sal word nie.

Met die roeping van Abraham en die daaropvolgende gebeure in die geskiedenis is daar 'n teken dat die HERE God nie die wêreld wil oorlaat aan homself nie, maar dat Hy sy verlossingswerk wil volbring in die sending van sy Seun, as Verlosser, na die aarde³.

Uit sy verbond met Abraham het Hy Homself verbind aan die Bondsvolk om hulle te seën en tot 'n seën te maak⁴. Hier word uitdruklik die woord 'Verbond' gebruik om die genadeverbond tussen God en sy volk te beskrywe: 'Ek sal 'n verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond om vir jou 'n God te wees en vir jou geslagte na jou' (Gen. 17:7).

In hierdie genadeverbond tree Christus op as die hoof en Middelaar. As Verbondshoof voldoen Hy aan die eise van die reg van God deur die skuld en straf van die mensheid op Hom te

-
1. In Gen. 3:15 word daar 'n definitiewe verwysing gegee van Jesus wat sal kom om Satan te oorwin.
 2. Dijk, K. Korte Dogmatiek. s.j. p. 192. Sien 'n verband tussen Gen. 3:15 en Jes. 53:5 en aanvaar daarmee ook Gen. 3:15 as profesie m.b.t. die koms van die Messias.
 3. Bavinck, J.H. Het Woord voor de Wêreld. s.j. p. 18.
 4. Du Plessis, H. 'n Banier van die Volke. 1963. p. 51.

neem, om sodoende aan die geregtigheid van God te voldoen namens en ten bate van die menslike geslag. Deur sy Middellaarsdood gee Hy die genade van verlossing en die ewige lewe aan almal wat in Hom glo om kragtens Gods ewige raad en uitverkiesing tot sy volk te behoort¹.

In die lig van bogenoemde is hierdie studie onderneem en met die Bybel as sy Evangelieboodskap, as riglyn, is daar gepoog om die Messiaanse voorspellings in die Ou Testament in die algemeen en die Mesiaanse profesieë van Jesaja in die besonder na te vors.

3.1.2 Sekondêre Bronne

As sekondêre bronne (artikels, buite-Bybelse geskrifte, naslaanwerke) is daar gebruik gemaak van die heel nuutste bronne oor hierdie onderwerp, om die agtergrond waarteen alles afgespeel het, na te gaan en om 'n beter en ander insigte te kry in die feitemateriaal en voorspellings. Soos later in die studiestuk ook aangedui sal word, was daar verskillende sieninge oor hierdie onderwerp en moes die verskillende bronne noukeurig verwerk word.

3.2 Die Metode van ondersoek

3.2.1 Openbaringshistories

In die gebruik van die Openbaringshistoriese metode word die Openbaringshistoriese lyn wat in die Ou Testament gegee word, nagevolg². Hierdie metode het voorkeur geniet vanweë die Ou Testament se duidelike tekening van God as die God van die geskiedenis. Die voorkeur lê ook daarin dat die aanbidding van die Ou Testament in die Bybel histories van aard is.

1. Muller, J.J. Grondbegrippe van die Christelike Geloof. 1976. p. 44.

2. Helberg, J.L. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament. Deel 1. 1975. p. 13.

In die geskiedenis van Israel het God Homself aan die mens bekend gemaak reeds vanaf Gen. 3:15 tot en met die boek Openbaring (Besondere Openbaring). Hierdie openbaringslyn is nagevolg om die belofte van 'n Verlosser hieruit te lig. Daar kan in hierdie verband met Bavinck saamgestem word¹: 'De inhoud der bijzondere openbaring word ons het best uit een kort overzicht, van hare geschiedenis bekend'. Helberg² sien dit in dieselfde lig: 'Dit gaan in die Openbarings-geskiedenis grotendeels om die historiese samehang van die Openbaring aangesien die Ou Testament self grotendeels in 'n historiese vorm gegiet is en God se openbaring histories van aard is ...'

Die oorgrote deel van die Ou Testament handel oor God se werksaamhede in 'n historiese samehang. Die geskiedenis bestaan nie uit losstaande gebeurtenisse nie, maar vorm 'n groot samehang waarin Hy die geskiedenis so beheer dat Hy Homself daarin aan die mens openbaar.

In die benaderingswyse is daar ook van die standpunt uitgegaan dat alhoewel die boeke van die Ou Testament onder andere deur die profete in die profetiese boeke geskrywe is, hulle glad nie bedoel het om 'n aaneenlopende verhaal vir die mens uit te beeld nie. Hulle wil nie 'n noukeurige geskiedenisverhaal vertel nie, maar 'n openbaring van God in die geskiedenis gee³.

Verder is daar ook in die Openbaringshistoriese metode rekening gehou met die feit dat daar in die profesieë van Jesaja 'n steeds meer duidelikwordende openbaring in die verlossingswerk is. In Gen. 3:15 is daar alleen sprake van die 'saad van die vrou', maar in Gen. 4:1 jubel Eva by die geboorte van haar

-
1. Bavinck, J.H. Handleiding bij het Onderwijs in den Christelijke Godsdienst. 1913. p. 30.
 2. Helberg, J.L. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament. Deel 1. 1975. p. 2.
 3. Du Toit, S. Openbaringsgeskiedenis. 1969. p. 40.

eerste kind en is daar al sprake van 'n man. Jesaja spreek van 'n Kind wat gebore (9:5) sal word uit die maagd (7:14), van wie die Naam Wonderbaar, Raadsman, en derglik meer sal wees.

Alhoewel die boek Jesaja 'n profesie is wat bekend is vir sy voorspellende vermoë¹, is daar tog rekening gehou met die bo-natuurlike element, naamlik dat daar tog ook aspekte is wat vir die mens onverklaarbaar is. Ook hier geld die woorde van Jesaja 55:9 : 'Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is My weë hoër as julle weë en My gedagtes as julle gedagtes'.

In die benadering van die stof volgens die Openbaringshistoriese metode is daar rekening gehou met die volgende drie beginsels, naamlik:

3.2.1.1 'n Horisontale indeling van die stof

Hierdie sub-metode is veral toegepas in die tweede en derde hoofstuk, waar daar eers 'n studie gemaak is van die Messiaanse voorspellings oor die hele Ou-Testamentiese periode, tot en met die aanbreek van die volheid van die tyd. In hierdie studie is die Ou-Testamentiese periode verdeel in vier hoofperiodes (sien 2. Afbakening).

3.2.1.2 Samevattende aard van die stof

In die bestudering van Jesaja is rekening gehou met die aspek dat gebeurtenisse wat ver uitmekaar plaasvind so beskryf word asof hulle naby aan mekaar lê. Die roeping van Jesaja en verheerliking van Sion in hoofstuk 66 lê, wat tydsorde betref, honderde jare uitmekaar. In Jesaja word die koms van die Verlosser geskilder asof dit die eersvolgende gebeurtenis is wat gaan plaasvind. Die profeet is nog besig om die ondergang van

1. Du Toit, S. Openbaringsgeskiedenis. 1969. p. 40.

Assur te beskrywe en om simpatie te betuig met hulle wat hulp by Egipte gaan soek (31:1), dan beskrywe hy in hoofstuk 32 die Messiaanse Heilstaat. Dit spreek van 'n geweldige vinnige opeenvolging van gebeure. Die profeet is besig met geskiedenis, maar teen sy eie tempo.

3.2.1.3 Eksegetiese metode

Alhoewel daar glad nie in hierdie verhandeling vrylik gebruik gemaak is van die eksegetiese metode nie, is daar tog rekening gehou met dié metode se bevindinge.

3.2.1.4 Die Tematiese metode

Hierdie metode is aanvullend gebruik by die Openbaringshistoriese metode, veral by die profesieë van Jesaja. Sekere temas is uitgebou en vergelyk met sieninge, voorspellinge en vervullings uit die Ou sowel as die Nuwe Testament.

3.3 Die Probleem rondom die boek Jesaja

Die inhoud en datering van die boek het al aanleiding gegee tot heelwat vrae. By die bestudering van die boek kan die leser tot die gevolgtrekking kom dat die boek deur verskillende persone geskryf is. Daar is nodig om vir 'n wyle terug te gaan in die geskiedenis en om te kyk wat die standpunt van verskillende persone oor hierdie saak was en vandag nog is.

Tot aan die einde van die agtiende eeu was die outeurskap van die boek onbetwis. Die 2de Jesaja gedeelte word duidelik onderskei en in 'n later tydperk as een Jesaja geplaas.

Hierdie siening word ondersteun deur J.G. Eichorn¹. Persone soos hierbo vermeld en ander² grond hulle aanspraak dat Jesaja

1. Eichorn, J.G. Einleitung in das A.T. 1780-1783. p. 81.

2. Vriezen, Th.C. Oud-Israëlitische Geschriften. 1956. p. 166.

nie die outeur was nie, op die volgende gronde^{1&2}:

3.3.1 Daar is 'n verskil in taal en styl. Die argument is egter nie waterdig nie, omdat 'n skrywer se taal en styl met verloop van tyd kan verander.

3.3.2 Verskil in teologiese benadering. Ook dit is 'n onvoldoende argument omdat 'n verskil in omstandighede, 'n verskil in teologiese benadering tot gevolg sal hê. In hierdie geval word hy juis in die gees verplaas na 'n tydperk $\pm 1\frac{1}{2}$ tot 2 eeue later in omstandighede wat heeltemal verskil van syne.

3.3.3 Die sterkste enkele argument is dat die profete hulle self aanpas by omstandighede van die oomblik. Daar is in die Hebreeuse profesie geen voorbeeld van 'n profeet wat homself twee eeue vooruit geplaas en woorde gespreek het met die veronderstelling dat hulle wel eendag aanvaar sal word nie.

Daar is ook persone soos Pfeiffer³ en Aalders⁴ wat 'n derde outeur (Trito Jesaja) onderskei. Volgens hulle sou hierdie derde Jesaja verantwoordelik gewees het vir die skrywe van Jesaja 56 tot 66, en sou hierdie Jesaja nie in ballingskap gewees het nie, maar het hy na die ballingskap op Joodse bodem gelewe.

Hy grond sy bewerings op die volgende⁵:

- a) Die skrywer gebruik bekende Aardrykskundige uitdrukkings wat 'n bewys is dat hy tuis is in die Joodse land.

1. Aalders, G.Ch. Oud-Testamentiesche Kanoniek. 1952. p. 214.
2. Schofield, J.N. Law Prophets and Writings. 1969. p. 133.
3. Pfeiffer, R.H. Introduction to the Old Testament. 1966. pp. 277-287.
4. Aalders G.Ch. a.w. p. 221.
5. Aalders G.Ch. a.w. p. 220.

- b) Daar is die moontlikheid dat hierdie deel saamgestel kon gewees het in die tyd van Esra.
- c) Daar is ook die moontlikheid dat die skrywer in die eerste eeu voor Christus kon geleef het. Dié bewering is egter deur die ontdekking van die Dooie Seerolle die nek ingeslaan.

4. Daar is ook die groep teoloë wat die hele boek Jesaja aan die outeur met dié naam toeken¹. Hulle grond hulle bewerings op die volgende:

4.1 Direkte Skrifgegewens. Die opskrif dui daarop dat Jesaja wel die skrywer was. Die vraag bly egter of die opskrif op die hele boek van toepassing was.

4.2 In die Nuwe Testament¹ word die boek Jesaja aangehaal asof Jesaja die skrywer was², byvoorbeeld:

Matt. 3: 3 haal Jesaja 40: 3 aan

Matt. 8:17 haal Jesaja 53: 4 aan

Mark. 1: 2 haal Jesaja 40: 3 aan

Hand. 8:28 haal Jesaja 53:28 aan.

Die N.T. haal die boek Jesaja 512 keer aan (2 en 3 Jesaja word 361 keer aangehaal). Omdat die Nuwe Testament die boek Jesaja aanhaal asof Jesaja, die profeet, die skrywer van al 66 hoofstukke was, word daar in hierdie verhandeling ook van dié standpunt uitgegaan.

1. Aalders, G.Ch. Oud-Testamentiese Kanoniek. 1952. p. 220.
2. Buksbazen, U. The Prophet Isaiah. 1971. p. 69.

HOOFSTUK 2

DRAERS VAN DIE MESSIASGEDAGTE IN DIE O.T.

1. Die oorsprong van die Messiasgedagte

Daar is teoloë¹ wat beweer dat die gedagte van 'n Verlosser vanaf die heidene kom. 'n Gedagterigting wat vandag egter heelwat teenstand² ondervind. Edelkoort³ beweer dat hierdie beïnvloeding na die intog in Kanaan, vanaf die kant van Egipte gekom het. Volgens hom kan hierdie beïnvloeding verband hou met 'n teks wat teruggevind is uit die jare 2930 - 2750 v.C., waarin daar sprake is van 'n profesie wat deur die heidense profete teen Farao Snefru ingebring is, waarvolgens die Lam van die Assiriërs heilige voorwerpe na Nineve sal wegvoer, maar wat uiteindelik weer in Egipte terugbesorg sal word.

Daar is ook die geskrif uit Egipte wat melding maak van die koning uit die Ooste wat deur die godin Isis aangestel is, wat weer geluk na 'n tydperk van nood en ongeluk sal bring. Edelkoort⁴ vind in die Babiloniese literatuur soortgelyke 'verlossers'.

Hierdie 'verlossers' kan egter nie op dieselfde vlak gestel word as die Messiasverwachting nie, want laasgenoemde is 'n belofte komende van die kant van God⁵. God het dit in Sy Raadsbesluit so geformuleer en in die volheid van die tyd tot uitvoering gebring, toe Hy Sy eniggebore Seun na die aarde gestuur het.

-
1. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 25.
 2. Vor der Hake, J.A. (red). Commentar op de Heilige Schrift. 1956. p. 80.
 3. Edelkoort, A.H. t.a.p.
 4. Vor der Hake, J.A. (red). a.w. p. 86. 'n Verwysing na Edelkoort se siening.
 5. Bright, J. Covenant and Promise. 1977. p. 21.

Dit is egter moeilik om die begin van die Messiasverwagting as 'n belofte van God vas te stel. Daar is geen gronde vir die bewering dat¹ die Messiasverwagting sy oorsprong in die tyd van Moses gehad het nie. Volgens hierdie bewering sou dit by Sinai begin het, waar die HERE die volk van Israel as Sy uitverkore volk verkies het.

Ander teoloë beweer dat die Messiasverwagting sy oorsprong by die vestiging van die stamme in Kanaan gehad het omdat die vroegste profete geen Messiaanse figuur geopenbaar het nie. Daardie profete, waarby Samuel ingesluit word, sou dan hulle profesieë op situasies van hulle tyd gegrond het².

Wat wel met sekerheid gesê kan word, is dat die gedagte van 'n Verlosser reeds vroeg in koningstydperk prominent op die voorgrond getree het - die benaming Messias was toe algemeen gekoppel aan die konings. Hulle is beskou as gesalfdes van die HERE (1 Sam. 12:3 en 1 Sam. 16:6). Hierdie koningskap van Israel was nou verbonde aan hulle godsdienst, omdat die konings verteenwoordigers was van God op aarde³.

Bright⁴ beweer dat al hierdie teorieë 'n sprankie van waarheid in het, maar dat die oorsprong geleë is in die intieme verhouding tussen die volk en die HERE. Hy het 'n verbond met hulle gesluit om hulle uit die gevangenis en slawerny, te lei. Vor der Hake⁵ beweer dat dit futiel sal wees om te soek na 'n oorsprong van dié gedagte, omdat die gedagte van 'n Verlosser vroeg reeds in sekere begrippe geïnkorporeer is. So spreek Jakob (Gen. 49:8-12) van 'n Heerser uit Juda. Abraham op sy beurt ontvang weer die belofte dat sy nageslag geseën sal wees. As daar verder op hierdie belofte ingegaan word, kom die navorser

1. Du Plessis, H.G. 'n Banier van die volke. 1963. p. 126.

2. Du Plessis, H.G. t.a.p.

3. Vor der Hake, J.A. (red). Commentar op de Heilige Scrif.

4. Bright, J. Covenant and Promise. 1977. p. 24.

5. Vor der Hake, J.A. t.a.p.

tot die slotsom dat Iemand na die aarde moes kom sodat die mens geseën kon wees, want in homself was hy nie daartoe in staat nie omdat hy in sonde ontvang en gebore is. Verder terug in die Openbaringsgeskiedenis tref ons die naam 'Noag' aan wat 'Rus' beteken¹. Dus is hy alreeds by sy geboorte begroet as iemand wat rus sou verskaf - dus 'n Rusgewer of Heiland (Gen. 5:29). Wanneer Noag sy seuns aanspreek na sy sonde, dan spreek hy 'n besondere seën oor Sem uit wat daarop neerkom dat Sem in 'n besondere verhouding tot die HERE sal staan. Sem is self nie daartoe aangewese nie maar kan dit slegs doen deur Iemand wat hom daartoe in staat sal stel - 'n Verlosser of Tussenganger (Gen. 9:25-27).

Wanneer Gen. 3:15 in hierdie konteks beoordeel word, word daar in die vloek oor die slang 'n belofte gevind van Iemand wat sou kom om die slang te oorwin. Dit sal hierdie persoon se taak wees om die toestand van vroeër te herstel. Die mens is en was nie daartoe in staat nie omdat hy reeds verantwoordelik was vir die val van die mensdom. Dit sou dus 'n goddelike persoon moes wees.

Daar kan nie met Anderson² se interpretasie saamgestem word dat dit hier net gaan om die slegte verhouding tussen mense en diere nie. Met inagneming van die ryke betekenis van die Openbaringsgeskiedenis sou dit onverdedigbaar wees om nie na dieper relasies te soek nie.

Israel se Messiasverwachting moet verder gesoek word as dié mitologiese geskiedenis-inhoude van die Ooste. Dit moet eerder gesoek word in die verbond met Abraham.

Baie teoloë soek dan ook tereg die oorsprong van die Messiasverwachting, soos hierbo genoem, in die tyd van Moses³. In aansluiting kan met die afleiding saamgestem word dat die volk

-
1. Vor der Hake, J.A. Commentar op de Heilige Schrift. 1956. p. 86.
 2. Anderson, G.W. He that Cometh. 1959. p. 11.
 3. Eiselen, F.C. The Abingdon Bible Commentary. 1929. p. 178.

se eskatologie gebou was om Moses en die gebeure by Sinai. Dit was tog by hierdie geleentheid dat die HERE die volk gekies het as 'n volk van priesters en profete, wat in Sy diens moes staan. Hy het die volk op arendsvlerke na Hom gedra¹.

Daar is diegene wat van mening is dat die Messiasverwachting spesifiek in tye van nood gesoek moet word². In so 'n tyd van nood sou die volk hulle herinner aan die verlossing uit Egipte en sou hulle dan weer so 'n toekomsverwachting geskep het. Dan sou die volk begin verlang het na beter tye. In hierdie lig het Jesaja dan uitgesien na die ideale Koning uit die geslag van Dawid³.

Bogenoemde beweringe hou nie water nie want hulle verskaf geen bevredigende antwoorde op die volgende sleutelvrae nie:

- a) Hoekom het die heidense volke nie ook in sulke omstandighede so 'n verwagting gehad nie?
- b) Hoekom het Israel ook in tyd van voorspoed (Dawid se regeringstyd) 'n Messiasverwachting gehad?

Die tydperk van Moses en die gedagte dat die Messiasverwachting net in 'n tyd van nood ontstaan het, moet afgemaak word omdat die volk gedurende hierdie tyd in nood verkeer het en daar geen sprake was van 'n Messiasverwachting nie. Selfs wanneer die profete tot die volk spreek dan spreek hulle tot mense wat reeds uitsien na beter dae (Amos 5:18). Hulle verkondig geen nuwe begrip aan die volk nie⁴.

-
- 1. Kroeze, J.H. Handboek : Bybelse Geskiedenis : Ou Testament. s.j. p. 160.
 - 2. Eiselen, F.C. The Abingdon Bible Commentary. 1929. p. 178.
 - 3. Bright, J. Covenant and Promise. 1977. p. 19.
 - 4. Bright, J. a.w. p. 20.

'n Verdere argument wat hierby aansluiting vind, is die feitelike situasie dat Moses in sy tyd ook bekend was as die grootste profeet, wat hom in staat gestel het om by tye 'n intieme gesprek met die HERE te voer¹ (Ex. 33). Daarom was hy vir hulle 'n Messias, soos dit ook blyk uit die geskiedenis by Sinai. Nadat die sonde met die goue kalf gepleeg is, het Moses na die HERE op die berg geklim om vir die uitwissing van die volk se sondes by die HERE te pleit. Moses het hier die rol vervul van 'n middellaar, maar kon die volk nie vooraf verseker dat hy suksesvol sou wees nie².

In die soeke na 'n Messiasverwachting moet daar egter teen gewaak word dat daar nie in elke Ou Testamentiese teks 'n spoor van die Messiasverwachting gesien word nie. Die leser moet dus op sy hoede wees teen 'n oordrewe gesoek na sulke verbande.

Daar kan tot die konklusie geraak word dat die gedagte van 'n Messiasverwachting algemeen onder die heidense sowel as die Joodse volk voorgekom het. Almal het uitgesien na 'n persoon wat sou kom om die toestande op aarde te verander na 'n volmaakte bedeling.

Die verskil in die vertolking van die Messiasverwachting tussen Israel en die heidense volkere het daarin gelê dat eersgenoemde dit gesien het as 'n belofte direk afkomstig van die ware, lewende God, terwyl dit by die heidene 'n verlange was wat in hulle eie gedagtegang gebore is.

Die Verlosser wat Israel verwag het, sou nie net kom om die volmaakte daar te stel nie, maar sou ook kom om die oorsaak van die onvolmaaktheid uit te wis.

Noudat daar sekerheid verkry is dat daar wel so 'n belofte deur die HERE God aan die mens gegee is, ontstaan die vraag egter by welke geleenthede dit wel gedoen is en waar dit die eerste keer plaasgevind het. Daar sal gepoog word om in die volgende gedeeltes 'n antwoord op hierdie vraag te vind.

1. Kroeze, J.H. Handboek : Bybelse Geskiedenis : Ou Testament. 1965. p. 170.

2. Gispen, W.H. Het Boek Exodus. 1968. p. 194.

1.2 Die periode vanaf die Skepping tot en met die Rigters

1.2.1 Genesis 3:15

As die slang gesien word as die beeld van die kwaad, dan kan hierdie teks bekend staan as die Moederbelofte omdat dit die eerste is van 'n reeks wat handel oor die Messias¹. Dit handel oor 'n persoon wat sou kom om die slang se kop te vermorsel.

Dit is verblydend dat die eerste profesie aangaande 'n Verlosser of Messias deur die Hoër God aan die mens bekend gemaak is en dus nie die produk van die menslike verstand was nie.

Die eerste Evangelie verkondig nie net die belofte van 'n Verlosser nie, maar sny ook die afkondiging van stryd aan². Hierdie Evangelie is die bloesemknop van die heilryke Verbond. Dit is 'n Verbond wat tussen die HERE en die mens gesluit word, maar nêrens word dit 'n Verbond genoem nie. Dit word ook nie aangedui dat dit gaan om die verhouding tussen die HERE en die gevalle mens nie. In hierdie Verbond word daar nie direk na Jesus Christus verwys nie, maar gaan dit daarom dat die HERE vir Adam en Eva by hulle verkeerde vriend gaan haal het en hulle in Sy sorg geplaas het³.

As hierdie verhaal oppervlakkig gelees word, skyn dit of dit handel oor 'n stryd tussen slange en mense⁴. Die slang wat hier beskrywe word, is 'n slang soortgelyk aan dié wat vandag aan die mens bekend is⁵. Hierdie slang was egter 'n instrument in die hand van Satan. Vir Adam en Eva het dit in hierdie stadium gegaan om 'n stryd tussen hulle nageslag en dié van die slang⁶.

-
1. Van Selms, A. De Prediking van het Oude Testament : Genesis D1.2. 1967. p. 76.
 2. Vonk, C. De Voorzeide Leer D1.1a. Inleiding : Gen., Exodus. 1960. p. 119.
 3. Vonk, C. t.a.p.
 4. Anderson, G.W. He that Cometh. 1959. p. 11.
 5. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 31.
 6. Jamieson, R. e.a. Critical and Experimental Commentary : Gen. - Deut. 1961. p. 56.

Hierdie natuurlike vyandskap waar die een die ander wil doodmaak, duur tot vandag toe voort¹, maar dit gaan om iets veel dieper², want die slang word hier voorgestel as die vyand van die HERE - die slang is die teenoorgestelde van die goeie³. In hierdie vyandskap van hom teenoor God is hy die versoeker, die draer van onheil in die vorm van die sonde en die dood⁴.

Satan sal veel skade aanrig, maar daar sal Iemand gebore word wat verlossing sal bring. Die slang wie se kop vermorsel sal word, is onder 'n oordeel wat veel verder gaan as net die slang opsigself. Die oordeel strek tot by die bron van die kwaad, naamlik Satan⁵.

Wanneer daar sprake is van die slang se saad, gaan dit om gewone slange en nie om Satan nie. Die term 'zera^c' dui op slange⁶. Dieselfde is ook waar van die saad van die vrou, wat 'n heenwysing is na die menslike geslag in kollektiewe verband. Dit gaan hier egter om 'n veel dieper saak en moet die term in enkelvoud gesien word⁷. In hierdie geval gaan dit om een nakomeling van die slang, naamlik Satan, en een Nakomeling van die vrou⁷. Uiteraard moet dit gesien word as 'n heenwysing na Satan en Jesus Christus⁸. Die saad van die slang dui op die geestelike nageslag van Satan wat deur Joh. 8:44 en Matt. 23:33 gesien word as die verdorwe geslag⁹.

1. Westerman, C. Genesis 1 - 11. 1966. p. 353.

2. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 34.

3. Von Rad, G. Old Testament Library : Genesis. 1963. p. 89.

4. De Graaf, S.G. Verbondsgeschiedenis. 1935. p. 24.

5. Jamieson, R. e.a. Critical and Experimental Commentary : Gen. - Deut. 1961. p. 56.

6. Edelkoort, A.H. a.w. p. 33.

7. Westerman, C. a.w. p. 354.

8. Gispen, W.H. Commetaar op het Oude Testament : Genesis. 1969. p. 164.

9. Jamieson, R. e.a. t.a.p.

Dit is opmerklik watter sterk raaklyne daar tussen Gen. 3:15 en die geboorte van Jesus Christus in die Nuwe Testament is. In albei gebeurtenisse is daar sprake van slegs die vrou se saad¹.

Alhoewel die mens weens hierdie oortreding van hom aan die ewige dood uitgelewer is, is daar tog sprake van verlossing in hierdie oordeel wat die HERE oor die slang uitgespreek het². Vir Adam en Eva is daar deur die HERE se groot genade 'n deur oopgelaat³. Die vrou het oortree, maar deur haar oortreding is daar tog verlossing⁴. Dit is nie sy nie, maar haar saad wat die verlossing bring⁵. Die HERE bewerk hierdie verlossing in die mens se hart⁶. Omdat die verlossing in verband staan met die mens se val, word die uitkoms by hierdie geleentheid aangekondig. Gerig en genade gaan hier hand aan hand, want die mens leer dat vyandksap met die bose vir hom heil bring. So gou as wat die mens van God wou wegvlug, kom Hy om hulle te troos en kom daar die belofte van verlossing⁷. Die HERE alleen bring verlossing deur die sending van die tweede Adam, Jesus, omdat die eerste Adam gefaal het. Die tweede Adam moet eers gewond word (aan die hakskeen gebyt word) en sterwe, voordat daar verlossing kom (kop vermorsel word)⁸. Die nakomelinge (kollektief) van die vrou word uit genade en nie uit verdienste nie, gered. Die genade lê daarin dat die Messias sou voldoen aan die eise van die reg, deur die sonde op Hom te neem⁹. Dit is egter deur God se genade dat die gevoel by die mens bly dat die sonde sy vyand is. Hy voel nie tuis by die Bese nie¹⁰.

-
1. Davidson, F. The New Bible Commentary. 1963. p. 81.
 2. Vonk, C. De Voorzeide Leer D1.1a. Inleiding Gen., Exodus. 1960. p. 119.
 3. Henry, M. (Red. Church, L.F.) Commentary on the Whole Bible in One Volume. Hersiene uitgawe 1960. p. 10.
 4. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 102.
 5. Visser, P. Het Geloof der Vaders. 1953. p. 70.
 6. Edelkoort, A.H. t.a.p.
 7. N.G.B Art. 17.
 8. Waterink, J. Stock Handboek voor de Bybelse Geschiedenis. s.j. p. 17.
 9. Visser, P. a.w. p. 65.
 10. Van Selms, A. De Prediking van het Oude Testament : Gen. D1.1. 1967. p. 72.

By Adam en Eva was daar die afsku in hulle daad, daarom dat hulle wegkruip. Alhoewel hulle bewus is van hulle oortreding, ontvang hulle hierdie heilsboodskap en kan Eva so uitermate gelukkig wees met Kain se geboorte.

Om saam te vat: In Gen. 3:15 lê daar 'n heilryke openbaring opgesluit ten opsigte van Jesus Christus, naamlik:

- a) Sy afkoms uit die saad van die vrou wat daarop dui dat Hy ook volkome mens sal wees¹. Daarom is Hy ook in die Bybel bekend as 'Seun van die Mens'. Alhoewel Hy volkome mens is, is Hy nie aan die sonde gebind nie (1 Pet. 2:22). Omdat die vrou die een is wat oortree het, gebruik die HERE haar ook weer as instrument² om redding te help bewerkstellig.
- b) Die Verlosser se lyding en sterwe word ook aangekondig. Satan sal Hom aan die hakskeen byt. Dit herinner baie sterk aan die 40 dae in die woestyn, by watter geleentheid Jesus Christus as Verlosser en Messias deur Satan versoek is³. Al drie hierdie versoekinge het gesentreer om sy taak as Messias. In hierdie versoekinge het Hy Sy volstrekte afhanklikheid van die HERE as weg gekies, in plaas daarvan om aardse glorie en roem deur Satan te verkry⁴.
- c) Sy oorwinning oor Satan, deurdat Satan se kop vermorsel sal word, d.w.s. sy mag gebreek sal word.

1.2.2 Genesis 4:1

Die woordorde van hierdie teks is so gekies dat die mens die sentrale plek inneem⁵. Dit gaan hier om die mens en die uitbreiding van sy geslag, in die persoon van 'n kind met die naam van Kain.

-
1. Van Rooyen, E.E. Die Nederlandse Geloofsbelydenis. 1948. p. 145.
 2. Dummelouw, J.R. (red.) The One Volume Bible Commentary. 1965. p. 22.
 3. Henry, M. (Red. Church L.F.) Commentary on the Whole Bible in One Volume. Hersiene Uitgawe. 1960. p. 11.
 4. Groenewald, J.H. Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament. 1972. p. 98.
 5. Westerman, C. Genesis 1 - 11. 1966. p. 388.

In die naam Kain lê Eva se verlange en hoop op 'n Verlosser opgesluit. Haar hart was gevul met vreugde by die aanskouing van hierdie Skepping van die HERE¹.

Eva skryf die wonderwerk van die geboorte toe aan die mag van die HERE en wil Hom dank dat Hy haar verlos het van die pyn². Haar dankbaarheid lê ook daarin dat sy bewus is daarvan dat die HERE aan haar gedink het³. In die woord 'man' (die bekende vertaling) word Eva se verbasing uitgespreek⁴. Sy sien die kind as 'n man⁵. Sy prys die HERE omdat daar nou 'n oorwinning vir die vrou se saad gekom het, want hierdie man sal die kop van die slang (se saad) vermorsel⁶. Uit haar wekroep blyk dit dan ook dat die mens hulle hoop op die HERE geplaas het, want Hy was getrou in Sy belofte.

1.2.3 Genesis 49:10-12

Jakob lê op sy sterfbed en hy wil graag sy kinders en kleinkinders seën. In hierdie poging van hom wil hy aandui wat hulle in die toekoms sou wedervaar⁷. Hy is in sy uitspraak met die Heilige Gees vervul⁸. Die korrektheid van hierdie woorde wat deur Jakob gespreek is, word egter bevraagteken omdat dit oor eeue heen die toekoms in geprojekteer word. In hierdie profesie gaan dit om 'n tydperk lank na die Intog. Watter waarde het dit vir sy kinders en kleinkinders gehad?

-
1. Leupold, H.C. Exposition of Genesis. 1942. p. 189.
 2. Westerman, C. Genesis 1-11. 1966. p. 388.
 3. Leupold, H.C. t.a.p.
 4. Van Selms, A. De Prediking van het Oude Testament : Gen. D1.1. 1967. p. 79.
 5. Westerman, C. Genesis 1-11. 1966. p. 388.
 6. Jamieson, R. e.a. Critical and Experimental Commentary : Gen. - Deut. 1961. p. 66.
 7. Hengstenberg, E.W. Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 27.
 8. Black, M. & Rowley, H.H. Peake's Commentary on the Bible. 1962. p. 204.

Wanneer die woorde van Jakob van naderby bekyk word, dan word gemerk dat hy 'n belofte gee van 'n groot nageslag en tweedens dat hulle 'n seën vir die ander volke sal wees. Juda sal sy vyande oorwin totdat Hy sal kom aan wie die volke gehoorsaam sal wees¹. Hy sal die volke aan sy voete hê ('veldheerstaf tussen sy voete'). Onder Sy regering sal Juda tot volle ont-plooiing kom².

In vers 10 gaan dit om die woord 'Silo'. Niks kan tot sy reg kom as Silo nie gerealiseer het nie³. Dit is 'n moeilike frase waaraan talle verklarings gegee is⁴, soos bv. 'Vredestigter', 'Rus', 'Gelukgewer', 'Hy wat syne is'⁵, 'Hy wat dit toekom'⁶, 'Vredevoers'⁷, om die belangrikstes op te noem. Indien 'Vredevoers' die korrekte vertaling is, dan het Silo 'n Messiaanse betekenis⁸.

Silo is 'n ekwivalent van die Hebreeuse woord wat 'aan hom behoort' beteken⁹. In hierdie geval het Gen. 49:10 die betekenis 'wat aan Juda behoort'. Dus, Juda sal 'n koningshuis' wees totdat alles wat aan hom belowe is, sal kom - weereens Messiaans van aard¹⁰.

In sy Messiaanse vorm kan dit dan in hierdie geval gesien word as 'Stigter van Vrede'. In hierdie verband sal die betekenis goed inpas by Jes. 9:6 waar die Messias beskrywe word as Vredevoers¹¹. Nou het Silo 'n Messiaanse betekenis gekry. Silo is dan die Een wat sal kom in die Naam van Vredemaker. Vergelyk ook in hierdie geval Miga 5:4¹².

-
1. De Graaf, S.G. Verbondsgeschiedenis. 1935. p. 183.
 2. Van Selms, A. De Prediking. Genesis II. p. 275.
 3. Von Rad, G. Old Testament Library:Genesis. 1961. p. 420.
 4. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. pp. 83-84.
 5. Buttrick, G.A. The Interpreters Bible Vol. 2. 1953.
 6. Vor der Hake, J.A. (red.) Commentaar op de Heilige Schrift. 1956. p. 136.
 7. Bakker, F.L. Geschiedenis der Godsopenbaring het Oude Testament. 1955. p. 150.
 8. Hengstenberg, E.W. Christology in the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 30.
 9. Davidson, F. The New Bible Commentary. 1963. p. 113.
 10. Davidson, F. t.a.p.
 11. Davidson, F. t.a.p.
 12. Hengstenberg, E.W. t.a.p.

Daar is ook die moontlikheid dat hierdie woord sy oorsprong het in 'n Babiloniese woord 'silu' wat 'koning' beteken. In so 'n geval sal die teks lui dat Juda 'n Koning verwag, wat magtig is¹.

Silo is ook al vertaal met die woorde 'Sêol' (doderyk) en 'sello' (aan wie behoort)². Van die vroegste Joodse skrywers en kerkvaders het al 'n Messiaanse trek in Gen. 49:10 raakgesien³, en Silo gesien as 'n beskrywing van Christus.

1.2.4 Numeri 24:17

Hierdie teksgedeelte het, wat sy Messiaanse aard betref, dieselfde paadjie geloop as die meeste ander tekste, omdat die kerkvaders en andere hom nie wou sien as 'n profesie van die komende Messias nie.

Anderson⁴ beweer dat hierdie lofsprake van Bileam niks anders as lofprysinge is wat aan Israel toegedig is nie. Selfs in die Qumrangemeenskap is hierdie teks slegs gebruik om die HERE se kragtige daade in Israel aan te dui⁵. Die meeste skrywers sien dit as 'n voorspelling dat Israel 'n groot volk gaan word wat oor die naburige volke sal heers⁶. Wanneer wel erken word dat die ster 'n beskrywing is van 'n koning, dan word dit gekoppel aan Dawid⁷ of enige ander groot koning⁸.

Dit is heeltemal korrek om te beweer dat hierdie beskrywing heenwys na 'n koning of dat dit heenwys na Dawid, maar dan moet dit geïnterpreteer word dat Dawid 'n prototipe van Jesus is.

-
1. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 84.
 2. Keil, C.F. & Delitsch, F. Commentary on the Old Testament : Pentateuch. Vertaling. 1968. p. 394.
 3. Hengstenberg, E.W. The Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 30.
 4. Anderson, G.W. He that Cometh. 1959. pp. 12-13.
 5. Aalders, G.Ch. Commentaar op het Oude Testament : Numeri. 1962. p. 131.
 6. Anderson, G.W. a.w. p. 13.
 7. Aalders, G.Ch. a.w. p. 129.
 8. Hengstenberg, E.W. a.w. p. 34.

Dan is hierdie Koning wat hier beskrywe word, afkomstig uit die geslag van Dawid en is dit 'n heenwysing na Christus wat al die vyande van Israel sal verslaan¹.

Die eerste persoon wat hierdie teks as 'n Messiaanse teks gesien het, was Rabbi Akiba, wat dit nietemin verkeerd toegepas het. Hy het Bar Kochba, die leier van die Joodse opstand teen die Romeine gesien as 'n Messias, en die teks aan laasgenoemde gekoppel².

Hierdie ster sal Moab en Edom verslaan, Hy sal 'n ideale koning³ en kragtige heerser in Israel⁴ wees. Alhoewel baie van hierdie profesieë in vervulling gegaan het in die tyd van Dawid, moet dit in gedagte gehou word dat Dawid se oorwinnings heenwysend was na die oorwinnings van Jesus as Messias⁵. Dit is dan ook hierin dat dié teks 'n Messiaanse karakter het. Dit is nogal interessant om daarop te let dat daar 'n groot ooreenkoms bestaan tussen Num. 24:17 en Gen. 49:10 ten opsigte van die sterbeeld. Dit laat die vraag onwillekeurig opkom of Bileam kennis gedra het van Gen. 49:10⁶.

As al die voorafgaande inhoude opgesom word, kan daar maar net tot die gevolgtrekking gekom word dat die mens steeds bly hunker het na 'n Verlosser en dat die HERE hierdie verlange gedurigdeur bevredig het in die Messiaanse profesieë.

Gedurigdeur beloof die HERE sy volk dat daar 'n Persoon sal kom wat beter toestande op die aarde sal skep as wat toe die geval was. Hierdie beloftes het hulle oorsprong gehad in Gen. 3:15 met die vooruitsig dat Hy die bron van die ongeluk, die slang, se kop sal vermorsel. In Eva se vreugde by die geboorte van Kain, is daar reeds sprake van hierdie hoop op oorwinning.

-
1. Hengstenberg, E.W. The Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 35.
 2. Aalders, G.Ch. Commentaar op het Oude Testament : Genesis. 1963. p. 129.
 3. Davidson, F. (red). The New Bible Commentary. 1963. p. 189.
 4. Hengstenberg, E.W. a.w. p. 34.
 5. Hengstenberg, E.W. a.w. p. 35.
 6. Aalders, G.Ch. t.a.p.

Hierdie selfde gedagte word deur Jakob gehuldig, wanneer hy die koms van Silo voorspel wat beter toestande na die mens sal bring. Hy sien Silo as 'n koning, na wie alle volke sal opsien. Hy sal dus 'n Verlosser wees wat midde in Israel sal staan.

Bileam as heiden erken ook dat daar 'n Ster sal skyn in Juda, waarvan die krag onder die omringende volke gevoel sal word. Net Christus as Messias kon die slape van Moab (kinders van Satan) verbrysel.

Al hierdie profesieë wys slegs na een persoon en dit is Jesus Christus, Seun van God. Hierdie profesieë wat deur Jakob en Bileam uitgespreek is, vind ook hulle weerklank in die Nuwe Testament. So het Jesus die mag van Satan gebreek, Satan wat bekend is as die 'Slang'. Jesus het uit die geslag van Juda gekom en sy ster het die Wyse Manne na Jerusalem en Bethlehem gelei.

1.3 Die Messiasverwachting gedurende die tyd van die konings

Edelkoort stel dit dat die Messiasverwachting sy oorsprong in die huis van Dawid gehad het gedurende laasgenoemde se regering¹. Hierdie verwagting was gegrond op die belofte van die HERE aan Dawid dat Hy sy troon sal laat voortbestaan tot in ewigheid².

Die godsdienstige gebruike in die tempel was gekoppel aan die persoon van Dawid en die Verbond wat die HERE met hom gesluit het. Die volk het geglo dat die HERE vir Dawid gekies het as sy koning deur wie Hy hulle vanaf die berg Sion sou regeer³. Die volk het kennis gedra van die weldade wat die HERE aan Dawid belowe het⁴.

1. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 165.

2. Bright, J. Covenant and Promise. 1977. p. 58.

3. Bright, J. History of Israel. 1972. p. 220.

4. Bright, J. a.w. p. 278.

Dit was dan ook die misstap van die konings wat na Dawid die troon bestyg het, wat daartoe aanleiding gegee het dat die volk vurig verlang het na 'n Messias wat die glorietydperk van Dawid sou herstel. As gevolg van hierdie konings se wanpraktyke is hulle toe deur vreemde volke onderdruk¹.

Die gedagte dat die HERE vir Dawid uitverkies het, is baie oud. In 2 Sam. 7:11-16 spreek Dawid sy voorneme uit om vir die HERE 'n huis te bou. In beraadslaging met Natan, die profeet, kry hy toestemming om met sy plan voort te gaan, maar in 'n nagtelike gesig weier die HERE. Die HERE is tevrede met sy tentwoning, en in plaas daarvan dat Dawid 'n huis bou, wil die HERE vir Dawid 'n huis oprig soos in Sy Seun beliggaam, wie se heerskappy tot in ewigheid sal duur².

Dat die HERE 'n Verbond met Dawid gesluit het, is sonder teësprak in Juda aanvaar. Dit was die begin van die siening dat die koningskap deel van die volk se godsdiens is³. Daarna sou die konings bekend staan as gesalfdes van die HERE⁴.

Die gedagte van 'n Verlosser het die volk bygebly en in die Nuwe Testamentiese tyd word Jesus gesien as 'n vervulling van die belofte aan Dawid⁵. Die Messias is altyd in die gedaante van 'n nuwe Dawid' verwag⁶.

1.3.1 2 Samuel 7:11-16

Wat die omstandighedsgetuienis uit hierdie teksgedeelte betref, pas sommige baie mooi aan by die tyd van Dawid en ook dié van Salomo. In laasgenoemde geval kan gedink word aan die beves-

1. Black, M. & Rowley, H.H. Peake's Commentary on the Bible. 1962. p. 163.

2. Bright, J. Covenant and Promise. 1977. p. 56.

3. Bright, J. a.w. p. 57.

4. Bright, J. t.a.p.

5. Bright, J. a.w. p. 197.

6. Bright, J. Kingdom of God in Bible and Church. 1955. p. 41.

tiging van die troon, wat baie prominent na vore kom in hierdie teks¹. Baie van die getuienis kan egter ook van toepassing gemaak word op die tyd van die HERE Jesus ('Ek sal Hom straf met 'n menslike roede' en 'Maar my goedertierenheid sal van hom nie wyk nie'). Dit moet veral in samehang gesien word met die name 'Dawid' en 'Seun van Dawid'² wat aan Christus toegeken was.

Die uitleg van hierdie teksgedeelte het nog altyd baie probleme opgelewer³. Hier is ook sprake van 'saad' of nakomelinge soos in Gen. 3:15. Daar is ook 'n heenwysing na 'n Persoon⁴. Hierdie Persoon sal uit die nageslag van Dawid wees (Hand. 13:23)⁵. Uit 2 Sam. 7:11-16 blyk dit dat hierdie saad 'n tempel gaan bou wat tot in ewigheid sal staan⁶. Volgens Hand. 12:23 is Christus ooreenkomstig die belofte verwek (2 Sam. 7:11-16) en volgens Matt. 1:17 is Hy uit die geslag van Dawid afkomstig. Hier is dus sprake van Een uit die geslag van Dawid wat vir ewig sal regeer⁷. Daar is dus meriete in die afleiding dat hier na Christus as Messias verwys word, want die huis van Dawid, uit 'n aardse oogpunt gesien, het tot 'n einde gekom, terwyl Jesus Christus s'n voortgaan⁸.

1.3.2 Die Boek Job

In die boek Job is daar 'n gedurige heenwysing na die Verlosser wat sal kom, 'n verwagting wat reeds in die openingstonele van die boek bemerk word waar Job offers bring aan sy kinders. Soos ook duidelik sal word uit die hieropvolgende besprekings van die boek, sien Job dan ook hierdie Verlosser as sy Verlosser.

-
1. Keil, C.F. & Delitsch, F. Commentary on the Old Testament. Samuel. Vertaling. 1950. p. 345.
 2. Henry, M. (Red. Church L.F.) Commentary on the whole Bible. Hersiene uitgawe. 1960. p. 336.
 3. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 159.
 4. Edelkoort, A.H. a.w. p. 160.
 5. Henry, M. t.a.p.
 6. Bright, J. Covenant and Promise. 1977. p. 58.
 7. Edelkoort, A.H. t.a.p.
 8. Keil, C.F. & Delitsch, F. t.a.p.

1.3.2.1 Job 19:25

'My Verlosser lewe' was Job se antwoord op die vraag of die mens na sy dood weer sal lewe. Dit was Job se belydenis van 'n komende Messias en die opstanding by die dood¹. Skynbaar was daar by Job die gedagte dat daar vir hom na die dood beskerming vir sy siel teen enige aanval sou wees². Hy is blykbaar besig om toestande te beskrywe wat hy na sy dood verwag³. Hy het egter die versekering dat dit nie 'n dooie God nie, maar 'n lewendige God sal wees wat hom teen die aanslae sal beskerm. Hierdie God sal vir ewig optree as verdediger⁴.

Job verstaan die geïnspireerde Woord van die Heilige Gees vaagweg. In hierdie openbaring is daar 'n beperkte visie van die ewige lewe vir hom sigbaar⁵.

Dit is 'n pragtige beskrywing van die Verlosser wat verskyn om sy regte te verdedig en om die onskuld te hoor van dié vir wie Hy pleit⁶. Job roep God as sy Regter (13:15-18) en as Getuie (16:21)⁷ aan.

Job sien die HERE as sy lossers⁸, wat die betekenis het van bloedwreker⁹. In hierdie geval is dit nie 'n beskrywing van 'n moordenaar nie, maar 'n Verlosser wat nie verder deur Job geïdentifiseer word nie. Uit Job 16:19 tot 17:4 blyk dit dat dit alleen die HERE kan wees¹⁰.

-
1. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 487.
 2. Driver, S.R. & Gray, G.B. International Critical Comm. Job. 1921. p. 170.
 3. Kroeze, J.H. Commentaar op het Oude Testament : Job. 1965. p. 221.
 4. Pope, M.H. The Anchor Bible : Job. 1973. p. 146.
 5. Hodgkin, A.M. Christ in all the Scriptures. 1945. p. 107.
 6. Davidson, F. New Bible Commentary. 1963. p. 432.
 7. Davidson, F. t.a.p.
 8. Davidson, F. t.a.p.
 9. Driver, S.R. & Gray, G.B. a.w. p. 174.
 10. Pope, M.H. t.a.p.

Hierdie gedagte word ook teruggevind in Jes. 41:14; Jes. 44:6 en Jes. 47:4. Job se Verlosser sal laaste wees en ook die laaste woord spreek¹. Hierdie Losser sal Job teen die mense verdedig en versoening voor die HERE bewerk². Job verwag dat sy Verlosser geregtigheid teenoor hom sal laat geskied want sy nood is te wyte aan die onreg wat teenoor hom gepleeg is. Hy glo dat daar na die dood verlossing vir die siel sal wees³. Hierdie Verlosser bied 'n goeie beeld van Jesus Christus wat vir die mens 'n Voorspraak voor God is⁴.

1.3.2.2 Job 33:24 en 25

In hierdie teks kom Jesus as Messias na vore in die woorde van Elihu⁵. Job, die siek man, het sy sonde bely en aan die HERE die losprys betaal. Die Engel wat in hierdie teks genoem word, is ongetwyfeld die Engel van die HERE (Jesus Christus in Ou-Testamentiese verband)⁶. Die losprys waarvan hier sprake is, is dieselfde as die 'loskoop' wat deur die Psalms verkondig word (Ps. 49:16). Dit is 'n loskoping uit die kuil van die dood, wat vir Job 'n bedreiging is. In hierdie geval gaan dit om die bedekking van die sonde⁷.

In vers 25 het die mens 'n insig in die resultaat van die verlossing: 'Dan word sy vlees fris van jeugdige krag ...'⁸. Daar vind 'n herstelling van kragte plaas wat dieselfde gedagte is as wat in Jes. 40:29 voorkom⁹.

Hierdie verheldering geskied op grond van boetedoening, met 'n sterk konnitasie van die kruis van Golgota wat vaagweg in

1. Pope, M.H. The Anchor Bible : Job. 1973. p. 146.

2. Davidson, F. New Bible Commentary. 1963. p. 432.

3. Black, M. & Rowley, H.H. Peake's Commentary on the Bible. 1962. p. 399.

4. Hebreërs 7:25.

5. Hodgkin, A.M. Christ in all the Scriptures. 1945. p. 108.

6. Driver, S.R. & Gray, G.B. International Critical Comm. Job. 1921. p. 291.

7. Aalders, G.Ch. Commentaar op het Oude Testament. Job. 1963. p. 378.

8. Hodgkin, A.M. t.a.p.

9. Davidson, F. a.w. p. 113.

Job se lyding gesien kan word¹. Dié lyding word veroorsaak as gevolg van Satan se vyandigheid. Job is verwond (deur sy vriende se aanslae)².

Hierdie lyding is 'n vooruitskouing van die lyde wat in die Nuwe Testamentiese tyd aan die kruishout van Golgota sou plaasvind³. Al verskil is dat Job homself probeer regverdig teenoor sy medemens, terwyl Jesus soos 'n skaap voor sy skeerders was⁴.

In die geval van Job is die Engel 'n lig in die duisternis (Joh. 17:12). Hierdie voorspelling stem dan ook in 'n groot mate ooreen met die voorspelling van Ps. 117. Elihu stel dit baie duidelik dat hierdie verlossing net bewerkstellig kan word deur 'n bo-menslike figuur (Iemand soos God)⁵. Hy sal dus meer as 'n Engel moet wees. Hier word verwys na 'n Profeet wat heil moet bring en self moet volbring dit wat Hy verkondig, want die Woord wat Hy verkondig, het genesende krag⁶.

1.3.3 Die Psalmbundel

Die mens moet versigtig wees om nie alle Psalms te wil sien as Messiaans nie. Die Messiaanse Psalms is nie so algemeen in die Psalmboek nie⁷. Wat hulle inhoud betref, stem hulle baie ooreen met die Koningspsalms, want albei groepe is besig om 'n koning te beskryf - die een aards en die ander Geestelik⁸.

1. Hodgkin, A.M. Christ in all the Scriptures. 1945. p. 108.

2. Hodgkin, A.M. t.a.p.

3. Keil, C.F. & Delitsch, F. Commentary on the O.T. : Job. Vertaling. 1949. p. 232.

4. Hodgkin, A.M. t.a.p.

5. Keil, C.F. & Delitsch, F. t.a.p.

6. Kroeze, H.J. Commentaar op het Oude Testament. 1965. p. 378.

7. Leupold, H.C. Exposition of Psalms. 1959. p. 22.

8. Ridderbos, N.H. Kort Verklaring der Heilige Schrift. 1962. p. 57.

Die Messiaanse Psalms is bedoel om die mens se gees te stimuleer om die Messias te ontvang¹. Dit is dan ook terselfdertyd 'n voorspelling van Sy koms. Volgens Ridderbos² is, met die uitsondering van Ps. 110, nie een direk Messiaans van aard nie. Die digters is besig om in hierdie psalms daardie karakteristieke te beskrywe wat die konings van Israel behoort te hê³.

Die Psalmis erken dat die mens se lewe in die hand van die HERE geplaas is. Die HERE stuur juis die Messias om hom te verlos⁴ van sy sondes en terselfdertyd wil die mens Hom dank vir hierdie genade⁵.

Die woorde en karakteristieke wat die digters van die psalms gebruik het om mense te beskrywe het, het die profete later van toepassing gemaak op die verwagte Messias⁶.

1.3.3.1 Psalm 2

Dit is belangrik om vooraf te besef dat dit in hierdie Psalm nie gaan om 'n kroningseremonie in Jerusalem nie. Dit gaan om 'n veel dieper saak⁷. Volgens Hand. 4:25 (e.v.) word die Messias hier besing. Tog kan baie van dit wat hier gesê word ook van toepassing gemaak word op 'n aardse vors⁸.

Die digter van Psalm 2 sien 'n groot wêreldrewolusie wat teen die regering van die HERE gemik is⁹. Hierdie mense wat so onheilspellend saamdrom¹⁰, wil die noue band wat daar bestaan

-
1. Gunn, G.S. God in the Psalms. 1956. p. 64.
 2. Ridderbos, N.H. Kort Verklaring der Heilige Schrift. 1962. p. 57.
 3. Ridderbos, N.H. t.a.p.
 4. Gunn, G.S. a.w. p. 53-54.
 5. Harpreaves, J. A Guide to Psalms. 1973. p. 95.
 6. Ridderbos, N.H. t.a.p.
 7. Kraus, H.J. Biblischer Kommentar : Psalmen. 1966. p. 13.
 8. Ridderbos, N.H. t.a.p.
 9. Van Selms, A. De Prediking : Psalms. 1967. p. 18.
 10. Van Selms, A. t.a.p.

tussen die HERE en sy Gesalfde verbreek¹. Hierdie magte wil vry en ongebonde wees². Die opstandelinge is egter instrumente in die hand van die HERE omdat Hy nog steeds die mens se bedrywighede predisponeer³. Hy laat dit stilswyend toe omdat Hy ander planne het wat vir die mens onbekend is, omdat Hy sy Gesalfde op die troon van Sion wil plaas⁴.

Die HERE se stem word egter nog bo die krygsrumoer gehoor, omdat Hy magtiger is as hulle, want Hy regeer volgens 'n ewige Raadsplan⁵. Sy regering word uitgeoefen vanaf die Hemel, terwyl die mense slegs in staat is om op die aarde te regeer. Tussen die HERE en hierdie mense is daar 'n geweldige afstandverskil. Hy laat hulle toe om hulle planne tot 'n klimaks te voer en dan kom Hy om te oordeel⁶. Hulle is soos die klei van die pottemaker in Sy hande⁷.

Die betekenis van 'salf' in vers 6 dui eintlik op 'n vestiging van die HERE se gesalfde. In werklikheid is hierdie salwing vir die opstandelinge 'n skok, want vanaf Sion sal Hy 'n gerig teen hulle voer⁸. Dit gaan nie hier om die salwing van 'n aardse koning nie, want nêrens in die geskiedenis is 'n koning ooit op Sion gesalf nie⁹. Selfs Dawid as koning het Sion gesien as die heuwel vanwaar die HERE regeer, die heilige heuwel waar die geestelike koninkryk van die HERE gevestig is¹⁰.

Omdat die idee geskep is dat hierdie gesalfde bo-menslike mag het, kan hierdie kroningsbeskrywing net op die Messias sinspeel¹¹. Die vraag kom egter onwillekeurig op of hierdie Psalm nie dalk die begin was van die gedagte van die Messias as aardse heerser nie¹².

-
1. Van Selms, A. De Prediking : Psalms. 1967. p. 18.
 2. Kraus, H.J. Biblische Kommentar : Psalmen. 1966. p. 16.
 3. Keil, C.F. & Delitsch, F. Commentary on the O.T.:Psalms. D1.I. 1867. p. 92.
 4. Keil, C.F. & Delitsch, F. a.w. p. 93.
 5. Keil, C.F. & Delitsch, F. t.a.p.
 6. Keil, C.F. & Delitsch, F. a.w. p. 94.
 7. Van Selms, A. a.w. p. 20.
 8. Kraus, H.J. a.w. p. 17.
 9. Keil, C.F. & Delitsch, F. t.a.p.
 10. Keil, C.F. & Delitsch, F. t.a.p.
 11. Hengstenberg, E.W. The Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 44.
 12. Kraus, H.J. t.a.p.

Vanaf vers 7 tot 9 is die Gesalfde self aan die woord en stel Hy Homself aan die mens bekend. Die Psalmis is nou die voorspeller van dit wat hy gesien het. In teenstelling met die rebelle erken die HERE hierdie Koning op die troon van Sion. Omdat die HERE hierdie Koning aanvaar het as sy Seun, kan Hy nou die rebelle opponeer¹. Die Seunskap gaan nie hier om afstamming of erfreg nie, maar dit gaan om God se verkiesing van die Koning as sy Seun. Dit is 'n eksklusiewe Seunskap² en kom daarop neer dat die Seun in die Naam van die HERE regeer³.

Die aanvaarding van die Seunskap is die begin van die ewigdurende Koningskap⁴. Dit is dan ook 'n bewys dat dit in hierdie Psalm om Jesus gaan, want dit is slegs sy Koningskap wat tot in ewigheid kan bestaan⁵. Daar is 'n belofte aan Dawid gemaak dat sy seun tot in ewigheid op die troon sal sit. Na Dawid se tyd het alle konings wat op die troon van Israel gesit het, 'seuns van God'⁶ geheet.

In die Ou Testament het die benaming 'seuns van God' egter ook ander betekenisse gehad. Wanneer Israel as 'n klein volkie uit Egipte trek, staan hy ook as 'seun van God' bekend⁷.

In Psalm 2 gaan dit egter om Jesus Christus as Seun van God. Hierdie Seunskap is 'n Godgegewe roeping en gee Hom die mag om oor die wêreld te regeer waar niemand teen Hom bestand sal wees nie⁸.

-
1. Keil, C.F. & Delitsch, F. Biblical Commentary on the O.T. : Psalms. 1867. p. 95.
 2. Hengstenberg, E.W. The Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 46.
 3. Aalders, G.Ch. Commentaar op het Oude Testament : Psalms. 1962. p. 23.
 4. Keil, C.F. & Delitsch, F. a.w. p. 96.
 5. Hengstenberg, E.W. a.w. p. 47.
 6. Kraus, H.J. Biblischer Kommentar : Psalmen. 1966. p. 18.
 7. Taylor, V. Names of Jesus. 1953. p. 52.
 8. Aalders, G.Ch. Commentaar op het Oude Testament : Psalms. 1962. p. 23.

Met sy koms na die aarde as Koning het Jesus die Koningskap veridealiseer en daardeur het die Koningskap 'n hoogtepunt bereik¹. Die gesag wat Hy in sy regering uitvoer, lei dan ook tot die rebelle se ondergang² (en tot uitwissing van die sondes³). Dit is hulle straf omdat hulle volhou met hulle opstand teenoor Hom (dit stem ooreen met Ps. 72:4 waar ook sprake is van die onderdrukker wat verbrysel sal word). Die uiteinde van dié stryd sal wees dat Hy in glorie oor hulle sal regeer⁴.

Die Psalm sluit af met die wyse raad aan die heersers van die aarde dat hulle die HERE gewilliglik moet dien⁵, dat hulle die juk van die HERE moet verdra en Hom moet dien⁶. As die Seun gedien word, sal die toorn van God nie gewek word nie⁷. Hulle wat nie skuiling by die HERE soek nie, sal oorgelewer word aan die 'Dag van die HERE'⁸.

1.3.4 Die Profeet Jesaja⁹

Jesaja verkondig die Heerlikheid, Majesteit en Heiligheid van die HERE wat oor die aarde regeer. Hy ontvang opdrag om die volk te gaan voorberei vir die oordeel, maar om tog ook aan die volk bekend te maak dat 'n klein oorblyfsel die oordeel sal vryspring, waaruit die Messias gebore sal word. In sy Messiaanse voorspellings beskrywe hy 'n wye reeks sake, naamlik sy geboorte, karakter, koninkryk, en derglike meer.

1. Bright, J. Kingdom of God in Bible and Church. 1955. pp. 198-199.

2. Keil, C.F. & Delitsch, F. Biblical Commentary on the Old Testament : Psalms. 1867. p. 96.

3. Hengstenberg, E.W. The Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 48.

4. Hengstenberg, E.W. t.a.p.

5. Keil, C.F. & Delitsch, F. a.w. p. 97.

6. Aalders, G.Ch. Commentaar op het Oude Testament : Psalms. 1962. p. 20.

7. Keil, C.F. & Delitsch, F. a.w. p. 98.

8. Hengstenberg, E.W. t.a.p.

9. Omdat Jesaja breedvoerig in Hoofstuk 4 behandel word, word hier baie oppervlakkig na Jes. 2:1-5 en Jes. 9:1-6 verwys.

Uit sy prediking blyk dit dat die volk hoogmoedig geraak het en nie meer uit geloof en vrymoedigheid leef nie. God alleen kan sy volk red en dit geskied deur sy Kneg¹.

1.3.4.1 Jesaja 2:1-5

Wanneer daar gedink word aan die voorspoed wat onder die HERE gemaak word, dan kom Jes. 2:1-5 helder voor die gees. Hier gaan dit om die belangrike plek wat Jerusalem sal inneem gedurende die laaste dae². Hier sal die heidense volke saam met die bondsvolk deel in die openbaring van die HERE, omdat die Messiaanse regering vrede bring³. Die Heilige van Israel is dus 'n universele God wat universele verlossing bewerkstellig⁴.

1.3.4.2 Jesaja 9:1-6

Teen 'n donker agtergrond van politieke heil en geestelike verval (5:1-7) sien die profeet 'n ligstraal vir die volk deurbreek. Daar sal 'n Kind gebore word, wat volkome heil sal bring (9:5)⁵. Sy beskrywing styg uit bo dié van enige mens (9:5-6). Omdat Hy groot en wonderlik is, sal een Naam nie genoeg vir Hom wees nie. Daarom word Hy beskrywe met name soos: Raadsman, Vredevors, Ewige Vader en Koning.

Met die geboorte van Jesus in die Nuwe Testamentiese tyd het hierdie profesie van Jesaja in vervulling gegaan⁶. By Jesaja is daar die verwagting van 'n glorieryke tyd onder die regering van die Immanuelkind⁷.

1. Hengstenberg, E.W. The Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 130.

2. Helberg, J.L. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament Vol. 2. 1976. p. 150.

3. Helberg, J.L. a.w. p. 146.

4. Helberg, J.L. a.w. p. 150.

5. Greenstone, J.H. The Messiah Idea in Jewish History. 1960. p. 32.

6. Helberg, J.L. a.w. p. 145.

7. Helberg, J.L. a.w. p. 145.

Samevattend: Alhoewel baie van die teksgetuienis, soos byvoorbeeld dié uit 2 Sam. 7:11-16 oppervlakkig van toepassing gemaak kan word op die regerings van Dawid en Salomo, is daar tog by elkeen iets besonders bygevoeg in die openbaring van God wat dit verhewe maak bo dié van 'n aardse stryd. So is daar byvoorbeeld sprake van 'n troon wat tot in ewigheid sal bestaan, 'n siening wat goed aanpas by Luk. 1:32.

Die boek Job dra verlossingsgedagtes wat net op Jesus van toepassing gemaak kan word. Hy is die enigste Verlosser wat vir die mens by sy Hemelse Vader kan intree. As mens en God is Hy in staat om hierdie bemiddelaarswerk te kan doen.

Wanneer die Psalmis van Psalm 2 die stryd op die aarde skilder, dan gaan dit om 'n rebellie teen die Gesalfde van God en dus teen Hom. Slegs Jesus Christus pas in hierdie prentjie in, daar Hy gelyk met die Vader is. Slegs Jesus sou in staat wees om te regeer vanaf die berg Sion wat in die Ou Testament gesien word as die setel van God se regering. Sion word beskou as die heuwel van God. Die gedagte sluit baie mooi aan by Matt. 2, waar die Wyse Manne na die Koning van die Jode gaan soek in Jerusalem (Sion). In Joh. 18:37 sien Jesus Homself ook as 'n Koning.

Die beskrywing van die Koning en sy wêreldregering in Ps. 2 vind ook weerklank in die profesie van Jesaja, waar die komende Koning se regering gekenmerk sal word deur vrede. Slegs Jesus was in staat tot sulke volmaakte vrede (Joh. 14:27), soos dié wat die Kneg se regering kenmerk. Jesaja se voorspelling dat hierdie Kind uit die geslag van Dawid sal spruit, sluit ook aan by die woorde van Joh. 7:42. Om dié rede kan dié profesie van Jesaja ook as Messiaans van aard bestempel word.

1.4 Profesieë gedurende die tyd van die Ballingskap

Daar is persone¹ wat wil beweer dat daar by Esegïël geen sprake van 'n Messiasverwachting is nie, en waar hy wel in hierdie rig-

1. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 360. Verwys hier na Gressman.

ting skryf, gaan dit om simpatie wat by Sedekia gesoek word¹ wat in daardie tyd koning in Jerusalem was. Edelkoort betwyfel dit egter of 'n persoon wat so sterk teenoor die volk gestaan het soos Esegïël, nie sou wou meedoen in die Messiasverwachting nie². Daar kan moontlik met Helberg saamgestem word wanneer hy beweer dat Esegïël eers 'n onheilsboodskap gebring het en daarna 'n boodskap van heil³. Volgens Edelkoort het Esegïël die Messiaanse verwagting van ander profete oorgeneem en daarop voortgebou⁴ terwyl ander profesieë weer eie aan Esegïël was, soos byvoorbeeld die profesie oor die doodsbeendere⁵.

1.4.1 Esegïël 17:22-24

In hierdie gedeelte gaan dit om die mens se poging om homself sonder God groot te maak, maar wat reeds van die vroegste tye af misluk (Gen. 11:4,7,8) soos duidelik uit die volgende aanhalings blyk: 'Hy wat homself verhoog, sal verneder word' en 'Wat vir die mens onmoontlik lyk, is vir God moontlik'⁶

Sedekia het nou 'n verbond met Egipte aangegaan⁷, wat by die Jode in ballingskap 'n groot beroering meegebring het, want nou wag hulle op leërs uit Egipte om hulle te kom verlos. Die volk glo verder nie meer aan die sombere boodskap van Esegïël nie, maar begin die uitsprake van die valse profete aanhang. Esegïël beskou die pogings wat die koning van Babilonië aanwend om 'n koninkryk op te rig as 'n mislukking. Die HERE sal self 'n Koninkryk oprig wat tot in ewigheid sal bestaan en bo dié van mense sal wees⁸.

-
1. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 360. Verwys hier na Gressman.
 2. Edelkoort, A.H. t.a.p.
 3. Helberg, J.L. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament. 1976. p. 180.
 4. Edelkoort, A.H. a.w. p. 362.
 5. Helberg, J.L. a.w. p. 181.
 6. Eichrodt, W. Old Testament Library : Ezechiël. 1970. p. 230.
 7. Eichrodt, W. a.w. p. 227.
 8. Davidson, F. The New Bible Commentary. 1963. p. 577.

In die profesie van Esegiël word Nebukadneser deur die eerste arend voorgestel wat die boonste takkies van die seder afbreek, 'n verwysing na Juda wat weggevoer sal word. Die druiwetakkie wat oor die grond kruip, verwys na Sedekia wat sy posisie aan Nebukadneser te danke het. Die tweede arend is die Farao van Egipte. Sedekia soek op aandrang van die volksprofete hulp by Egipte, maar dit is tevergeefs. Volgens Esegiël is dit die grootste sonde van die koning, dat hy hulp soek by aardse vorste en by hulle naam sweer.

Nou volg die heilsprofesieë van Esegiël: God sal self 'n toppie neem (huis van Dawid wat teer is) en dit op sy berg plant¹. Die berg kan ook 'n heenwysing na Sion wees². Die teer takkie wys ook heen na die geboorte van die Messias, Jesus Christus³. Hierdie teer takkie sal op 'n berg geplant word waar dit sal groei tot 'n magtige seder waarin die voëls van die hemel sal nesmaak. Die HERE onderneem om die gevalle huis van Dawid weer te herstel⁴. Ook die 'bome' sal sien dat die HERE die nederige boom sal verhoog en die hoë boom sal verneder. Die bome en takkies in hierdie geval is konings en nie koninkryke nie⁵. Die voëls is 'n verwysing na die alles omvattende uitbreiding van die Ryk⁶. Die afgerukte tak en wynstok is die konings van Juda. Die toppie van die seder stel 'n Koning voor wat verhewe is bo die gewone konings, en 'n seën vir baie nasies sal wees.

Hierdie Koning kan niemand anders wees as die Messias, Jesus Christus, nie. Waar die HERE vir Serubabel eer gegee het, sal Hy Jesus verhoog. God sal lewe gee waar dit vir die mens on-

-
1. Aalders, G.Ch. Commentaar op het Oude Testament : Ezechiël. 1955. p. 291.
 2. Aalders, G.Ch. t.a.p.
 3. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 363.
 4. Hengstenberg, E.W. The Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 683.
 5. Hengstenberg, E.W. a.w. p. 682.
 6. Noordtzijs, A. Korte Verklaring der Heilige Schrift : Ezechiël. 1956. p. 194.

moontlik lyk (’n teer takkie wat groei tot ’n magtige boom)¹. Jesaja roer hierdieselfde saak aan wanneer hy praat van ’n takkie in droë grond. Dit gaan hier om die persoon (Messias) in wie die belofte aan Dawid in vervulling gaan². Esegïël stel nie die Messias hier as ’n individu nie, maar as die stam van Dawid voor.

Hölscher³ meen egter dat hierdie profesie nie van Esegïël afkomstig is nie, maar dat dit later deur iemand anders bygevoeg is. Hy het egter geen gronde vir hierdie argument gegee nie, en kom dit eintlik op ’n groot raaskoot neer.

1.4.2 Esegïël 21:25-27

Esegïël se gemoed is so vol dat hy sy gedagtes nie behoorlik kan uitdruk nie. In hierdie gedeelte is ’n Godspraak teen Sedekia opgesluit.

Sedekia se seuns is voor sy oë met die swaard om die lewe gebring en daarom maak die profeet gedurig melding van die swaard. In hierdie profesie word die HERE voorgestel as draer van die swaard⁴, simbolies van die HERE se woede⁵.

In sy geestesoog sien die profeet Sedekia op die troon sit met die kroon op sy hoof en die koninklike kleed oor sy skouers. Esegïël roep hom nou toe dat hy hierdie koninklike simbole moet verwyder want hy is dit nie waardig nie - hy het dan op aandrang van die valse profete hulp by Egipte gaan soek. Volgens die profeet van die HERE is hierdie hulp tevergeefs.

-
1. Gore, G.A. A New Commentary on the Holy Scripture. 1929. p. 331.
 2. Hengstenberg, E.W. The Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 683.
 3. Hölscher, G. Hesekiël, der Dichter und das Buch. 1924. p. 102.
 4. Hengstenberg, E.W. a.w. p. 684.
 5. Hengstenberg, E.W. a.w. p. 685.

Esegiël druk die onheil van die HERE uit deur die woord 'Onheil' drie maal namekaar te gebruik. Deur gebruik te maak van die woord 'Puinhoop' gee hy 'n beskrywing van die verwoesting van Jerusalem¹.

Die heilstoesegging volg in die laaste gedeelte van vers 27: 'Ook dit sal nie bly nie - totdat Hy kom wat daarop reg het en aan Hom sal ek dit gee'. Sedekia het nie reg op die troon van Israel nie, maar daar sal wel Iemand kom wat daarop met reg kan aanspraak maak². 'Die dag' waarvan hier sprake is, is die dag van die oordeel. Dit sal die klimaks wees op die sonde wat gepleeg is, en wat deur die HERE gestraf sal word³.

1.4.3 Die Boek Daniël

Hierdie boek bestaan uit twee gedeeltes, naamlik 'n historiese (1-6) en 'n apokaliptiese of profetiese gedeelte (7-12). Die Messiaanse profesieë kom hoofsaaklik in die tweede gedeelte voor, alhoewel daar in Daniël 2:31-35 (droom van Nebukadneser) ook 'n Messiaanse profesie aangetref word. Dit is in die Apokaliptiese gedeelte waar Daniël die gesigte oor die toekoms beskryf wat hy van die HERE ontvang het.⁴

Die boek Daniël is indrukwekkend, want dit gee vergesigte⁵ wat altyddeur aktueel bly. Die skrywer wil sy volk vertroos in een van sy grootste verdrukings⁶. Die boek voorspel juis die

-
1. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 364.
 2. Hengstenberg, E.W. The Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 685.
 3. Hengstenberg, E.W. t.a.p.
 4. Helberg, J.L. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament. 1976. p. 192.
 5. Vor der Hake, J.A. Commentaar op de Heilige Schrift. 1956. p. 85.
 6. Vor der Hake, J.A. t.a.p.

ondergang van alles en almal wat teen die HERE in opstand is. Die kerngedagte gaan juis om die oorwinning wat die HERE sal behaal¹.

Daniël voorspel dat die Ryk van Regverdigheid gestig gaan word (2:31-44), en dat Hy wat hierdie Ryk gaan stig, op die wolke van die Hemel sal kom. 'n Nader beoordeling van Markus 9:9, Matt. 26:24 en Matt. 24:30 bring aan die lig dat Daniël direk verwys het na Jesus², want in al hierdie gevalle is daar die verwysing van Jesus wat op die wolke van die Hemel sal kom, 'n beeld wat Jesus self by geleentheid gebruik het. (Matt. 24:30).

Die mens is verdorwe en sy bestaan word gekenmerk deur verderf, daarom kom die HERE 'n nuwe Koninkryk oprig wat tot in ewigheid sal voortduur³.

1.4.3.1 Daniël 2:31-44

In die uitlegging van hierdie droom word die verskillende metale verklaar as verskillende koninkryke. Die vier metale is voorstellings van die Ryke van die Babiloniërs, die Mede-Persiese, die Griekse en die Romeinse Ryk⁴. Dit is opvallend dat hoe laer die liggaamsdeel in verhouding tot die totale liggaam aangedui word, hoe minder is die waarde van daardie metaal⁵. Die vyfde Koninkryk word voorgestel as 'n losrakende rotssteen wat die ander vier koninkryke vernietig - 'n besondere gebeurtenis⁶.

1. Aalders, G.Ch. Commentaar op het Oude Testament : Daniël. 1962. p. 61.

2. Helberg, J.L. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament. 1976. p. 201.

3. Helberg, J.L. a.w. p. 199.

4. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 492.

5. Black, M. & Rowley, H.H. Peake's Commentary on the Bible. 1962. p. 594.

6. Aalders, G.Ch. t.a.p.

Dit is duidelik dat hier gespreek word van 'n Koninkryk wat uitsonderlik van aard is. In hierdie droom kom 'n sterk eskatologiese trek na vore. Hierdie Ryk sal alle ander Ryke oortref en self tot in ewigheid bly voortbestaan¹. Volgens vers 44 sal die Koninkryk van die Messias opgerig word in die tyd van hierdie koninkryke², dit wil sê, in die tyd van die laaste koninkryk³, deur God self. Met ander woorde, dit sal opgerig word met die ondergang van die Romeinse Ryk⁴.

1.4.3.2 Daniël 7:13 en 14

Vers 13 spreek van Iemand wat op die wolke van die Hemel sal kom. Sy uiterlike verskyningsvorm word hier beskrywe (Een soos die Seun van die mens) om Hom te onderskei van die diere wat in die vorige verse aangedui is⁵. Tog word die beeld hier só getipeer dat hierdie figuur nie net mens is nie, maar dat Hy ook behoort tot die Hemelse sfeer (mens en tog ook God), want die diere het uit die see gekom, maar hierdie Mens sal uit die Hemel kom⁶.

In 'n sekere opsig stem hierdie openbaring ooreen met Ps. 18:12, 97:2 en 104:3, waar die wolke beskrywe word as die openbaringsvorm van die HERE. Hierdie Mensgestalte sal op die wolke van die Hemel kom⁷.

Aan Hom wat mens en God is, sal 'n Koninkryk toegeken word wat alle nasies, volke en tale sal insluit. In hierdie voorstelling lê die eskatologiese ook opgesluit met die implikasie dat dit 'n Koninkryk met Goddelike eienskappe sal wees⁸.

1. Aalders, G.Ch. Commentaar op het Oude Testament : Daniël. 1962. p. 66.

2. Davidson, F. New Bible Commentary. 1963. p. 692.

3. Porteous, N.W. Daniël - A Commentary. 1965. p. 50.

4. Davidson, F. t.a.p.

5. Porteous, N.W. a.w. p. 110.

6. Aalders, G.Ch. a.w. p. 146.

7. Aalders, G.Ch. t.a.p.

8. Aalders, G.Ch. t.a.p.

Baie Skrifuitleggers (Bentzen¹ en Edelkoort²) wil hierdie Figuur identifiseer met die volk Israel. Dit is egter onmoontlik, want die naam 'Seun van die mens' dui nie op 'n kollektiewe begrip nie. Verder word Hy ook voor die 'Oue van Dae' gebring vir die voltrekking van die vonnis. Hy sal met die wolke van die Hemel neerdaal terwyl die heiliges (Kollektief) op die aarde sal wees. Hier kan maar net na Jesus verwys word, want hierdie profesie stem in 'n groot mate ooreen met die antwoord van Jesus op die vraag van die hoëpriester aan Hom: 'Is U die Christus, die Seun van die ge-seënde God?' en Sy antwoord: 'Ek is'³. Die Messiaanse element in vers 14 het die Jode altyd bygebly⁴.

Op hierdie teksgedeelte is 'n Nuwe Testamentiese teologie gebou⁵ omdat hier sprake is van die redding wat aan Israel gebied word. Die benaming 'Seun van die mens' bevat ook elemente van sy lyding as mens⁶.

Daar is egter vier sake van belang in hierdie teksgedeelte wat heenwys na Jesus Christus:

- a) Die eerste is die komende oordeel van die HERE, waarin die wêreldtrone voorberei word⁷. Die menslike trone sal afgebreek word en die HERE sal sy troon oprig in Jesus Christus as die Messias⁸. Dit gaan nie net om die afbreek van die trone nie, maar hoofsaaklik oor die oprigting van die HERE se Koninkryk, waar Hy Homself as die regverdige

1. Bentzen, A. Daniël Handbuch zum Alten Testament. 1952. pp. 110, 276-278.

2. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 498.

3. Aalders, G.Ch. Commentaar op het Oude Testament : Daniël. 1962. p. 147.

4. Edelkoort, A.H. a.w. p. 499.

5. Dodd, C. According to the Scriptures. 1952. p. 147.

6. Porteous, N.W. Daniël - A Commentary. 1965. p. 111.

7. Davidson, F. The New Bible Commentary. 1963. p. 676.

8. Davidson, F. t.a.p.

Regter sal openbaar¹. Omdat die HERE van ewigheid tot ewigheid regeer, word Hy hier uitgebeeld as die 'Oue van dae', gekleed in wit, gevestig op sy troon van vuur².

- b) Die vyande van God se Koninkryk sal op sy tyd vernietig word.
- c) Die Koninkryk van die Messias sal opgerig word, 'n gedagte waarmee Daniël sy vriende troos. Omdat die Messias uit 'n vrou gebore sou word, word Hy hier voorgestel as Seun van die mens. Hy wat na die aarde sal kom as Hoëpriester, sal groot invloed hê.
- d) Die diere wat die anti-goddelike magte voorstel, kan skrikwekkend wees. Hulle is slegs tydelik van aard en kan nie God se wil ontvlug nie. Die laaste oordeel word keer op keer deur God gefel, sodat elke mag op aarde, al lyk hy hoe dreigend, deur God vernietig sal word⁴.

Samevatting:

Ook wat hierdie tydperk betref, is daar 'n goue draadjie van 'n komende Verlosser wat deur die donker periodes te bespeur is. Alhoewel die volk dood is (soos Jesaja vroeër hulle reeds met 'n stomp vergelyk het) is daar tog profete wat die gedagte van 'n Messias of Verlosser lewendig hou.

In Esegïël word dieselfde gedagtes as by Jesaja teruggevind, onder andere van 'n klein takkie wat kragtig, groot en sterk sal word, nieteenstaande die droë grond waarin dit geplant is. Net soos by Jesaja is hierdie ook 'n verwysing na Jesus. Verder word die gedagte dat God lewe gee waar dit vir die mens onmoontlik lyk ook hier aangetref, soortgelyk aan Jesaja se opvatting. God gee aan hierdie klein takkie lewe sodat die voëls van die wêreld daarin nes kan maak. Die gedagte van

1. Wood, L. A Commentary on Daniël. 1973. p. 193.

2. Wood, L. t.a.p.

3. Wood, L. t.a.p.

4. Davidson, F.C. The New Bible Commentary. 1963. p. 680.

h tuiste en lewe word ook gevind in Openbaring (22:2 en 22:14). Hier is Jesus h genesing vir baie; Hy is die boom van die lewe.

Die gedagte van h takkie wat op h hoë berg geplant word, is h verwysing na die berg Sion wat die setel van God se regering was. Dit was ook vanaf hierdie berg dat Jesus Christus opgetree en sy dissipels die wêreld met h sendingopdrag (Matt. 28:19) ingestuur het.

Die Messiaanse gedagte word nog duideliker deur Daniël uitgebeeld wanneer Hy die Koninkryk van God en sy krag vergelyk met h losrakende klip (2:34). Hierdie gedagte van h steen as voorstelling van die Messias vind ook sy plek in die Nuwe Testament (Matt. 21:44; Matt. 21:42; Hand. 4:11). Dit vind sy mooiste toepassing in Matt. 21:44 en Luk. 20:18, waar Jesus ook as h steen gesien word wat diegene sal vergruis wat Hom nie aanvaar nie.

Ook vind Daniël se beskrywings van Jesus op die wolke van die Hemel sy terugvoering in die Nuwe Testament (Mark. 13:26; Matt. 24:30 en Luk. 21:27 en derglike meer).

Met soveel plekke van ooreenkoms in die Nuwe Testamentiese periode wat die optredes van Jesus betref, kan daar slegs tot die gevolgtrekking gekom word dat Esegïel en Daniël voorspellings gemaak het van die komende Messias.

1.5 In die tydperk na die Ballingskap

Omdat die gegewens wat oor dié tydperk handel, baie beperk is, moet daar meer gekyk word na buite-Bybelse literatuur. In die apokriewe boeke is daar allerlei oordrewe voorstellings van die Messias. Hierdie skrywers het gedeeltes uit die Ou Testament oorgeneem en dit dan volgens hulle eie voordeel en sienswyses verklaar¹. Alhoewel die Apokriewe geen persoonlike

1. Diktaat: Universiteit van Suid-Afrika. Bybelkunde 2. s.j. p. 54.

Verlosser (Messias) verkondig het nie, was daar tog sprake van 'n algemene Verlosser uit die huis van Dawid. Nêrens in die Apokriewe boeke word daar egter na die Messias as die 'Seun van Dawid' verwys nie¹.

Daar is in die Apokriewe boeke ook nêrens 'n vaste datum (Tydperk) van optrede nie. Daar word meestal na sy optrede 'in die laaste dae' of 'aan die einde van die dae' verwys².

Tussen die priesters, Esseners, Fariseërs en Saduseërs het daar verskillende Messiasverwagtinge ontstaan. Hierdie verwagtinge was gegrond op die verskillende aspekte van die samelewing, wat deur elke groep beklemtoon is - die Wet, Nasionale belang, ensovoorts³. Op dié wyse is die 'Messias uit die huis van Dawid' verander na die 'Messias uit die huis van Aäron', tot voordeel van die priesters⁴. In Jesaja 45:1 word Kores die Gesalfde van die HERE genoem en met die verowering van die Persiese Ryk is hy vir eeue lank deur die Joodse skrywers as 'n Messias voorgehou⁵.

Wanneer die Jode gedurende die laaste twee eeue v.C. in 'n stryd om selfbehoud op kulturele sowel as politieke gebied gewikkel is, beleef die Messiasverwagting weer 'n opbloeit⁶. In hierdie stryd het Johannes Hyrcanus die ideaal gekoester om vir homself die titel van priester en profeet toe te eien om daardeur 'n Messiasfiguur te word. Hy het later egter 'n Saduseër in die slegte sin van die woord geword en dus as Messias gefaalt⁷.

-
1. Verhoef, P.A. Die Messias Verwagting. 1958. p. 3.
 2. Laubscher, F.d.T. 'AHARIT HAJJAMIM. 1972. p. 157.
 3. Bright, J. Kingdom of God in Bible and Church. 1953. p. 202.
 4. Verhoef, P.A. t.a.p.
 5. Hodgkin, A.M. Christ in all the Scriptures. 1945. p. 150.
 6. Diktaat: Universiteit van Suid-Afrika. s.j. p. 55.
 7. Charles, R.C. Religious Development Between the Old and New Testament. 1914. p. 79.

Die Qumrangemeenskap daarenteen, het twee Messiasse verwag, naamlik 'n politieke en 'n priesterlike Messias¹. Eersgenoemde moes Israel van die Romeinse oorheersing verlos².

1.5.1 Die Verskyning van die Messias

In die Apokaliptiese literatuur word die optrede van die Messias aan 'die einde van die dae' geplaas³. In 2 Makkabeërs word verklaar dat sy verskyning vooraf gegaan sal word deur moeilike tye, terwyl 4 Esra 5:1-13 en 4 Esra 6:18-25 melding maak van buitengewone natuurlike verskynsels, soos die son en maan wat hulle glans sal verloor⁴.

Die boek Esra verwag die koms van die Messias in die eindtyd. 2 Baruch 29:8 glo dat die Messias sal kom in die volheid van die tyd wanneer daar ook 'n opstanding uit die grafte sal wees⁵.

In die Apokriewe Testament van Juda word die Messias vergelyk met 'n leeu en word die vernietiging van die Romeinse mag in die vooruitsig gestel⁶.

By die Joodse Rabbyne het die Messiasverwagting 'n baie hoë prioriteit geniet. Volgens hulle sou Elia as Voorloper van die Messias twispunte oplos en vrede in die wêreld bring⁷. In Israel sou Hy (die Messias) die hersteller wees van die kruik met die manna, die fles met die rein water en die olie-kruik waarmee die Messias gesalf sou word⁸. Die Qumransekte het die figuur van die hoë priester uitgebou tot een van hulle

-
1. Fensham, C. Die Dooie Seerolle en die Bybel. 1976. p. 76.
 2. Fensham, C. a.w. p. 82.
 3. Laubscher, F.d.T. 'AHARIT HAJJĀMĪM. 1972. p. 157.
 4. Verhoef, P.A. Die Messias Verwagting. 1958. p. 7.
 5. Laubscher, F.d.T. a.w. p. 160.
 6. Laubscher, F.d.T. t.a.p.
 7. Verhoef, P.A. a.w. p. 8.
 8. Verhoef, P.A. a.w. p. 7.

komende Messiasse. Die ander Messias was vir hulle 'n koninklike figuur¹. Die priesterlike Messias sou volgens hierdie sekte 'n hoër posisie beklee as die koninklike amp². Waarskynlik was die Leraar van Geregtigheid by die Qumransekte 'n tipe voorloper van die Messias. Volgens Rowley³ was daar ook persone wat beweer het dat hierdie sekte geglo het dat hierdie Leraar van Geregtigheid eers sou sterwe en dan uit die dood sou opstaan as Messias⁴. Die Testament van Juda (22 en 24) verklaar dat die Messias op die voorpunt van 'n wolk sou verskyn of uit die see sou kom of soos die ster van Jakob sou verskyn (Damaskus geskrif C.D. VI, 2-11a)⁵. Met sy koms sou die grafte geopen word en sou die siele van die regverdiges opstaan met 'n gejubel terwyl dié van die goddeloses 'n foltering sou deurmaak⁶.

1.5.2 Verskillende Messiasvoorstellings

Die Joodse verwagting van die Messias as Koning was gegrondves op die oortuiging dat Hy 'n Koninkryk sou oprig wat sou voortbestaan tot in ewigheid⁷. In sommige buite-Bybelse bronne is geglo dat hierdie koninkryk sou dien as 'n oorgangstydperk na die hemelse bedeling⁸. In die lig hiervan word die tydperk van oorgang vasgestel op 40 tot 2 000 jaar. 4 Esra beweer selfs dat die Messias na 400 jaar saam met die mens sou sterf⁹.

1.5.2.1 'n Koninklike Messias

Die gedagte van 'n koninklike Messias het skynbaar sy oorsprong in 'n tyd van nood gehad. Daar is uitgesien na iemand wat die

1. Rowley, H.H. From Moses to Qumran. 1963. p. 244.

2. Rowley, H.H. t.a.p.

3. Rowley, H.H. t.a.p. beweer dat A. Dupont-Sommer tot so 'n konklusie geraak het.

4. Rowley, H.H. t.a.p.

5. Laubscher, F.d.T. 'AHARIT HAJJAMIN. 1972. p. 44.

6. Laubscher, F.d.T. a.w. p. 166.

7. Bright, J. Covenant and Promise. 1977. p. 56.

8. Verhoef, P.A. Die Messias Verwagting. 1958. p. 11.

9. Verhoef, P.A. t.a.p.

volk sou verlos uit die hand van die vyand¹. Hier word veral gedink aan die bese magte in die profesieë van Esegël - die Gog en die Magog. Aan die vromes sou Hy heil bring². Hierdie Koninklike Messias wat sy volgelinge uit die hand van die vyande sou verlos, sou as die Seun van Dawid (Matt. 22:42 en Mark. 12:35) bekendstaan³.

In die meeste gevalle was Hy dus baie nou geassosieer met Israel, terwyl Hy 'n vyand van die ander volke sou wees⁴. Hierdie gedagte het dan ook lynreg teenoor die profesieë van Jeremia gestaan wat verklaar het dat die Koninkryk in die harte van die mens sou wees (31:31-33). Hierdie koninkryk wat Jeremia verkondig het, sluit dan alle nasies van die wêreld in, maar met dié kwalifikasie dat daar 'n verandering in die mens se hart moes kom⁵.

Na die val van Jerusalem is die klem verskuif vanaf 'n aardse na 'n geestelike koninkryksverwagting, alhoewel die grondtoon nog aards gebly het. Die algemene wens van die volk in die tyd van Jesaja was dat hierdie koninkryk op die aarde moes kom ter verlossing van die volk⁶. Hierdie gedagte is dan ook deur die Apokriewe verkondig⁷. Jesaja was die eerste persoon wat die gedagte van 'n veranderde hemel en aarde uitgespreek het. Volgens hom sou hierdie koninkryk geleidelik ontstaan sonder geweld⁸. Die Judaïsme kon hierdie universele gedagte nie aanvaar nie, want hulle het geglo dat Hy alleen vir Israel bestem was⁹.

1. Laubscher, F.d.T. 'AHARIT HAJJĀMIN. 1972. p. 153.

2. Verhoef, P.A. Die Messias Verwagting. 1958. p. 9.

3. Diktaat: UNISA, Bybelkunde 2. s.j. p. 56.

4. Verhoef, P.A. a.w. p. 10.

5. Black, M. & Rowley, H.H. Peake's Commentary on the Bible. 1962. p. 483.

6. Black, M. & Rowley, H.H. a.w. p. 492.

7. Verhoef, P.A. t.a.p.

8. Charles, R.C. Religious Development between the Old and New Testament. 1914. p. 71.

9. Charles, R.C. a.w. p. 72.

1.5.2.2 'n Priesterlike Messias

Daar was by die Jode ook 'n verwagting van 'n Priesterlike Messias in die Nuwe Testamentiese tyd. Hierdie priesterlike verwagting was duideliker omskryf as in die Ou Testamentiese tyd¹, met 'n verdere aanduiding dat die persoon uit Elia of Melgisedek gebore sou word. Na aanleiding van Ps. 60:9 het die Jode ook 'n Messias uit die geslag van Manasse verwag².

Die Joodse sekte, Qumran, het die Messias as priester uit die geslag van Elia verwag. Dit was 'n verwagting wat hulle skynbaar met Pinehas, die kleinseun van Aäron, in verband gebring het³. Hierdie priesterlike Messias se optrede sou daarop gemik wees om die goddelose priesterskap in Jerusalem te beëindig⁴.

Alhoewel die Fariseërs en Saduseërs ook 'n hoë priesterlike Messias verwag het, het hulle bly glo dat Hy ondergeskik sou wees aan die hoë priester uit die geslag van Levi⁵.

1.5.2.3 Die Messias as Profeet

Skynbaar was die verwagting van 'n profetiese Messias by die Samaritane sterk teenwoordig. Omdat hulle net die eerste vyf boeke van die Bybel geken het, het hulle nie 'n sterk verlange na 'n koninklike Messias gehad nie⁶. Die Samaritane het verder ook meer waardigheid aan 'n hoë priesterlike Messias toegeken as aan 'n koninklike Messias uit Israel, omdat hulle 'n sterk afkeur in die vorstehuis van die Makkabeërs gehad het⁷.

1. Bright, J. Kingdom of God in Bible and Church. 1953. p. 203.

2. Diktaat: UNISA, Bybelkunde 2. s.j. p. 56.

3. Diktaat: UNISA, Bybelkunde 2. s.j. p. 56.

4. Laubscher, F.d.T. 'AHARIT HAJJAMIM. 1972. p. 154.

5. Diktaat: UNISA, Bybelkunde 2. s.j. p. 56.

6. Diktaat: a.w. p. 57.

7. Diktaat: t.a.p. . . .

Dit is nie baie duidelik wat die gevoel van die Fariseërs en Saduseërs oor hierdie saak van 'n profetiese Messias was nie. Die afvaardiging wat na Johannes die Doper (Joh. 1:21) gestuur is, het laat blyk dat hulle verwagting na Elia (as priester) uitgegaan het, maar dat hulle ook die Messias as 'n profeet gesoek het¹.

1.5.2.4 Ander benaminge vir die Messias

Daar was ook nog die Messias as Seun van Josef. Hy sou dan die Messias as Seun van Dawid vooraf gegaan het. Hierdie Messias sou die tempel herstel, Israel se vyande verslaan en Jerusalem van ongewenste vreemdelinge² suiwer. Die ontstaan-tyd van hierdie verwagting is onbekend. Wat wel seker is, is dat dit in die eeue na die geboorte van Christus 'n groot rol gespeel het³.

1.5.3 Plaasbekledende lyde en sterwe

By die Jode was daar geen gedagte aan 'n plaasbekledende lyde en sterwe van die Messias nie. In 4 Esra 7:28-30 is daar sprake van die dood van die Messias, maar dit word nie in 'n plaasbekledende hoedanigheid gesien nie, want dit geskied aan die einde van sy Messiaanse werk. Die oorlogsmessias (Messias ben Josef) het sy dood gevind in die stryd teen die heidene, 'n dood wat weereens nie plaasbekledend van aard was nie omdat hy die prys daarvoor betaal het⁴.

Uit die Nuwe Testament leer ons dat die Jode nie wou aanvaar dat Jesus moes ly en sterwe nie (Matt. 16:21 (e.v.); Mark. 8:31; Mark. 9:31 (e.v.); Luk. 24:20)⁵.

1. Diktaat: UNISA, Bybelkunde 2. s.j. p. 58.

2. Verhoef, P.A. Die Messias Verwachting. 1958. p. 9.

3. Diktaat: a.w. p. 59.

4. Verhoef, P.A. a.w. p. 12.

5. Verhoef, P.A. t.a.p.

Selfs sy dissipels het nie sulke gedagtes gekoester nie¹.

Later het die Jode tog die gedagte gehad dat daar iets goeds in lyding verskans was, maar nie as dit 'n plaasbekledende geval was nie. Hulle sien die deugde hiervan veral in die lyde van vromes, want hulle lyding sou heil bring². In dieselfde lig word die lyde van die Messias gesien as 'n regverdige daad, maar nie as 'n aspek van sy Messiasskap nie. Deur sy lyding het daar ook heil vir die volk gekom, net soos die lyding van vromes heil gebring het³. Skynbaar het die Qumransekte ook 'n lydende Messias gehad in die persoon van die Leraar van Geregtigheid⁴.

Samevatting:

Om hierdie periode na die ballingskap op te som, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat daar groot verwarring geheers het oor wie die Messias is en wanneer Hy sou optree. Skynbaar het elkeen sy eie Messiasvoorstelling gehad, wat gepas het by sy eie behoeftes. Wat egter van groot belang is, is dat die volk nog altyd vasgehou het aan die HERE se belofte van 'n komende Messias.

Omdat die volk gedurende hierdie tyd onder Romeinse oorheersing gestaan het, het die breë bevolking die Messias verwag as iemand wat hulle sou verlos en teruglei na die goue era van Dawid en Salomo.

Die godsdienstige groepe onder die volk, soos die Fariseërs, het 'n priester verwag, maar was bang om hulle eie aansien te verloor; daarom sou Hy van 'n laer orde as hulle gewees het. Die Saduseërs wat ondersteuners van die vreemde oorheersers was, het ook na 'n priester gesoek en nie na iemand wat hulle moes verlos nie. Hy moes iemand wees wat vir idilliese toestande op aarde sou sorg.

1. Black, M. & Rowley, H.H. Peake's Commentary on the Bible. 1962. p. 788.

2. Verhoef, P.A. Die Messias Verwagting. 1958. p. 13.

3. Verhoef, P.A. t.a.p.

4. Verhoef, P.A. a.w. p. 8

Die grootste mistasting ten opsigte van die komende Messias, het skynbaar bestaan by die Qumransekte. Omdat hulle as groep onder die oorheersing van die Romeine gestaan het, het hulle gesmag na verlossing, maar het ook iemand verwag wat hulle op godsdienstige terrein sou bystaan. Dit was dan die rede vir 'n politieke en priesterlike Messias.

Daar was ook dwaling oor die tyd en die vorm van verskyning. Skynbaar het die volk profesieë wat vroeër uitgespreek is, letterlik opgevat. Daarom verwag hulle Hom as 'n ster (Num. 24:17), of dat Hy op die voorpunt van 'n wolk sou verskyn (Dan. 7:13 en 14).

Die siening dat sy koms verband gehou het met die vermorseling van die slang se kop soos in Gen. 3:15 beskrywe, het oor die algemeen nie meer onder die Jode bestaan nie. In die plek daarvan moes die Messias kom oorlogmaak. Daarom was dit vir die volk 'n skok toe Hy aankondig dat Hy moet ly en sterwe. Waar sou die verlossing dan wees? Dit was dan ook die rede hoekom hulle Hom oorgelewer het om gekruisig te word.

Wat die Messiasverwachting in die breë betref, kan gesê word dat die voorspellinge dwarsdeur die Ou Testament gedien het as troos vir die volk in hulle stryd teen die sonde en as versterking van hulle geloof in God.

Soos wat God Homself nie ten volle aan die mens openbaar nie, so het Hy ook nie ten opsigte van die Messias 'n volle openbaring gemaak nie. Vir hulle wat die geloof behou het, was daar altyd 'n troosvolle gedagte en aanduiding van heil.

Die belofte van 'n Messias het sy oorsprong gehad daar waar die mens se nood 'n aanvang geneem het en waar die eerste keer 'n behoefte aan 'n Messias ontstaan het. Omdat die mens verlos moes word van die sonde en die geskende beeld van God in die mens en natuur herstel moes word, het God sy liefde daarin geopenbaar dat Hy vir die mens 'n Verlosser daargestel het.

Vanaf die eerste aankondiging van 'n Verlosser in Gen. 3:15, totdat die Verlosser in die volheid van die tyd sou verskyn, het God rigting gegee deur slegs 'n paar sleutelwoorde in sy openbaring in te voeg. Die Messiasverwagting is gesentreer om kernwoorde soos 'n Persoon', wat 'n 'Koning' (ster), sou wees, wat idilliese toestande sou 'herstel' en dat Hy uit die geslag van 'Juda' sou kom.

Omdat God 'n God van orde en waarheid is, het Hy hierdie belofte aan die mens gereeld herhaal. Dit was 'n belofte van herstel - herstel van die toestande wat op die aarde geheers het voordat Satan in die mens se lewe gekom het. Hierdie toestande wat herstel moes word, sentreer om liefde en vrede - vrede en liefde van die kant van die mens teenoor God en sy medemens.

HOOFSTUK 3

DIE MESSIASFIGUUR

1. Die Messias as Koning

Die terme 'Messias' en 'Messiaans' is dubbelsinnig. Die Messias as uitverkorene kon heenwys na 'n koninklike Dawidiese figuur óf 'n priester óf 'n profetiese figuur. Soos later ook sal blyk, was dit 'n algemene gebruik, ook by Jesaja, om die Messias aan 'n koninklike figuur te verbind.

Die Messias as figuur is nie deur die profete geskep nie, anders sou hulle die Messias as 'n profeet daargestel het¹. Hulle sien die komende Messias as 'n koning, skynbaar op grond van die vroeëre beloftes wat aan Dawid gemaak is². Dit was veral Jesaja wat sterk op hierdie Koningskap van Jesus gestaan het³. Hulle het egter die Messias se koningskap gekoppel aan 'n goue tyd wat nog sou voorgelê het.

Die hoofmomentum van die Messiasverwachting het gegaan om 'n persoon uit die huis van Dawid aan wie die HERE 'n belofte gemaak het⁴. Die koppeling van die Messias aan die stam van Dawid het egter meegebring dat hulle Hom nie meer gesien het as komende van die HERE nie. 'n Bewys hiervan is die nadruk van Jesaja dat die Messias as 'n takkie uit die stam van Isai sal groei⁵. Die beweegrede wat hierdie bepaalde sienswyse ten grondslag gelê het, het voortgespruit uit die begeerte om die koningskap van Dawid in Israel te herstel⁶.

1. Eiselen, F.C. The Abingdon Bible Commentary. 1929. p. 181.

2. Zimmerli, W. Man and his hope in the Old Testament. 1968. p. 114.

3. Zimmerli, W. a.w. p. 115.

4. Eiselen, F.C. t.a.p.

5. Anderson, G.W. He that Cometh. 1959. p. 160.

6. Anderson, G.W. a.w. p. 170.

Omdat die huis van Dawid by hierdie verwagting betrokke was, was die Messiaanse verwagting soos wat dit hierbo uiteengesit is, ook sterk nasionalisties van aard. Vir die Jood het dit in nasionale belang gegaan om die vernietiging van die volk se vyande¹. Selfs in die Samaritaanse Pentateug word die Messias gesien as die hersteller van die volk Israel². Moontlik is hierdie gedagte sterker na vore gebring in die tydperk van Ballingskap toe daar geen koning was nie, en die volk na 'n koning en redder verlang het³. Edelkoort⁴ postuleer dat as die Messiasverwagting versterk is in tye van nood, dan kon die Makkabeëroorloë ook hulle deel hiertoe bygedra het. Gedurende hierdie tyd tree die godsdienstige leiers Matatteus en sy seuns dan ook as politieke figure na vore. In 'n geval soos hierdie waar die nasionale sterk op die voorgrond tree, sou Hy dan ook die Seun van Dawid heet, soos wat dit blyk uit talle gevalle in die Nuwe Testament (Matt. 22:42 en Mark. 12:35). Hy was dan ook in hierdie gevalle 'n figuur van hoop vir Israel. Hy sou Koning wees oor 'n toekomstige Koninkryk, wat deur die HERE gestig sou word⁵. Nêrens in die Ou Testament word die hoop egter gekoester dat die Messias hierdie Koninkryk sou stig nie⁶. By die volk was daar egter altyd die hoop op 'n volmaakte aardse koning, as verteenwoordiger van die HERE⁷.

Wanneer die hoop byvoorbeeld op Serubabel as volmaakte koning gevestig word, en nie tot verwesenliking kom nie, word dit weer op die volgende groot koning oorgeplaas. Soos Anderson⁸ dit dan ook tereg beskrywe: 'The Messiah is the future eschatological realization of the ideal Kingship'.

1. Anderson, G.W. He that Cometh. 1959. p. 170.

2. Anderson, G.W. a.w. p. 210.

3. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 113.

4. Edelkoort, A.H. t.a.p.

5. Eiselen, F.C. The Abingdon Bible Commentary. 1929. p. 180.

6. Anderson, G.W. t.a.p.

7. Eiselen, F.C. t.a.p.

8. Anderson, G.W. a.w. p. 156.

'n Koning kon bekend staan as 'n Messias, maar dit was egter in uitsonderlike gevalle dat die woord 'Koning' aan die Messias as Seun van God gekoppel was. Tog word sy posisie deur die aardse koningskap verklaar. Alhoewel die Messiasverwachting baie oud is, was dit eers die latere Jodedom wat Hom as 'n Koning (Jer. 23:5) gesien het¹. Alhoewel die koningskap en die Messiasverwachting nooit direk aan mekaar verbind is nie, is die woord koning (s.nw.) en die werkwoord 'kroon' tog bekend uit tekse soos Jer. 23:5, Eseg. 37:24 en Ps. 8:6. Hierdie uitsprake oor die Messias staan dan ook lynreg teenoor die koningsgedagte in Israel. Dit kan moontlik verklaar word op grond van die lank gekoesterde verwagting dat die Messias nie van dieselfde gehalte sou wees as die aardse konings nie. Die konings het gereeld afgedwaal van die HERE se weë en die volk het dan begin sondig. Daarteenoor is die Verlosser van Israel nog altyd gesien as 'n Goddelike Wese (2 Sam. 22:3; Jes. 47:4) wat sou kom om te verlos (Jes. 47:4).

Dit sou egter ook foutief wees om te dink dat die Messiasverwachting bloot 'n protesstem was teen die wanpraktyke van die aardse koningskap², want die mislukkings van die aardse koningskap het juis as 'n stimulus vir die volk se Messiasverwachting gedien.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat die woord 'gesalfde' nie in alle gevalle spesifiek die betekenis van 'n koning' gehad het nie. Eintlik was die woord 'gesalfde' van toepassing op die hoëpriester (Num. 35:25) en ander gewone priesters (Lev. 4:3, 5, 16). In Jesaja 45:1 tref ons byvoorbeeld die interessante geval aan waar die woord 'gesalfde' aan die persoon van Kores verbind word, 'n vreemde heerser wat as 'n werktuig in die hand van die HERE gefigureer het³.

1. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 113.

2. Edelkoort, A.H. t.a.p.

3. Eiselen, F.C. The Abingdon Bible Commentary. 1929. p. 181.

In Jesaja 40:1-11 word daar troosryke woorde tot die volk gerig. Hier word die koms van die HERE na sy volk voorgestel deur die beeld van 'n Koning, voor wie die gebruiklike herout moet uittrek (70:3-5). Die Here sal sy volk egter soos 'n goeie Herder deur die woestyn lei¹.

So naby aanmekaar het die religie (priesterskap) en staatsdiens (koningskap) beweeg, dat daar geglo is dat die staatsdiens 'n godsdienstige kleur moes hê. Hierdie opvatting kom juis in die koningsgedagte na vore². Volgens Edelkoort³ was religie deel van die Oosterse politiek.

Omdat die koning 'n leidende rol gespeel het in die godsdienstige feeste, hoof was van sowel die godsdienstige, die politieke mag, die juridies sowel as die siviele mag, het hy die titel van 'gesalfde' gedra⁴. Onder die heidense volke was die koning bekend onder verskeie name, maar by Israel slegs as Seun van God, omdat die HERE God alleen koning oor hulle was⁵. Hulle kon die koningskap dus maklik aan die Messiasverwachting koppel. Met die salwing van 'n nuwe koning was die hoop telkens daar dat dit nou die Messias was wat gesalf is⁶. Hierdie hoop was gegrond op die belofte dat die HERE sy gesalfde sal verhef tot 'n posisie aan sy regterhand⁷.

In Matt. 3:3 word hierdie profesie dan ook op die koms van Jesus Christus van toepassing gemaak. Behalwe vir die beskrywings in Jesaja, is daar in die Ou Testament min ander verwysings na die Koninkryk van die HERE⁸ maar die seën daaraan verbonde en die redding van God is 'n sentrale tema in die Bybel⁹.

-
1. Zimmerli, W. Man and his hope in the Old Testament. 1968. p. 123.
 2. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 113.
 3. Edelkoort, A.H. t.a.p.
 4. Bright, J. A History of Israel. 1972. pp. 220-221.
 5. Eiselen, F.C. The Abingdon Bible Commentary. 1929. p. 181.
 6. Edelkoort, A.H. a.w. p. 123.
 7. Eiselen, F.C. a.w. p. 180.
 8. Anderson, G.W. He that Cometh. 1959. p. 171.
 9. Bright, J. Kingdom of God. 1955. p. 10.

Die koning is deur die Jode gesien as 'n Gesalfde van die HERE (1 Sam. 24:11)¹. Saul, die eerste koning, het egter ook die rol van 'n militêre leier vervul². Die koningskap van Israel het sy beslag en karakter in hulle erediens en kultiese bedrywighede³ gekry, en daarom was die koning ook bekend by die volk as Seun van die HERE. Dit was gegrond op die feit dat die HERE 'n Verbond met Dawid gesluit het⁴. Die titel van 'Seun van die HERE' was dan ook 'n status wat aan die koning by sy troonsaanvaarding toegeken is⁵.

Alhoewel die koning 'Seun van die HERE' was, is hy nooit soos in die geval van die omringende heidense volke verafgod nie⁶. Die verhouding tussen die koning en die HERE het op 'n Verbondsluiting berus. 'n Regering wat rus en vrede vir sy land gebring het, was 'n teken van die goedgesindheid van die HERE teenoor sy volk en het as konkrete bewys gedien dat Hy sy Verbond met hulle handhaaf⁷.

Enersyds was dit die misstappe van die latere konings wat die volk laat uitsien het na 'n Verlosser of Gesalfde van die HERE wat hulle van hulle vyande sou verlos⁸. Andersyds het die volk in moeilike jare terug verlang na die glorieryke tydperke toe Dawid en Salomo aan bewind was en het hulle vir hulleself 'n ideale regeringstydperk onder die komende Verlosser begin idealiseer⁹. Die gedagte van 'n Verlosser het die volk dan ook al die eeue bygebly. Dawid was die man na die HERE se hart en in hom sou die HERE 'n ewige koningskap vestig¹⁰.

-
1. Black M. & Rowley, H.H. Peake's Commentary on the Bible. 1962. p. 163.
 2. Bright, J. A History of Israel. 1972. p. 182.
 3. Bright, J. a.w. p. 223.
 4. Bright, J. Covenant and Promise. 1977. p. 57.
 5. Black, M. & Rowley, H.H. t.a.p.
 6. Bright, J. A History of Israel. 1972. p. 223.
 7. Black, M. & Rowley, H.H. t.a.p.
 8. Black, M. & Rowley, H.H. t.a.p.
 9. Bright, J. t.a.p.
 10. Bright, J. Covenant and Promise. 1977. p. 197.

Die beskrywing van die ideale koningskap in Jes. 32:1-8 wat 'n rooskleurige toekoms insluit, is 'n verwysing na die Koningskap van die Messias. Hierdie Koning sou dan in regverdigheid regeer¹.

Anderson² sien hierdie beskrywing as 'n verlange na 'n aardse koningskap. Omdat die koningskap van Dawid so roemryk was, is die skrywer geneig om sy ideale koningskap hieraan te verbind.

Hierdie beskrywing van die Koningskap, stem in 'n groot mate ooreen met dié van die Psalmiste. Omdat die Gees van die HERE vaardig geword het oor die skrywer, gee hy 'n geestelike karakter daaraan. Die charismatiese aard van die koning se karakter is die kern van die psalms.

Omdat hy dié gawe het, kan hy verdediger wees van die volk se belange. Verder kom die gedagte ook na vore dat hy in staat is om die juk van die sonde te breek, waardeur die vrede as geestelike waarborg bemerk word⁴. Hierdie vrede is meer as die vrede wat gewoonlik gevolg het na 'n vredesluiting, want dit sluit 'n goue toekoms, veiligheid en sekuriteit in. Alle toestande wat die genoemde ideale van veiligheid en geborgenheid verwesenlik, is dus hierby geïmpliseer⁵. Die Messias sal egter 'n genadige koning wees oor alle mense en almal sal in die vrede deel⁶.

As die Messias as koning gekom het, sal vreemde nasies nie weer oor Israel regeer nie. Hierdie goue tydperk sal in teenstelling wees met die aardse konings se korrupsie⁷.

1. Anderson, G.W. He that Cometh. 1959. p. 171.

2. Anderson, G.W. t.a.p.

3. Anderson, G.W. a.w. p. 266.

4. Anderson, G.W. a.w. p. 167.

5. Anderson, G.W. a.w. p. 171.

6. Manley, G.T. The New Bible Handbook. 1965. p. 266.

7. Bright, J. The Kingdom of God. 1955. p. 94.

'n Onderzoek van die volgende tekste sal meer lig werp op die Messias as koning, wat eintlik as Redder sou kom.

1.1 Jesaja 9:6

Volgens Eiselen is dit een van die mooiste gedeeltes in die Bybel ongeag die feit dat hierdie vers ook elemente bevat van die heidense rituele wat by die kroonsbestyging van 'n nuwe koning aangetref is². Dit is die klimaks van dit wat reeds oor die Messias gesê is³. Dit spreek van 'n nuwe verbond met Christus as Verlosser⁴. Dit is 'n oproep aan die volk om bly te wees dat daar 'n nuwe Koning op pad is, 'n Koning wat in vrede sal⁵ regeer, en wie se koms die begin van 'n nuwe dag sal aankondig.

Te midde van dit alles staan die belofte aan Dawid van die vestiging van sy koningskap. Hierdie gedig moet dan ook gesien word teen 'n agtergrond van nood. Dit beskrywe die toekomstige bedeling van Israel waar 'n gelukkige bestaan aan die orde van die dag sal wees, 'n omstandigheid wat alleenlik aan God te danke sal wees. In hierdie tydvak sal die probleme van oorlog iets van die verlede wees, terwyl die koning sy heerskappy sal voer oor mense wat aan slawerny uitgelewer is⁶.

Hierdie Koning het egter geestelike eienskappe, wat Hom goed laat vergelyk met die Ewige Vader⁷. Vrede sal oorheersend wees in sy koninkryk⁸. Dit sal 'n vrede wees wat groter sal wees as oorlogsvrede⁹. So groot en magtig sal hierdie Koning

-
1. Eiselen, F.C. The Abingdon Bible Commentary. 1929. p. 644.
 2. Zimmerli, W. Man and his hope in the Old Testament. 1968. p. 103.
 3. Davidson, F. The New Bible Commentary. 1963. p. 571.
 4. Kroeze, J. Handboek - Bybelse Geskiedenis - O.T. 1965. p. 491.
 5. Young, E.J. The Book of Isaiah. D1.1. 1965. p. 342.
 6. Vor der Hake, J.A. Commentaar op de Heilige Schrift. 1908. p. 520.
 7. Eiselen, F.C. t.a.p.
 8. Davidson, F. a.w. p. 572.
 9. Young, E.J. t.a.p.

wees dat Hy verskillende name sal hê, soos 'Vredevors', 'Wonderbaar', 'Raadsman', 'Ewige Vader',¹ wat alles ook 'n aanduiding is van sy Dawidiese afkoms.

Die inleidingswoorde tot hierdie gedeelte herinner sterk aan Luk. 1 en 2, waar daar naamlik verwys word na die vredes-sange by die geboorte van Jesus Christus: 'Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee'. Die 'Ons' dui op die hele Godsvolk wat hierby belang het².

Hy word gesien as 'n Koning met 'n koningsheerskappy. Omdat hierdie Kind so groot is, word Hy ook 'Wonderbaar' genoem. As hierdie teks in Nuwe-Testamentiese verband gesien word, word die wonder van sy geboorte ook in hierdie titel beliggaam³.

Die benaming 'Raadsman' dui daarop dat Hy Geestelike gawes het, wat ver bo dié van 'n aardse wese geleë is, naamlik dat Hy sal kan raadgee, soos die HERE alleen sal kan gee. (Vergelyk in hierdie verband ook Miga 4:9)⁴. In werklikheid is Hy dan ook 'Wonderbare Raadsman'. Sy raad en begrip gaan die menslike verstand te bowe.

Die naam 'Sterke God' dui op sy verhewendheid⁵. 'n Karaktertrek wat veral met sy versoeking in die woestyn gereflekteer is, toe Hy geweier het om⁶ gehoorsaamheid aan Satan te betuig.

'Ewige Vader': Dié benaming dui op die letterlikheid van sy bestaan. Omdat sy bestaan van ewigheid tot ewigheid duur, is Hy ook in staat om die ewige Lewe uit te deel. Hy is tog één met die Ewige Vader⁷. Die Heilige Gees gee religieuse eienskappe aan Hom⁸.

1. Davidson, F. The New Bible Commentary. 1963. p. 571.

2. Visser, P. Het Geloof der Vaders. 1953. p. 31.

3. Young, E.J. The Book of Isaiah. Deel 1. 1965. p. 335.

4. Young, E.J. t.a.p.

5. Young, E.J. t.a.p.

6. Visser, P. a.w. p. 90.

7. Young, E.J. a.w. p. 30.

8. Vor der Hake, J.A. Commentaar op de Heilige Schrift. 1908. p. 520.

Verder staan Hy ook bekend as 'Vredevors'. Hy sal op die troon van Dawid sit omdat Hy afkomstig uit die geslag van Dawid sal wees¹. Hy is bewerker van vrede in die volste sin van die woord (vergelyk ook Jesaja 2:4 en 11:6-9). Hierdie benaming is die hoogtepunt van alle name wat ooit aan die komende Messias gegee is. Met die gebruik van hierdie naam sluit Jesaja baie nou aan by Miga². Hierdie vrede sal geen einde ken nie, en sal oor die hele aarde teenwoordig wees³. Hierdie regering is 'n versinnebeelding van die HERE se liefde vir sy volk⁴. Sy regering sal regverdig wees⁵. Die Vredevors staan met sy hele lewe in diens van die HERE. As Koning sal Hy ook op die uiterlike dinge regspraak beoefen, maar sy Koninkryk sal eintlik 'n geestelike stempel dra. Hy moet Israel ook suiwer van almal wat in sy pad staan⁶, maar aan die einde van die tyd sal Hy sy amp aan die Vader oorhandig⁷.

1.2 Miga_5

In hierdie gedeelte is Jerusalem beleër en sy koning (Hiskia?) bedreig. Daar is op hierdie stadium geen hoop vir die inwoners nie⁸. In verse 2 en 3 word Israel se verlange na 'n verlosser uitgebeeld⁹ waarop die profeet dan kom met sy blye boodskap dat daar uit die huis van Dawid redding kom¹⁰. Dit gaan hier

-
1. Wildberger, H. Jesaja. 1965. p. 387.
 2. Zimmerli, W. Man and his hope in the Old Testament. 1968. p. 104.
 3. Vor der Hake, J.A. Commentaar op de Heilige Schrift. 1908. p. 30.
 4. Henry, M. (Red. Church L.F.) Commentary on the whole Bible. Hersiene uitgawe. 1960. p. 841.
 5. Hodgkin, A.M. Christ in all the Scriptures. 1945. p. 521.
 6. Noordzij, A. Korte Verklaring der Heilige Skrifte. 1957. p. 86.
 7. Visser, P. Het Geloof der Vaderen. 1953. p. 90.
 8. Eiselen, F.C. The Abingdon Bible Commentary. 1929. p. 796.
 9. Davidson, F. The New Bible Commentary. 1963. p. 724.
 10. Van der Woude, A.S. De Prediking van het Oude Testament : Micha. 1976. p. 167.

nie meer om 'n werklike koning nie, maar Iemand wat met waardigheid bekleed is¹. Hy sal niks te doen hê met die koningskap van Dawid nie². Met die verskyning van hierdie Koning sal die laastes uit ballingskap terugkeer³.

Die Messias sal die aarde in die krag van die HERE regeer en vrede waarborg. Hy sal sy volk beskerm teen hulle vyande⁴. Assirië kan in hierdie geval met Satan geassosieer word⁵. Daar sal ook ander herders opstaan, maar hierdie Koning sal regeer tot in ewigheid⁶. Hy sal nie soos 'n gewone mens regeer nie, maar Hy sal soos 'n Prins oor hulle heerskappy voer⁷. Hy sal die getroue Herder oor Gods volk wees. Sy werk sal pastoraal van aard wees. Die beeld van skape word talle kere in die Bybel gebruik waar dit telkens op Gods volk van toepassing gemaak word. Die Messias sal nou aan die voorpunt verskyn as hulle Herder en Leier, wat hulle veilig terug in die kraal sal lei.

1.3 Psalm 110

Hierdie Messiaanse psalm het 'n gesogte erkenning verwerf op grond van die feit dat dit in die Bybel aangehaal word⁸. Dit staan ook bekend as die 'Belydenis' van Dawid⁹, terwyl baie navorsers dit sien as die Troonsbestyging van Jahwe¹⁰. Reeds in die tyd van die Evangelieskrywers het dit 'n Messiaanse karakter gedra. In hierdie psalm is daar dan ook geen sprake daarvan dat dit sou handel oor die troonsbestyging van 'n koning in Jerusalem nie. Vergelyk die kontrasterende siening van L. Durr in hierdie verband¹¹. Dit handel oor die komende

-
1. Davidson, F. The New Bible Commentary. 1963. p. 724.
 2. Zimmerli, W. Man and his hope in the Old Testament. 1968. p. 94.
 3. Van der Woude, A.W. De Prediking van het Oude Testament : Micha. 1976. p. 168.
 4. Van der Woude, A.S. a.w. p. 171.
 5. Henry, M. (Red. Church L.F.) Commentary on the whole Bible. Hersiene uitgawe. 1960. p. 1153.
 6. Van der Woude, A.S. a.w. p. 167.
 7. Van der Woude, A.S. a.w. p. 171.
 8. Davidson, F. The New Bible Commentary. 1963. p. 491.
 9. Henry, M. (Red. Church L.F.) a.w. p. 697.
 10. Kraus, H.J. Biblischer Kommentar: Psalmen. 1966. p. 756.
 11. Kraus, H.J. t.a.p.

Messias en die beeld van Jesus Christus wat aan die regterhand van God sit, is ook aan hierdie Psalm ontleen¹.

Glorieryke aspekte van die Messias word in hierdie Psalm besing, onder andere dat Hy 'Dawid se HERE' is. Volgens hierdie Psalm is Hy soewerein deur die HERE verklaar (vergelyk 2 Pet. 1:17). Aan Hom is die hoogste eer en soewereine krag toegeken². Die sinsnede 'Tot my HERE', dui ook daarop dat die Psalm aan die HERE opgedra is. Hierdie Koning word uitgenooi om op die troon van die HERE te gaan sit³.

Op grond van die uitnodiging wat Hy ontvang om aan die Regterhand van die HERE te sit, kry Hy in werklikheid 'n aandeel in die stryd en oorwinning oor Satan. Hierdie oorwinning sal in die 'Dag van die HERE' voltrek word⁴. Alhoewel Hy baie vyande sal hê, sal Hy ook oor baie onderdane regeer wat deur sy Hemelse Vader aan Hom geskenk is⁵. Vanaf die troon van die HERE sal Hy oor hierdie onderdane van Hom regeer⁶. Hy sal deur hierdie onderdane vereer word omdat Hy hulle verlos het. Hulle is burgers van die Koninkryk en is mense wat gewillig is om Hom te dien. Die Messias laat hulle dan ook toe om in groot getalle te heers as priesters en profete. Die Messias sal nie net 'n Koning wees nie, maar Hy sal ook die rol van 'n priester vervul (v. 4). Hy is die mense se voorspraak by sy Vader en regeer volgens die orde van Melgisedek⁷. (Kyk bl. 72 (e.v.) i.v.m. die orde van Melgisedek.)

As daar van Hom gesê word dat Hy 'n hoof van 'n groot land verbrysel het, is dit 'n sinspeling op Satan. Selfs Satan as Prins van die wêreld sal aan Hom onderdanig wees. In dieselfde lig dui die woord 'voetbank' 'n algehele oorwinning oor sy vyande aan⁸.

1. Davidson, F. The New Bible Commentary. 1963. p. 491.

2. Davidson, F. a.w. p. 698.

3. Kraus, H.J. Biblischer Kommentar : Psalmen. 1966. p. 757.

4. Davidson, F. t.a.p.

5. Davidson, F. t.a.p.

6. Kraus, H.J. t.a.p.

7. Op bladsy 72 en verder word daar meer gesê wat die orde van Melgisedek behels en hoe dit op Jesus Christus van toepassing is.

8. Davidson, F. t.a.p.

Die idee van 'n voetbank was klaarblyklik algemeen in die midde-Ooste om 'n oorwinning aan te dui. Selfs in Egiptiese tekste is hierdie idee ook teruggevind¹. Jesus het vyande wat nie wil hê dat Hy dadelik moet regeer nie. Hulle word nie dadelik aan Hom onderwerp nie, maar Hy wag totdat die tyd ryp is. Nieteenstaande hierdie vyandskap sal sy Koninkryk wat op Sionsheuwel begin omdat hy die Seun van Dawid is, tot in ewigheid duur^{2&3}.

In vers 2 word daarop gesinspeel dat die HERE Homself ter wille van die stryd as 'n offerande sou aanbied. Hier is die spreker nie meer die HERE nie, maar 'n profetiese sanger wat die wens uitspreek dat die HERE vanuit Sion sal regeer. Hier in Sion sal Hy sy regering te midde van sy vyande begin en nogtans die oorwinning behaal⁴.

In vers 3 word daar verder gesinspeel op die wonderlike geboorte van dié Koning. Hy sal 'n Goddelike Koning wees, met die verdere implikasie dat Hy as regent tot die Hemelse sfeer behoort⁵.

Daar is 'n verband tussen Psalm 110 en Jesaja 14:13 (e.v.), want in albei gedeeltes word daar verwys na 'n heerskappy wat vanuit die Hemelse troonsaal gevoer sal word⁶.

In verse 4-7 sweer die HERE dat die Een van sy Regterhand koning sowel as priester sal wees volgens die orde van Melgisedek en dat Hy sy krag om te kan regeer vanaf die HERE sal ontvang⁷.

1. Kraus, H.J. Biblischer Kommentar: Psalmen. 1966. p. 758.

2. Kraus, H.J. t.a.p.

3. Kraus, H.J. t.a.p.

4. Kraus, H.J. t.a.p.

5. Kraus, H.J. a.w. p. 759.

6. Kraus, H.J. t.a.p.

7. Kraus, H.J. a.w. p. 760.

Psalm 110 is dus 'n Psalm waarin 'n kroningsplegtigheid beskrywe word, maar wat geheel en al van toepassing gemaak kan word op die koms van Jesus Christus. In hierdie Psalm word die bekende aan die volk voorgehou sodat hulle die onbekende beter sal verstaan¹.

Samevatting: Die Messiasverwagting is byna net so oud as wat die koningskap is, en die verwagting wat daarmee gepaard gaan is eweneens sterk daaraan verbonde. Die verlange na 'n Verlosser was gegrond op die HERE se belofte aan Adam en Eva, maar as 'n Koning was dit gegrond op sy belofte aan Dawid in wie Hy die koningskap sou verewig.

Met die verloop van tyd het die volk die Messiasskap begin idealiseer met 'n glorietydperk, soortgelyk aan dié van Dawid en Salomo. Dus het die koninkryk ongelukkig nou 'n aardse karakter ontvang.

Dwarsdeur die Woord van God word die Verlosser as Koning egter beskrywe as 'n Goddelike Wese. Sy regering sou ook hiervan getuig. Dit het die volk egter nie raakgesien of verstaan nie. Hy sou lewe bring deur die volk te red uit die slawerny van die sonde en hulle te lei na die lewe (vrede). In hierdie leiding sou Hy aan hulle die gawe van die ewige lewe skenk, want Hy is die besitter daarvan.

Dit sal geskied wanneer Hy hulle uit die hande van hulle vyande en die mag van die sonde verlos sodat hulle in die nabyheid van hulle Hemelse Vader kan wees na wie hulle verlange nog altyd was.

2. Die Messias as Profeet

Die Jode het geglo dat die profete se werk met die optrede van Maleagi tot 'n einde gekom het. Om hierdie rede was die handeling van Johannes die Doper vir hulle onbegryplik en verba-

1. Kraus, H.J. Biblischer Kommentar: Psalmen. 1966. p. 760.

send. Omdat hulle geglo het dat Elia eers weer moes kom, was dit vir Jesus nodig om hulle daarop te wys dat Johannes die tweede Elia is, maar dat die amp van die Messias aansienlik groter sou wees¹.

Die Messias sou gesalf word in die Profetiese amp waarin Adam ook gestaan het, maar waarin laasgenoemde misluk het. In hierdie oorspronklike amp moes die mens die HERE slegs erken en herken om daardeur die ewige lewe te kan beërwe. Hierin het die mens misluk en nou sou die Messias as profeet kom om die Woord te verkondig, sodat die mens die Ewige lewe deelagtig kon word. Hierdie Evangelie was dus die evangelie van sy dood. Hy moes versoening bring vir die mens se sonde en daarom moes Hy Homself offer (1 Joh. 2:2), om sodoende vir die mens te bid en tot seën te wees (Rom. 8:34). As profeet was Hy die mens se enigste Hoëpriester².

Hierdie profete-amp waarvan daar in die Ou Testament melding gemaak word, het met die koms van die Messias in vervulling gegaan³.

2.1 Deuternomium 18:15-18

Hierdie teks dui op 'n nuwe bedeling⁴. Daar word nou opdrag gegee om hierdie Groot Profeet te ontvang⁵. In Joh. 6:14 word daar by Deut. 18:15-18 aangesluit wanneer daar gesê word: 'Hy is waarlik die Profeet wat in die wêreld sou kom'⁶.

Die wyse waarop Petrus en Stefanus hierdie teksgedeelte aanhaal, onderskraag die algemeen aanvaarbare uitgangspunt dat dit 'n heenwysing na Christus is. Skynbaar het Filipus ook

1. Dekock, P.B. The Concept of Jesus as Prophet in the Synoptic Tradition. 1973. p. 348.

2. Visser, P. Het Geloof der Vaders. 1953. p. 91.

3. Gore, C.A. A New Commentary on the Holy Scripture. 1929. p. 161.

4. Davidson, F. The New Bible Commentary. 1963. p. 214.

5. Henry, M. (Red.Church L.F.) Commentary on the Whole Bible. Hersiene uitgawe. 1960. p. 190.

6. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 268.

hierdie gedeelte in gedagte gehad toe hy tot Nataniël gespreek en gesê het: 'Ons het Hom gevind waarvan Moses in die Wet gespreek het'¹.

Moontlik het Jesus ook hierdie teks in gedagte gehad toe Hy gesê het dat Moses van Hom geskrywe het. Die Jode was ook daarmee eens dat hierdie teks met Sy koms in vervulling gegaan het. In daardie geval spreek Moses dan van die Messias as 'n gestalte tussen die profete - as Profeet.

In die Bybelse literatuur oor die Messiasverwagting, en wel as Profeet, kom daar verskeie tekste na vore, naamlik: Deut. 18:15-18 en die Kneqliedere van Jesaja (52:7 en 61:1).

Die verwysing na die Profeet dui op die eskatologiese betekenis van die amp, daar Hy as 'n agent van die HERE baie meer as net 'n profeet was. Die term 'Messiaanse Profeet' en 'Profetiese Messias' dui daarop dat ons hier te doen het met 'n koninklike, profetiese figuur. Dekock twyfel daaraan of so 'n groot visie in die toekoms met een enkele gebeurtenis vervul sou kon word². Volgens Dekock³ is die Mosaiese interpretasie saamgevat in die Kneqliedere van Jesaja.

In die eenvoudigste sin van die woord het Jesus Christus die rol van die profeet op aarde in vervulling gebring. Die feit dat daar gedurig aan Jesus gevra is of Hy 'n profeet is soortgelyk aan dié wat in die Ou Bedeling opgetree het (Luk. 7:16), is 'n aanduiding dat sy werk as profeet hulle beïndruk het⁴.

1. Hengstenberg, W. Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse uitgawe. 1970. p. 37.

2. Dekock, P.B. The Concept of Jesus as Prophet in the Synoptic Tradition. 1973. p. 25.

3. Dekock, P.B. a.w. p. 26.

4. Marshall, I.H. The Work of Christ. 1969. p. 19.

Lukas 4:24 hou ook verband met Jesus se Profeetskap, waar Jesus gesê het 'dat 'n profeet nie welkom is in sy eie land nie'.

In Deut. 18:15-18 is daar 'n belofte van die HERE wat lui: 'n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos Ek is, sal die HERE jou God vir jou verwek ...' Toe die mense aan Johannes die Doper gevra het of hy die profeet was wat hulle moes verwag, het hulle hierdie teks in gedagte gehad. Meer as eenkeer is hierdie vraag ook indirek aan Jesus gerig (Joh. 4:19). In die Mattheus evangelie is daar sprake dat Jesus na Homself verwys het as die tweede Moses - die Gewer van die Wet. Naas Moses as die komende profeet, is daar ook die gestalte van Elia as 'n profeet in aantog. As die werklike Elia dan nie weer sou kom nie, dan sou daar 'n ander Elia te voorskyn kom. Hierdie belofte word dan ook moontlik vervat in Mal. 4:5: 'Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia ...' Op grond hiervan het die Jode begin wonder of Jesus nie daardie profeet was nie¹.

Daar was ooreenkomste maar ook verskille tussen die werk van Elia en Jesus. Jesus het dan ook bekend gemaak dat Johannes die Doper die tweede Elia was waarvan daar gesprek is. Alhoewel Johannes dit ontken het (Joh. 1:21), verklaar Luk. 1:17 dat hy tog in die gees van Elia vooruitgegaan het².

Deur Jesus se werk as Profeet het die volk erken dat die HERE met hulle is. Wanneer Hy die seun van die weduwee van Nain opwek, dan verklaar die volk: 'n Groot profeet het onder ons opgestaan ...' Dit het Hy egter gedoen omdat Hy, as die mondstuk van die HERE, die Seun van God was in sy amp as profeet en priester³.

1. Marshall, I.H. The Work of Christ. 1969. p. 19.

2. Marshall, I.H. a.w. p. 20.

3. Muller, Jac.J. Grondbegrippe van die Christelike Geloof. 1966. p. 48.

In Luk. 7:39 vra Simon die Fariseër vir Jesus hierna uit. Dit word ook duidelik in die evangelies gestel dat Jesus met die Heilige Gees gesalf is om sy amp as profeet uit te voer.

Indien Johannes die Doper meer as 'n profeet was (Matt. 11:9), dan was dit nog soveel meer die geval met Jesus Christus. Ook in die gesprek wat in Johannes 7:40-42 oor die profeet opgeneem is, is daar sprake dat Jesus as 'n profeet bekend was.

Die mens as sondaar het in Adam in sy amp as profeet misluk. Deur hierdie mislukking het daar verwydering gekom tussen God en die mens en sou dit nodig wees om hierdie verwydering te oorbrug. Dit sou geskied deur die sending van 'n volmaakte profeet met die evangelie van redding. Hierdie Verlosser, Jesus, sou die mens red met die Evangelie van sy dood.

Omdat die Messias as Seun van God gesalf sou word vir hierdie amp, sou Hy as Messias in staat wees om 'n nuwe periode in te lui. Dit sou gekenmerk word deur ewige vrede en vreugde. Jesus sien Homself dan ook in hierdie roeping as die volmaakte profeet (Matt. 11:9).

Selfs die volk het Jesus as meer as 'n gewone profeet gesien en was geneig om Hom te vergelyk met 'n Moses of Elia. Die volk het sin in sy werk gevind omdat Hy die ware Evangelie van sy dood verkondig het.

3. Die Messias as Priester

Die Priesterskap van die Ou Testament was 'n integrale deel van die Joodse erediens¹. Die seremonies en gebruike verbonde aan die tempel- en tabernakeldiens, was reeds 'n heenwysing na

1. Marshall, I.H. The Work of Christ. 1969. p. 92.

Jesus Christus as die Groot Hoëpriester. Wanneer die psalmskrywers na 'n priester verwys het, dan was dit 'n heenwysing na Jesus, die Messias wat nog moes kom, Hy wat Hoëpriester moes wees volgens die orde van Melgisedek (Ps. 110:4)¹. Dit was 'n priesterskap wat bo die tydelike amp van Aäron verhewe was.

Die priesterskap van Melgisedek, soos wat dit verhaal word in Gen. 14:18-20, was 'n heenwysing na Jesus Christus² in wie daar volkome versoening en toewyding gevind sou kon word. Sodra Christus as Messias sy versoeningswerk volbring het, sou die priesterskap van Aäron verval, en sou Hy vir ewig as priester optree (Ps. 110:4). Eers dan sou Hy ook aan gelowiges in Hom, die priesterskap toeken om hulle vir ewig aan God te wy³. Dus is die priesterskap van Melgisedek, soos beliggaam in Jesus as Messias, verhewe bo dié van Aäron⁴.

Abraham was ook nie priester volgens die orde van Melgisedek nie⁵ want lg. was 'n priesterskap wat vir ewig sou duur⁶. In die Levitiese priesterskap was daar geen volkomendheid nie, want dan sou die koms van Jesus onnodig gewees het. Die Levitiese priesterskap was net nodig om krag aan die wet van Moses te verleen⁷.

As Jesus volgens die orde van Melgisedek regeer, beteken dit op die 'wyse of manier' van Melgisedek wat 'n ewigheidsfiguur is.

1. Aalders, G.Ch. De Goddelike Openbaring. 1932. p. 42.

2. Davidson, F. The New Bible Commentary. 1961. p. 84.

3. Kroeze, J. Handboek - Bybelse Geskiedenis : Ou Testament. 1965. p. 84.

4. Marshall, I.H. The Work of Christ. 1969. p. 97.

5. Buttrick, G.A. The Interpreters Bible. Vol.II. 1950. (hers.) p. 661

6. De Klerk, P.J.S. Die Brief aan die Hebreërs. 1951. p. 131.

7. De Klerk, P.J.S. t.a.p.

Jesus se priesterskap¹ volgens die orde van Melgisedek is nie 'n opheffing van die Levitiese priesterskap nie, aangesien Jesus die priesters uit die stam van Levi oortref. Hy was nie 'n Priester volgens die wet van 'n vleeslike gebod nie - sy priesterskap was dus nie oorerflik nie², want Hy is die Gewer van 'n onverderflike lewe³. Omdat Sy priesterskap uit die onvernietigbare lewe voortgespruit het, was dit uit die aard van die saak bo die verganklikheid van die tyd verhewe⁴.

In teenstelling met die Levitiese priesterskap het Jesus deur eedswering Priester geword, 'n situasie wat Hom bo die Ou Testamentiese priesters verhef het. Volgens Psalm 110 het God 'n eed gesweer oor die Priesterskap van Jesus Christus⁵. Jesus was Priester daar waar die mens nie op sy eie krag kan kom nie⁶. In die Priesterskap van Jesus was daar geen opvolging nie, omdat sy Priesterskap nie deur die dood beëindig kon word nie⁷. Dit is in ooreenstemming met die priesterskap van Melgisedek waarvan daar geen geboorte ouers of sterfdatum bekend is nie. Hy staan alleen bekend as dienaar van die Allerhoogste God⁸.

Die priesters van die Ou Testament moes herhaaldelik weer optree, hulle het geen toegang tot God gebied nie, en hulle kon geen versoening met God bewerkstellig nie⁹. Jesus as Priester is egter in die Hemel voor God om vir die mens te pleit. Hy is dus geen ledige priester nie, maar dra die belange van die mens aan God op¹⁰.

-
1. Aalders, G.Ch. De Goddelike Openbaring. 1932. p. 40.
 2. De Klerk, P.J.S. Die Brief aan die Hebreërs. 1951. p. 131.
 3. Andriesen, P. Het Nieuwe Testament, De Brief aan de Hebreërs. 1971. p. 114.
 4. De Klerk, P.J.S. t.a.p.
 5. Davidson, F. The New Bible Commentary. 1963. p. 698.
 6. Andriesen, P. a.w. p. 117.
 7. De Klerk, P.J.S. a.w. p. 133.
 8. Aalders, G.Ch. a.w. p. 41.
 9. Andriesen, P. a.w. p. 112.
 10. De Klerk, P.J.S. t.a.p.

Die Volmaakte Priester moet as 'n sondelose wese van alle kwaad gevrywaar wees. Jesus se offer is eenmaal gebring en daardeur kon Hy almal red en kan hulle deur Hom tot die Vader gaan. As Seun van God is Hy volmaak en kan Hy nie deur Satan in die versoeking van die sonde gelei word nie¹. In die Ou Testament is die priesterwerk verrig deur swakke mense, maar in die Nuwe Testament word hierdie verhewe werk deur God se Seun waargeneem. Jesus se priesterwerk is dus magtiger, kragtiger en eenmalig². Hieruit blyk dit duidelik dat die priesterskap van die Ou Testament 'n heenwysing na die hernieuwe bedeling in die Nuwe Testament is. Die enigste ooreenkoms tussen die priesterwerk van die Messias en dié van Aäron, was in die uiterlike werk wat verrig is³.

Die priesterskap van Aäron pas eintlik wat bogenoemde kenmerke betref, perfek in by die opgawe van Christus. Soos wat die hoëpriester van die Ou Testament die tabernakel ingegaan het, het Jesus in die Hemelse tabernakel ingegaan⁴. Die ooreenkoms lê verder ook daarin dat net soos die hoëpriester eenmaal per jaar in die allerheiligste ingegaan het, het Jesus Christus ook die hemel eenmalig binnegegaan. Die priesters uit die priesterlike geslag is opgevolg, terwyl Christus geen opvolger gehad het nie - sy priesterskap duur tot in ewigheid. Dit was 'n priesterskap sonder sonde⁵.

Omdat Hy sonder sonde was, kon Hy gesalf word tot hierdie amp en kon Hy Homself diensbaar voor God stel (Fil. 2:8). Om die ewige lewe te beërwe, moet die mens in Jesus as Messias glo en daarmee word hy ook die ewige Priesterskap volgens die orde van Melgisedek deelagtig⁶.

-
1. De Klerk, P.J.S. Die Brief aan die Hebreërs. 1951. p. 134.
 2. Andriesen, P. Het Nieuwe Testament, De Brief aan de Hebreëren. 1971. p. 120.
 3. Marshall, I.H. The Work of Christ. 1969. p. 92.
 4. Vor der Hake, J.A. Commentaar op de Heilige Schrift. 1908. p. 91.
 5. Visser, P. Het Geloof der Vaders. 1953. p. 91.
 6. Aalders, G.Ch. De Goddelike Openbaring. 1932. p. 41.

Met verwysing na die dienste wat deur Christus en die mense voor die HERE verrig is, kan gekonstateer word dat weinig ooreenkomste aanwysbaar is. So moes die priesters uit die geslag van Aäron eers vir hulle sonde 'n offerande bring, voordat hulle vir die volk se sondes kon offer¹. Hierdie priesters het diere geoffer. Jesus Christus se eenmalige offerande het aan die kruishout van Golgota geskied, waardeur Hy vergifnis van sondes gebring het.

Wat meer is, in Hebreërs 10:5-7 word die koms van die Messias gesien as 'n vervulling van die mense se verlange na 'n hoëpriester in Sy besondere hoedanigheid as Middelaar.

Die sentrale gedagte in Hebreërs is dat Jesus 'n vervulling van die Levitiese Wet is². Die waarde van sy priesterskap lê daarin dat Hy geen sonde gehad het nie, maar tog 'n gewone mens was in dié sin dat Hy honger en dors geword het. Hy het ook toorn geopenbaar, moeg geword, en vele ander eg menslike karakteristieke geopenbaar (Hebr. 5:7)³.

Die voorbereiding van Jesus se amp as Verlosser lê in sy versoeking, terwyl die hoogtepunt van sy priesterlike werk in sy kruisiging en sterwe op Golgota gekulmineer het⁴. Hy het as Priester die dood vir almal gesmaak. In sy sterwe het Hy die mag van Satan oor die dood verbreek. Die dood van Jesus was die offerande wat Hy as volmaakte Hoëpriester aan God gebring het⁵.

1. Marshall, I.H. The Work of Christ. 1969. p. 92.

2. Geiseler, N.L. The Theme of the Bible. 1968. p. 74.

3. Marshall, I.H. a.w. p. 93.

4. Marshall, I.H. a.w. p. 94.

5. Marshall, I.H. a.w. p. 95.

3.1 Sagaria_6:11-13

Vers 11 : Op die keper beskou, word die betekenis van 'n kroon in hierdie vers beskrywe, maar in werklikheid gaan dit hier in die finale konteks om 'n persoon. 'n Kroon is 'n hoofbedekking vir 'n regeerder en in hierdie geval gaan dit tog sekerlik nie om Josua wat gekroon moet word nie, want die troon mag nie van die Dawidshuis weggeneem word nie¹. In die Hebreeuse teks is die naam Josua 'n plaasvervanger van Zerubabel². Die profeet is dan ook in hierdie geval besig om die kroning van Zerubabel as Messiaanse koning te beskrywe³.

Dit gaan dus in hierdie gedeelte om 'n beeldspraak waar Josua 'n prototipe van 'n ander persoon is, en in hierdie geval is dit Jesus Christus, die Messias⁴. In die Ou Testament was daar twee Josuas wat tipes van Jesus genoem word. Die een was die leier met die uittog en die ander was die hoëpriester. Skynbaar is hierdie Josua ook 'n heenwysing na Jesus⁵.

As Sagaria sê: 'Hy sal die tempel van die HERE bou', dan verwys hy nie na 'n uiterlike tempel nie, maar na 'n geestelike of innerlike tempel⁶. Nêrens in die Bybel word die bou van die tempel aan Jesus gekoppel nie. Tog moet die Hoëpriesterskap van Jesus en die bou van die tempel in 'n sekere relaas met mekaar gesien word. Moontlik het Sagaria die bou van die tempel figuurlik gesproke in die vloei van die bloed van die Messias gesien. Verder moet dit ook in gedagte gehou word dat die profeet sê die Messias gaan 'n' tempel bou en nie 'die' tempel nie⁷.

-
1. Hengstenberg, E.W. Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 292.
 2. Zimmerli, W. Man and his hope in the Old Testament. 1968. p. 137.
 3. Zimmerli, W. t.a.p.
 4. Hengstenberg, E.W. t.a.p.
 5. Henry, M. (Red.Church L.F.) Commentary on the Whole Bible. Hersiene Uitgawe. 1960. p. 1185.
 6. Hengstenberg, E.W. t.a.p.
 7. Hengstenberg, E.W. t.a.p.

Vir die volk het hierdie Messias skynbaar al in hierdie stadium die gestalte van 'n glorieryke persoon aangeneem. Moontlik is daar gemurmureer oor die klein begin wat na afloop van die Ballingskap gemaak sal moet word waardeur die volk op sy knieë gebring is. Die profeet beskrywe hierdie Messias dan as die Een wat uit die grond sal kom, dit wil sê Hy sal 'n klein begin hê, wat in ooreenstemming is met Jesaja se profesie van die klein takkie wat uit die stomp van Isai sal groei. Die HERE sal lewe gee ongeag die skynbare toestand van doodsheid. Waar die vir die mens onmoontlik lyk, daar is alles vir die HERE moontlik. Die simboliek in hierdie kroningseremonie is daarin geleë dat die HERE in die volheid van die tyd 'n Groot Hoëpriester daar sal stel¹. Hy sal uit die geslag van Dawid wees, terwyl Hy 'n troon in die Hemel gegee sal word. Omdat die Vader aan Hom hierdie troon geskenk het, moet die mense Hom op die troon van hulle harte plaas².

As 'n Hoëpriester sal die Messias sy volk by die troon van God verteenwoordig (13b). Die woorde 'tussen hulle', dui op sy hoëpriesterlike en Koninklike ampte. Die volk van die HERE sal as gevolg van hierdie ampte deel hê in al die seëninge van die HERE³.

Die woorde 'Daar sal vrede wees ...', is 'n aanduiding van sy Vredesryk. Soos wat daar vrede is tussen Vader en Seun, so sal daar ook vrede wees met die koms van die Hoëpriester tussen die HERE en die mens; tussen die HERE en die heiden. In hierdie vredesbeskrywing is daar ook 'n verwysing na die vroeë koningskap in Israel wat 'n afskaduwing was van die ewige koningskap en priesterskap van die Messias⁴.

-
1. Hengstenberg, E.W. Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 292.
 2. Henry, M. (Red.Church L.F.) Commentary on the Whole Bible. Hersiene Uitgawe. 1960. p. 1185.
 3. Hengstenberg, E.W. a.w. p. 295.
 4. Hengstenberg, E.W. a.w. p. 296.

3.2 Psalm 110

In hierdie psalm kom die gedagte na vore dat die Messias die twee ampte van Koning sowel as Hoëpriester sal beklee. Hy is die HERE se bediener van sy Woord aan die mens en Hy doen ook voorspraak by die Hemelse Vader. Die vrugte van Gods genade sal die mens ewig bybly, deur Jesus Christus. Hy is priester volgens die orde van Melgisedek¹.

'Die HERE het gesweer', dui op die egtheid van die eed, naamlik dat Hy wat aan die regterhand van die HERE sit, sowel Koning as Priester sal wees². Die toekenning van beide ampte aan een persoon het veral onder die regering van die Makka-beërs 'n hoogtepunt bereik³.

Samevatting : Die tempeldiens was dus 'n heenwysing na die volmaakte diens wat nog sou kom met die koms van die volmaakte Priester, Jesus Christus. Die sondige mensdom het in hulle swakheid probeer om 'n diens aan God te bewys, maar dit was onvolkome. Hierdie menslike diens was 'n tydelike diens, wat elke keer weer herhaal moes word. In die Messias wat sou kom, sou die priesterdiens verhef word. Hy sou 'n ewige priester wees wat gedurig in diens voor die HERE sou staan. In hierdie diens voor die HERE sou Hy vir die mens en sy sondes pleit.

As Hoëpriester sou die Messias, op grond van sy geboorte uit 'n vrou, klein begin, maar die werk wat Hy sou verrig, sou groot wees in terme van die vrede wat Hy na die mens sou bring. Die vrug wat Hy sou ontvang op sy werk as Hoëpriester, sou die mens ewig bybly, want Hy is vir ewig Hoëpriester. Hierdie vrug is die Ewige Lewe.

-
1. Henry, M. (Red.Church L.F.) Commentary on the Whole Bible. Hersiene Uitgawe. 1960. p. 697.
 2. Davidson, F. The New Bible Commentary. 1963. p. 491.
 3. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 113.

4. Die Messias as Seun van God

In Psalm 2:7 word die Messias aangespreek as Seun van die HERE, maar dit is onwaarskynlik dat die Jode as volk die Messias in hulle verwagting, 'Seun van God' sou genoem het, omdat die HERE God vir hulle te ver verhewe was bo die aardse bestaan. Dit was dan ook een van die redes waarom hulle Hom gekruisig het, omdat Hy Homself as die Seun van God bekend gestel het¹.

In Psalm 2 word daar so 'n verwysing na die Seun van God gevind. Hierdie Psalm het ook 'n groot invloed op latere Rabbynse skrywers gehad deurdat hulle ook na die Seun van God verwys het, maar met die kwalifikasie dat die situasies soortgelyk moes wees soos wat dit in Psalm 2 beskrywe word².

Slegs eenmaal in Matteus (27:43) en 'n paar keer in die Johannes evangelie, word dit geïnsinueer dat Jesus ook hierdie titels besit. Verskeie kere is dit deur Johannes die Doper aan Hom toegeken (Joh. 1:34), deur Nataniël (Joh. 1:50)³, deur Satan as 'n hipotetiese geval (Matt. 4:3) en deur 'n skares mense (Matt. 27:40).

In die sendbriewe van Paulus word die benaming 'Seun van God' op dieselfde vlak gestel as die van 'die Vader'. Die Seun, saam met die Vader, is volgens hierdie siening vir talle gebeurtenisse verantwoordelik⁴.

Die woorde 'Seun van God' is alleen 'n verwysing na Jesus en is 'n bevestiging van sy oorwinning oor Satan. In Romeine 1:3-4 word ook na Jesus verwys as Seun van God. Volgens die Ou-Testamentiese siening word dit toegepas op 'n persoon wat in noue verband staan met sy vader - wat die wil van die vader uitdra⁵.

1. Klausner, J. Jesus of Nazareth. 1947. p. 163.

2. Dekock, P.B. The Concept of Jesus as Prophet in the Synoptic Tradition. 1973. p. 27.

3. Klausner, J. t.a.p.

4. Herbert, A.S. The Book of the Prophet Isaiah. 1973. p. 75.

5. Herbert, A.S. t.a.p.

In Psalm 2 word ook verwys na die Seun wat deur God gegene-reer is. Hebreërs 1:5 verwys na hierdie aanhaling en beves-tis dat die Seun daardeur 'n hoër posisie verkry het as die engele. Hy het sy naam dienoooreenkomstig ontvang. Omdat Hy die Seun van die Vader is, is Hy belaaï met die krag van die Vader, en word die verhouding deur liefde getipeer (Joh. 3:35).

Die Seun is ook Heerser oor alles, omdat Hy saam met die Vader verantwoordelik is vir die skepping¹. Sy Koninkryk sal groter wees as dié van Dawid².

Nieteenstaande die feit dat Hy die Seun van God is, is Hy ook nog die mens se vriend. Hy is sowel mens as God, en volgens Joh. 1:1 is Hy die Woord wat by God was³.

4.1 Psalm 2:7 en 12

Die woorde 'U is my seun', kan weer teruggevind word in Psalm 89:26 en 27. Die sinsnede 'Ekself het u gegenereer', kry weer nuwe perspektief in die Nuwe Testamentiese gedeeltes waar dit van toepassing gemaak word op Jesus Christus. In hierdie ver-band is Hand. 13:32 en Rom. 1:4 ook relevant, want dié twee tekste sien sy Seunskap gesetel in sy opstanding uit die dood. Sommige geskifte soos die Codex Bezae, sien die Seunskap ge-grond in die doop van Jesus Christus⁴.

In vers 12 probeer die psalmis die heidense gedagte teëwerk dat die hemelse Vader slegs 'n vleeslike Seun kan hê. Dit is dan ook die rede waarom die Hebreeuse uitdrukking vir 'seun' (ben) vervang is met die Aramese 'bar'⁵. Hierdie gedagte is

1. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 3. 1972. p. 514.

2. Henry, M. (Red.Church L.F.) Commentary on the Whole Bible. Hersiene Uitgawe. 1960. p. 674.

3. Muller, Jac.J. Grondbegrippe van die Christelike Geloof. 1966. p. 47.

4. Davidson, F. The New Bible Commentary. 1963. p. 415.

5. Eiselen, F.C. The Abingdon Bible Commentary. 1929. p. 516.

ook oorgedra na die Israelitiese koningskap, waar die koning homself gesien het as 'Seun van God'. In vers 8 word hierdie opvatting verder uitgestippel met die siening dat die HERE sal voorsien as die Koning iets sal vra, op grond van die aanname dat Hy die Seun van God is.

Daar is persone soos Eiselen¹ wat Psalm 2 wil verbind aan 'n aardse koningskap. Dit is egter 'n eng gedagte, want die aardse koningskap was tog eintlik 'n heenwysing na die hemelse koninkryk.

4.2 Psalm 89:27

Net soos met Psalm 2, is daar ook skrywers² wat hierdie Psalm wil koppel aan aardse gebruike en verhoudings. Hulle (Vor der Hake en Eiselen) beweer dat dit hier gaan om Dawid wat bekend staan as die Seun van God. In hierdie geval sou die gunsgenoot, wat in vers 20 genoem word, Dawid wees wat deur die HERE gehelp is. Die hulp word uitgebeeld in die woord 'skild'³.

In dieselfde konteks word ook beweer dat Dawid, afgesien van die vorige beloftes, van 'n groot koninkryk (wat sal strek vanaf die Middellandse See tot die riviere van die Ooste) en mag, ook die belofte van 'Eersgeborene van die HERE God' ontvang het. Die vorige seëninge wat op die hele volk van toepassing was, word nou gefokus op die koning (vergelyk ook Rom. 8:29). As gevolg van hierdie belofte word die troon dan bevestig tot in ewigheid⁴. Daar het tussen Dawid en die HERE so 'n intieme verbond bestaan, dat hy gesien is as Seun van die HERE en Eersgeborene van die HERE God. Dit sou verklaar waarom Dawid die HERE as 'My Vader' aanroep en as antwoord deur die HERE as sy Eersgeborene, met al die voorregte van so 'n posisie gemaak word.

1. Eiselen, F.C. The Abingdon Bible Commentary. 1929. p. 516.

2. Vor der Hake, J.A. Commentaar op de Heilige Schrift. 1956. p. 440.

3. Davidson, F. The New Bible Commentary. 1963. p. 457.

4. Davidson, F. t.a.p.

Met hierdie interpretasie kan daar tot op 'n sekere punt saamgestem word. Die psalmis gebruik hier wel 'n aardse beeld van 'n koninkryk, maar wil daardeur 'n beskrywing gee van 'n groter, gevestigde Koninkryk, soos dié een wat die Messias hier op aarde moet vestig¹.

Soos wat Dawid 'n koning was na die HERE se hart, so was Christus ook die keuse van die HERE se hart. Net soos wat Dawid 'n magtige uit die menslike geslag was, so sou die Messias 'n Magtige uit die Hemel wees. Hy sou die Redder uit die hand van Satan wees. Die HERE God het Hom gestel in die amp van Priester, Profeet en Koning².

Die koninkryk van Dawid en sy verhouding tot God is 'n voorafskaduwing van die Koninkryk van die Messias. Wanneer die Messias kom, sal die koninkryke van die aarde die koninkryk van die HERE word. Dan sal Jesus Christus, die Seun van die Vader wees (vers 27). In hierdie betekenisvolle bedeling sal Jesus na sy Vader roep. Dit het dan gebeur gedurende sy optrede op aarde - onder andere by die kruisiging. Wanneer daar van 'n nageslag gepraat word, word daarmee 'n geestelike nageslag van Jesus bedoel (sien Hebreërs 2:13)³.

Samevatting : In die titel 'Seun van God' lê die waarborg van die Priesterlike, Koninklike en Profetiese ampte opgesluit. Omdat Hy Seun van God is en deur God die Heilige Gees gesalf is tot hierdie ampte, sal Hy nooit misluk in sy werk nie. Daardeur sal Hy die mens se mislukking uitskakel en kan Hy as volkome mens en God die kloof wat deur die sonde geslaan is, oorbrug.

1. Vor der Hake, J.A. Commentaar op de Heilige Schrift. 1956. p. 440.

2. Henry, M. (Red.Church L.F.) Commentary on the Whole Bible. Hersiene uitgawe. 1960. pp. 674-675.

3. Henry, M. t.a.p.

Hierdie Seunskap van die Messias is geestelik van aard, daarom is sy werk ook geestelik van aard en verskil dit van die latere Joodse siening dat Hy 'n koning is wat moet stry vir aardse vryheid.

In Psalm 87 word Dawid geskets as 'n prototipe van Jesus Christus. Dit wat Dawid in sy koninkryk gedoen het, was 'n voorafskaduwing van die Verlosser se werk. Albei van hulle het dieselfde werk gedoen en albei was gunsgenote in die HERE se oë. Jesus sou egter die volmaakte Dawid wees.

5. Die Messias as Kneg van die HERE

In hierdie liedere¹ wat in die boek Jesaja (42:1-7; 50:4-9 en 52:13 tot 53:12) voorkom, word die Verbondsvolk gesien as 'n kneg van die HERE. Hierdie gedagte het sekerlik vir die volk 'n groot troos ingehou, want nou was daar in die ellende van hulle straf tog vir hulle iets heilsryk opgesluit, naamlik dat daar 'n doel met dit alles was. Met hierdie opvatting as uitgangpunt, was hulle straf vir hulle meer aanvaarbaar, want dit was nou doelgerig².

Die boodskap wat in hierdie straf opgesluit is, begin die afmetings van 'n universele karakter aanneem, want die ander volke is ook nou betrokke. Vir die volk Israel is daar 'n karaktertrek van diensbaarheid wat uitgevoer moes word in hierdie Koninkryk. Die volk het egter in hierdie roeping van hulle gefaal en moes daar 'n plaasbekledende Kneg kom. Hierdie volk het net so gefaal soos wat die eerste kneg, Adam, gefaal het. Hierdie nuwe Kneg word dan ook in Matt. 12:17-21 aangedui as Jesus Christus, Hy wat die verwagte Messias was³.

1. Die Kneqliedere word in Hoofstuk 4 volledig beskrywe.

2. Bright, J. Kingdom of God in Bible and Church. 1955. p. 152.

3. Bright, J. a.w. p. 150.

Die plaasbekledende knegskap word baie sterk na vore gebring in Jes. 52:13 tot 53:12. Hy moes vir die volk se sondes ly. Baie van hierdie verse wys ook na Kores wat 'n instrument van verlossing was in die hand van die HERE. Tog verwys die groot meerderheid van die verse na die Messias. Die implisiete karakter van die verse is te verhewe om na Kores te verwys¹.

Dit was egter deur die eeue die strydvraag wie die Kneg nou werklik is? Die vraag word gereeld gevra: 'Hoekom is die Kneg annoniem?', 'Wat is die rede hiervoor?' 'n Persoon kan tog net op sy naam in 'n sekere amp aangestel word. Die naam is tog altyd by die ou volke gesien as deel van die persoon. Soms is die naam 'Kneg' in die Ou Testament toegeken aan 'n profeet. Daar kan egter met vrymoedigheid gekonstateer word dat die Kneg 'n voorstelling is van 'n volmaakte Profeet - die Messias? Ja, sekerlik wel².

Sy opdrag is om die dodelike reg onder die nasies bekend te maak³.

Sy amp word beskrywe as een waarin Hy 'n Lig en 'n verbond vir die nasies sal wees. Die Kneg vertrou op die HERE vir 'n oorwinning. God se Gees is op Hom, daarom kan Hy die regsorde na die nasies uitbrei⁴. God stel Homself hier as 'n verbond vir die nasies⁵ wat dus meebring dat die Kneg, Jesus Christus, die diepste vervulling van hierdie profesie is⁶.

1. Hodgkin, A.M. Christ in all the Scriptures. 1945. p. 150.

2. Rosenberg, R.A. Yahweh becomes King. 1966. pp. 297-307.

3. Hodgkin, A.M. a.w. pp. 1-4

4. Layman, C.M. The Interpreters One-Volume Commentary on the Bible. 1972. p. 256.

5. Henry, M. (Red.Church L.F.) Commentary on the Whole Bible. Hersiene Uitgawe. 1960. p. 882.

6. Henry, M. a.w. p. 886.

Hy sal sy leer bring aan die eiland, (dit wil sê die Middellandse Seelande) bekendmaak, sonder enige swakheid¹. Sy teerheid is beslis nie 'n teken van swakheid nie². In Jesaja 5:7 word die bron van sy optrede vermeld, naamlik die krag van God wat oor Hom is. God is tog die Skepper van alle nasies, daarom kan Hy ook heil aan hulle gee. Tog is die verlossingsdaad gerig op sy volk³. Al die seëninge van die Verbond is in Hom saamgevat en tot verwerkliking gebring, sodat Hy as die verpersoonlikte verbond gereken kan word. 2 Korintheërs verklaar dan ook dat die hele verbond in Jesus verpersoonlik is⁴.

Die plaasbekledende vernedering en die daaropvolgende verhoging word beskrywe in Jesaja 52:13 tot 53:12. Hierdie gedeelte het nog altyd probleme vir die uitleggers van die Skrif opgelewer⁵. Dit gaan in hierdie gedeelte veral om die seën wat Jesus dra⁶. Die profesie begin en eindig met die woorde van God - dit spreek sterk van sy glorie⁷. Ook die verhewenheid en voorspoed van die Knecht word gekenskets⁸. Die versoeningswerk van die Messias word hier geweldig sterk geteken, omdat hy die volke se oë vir God se genade wil open⁹.

In opvolging van hierdie kragtige uitbeelding van die Knecht se besondere deugde, kan Jesaja se verdere en kontrasterende beskrywing van die Knecht as 'n misvormde Wese bykans as 'n anti-klimaks getipeer word. Teenoor hierdie ontstellende lyde word sy glorie oor volke gestel¹⁰. Die Knecht ontvang hierdie lyde van die HERE en Hy aanvaar dit in hierdie trant¹¹.

-
1. Gore, C.A. A New Commentary on the Holy Scriptures. 1945. p. 467.
 2. Henry, M. (Red.Church L.F.) Commentary on the Whole Bible. Hersiene uitgawe. 1960. p. 882.
 3. Gray, G.B. The International Critical Commentary. 1958. p. 150.
 4. Buttrick, G.A. The Interpreters Bible Vol. 5. 1950. p. 468.
 5. Layman, G.A. The Interpreters One-Volume Commentary on the Bible. 1972. p. 367.
 6. Henry, M. a.w. p. 906.
 7. Church, L.F. Commentary on the Whole Bible. 1961. p. 615.
 8. Layman, C.M. a.w. p. 363.
 9. Buttrick, G.A. a.w. p. 615.
 10. Henry, M. a.w. p. 906.
 11. Buttrick, G.A. a.w. p. 621.

Jesaja 53:1-12 handel oor die nederigheid van die kneg (verse 2 en 3), naamlik dat Hy uit die stomp van Isai sal spruit - 'n beeld wat al deur die mens as dood aanvaar is. Vers 3 spreek ook van sy vernederende, plaasbekledende lyde. Die krankhede wat die mens s'n is, het Hy op Hom geneem.

Dit taal wat in hierdie gedeelte gebruik word, het 'n hoogs poëtiese aanslag en word veral uitstekend geïllustreer in die beeld van die plant wat besig is om regop te groei. Dit is dan ook opvallend dat in die verse ruim van metaforiese beeldspraak gebruik gemaak word¹.

In bogenoemde gedeelte het die leser met die groot wonder te doen, naamlik dat Iemand in die mense se plek sal sterwe. Dit is juis die wonder van die Kneg².

Vers 8, wat eintlik 'n moeilike vers is, is daarop afgespits om die uitkoms van sy lyde te skilder. Dit gee eintlik 'n opsomming van die volk se toestand van ongelukkigheid. Hulle wat Hom uit die land van die lewendes weggeruk het, wil Hom nog meer smaad aandoen om Hom by die goddeloses te begrawe³, maar die HERE het ander bedoelinge met Hom gehad⁴.

Verse 10-12 beskryf eintlik die Kneg se triomf, terwyl vers 11 spreek van die Kneg se regverdigmakende kennis, wat die dividend op sy lyding is.

Hy verwerf vir Hom 'n staanplek in die ry van die magtiges en die grotes⁵ in teenstelling met die pogings van al die heidense konings wat sy (die Kneg) en Israel se ondergang met hulle eie sondes probeer bewerkstellig het⁶.

-
1. Layman, G.A. The Interpreters One-Volume Commentary on the Bible. 1972. p. 363.
 2. Buttrick, G.A. The Interpreters Bible Vol. 5. 1950. p. 626.
 3. Bright, J. Kingdom of God in Bible and Church. 1955. p. 148.
 4. Buttrick, G.A. a.w. p. 627.
 5. Layman, C.M. a.w. p. 364.
 6. Buttrick, G.A. a.w. p. 626.

Samevatting : Die gedagte van 'n Kneg kom telkemale in die Ou Testament na vore waar dit gekoppel was aan 'n persoon of by geleentheid ook aan Israel as volk.

Wanneer Jesaja hierdie beeld gebruik, maak hy dit van toepassing op 'n persoon met 'n besondere amp. Israel het sy roeping as Kneg van die HERE nie verstaan nie, maar nou het die HERE vir Hom 'n ander Kneg verkies. Hy sal iemand wees wat die reg na die nasies bring sonder om te skreeu of uit te roep. Hy sal 'n Lig vir die volkere wees. Op Hom moet Israel vertrou.

Hy sal teenstand ondervind in die uitoefening van sy amp en sal mishandel en by die misdadigers gereken word. Hierdie Kneg word deur Jesaja in sy profetiese amp uitgebeeld, waar Hy met mag bekleë is. Hy is Verlosser van Israel en Middelaar in die Verbond tussen God en sy Volk.

In die lig van die Nuwe-Testamentiese gebeure kan hierdie amp net deur Jesus Christus volstaan word, Hy wat uitverkorene van God is, op wie sy Gees rus.

Die Ou Testament is in Jesus Christus vervul. Dit wat van Jesus as Messias in die Ou Testament verkondig is, (na die orde van Melgisedek) is deur God geopenbaar in die optrede van Jesus en die gebeure wat in verband met sy optrede gestaan het.

As ewige Hoëpriester het Hy die Ou-Testamentiese offer in Homself as volmaakte offer vervul. Die Ou-Testamentiese offers moes gereeld herhaal word, maar sy offer was eenmalig (Hebr. 7:21-28). In hierdie Hoëpriesterlike amp van Hom is Hy die mens se ewige Voorbidder by God.

Hy het die verborge sake, raad en wil van God aan die mens geopenbaar. Hierdie dinge het Hy in sy prediking (Gelykenisse) en Wonderwerke geopenbaar (Joh. 14:9).

Hy is die mens se ewige Koning, waarvan die Koninkryk tot in ewigheid sal duur (Openb. 1:5).

As Kneg het Hy met getrouheid sy reg as Middelaar uitgeoefen. Hy het die kloof tussen God en die mens oorbrug en 'genesing' vir die mens gebring.

HOOFSTUK 4

DIE MESSIAANSE PROFESIEË VAN JESAJA

In die profesieë van Jesaja word die Messias hoofsaaklik in die gedaante van 'n Kneg voorgestel. Daar is heelwat teoloë wat nie met hierdie opvatting saamstem nie (sien 3.8).

So glo Weir¹ dat die kneggestalte by Jesaja die heidense vors Kores is. Ridderbos glo weer dat geen heidense koning soos Kores deur Jesaja as die Messias aangesien sal word nie en dat die Kneggestalte wel heenwys na Jesus Christus, die ware Messias, omdat die woorde wat in Jesaja 42:1 gespreek word, in noue ooreenstemming is met die woorde wat Jesus gehoor het by sy doop (Mark. 1:11). Weir² glo dat daar in die profesieë van Jesaja geen plek is vir 'n messiaanse profesie nie. Roth glo dat die Kneg 'n voorstelling is van die ideale profeet en dus nie heenwys na 'n sekere persoon nie. In so 'n geval kan die boodskap van die Kneg van toepassing gemaak word op enige profeet³ en dus ook die profetiese amp wat in hierdie geval as die skakel tussen God en die mens voorgestel word⁴.

In so 'n verwarring van teorieë sal dit egter goed wees om die profesieë van Jesaja stelselmatig te ondersoek om te kan sien wat hy bedoel met die Lydende Kneg van die HERE en die kind wat gebore sal word wat Immanuel sal heet. Daar sal ook ondersoek ingestel moet word na die verband tussen dié twee. Wat wel duidelik is uit Jesaja 42:1 is dat die Kneg reeds teenwoordig is, maar dat sy taak in die toekoms geleë is⁵.

1. Weir, T.H. A New Theory of 'The Servant of Jehovah' in Isaiah. 1908. pp. 309-314.

2. Weir, T.H. t.a.p.

3. Roth, Wm.W. J.B.L.: The Anonymity of the suffering Servant. 1965. p. 177.

4. Roth, Wm.W. a.w. p. 179.

5. North, C.R. The Second Isaiah: Introduction, Translation and Commentary to Chapters 40-55. 1967. p. 106.

1. UIT DIE STAM VAN DAWID (Jes. 9:6)

Hierdie teksgedeelte, wat ook 'n heenwysing is na Ps. 21:1-7¹, verklaar dat daar 'n Lig vir die volk sal verskyn wanneer die duisternis wat oor die volk gedaal het sy dieptepunt bereik het².

Gedurende die tyd van Jesaja was die belofte aangaande 'n Verlosser reeds onder die Jode bekend³ en is die verlange versterk deur die chaotiese toestande wat geheers het. Hierdie chaotiese toestande is vererger deur die swak regering van Agas as koning. Agas wat regeer het vanaf die troon van Dawid, het die volk laat verlang na die tyd toe Moses die Hebreeuse volk byeengebring het by Sinai onder die leiding van die HERE en toe Dawid die glorieryke staat Israel geskep het. Hulle het juis die hoop gekoester dat die goue eeu van Dawid vir ewig sou voortduur, en was in hierdie ontnugterde omstandighede bitter teleurgesteld⁴.

Teen hierdie agtergrond kom Jesaja nou met sy profesieë van 'n Kind wat uit die stam van Dawid gebore sou word, wie se regering lynreg teenoor die regering van Agas sou staan⁵ en waarvan die regering sou getuig van reg en geregtigheid⁶. Alles wat hy (Jesaja) geprofeteer het, sou tot vervulling kom wanneer hierdie Kind se bewind 'n aanvang sou neem. Die stuwende krag van die HERE was dan ook verantwoordelik vir die profesieë van Jesaja en die regering van hierdie Kind⁷.

Die Kneg kry die status van 'n Koning om aan te sluit by die belofte wat aan Dawid gemaak is⁸. Hierdie Koning sal met net

1. Herbert, A.S. The Cambridge Bible Commentary: The Book of the Prophet Isaiah. 1973. p. 76.

2. Delitsch, F. Biblical Commentary on the Prophecies of Isaiah. 1969. p. 255.

3. Leupold, H.C. Exposition of Isaiah. Vol. 1. 1968. p. 187.

4. Bright, L. Prophets 1. 1971. p. 91.

5. Buksbazen, V. The Prophet Isaiah. 1971. p. 66.

6. Leupold, H.C. t.a.p.

7. Kaizer, O. Isaiah 13-39. 1973. p. 130.

8. Kissane, E.J. The Book of Isaiah. 1941. p. 94.

soveel wysheid regeer as Salomo en sal net so 'n goddelike held wees as Dawid¹. Dit sal 'n Koninkryk van glorie wees², en omdat die Messiaanse Koningskap sy oorsprong by die HERE het, sal dit tot in ewigheid duur. Om dié rede sal die Koninkryk ook geestelik van aard wees³.

Hierdie Koning sal net soos Dawid 'n nederige oorsprong hê, (Dawid as 'n skaapherder en hierdie Koning (simbolies gesien) as 'n takkie uit die stam van Isai), maar sal ook groei tot 'n magtige Vors⁴. Uit die vervalte toestand waarin die koningshuis van Dawid nou verkeer, sal dit verhef word tot iets groots. Die takkie uit die stomp van Isai sal 'n magtige boom word⁵. In hierdie beeldspraak moet daar nie gedink word aan 'n afgekapte stam nie, maar eerder aan 'n boom wat tot by die wortels afgekap is. Tog sal die HERE in hierdie skynbare verlore toestand lewe gee.

Hoekom voorspel Jesaja dat Hy sal kom uit die stam van Isai en nie uit die stam van Dawid nie? Die familie van Dawid het so agteruit gegaan dat hulle nie meer erken kan word nie. Dink maar aan die goddelose Agas. Agas het nie meer sy toevlug tot die HERE geneem nie, maar hy het in sy krisisuur hulp gaan soek by Assirië. Verder het hy ook die heidense godsdiens van die naburige volke aangeneem en selfs sy seun as 'n lewende offer aan die afgode gegee⁶.

Manassa was 'n tweede Agas. Hy het ook nie die HERE aanbid nie, maar wel hulde aan Assirië se gode gebring⁷.

-
1. Bright, L. Prophets 1. 1971. p. 91.
 2. Kaizer, O. Isaiah 13-39. 1973. p. 130.
 3. Buksbazen, V. The Prophet Isaiah. 1971. p. 66.
 4. Leupold, H.C. Exposition of Isaiah. Vol. 1. 1968. p. 187.
 5. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 1. 1965. p. 281.
 6. Wifall, W. The Court History of Israel: A Commentary on First and Second Kings. 1975. p. 175.
 7. Wifall, W. t.a.p.

Na 'n hele reeks heidense konings was die wegvoering in ballingskap ongetwyfeld die dieptepunt van die verval van Dawid se koningshuis. Daarmee het die waardigheid van Dawid se koningshuis tot 'n einde gekom, want hulle wat uit die ballingskap teruggekeer het, was onbekend aan hierdie koningshuis¹.

Daar moet dus weer 'n nuwe begin gemaak word, soos ook die geval met Dawid was², na die ongehoorsaamheid van Saul teenoor die HERE.

Die moeder en Kind in hierdie profesie van Jesaja vertoon fisies swak, maar innerlik sterk deur die geloof, teenoor die ongeloofspolitiek van Agas. Al word die Kind ook in welke omstandighede gebore (afgekapte stam van Isai), staan die HERE hulle nog naby, met die vooruitsig dat daar weer goeie tye sal aanbreek (dikmelk en heuning)³.

Onder hierdie Koning se regering sal daar vrede wees⁴, in Hom sal die luister en glorie van Dawid se koningskap weer herstel word⁵. Omdat sy koninkryk op die grondslae van reg en geregtigheid gevestig sal wees, sal dit tot in ewigheid duur⁶.

Gerugsteun deur hierdie profesieë van Jesaja het die volk 'n onwrikbare geloof in die HERE gehad. Hulle het in die HERE se liefde vir hulle geglo. Hierdie geloof in sy liefde het gegroei uit die oorwinnings wat hulle gehad het by die inname van die Heilige Land, die sukses wat Dawid in sy regering gehad het en die sinvolheid van sy tempeldienste⁷.

1. Ridderbos, J. Korte Verchlaring der Heilige Schrift:Matteus. 1954. p. 26.

2. Hengstenberg, E.W. Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 187.

3. Ridderbos, J. Jesaja. Vol. 1. 1952. p. 64.

4. Bright, L. Prophets 1. 1971. p. 91.

5. Van der Flier, A. De Profeet Jesaja. 1931. p. 151.

6. Ridderbos, J. t.a.p.

7. Bright, L. a.w. p. 92.

Omdat die volk besef het dat hierdie dinge tot die verlede behoort, was die profesieë vir hulle 'n laaste strooihalm waaraan hulle kon vashou. Die geestelike leiers het na aanleiding van die profesieë van Jesaja begin glo dat die verbond met die HERE weer hernu is. Hulle het begin om hulle hoop te vestig op die toekoms en het nie meer op die herinneringe aan die glorieryke verlede geteer nie¹.

Konklusie: Die koningshuis van Dawid was skynbaar dood. Koning Agas, wat o.a. gedurende die tyd van Jesaja regeer het, het die HERE nie geken nie. Hy het die godsdiens wat hom tot die ware God kan bring afgeweer en begin om offers aan die afgode te bring. Hy het selfs sy seun as lewende offer gegee. Uit hierdie op-die-oog-af doodse toestand in die huis van Dawid gaan die HERE redding bring, sodat daar 'n herstelling van die huis van Dawid sal wees. Vir die volk van Israel is dit 'n ligpunt in die skynbaar onoorkomelike duisternis.

2. DIE MAAGDELIKE GEBOORTE (Jes. 7:14)

Die volk het besef dat die teenwoordigheid van die HERE vir hulle nie net altyd redding nie, maar ook soms straf sou bring².

In die lig hiervan sien Jesaja in sy profesieë mense wat 'n lang tyd in die duister gewandel het (gestraf) (ook simbolies van die dood), maar nou weer omstraal word deur 'n Lig wat vryheid simboliseer. 'n Kind, as Verlosser (maar tog ook mens deur sy geboorte), bring hierdie verlossing³. Hierdie Kind sal Immanuel heet, wat beteken 'God met ons'.⁴

1. Bright, L. Prophets 1. 1971. p. 92.

2. Bright, L. a.w. p. 83.

3. Buksbazen, V. The Prophet Isaiah. 1971. pp. 162-163.

4. Bright, L. t.a.p.

Hierdie teken van die geboorte van die Immanuel moes Jesaja aan Agas gaan oordra, al was dit dan ook onder dwang¹. Agas wat sy heil en redding by die Assiriërs gaan soek het, sou weldra vind dat sy redding in die toekoms by die geboorte van hierdie Kind gelê het².

Daar kan nou gevra word wat hierdie Emmanuelteken eintlik behels? 'Kyk die Maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immanuel noem'. Dit is woorde wat weer in Matt. 1:23 teruggevind word³.

In die geval van Jesaja word die woorde egter nie tot 'n persoon (Maria in Matt. 1:23) gerig nie, maar tot 'n volk⁴. Dit is 'n buitengewone belofte wat deur die HERE geopenbaar word. Dit gaan hier nie net om heil nie, maar ook om bedreiging⁵. Vir Agas wat ongehoorsaam was aan die Woord van die HERE, is daar 'n bedreiging⁶. Daar is ook 'n element van hoop in hierdie teken opgesluit, naamlik dat 'n klein gedeeltetjie van die volk uit ballingskap sal terugkeer⁷.

Die God van wie die volk oor die algemeen maar min kennis gedra het, sal die volk se geskiedenis nou verander. Vir die volk wat nie wou luister nie, net soos vir Agas, is daar ook 'n bedreiging.

Die HERE gaan nou 'n onbekende vrou gebruik, wat uit die geslag (menslike) kom wat onheil oor die menslike geslag gebring het, om hierdie redding voort te bring⁸. Hy (die Kind) sal die goeie bring, want Hy is afkomstig van die goeie HERE⁹.

1. Bright, L. Prophets 1. 1971. p. 83.

2. Leupold, H.C. Exposition of Isaiah. Vol. 1. 1969. p. 159.

3. Delitsch, F. Biblical Commentary on the Prophecies of Isaiah. Vertaalde Uitgawe. 1969. p. 217.

4. Delitsch, F. t.a.p.

5. Delitsch, F. a.w. p. 220.

6. Von Rad, G. The Message of the Prophets. 1968. p. 143.

7. Delitsch, F. a.w. p. 217.

8. Delitsch, F. a.w. p. 220.

9. Leupold, H.C. a.w. p. 158.

Dit is nie baie seker wat bedoel word as die Ou Testament verwys na 'n maagd nie. Blykbaar verwys die woord 'maagd' in hierdie geval na 'n jong meisie wat hubaar is (Gen. 24:43; Ex. 2:8; Ps. 68:26; Spreuke 30:19; Hoogl. 1:3 en Hoogl. 6:8)¹. Sniijders² glo dat daar in die ou Midde-Ooste geen spesifieke woord was om die begrip 'Virgo intacta' (Maagd) te omskryf nie.

Die Nuwe Testament sien 'n maagd as 'n vrou wat nog nie vleeslike gemeenskap met 'n man gehad het nie³. Alhoewel die verlowing soos in die geval van Josef en Maria as 'n belangrike voor-stadium tot die huwelik beskou was, is die vrou nog gesien as 'n maagd omdat daar geen huweliksregte was nie⁴. Die woord maagd wys dus op 'n volwasse jong meisie wat nog in haar ouerhuis woonagtig is⁵. Rebekka (Gen. 24:43) word met hierdie benaming beskryf voor haar huwelik met Isak, maar na haar huwelik word sy nie meer beskrywe as 'n maagd nie⁶. In Hooglied 6:8 word daar ook na 'n jong meisie aan die koninklike hof, wat nog nie seksuele-gemeenskap met die vors gehad het nie, as 'n maagd' verwys⁷. Op grond hiervan wil Sniijders⁸ hierdie maagd wat in Jesaja 7:14 beskrywe word, sien as 'n jong ongetroude vrou. Volgens hom kon sy een van die meisies uit die harem van Agas gewees het, en kon sy met die ontmoeting tussen Jesaja en die koning teenwoordig gewees het. Sniijders beweer dan dat die Maagd waarvan die profeet spreek, die koning se oogappel sou gewees het, iemand wat hy nooit kon teleurstel nie⁹, daarom sal sy swanger raak. Young¹⁰ aanvaar insgelyk dat

-
1. Kissane, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 1. 1941. p. 88.
 2. Sniijders, L.A. Jesaja. Deel 1. 1969. p. 249.
 3. Ridderbos, J. Matteus. 1954. p. 32.
 4. Geldenhuys, N. The Gospel of Luke. New London Commentary. 1969. p. 75.
 5. Sniijders, L.A. a.w. p. 101.
 6. Sniijders, L.A. t.a.p.
 7. Sniijders, L.A. t.a.p.
 8. Sniijders, L.A. t.a.p.
 9. Sniijders, L.A. t.a.p.
 10. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 1. 1965. p. 287.

sy in so 'n mate aan die volk bekend moes gewees het dat die profeet dit nie nodig geag het om haar bekend te stel nie. Herbert¹ sien die maagd in 'n soortgelyke lig, naamlik dat sy een van die vroue uit die harem van Agas was en dat die kind se naam 'n teken was van die volk se blydschap vir die verlossing wat deur die HERE geskenk is.

Von Rad² wil hierdie verwagting koppel aan die vrou van Jesaja. Dit is egter te betwyfel of Jesaja dan op so 'n onpersoonlike manier na haar sou verwys het³.

Die profeet se woordkeuse verwys eerder na 'n jong meisie se maagddom. As dit 'n verwysing na sy vrou was dan sou hy eerder die woord "hâ almâh" gebruik het (in dieselfde lig as hierbo genoem)⁴. Jesaja se oudste kind was op hierdie stadium omtrent nege jaar oud en kon sy vrou dus nie meer gesien word as 'n maagd nie⁵. Dit is egter te betwyfel of daar nog kinders vir die profeet gebore was, behalwe dié wat in Jesaja 8:3; Jesaja 7:3 genoem word, veral as in aanmerking geneem word dat die Eframitiese oorlog aan die gang was⁶.

Terselfdertyd kan die spekulاسie dat hy 'n jong tweede vrou gehad het, hier uitgeskakel word, want ook hiervan maak die profeet geen melding nie⁷.

Dit is egter seker dat hierdie profesie 'n verwysing is na die geboorte van die Messias van Israel, en nie na enigiemand anders nie. Dit is sy geboorte wat hier beskrywe word, waarvan die regering weer in 11:6 beskrywe word - 'n regering van vrede en vreugde⁸.

-
1. Herbert, A.S. The Cambridge Bible Commentary: The Book of the Prophet Isaiah. 1973. p. 64.
 2. Von Rad, G. The Message of the Prophets. 1968. p. 143.
 3. Delitsch, F. Biblical Commentary on the Prophecies of Isaiah. Vertaalde Uitgawe. 1969. p. 217.
 4. Delitsch, F. a.w. p. 219.
 5. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 216.
 6. Kaizer, O. Isaiah 13-39. 1973. p. 102.
 7. Kaizer, O. t.a.p.
 8. Delitsch, F. t.a.p.

Hierdie Verlosser moes as 'n mens gebore word. Die HERE was by magte om 'n engel te stuur, maar hierdie verlossing moes uit die mens self wees. Hy, die Messias, moes kon aantoon wat die mens behoort te wees¹. Hierdie profesie van die Immanuel was 'n Messiaanse profesie. Teenoor die wêreldmag waarop Agas bou, staan hierdie Wonderkind wat sy volk sou verlos. Soos wat Israel van die Eframitiese bedreiging verlos is, sou die volk van die HERE ook deur Hom verlos word².

Met die verlange na so 'n Verlosser, het die volk hulle hoop ook op sekere persone gerig wat nie aan hierdie verwagtings voldoen het nie. So byvoorbeeld was die Messiaanse verwagting vir 'n lang tyd op Hiskea gerig. So 'n 'messias' sou hulle dan na beter tye lei as wat hulle op daardie stadium ondervind het³. Dit is egter te betwyfel of Jesaja koning Hiskea hier in gedagte gehad het. Hy het die troon op 'n ouderdom van 25 jaar (in ± 742 v.C.) bestyg. In die tyd van hierdie profesie was hy alreeds 16 of 17 jaar oud. Dus kon Jesaja nie van hom spreek as 'n baba nie.

Volgens Kissane kan daar met sekerheid (soos hierbo uiteengesit), aanvaar word dat hierdie profesie na Jesus Christus as Messias verwys. Die beskrywing van die aankondiging van Jesus se geboorte in Matt. 1:18-23, is 'n bewys dat Jesaja na Hom verwys het in Jesaja 7:14⁵.

Kissane⁶ vestig die aandag daarop dat die beskrywing van Jesaja op 'n bo-natuurlike geboorte dui. In hierdie verband kan daar na die volgende verwys word: dit sou 'n Seun wees; daar word geen melding gemaak van die vader nie; die moeder gee die Naam.

1. Hastings, J. The Great Text of the Bible; Isaiah. 1910. p. 130.

2. Ridderbos, J. Jesaja. Vol. 1. 1952. p. 65.

3. Delitsch, F. Biblical Commentary on the Prophecies of Isaiah. Vertaalde Uitgawe. 1969. p. 219.

4. Kissane, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 1. 1941. p. 87.

5. Kissane, E.J. a.w. p. 88.

6. Kissane, E.J. t.a.p.

Hy is aan sy volk gegee tot vermeerdering van die heerskappy, sodat hierdie heerskappy eenmaal die hele aarde sal vervul (Jes. 11:10). Dit sal ook dien as vestiging van 'n Vrederyk. As dit alles volbring is, sal Hy op die troon van Dawid gaan sit en die beloftes aan Dawid volbring. Hy sal regeer volgens die Wil van die HERE, wat so baie keer deur die konings vertrap is¹.

Samevatting: Jesaja het hier beslis 'n voorspelling gemaak aangaande die geboorte van Jesus Christus as die Verlosser en Messias. Slegs in die Nuwe Testament (Matt. 1:23) is daar sprake van 'n maagdelike geboorte naamlik dié van Jesus Christus en die toon en ooreenkoms met die woorde van Jesaja (7:14).

Deur hierdie voorspelling wil die profeet dan ook aan die volk bekend maak dat hierdie Verlosser wat gebore sou word, verhewe is bo die aardse verlossers, alhoewel Hy tog uit die geslag van Dawid gebore sou word. Deur hierdie voorspelling wil hy die volk daarvan oortuig dat dit wat vir die mens onmoontlik lyk, tog vir God moontlik is - die geboorte uit 'n maagd. Om die goddelike in hierdie geboorte te beklemtoon, sou hy (Jesaja) dan ook in hoofstuk 9:5 Goddelike name aan hierdie Kind toeken.

3. NAME

3.1 Immanuel ('God met ons') (7:14)

Hierdie naam sluit in 'n groot mate aan by Jesaja 9:5, waar die Kind Immanuel, beskrywe word as Wonderbaar. Hy sal God verpersoonlik en dus 'n Bo-natuurlike wese wees³, en sy regering sal glorieryk wees⁴. Die vleeswording van die Godheid is 'n saak wat nie ten volle geopenbaar word in die Ou Testament nie. Daar is tog 'n gedeeltelike deurskemerling hiervan in Jesaja 7:14.

1. Kissane, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 1. 1941. p. 88.

2. Ridderbos, J. Jesaja. Vol. 1. 1952. p. 80.

3. Delitsch, F. Biblical Commentary on the Prophecies of Isaiah. Vertaalde Uitgawe. 1969. p. 220.

4. Buksbazen, V. The Prophet Isaiah. 1971. p.153.

As daar na die woorde van die profeet gekyk word, kan daar maar net tot een gevolgtrekking geraak word en dit is dat Jesus Christus hier beskrywe word as die Immanuel, Hy wat 'n wonderlike geboorte gehad het.¹

'Looking at the person of Jesus in the light of the New Testament, we realize that when Isaiah prophesied the coming of a divine deliverer of Israel, he described Him in such a way that it could apply only to Him. The portrait of the Messiah presented by Isaiah fits only the Christ of the New Testament'².

'n Verdere versekering dat die Kind Jesus is, word verkry as hierdie teks saam met Jes. 8:8, 10 gelees word, waar Juda die land van Immanuel noem. Dit kan alleen die waarheid wees as Immanuel dieselfde persoon as Jesus is. In 8:10 word die belofte van verlossing aan Israel gegee deur Immanuel en dit wys ook na Jesus. Hy wat gebore sou word uit die geslag van Dawid is niks minder as 'n geskenk uit die Hemel nie³. Die geboorte van Immanuel het 'n dubbele karakter, naamlik dat dit 'n geheimvolle saak en ryk in belofte is.

Hierdie Kind besit dit wat by Agas gesoek is en wat nie gevind kon word nie, naamlik geloof. Dit was, soos reeds genoem, deel van die Jode se geloof dat die HERE by hulle teenwoordig is, en dat Hy in die tabernakel en later in die tempel woonagtig is⁴. Hierdie profesie is juis 'n wonderlike heenwysing na die manier waarop die HERE by sy volk teenwoordig gaan wees⁵. Hierdeur kry sy teenwoordigheid deur die profesie nog groter intensiteit. Dit is ook kenmerkend van die HERE dat Hy by sy volk teenwoordig is in tye van nood (Gen. 26:3; 28:15), en waar is hulle nood groter as juis nou met die be-

-
1. Delitsch, F. Biblical Commentary on the Prophecies of Isaiah. Vertaalde Uitgawe. 1969. p. 220.
 2. Buksbazen, V. The Prophet Isaiah. 1971. p. 154.
 3. Hastings, J. The Great Text of the Bible. 1910. p. 131.
 4. Buksbazen, V. a.w. p. 153.
 5. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 1. 1965. p. 289.

dreigings wat van alle kante af kom? 'God met ons' beteken nie net verlossing van aardse vyande en smarte nie, maar dat die HERE verlossing skenk deur middel van 'n Kind wat gebore sou word¹.

3.2 Wonderbare Raadsman (Jes. 9:5 en 28:29)

Hastings² reken dat die naam 'Wonderbaar', nie net 'n naam opsigself is nie, maar dat dit ook 'n heenwysing is na die Messias as Raadgewer of Raadsman, of dit kan ook die betekenis hê dat Hy Wonderlike Sake administreer. In hierdie verband kan ook gedink word aan Jesaja 28:29: 'Hy is wonderbaar van raad, groot van beleid'³.

Hyself word as 'n wonder gereken⁴. So 'n Raadgewer werk volgens 'n vasgestelde plan, naamlik om te verlos en daarom is sy werk ook wonderbaar. Hy sal op 'n bo-natuurlike wyse raad kan gee⁵ omdat Hy as God ook bo-menslik wys sal wees⁶.

Hierdie naam (Wonderbare Raadsman) wat aan die Verlosser toegeken is, dui verder op die mislukking van Agas se regering, want dit beklemtoon wat Agas nagelaat het om te doen, wat hy as koning veronderstel was om te doen, naamlik om 'n wonderbare raadgewer vir sy volk in hulle nood te wees⁷. Wonderbare Raadsman is 'n simboliese naam⁸ wat Young⁹ glo later deur 'n skrywer bygevoeg is. Wat wel waar is, is dat hierdie Kind 'n nuwe tydperk inlui, want Hy is ook Seun van God. Die HERE het hierdie Wonderbare Raadsman voorsien wat een is met Hom. Dat Hy een is met die Vader is ook 'n wonder opsigself. Ook God, wat hierdie Kind voorsien, is wonderbaar.

1. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 1. 1965. p. 291.

2. Hastings, J. The Great Text of the Bible. 1910. p. 133.

3. Hastings, J. t.a.p.

4. Young, E.J. a.w. p. 334.

5. Ackroyd, P.R. en Linders, B. Words and Meanings. 1968. p. 186.

6. Von Rad, G. The Message of the Prophets. 1968. p. 144.

7. Ackroyd, P.R. en Linders, B. t.a.p.

8. Von Rad, G. t.a.p.

9. Young, E.J. t.a.p.

Sy naam is Wonderbare Raadsman omdat die wysheid van die HERE op Hom neergedaal het, wat meebring dat niemand soos Hy kan raadgee nie. Die Heilige Gees (Gees van Wysheid) sal op Hom neerdaal, wat 'n heenwysing is na Matt. 5:16.

Dit is tog 'n vereiste dat 'n Koning in wysheid moet regeer. Die wonderbaarlike wyse waarop Hy besluite sal neem in sy Koninkryk, sal herinner aan die HERE self. Raadgewer dui ook op 'n menslike amp, maar syne is verhewe bo dié van die aardse, daarom is 'Wonderlike' bygevoeg - nou het dit 'n Goddelike karakter¹.

3.3 Sterke God (Jes. 9:5)

Hy sal Seun van God of ook God genoem word². Jesaja stel dus hierdie Kind wat gebore moet word, gelyk aan God³ en maak dus in sy profesie 'n geweldige sprong vanaf 'n Kind, na 'n sterke God⁴.

Duhm⁵ sien die benaming Sterke God as hiperbolisties. Volgens laasgenoemde sou Jakob vir Esau (Gen. 35:10) ook by hulle ontmoetings as 'n soort god gesien het. Op dieselfde wyse het die volk die koning ook as 'n soort god gesien. Elke koning is goddelik voorgestel, terwyl 'n koning soos Dawid 'n 'Sterke god' was. Hiermee stem Young⁶ egter nie saam nie omdat hy 'n verskil sien in die benamings in Gen. 33:10 en Jes. 9:5 (laasgenoemde geval 'El').

Jesaja het die volste reg in hierdie geval om die naam 'El' aan die Messias te koppel omdat Hy deur die Gees van God gebore sou word⁷. Hy kom in die mag van God⁸ sodat almal wat in Hom

1. Herbert, A.S. The Cambridge Bible Commentary: The Book of the Prophet Isaiah. 1973. p. 75.
2. Snijders, L.A. Het Prediking: Jesaja D1.1. 1969. p. 122.
3. Buksbazen, V. The Prophet Isaiah. 1971. p. 165.
4. Hastings, J. The Great Text of the Bible. 1910. p. 134.
5. Duhm, B. Isaiah. 1892. p. 54.
6. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 1. 1965. p. 335.
7. Young, E.J. t.a.p.
8. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 73.

glo, deur die Magtige God gered sal word¹. As 'Sterke God' sou Hy nie net die mensdom red nie, maar ook al die vyande van die HERE oorwin².

Omdat hierdie Kind 'n Sterke God is, sal niemand Hom kan oortref nie - daarom kan Hy die mensdom red. Hy sal ook die mag hê om 'n einde te maak aan oorlog en in die plek daarvan ewigdurende vrede te skenk. Daarom sal daar by sy koms ook 'n Messiaanse tydperk aanbreek - 'n tydperk van vrede. Hy sal daar wees om te stry vir reg en geregtigheid, veral onder die armes en verdruktes³.

Die Verbond dui op 'n intieme verhouding tussen die HERE en die mens. Om hierdie verhouding van naderby te beskrywe, word daar uitdrukkings gebruik soos 'Vader' en 'In sy arms dra'. Hy is dus 'n Vader wat medelye het met die mens⁴. Met die ooreenkoms wat getrek word tussen Adam en Jesus Christus, word Christus ook Hoof van die Genadeverbond⁵, en almal wat in Hom glo, het nou deel in hierdie Genadeverbond⁶.

Dit is dan ook om hierdie rede dat Jesaja die komende Messias beskrywe as 'n Vader (Jes. 22:21), die Herder wat sy verlore skape in sy arms na veiligheid sal dra⁷.

3.4 Ewige Vader (Jes. 9:5; 22:21)

Die vraag kom nou na vore of Jesaja met hierdie benaming nie besig is om die Messias tot 'n aardse vlak te verlaag nie deur Hom gelyk te wil stel met 'n vader. Die antwoord hierop is nee, want in breë verband noem die Bybel God ook 'Vader'. Wanneer

1. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 1. 1965. p. 338.

2. Herbert, A.S. The Cambridge Bible Commentary: The Book of Isaiah. 1973. p. 75.

3. Gray, G.B. A Critical and Exegetical Commentary on the book of Isaiah. 1962. pp. 173-174.

4. McCarthy, D.J. Old Testament Covenant. 1967. p. 33.

5. Aalders, G.Ch. Het Verbond Gods. 1939. p. 194.

6. Aalders, G.Ch. a.w. p. 193.

7. Hastings, J. The Great Text of the Bible. 1910. p. 134.

die profeet hierdie naam aan die Messias toeken, kan dit in tweërlei verband gesien word, naamlik: a) dat die Messias die mag van die ewige lewe in sy hande het (Jes. 9:6)¹, b) dat sy regering nie tydelik is soos dié van 'n aardse koning nie².

Indien die aankondiging van Jesaja in verband met 'n Sterke God die volk se verbeelding sou aangegryp het, dan sou hierdie benaming hulle nog meer beïndruk³, omdat die innigheid wat daar tussen die HERE en die mens bestaan, ook hierin vervat is⁴.

Volgens Young⁵ is dit 'n moeilike benaming om te verduidelik. Daar kan onderskei word tussen die Vader en die Seun, alhoewel hulle nie geskei kan word nie. Dit bring verder mee dat eienskappe van die Vader van toepassing gemaak kan word op die Seun⁶. Net soos God die Vader van ewigheid tot ewigheid bestaan, so sal die Seun se heerskappy ook tot in ewigheid bestaan⁷. Die optrede van die Seun is kenmerkend van die Vader⁸. Soos wat 'n aardse vader medelye het met sy kinders in hulle nood, so het die HERE God en dus ook die Seun, medelye met sy kinders op aarde. Die Messias sal dus meer wees as net 'n Koning, want Hy is 'n Vader vir sy mense en het medelye met hulle. Hy is 'n Herder wat sy verlore skape in sy arm neem en na veiligheid dra⁹.

Die naam Ewige Vader wat die profeet Jesaja aan die Messias toegeken het, was 'n tipiese verbondsnaam. God het die volk Israel uitverkies om in 'n besondere verhouding tot Hom te

-
1. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 74.
 2. Hengstenberg, E.W. Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 180.
 3. Hastings, J. The Great Text of the Bible. 1910. p. 134.
 4. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 2. 1969. p. 338.
 5. Young, E.J. t.a.p.
 6. Hastings, J. t.a.p.
 7. Young, E.J. t.a.p.
 8. Richardson, A. A Theological Word Book of the Bible. 1969. p. 78.
 9. Hastings, J. t.a.p.

staan (Deut. 7:6) nie omdat hulle so 'n groot volk was nie (Deut. 7:8), maar alleen op grond van Sy genade en barmhartigheid as hulle Vader¹. Dus is Hy 'n Vader in menige opsigte en het die mens deur Hom ook besitter daarvan geword. Wat hierdie Vaderskap en ook wat innigheid betref, het Agas ook hier byverre tekort geskiet².

3.5 Vredevors (Jes. 9:5; 27:5)

Dit was juis in die tyd van die Eframitiese oorlog dat die profeet met hierdie profesie na vore gekom het. Hoe wonderlik is dit om hierdie woorde in sulke omstandighede te hoor. 'n Kind gaan gebore word met die naam van 'Vredevors'³.

Dit is kenmerkend dat al die voorspellings oor die Messias in die Ou Testament juis gekoppel word aan die idee van 'n Vrederyk. Daarom oorheers die woord 'vrede' dan ook die Messiaanse profesieë. Vrede is 'n Ewige Lewe en kan daarom met reg gekoppel word aan die naam van Jesus Christus⁴.

Dawid het blykbaar die woord 'vrede' in gedagte gehad toe hy die naam Salomo aan sy kind gegee het wat 'vrede' beteken⁵. (Moontlik het Dawid op hierdie stadium die woorde van die HERE in gedagte gehad, naamlik dat sy seun vir Hom 'n huis moet bou, omdat hy (Dawid) te veel bloed vergiet het. Die seun moes dan 'n 'vredevors' gewees het⁶).

Die Messias kom as Vredevors na die oorblyfsel van sy volk, maar nie na hulle wat vrede op eie krag soek nie. Die vrede wat hierdie Vredevors bring, lê op 'n breër vlak as net die

1. Ringgren, H. Israelite Religion. 1966. p. 116.

2. Hengstenberg, E.W. Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 180.

3. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 2. 1969. p. 339.

4. Richardson, A. A Theological Word Book of the Bible. 1969. p. 165.

5. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 74.

6. Hengstenberg, E.W. t.a.p.

verhouding tot die naburige volke. Die naam 'Vredevors' dui op 'n versoening tussen God en die mens, omdat God mens sou word (maagdelike geboorte) en Hy in die plek van die mens sou sterwe¹. Hy sou nie soos 'n aardse vors mag en eer soek in 'n stryd tussen volke nie, maar Sy mag sou gesetel wees in die vrede wat Hy as 'Vredevors' na die aarde sou bring². Hy is in staat om die oorsake van oorlog, naamlik die menslike sonde, te verwyder en sal in die plek daarvan volkome vreugde bring. Hierdie vreugde verwys eintlik ook heen na die beskerming van die HERE³.

3.6 Regeerder (Jes. 9:5-6)

'n Regeerder is 'Iemand' wat voorgaan in die optrede teen die vyande en dit het Jesus Christus wel gedoen gedurende sy aardse lewe. Hy het aan die voorpunt getrek in die optrede teen Satan se uitbreidingsdrange⁴.

Volgens Marti⁵, sou hierdie teks, as dit op die Messias van toepassing gemaak word, na 'n politieke Messias heengewys het, en nie na 'n geestelike nie. In so 'n geval kon hierdie teks ook aanleiding gegee het tot die verwerping van Christus (sien in hierdie verband ook hoofstuk 5, onderafdeling 5.1).

Edelkoort⁶ verwerp hierdie gedagte van Marti, en wys daarop dat daar slegs een keer melding gemaak word van 'n Koninkryk. Hierteenoor kom die woord 'heerskappy' twee keer voor, om sodoende die klem op die begrip te laat val. Verder word die toekomstige Heerser voorgestel as Vredevors en nie as Koning van vrede nie. Dit gaan dus hier om 'n geestelike leier (Vredevors) en nie om 'n aardse leier nie (Koning van vrede)⁷.

1. Hastings, J. The Great Text of the Bible: Isaiah. 1910. p. 135.

2. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 2. 1969. p. 339.

3. Delitsch, F. Biblical Commentary on the Prophecies of Isaiah. Vertaalde Uitgawe. 1969. p. 457.

4. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 69.

5. Marti, D.K. Jesaja. 1906. p. 94.

6. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 229.

7. Edelkoort, A.H. t.a.p.

Die mag van die Messias lê nie in 'n aardse heerskappy nie, maar dit gaan verder om sy mag van liefde. As regeerder van vrede en vreugde sal Hy op die troon van Dawid sit en in regverdigheid oordeel¹.

Hy sal sy ryk van vrede en vreugde aanhoudend uitbrei aan die hand van Sy regverdige oordeel. Hy sal alle opposisie uitwis deur middel van regverdigheid, en nie deur oorlogsgeweld nie².

Jesaja wys juis die volk daarop dat daar geen einde sal kom aan hierdie uitbreiding nie. Hy sal volgens Jesaja 9:6 van die Ooste tot die Weste regeer. Satan sal nie 'n sentimeter van sy grondgebied inpalm nie³.

3.7 Die Verstotene (Jes. 53:2-3)

Hierdie benaming dui net soos die vorige Naam op die mag en grootheid van die Messias. Dit het nie die betekenis van swaakheid of van 'n swakkeling nie. Hy was juis sterk genoeg om die mens se skuld en sonde op Hom te neem om daardeur siek en verworpe te raak⁴. Hier gee die profeet 'n beskrywing van die veragting waarmee die Kneg behandel sal word. As gevolg van sy krag sou Hy in staat wees om as die verworpene en die 'Man van Smarte' staande te bly⁵.

In Jes. 53:2-3 word die hele verhaal beskrywe vanaf die krip in Bethlehem tot by die kruis van Golgota⁶. Vir Israel sou dit juis moeilik wees om hierdie idee van 'n 'Verworpene' te verwerk, omdat hulle slegs in Verlosser wat werklike vreugde en verhoging sou bring, belang gestel het⁷.

1. Snijders, L.A. Jesaja D1.1. 1969. p. 127.

2. Hengstenberg, E.W. Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 181.

3. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 69.

4. Bright, L. Prophets 1. 1971. p. 196.

5. Hastings, J. The Great Text of the Bible. 1910. p. 277.

6. Leupold, H.C. Exposition of Isaiah. Vol. 2. 1971. p. 226.

7. Ridderbos, J. Jesaja. Vol. 2. 1953. p. 158.

Reeds by sy begin sou Hy so swak wees soos 'n Verworpene, (vergelyk die beeld van die takkie). Die ergste is dat hierdie takkie in droë grond geplant word - Hy sal dus 'n moeilike bestaan voer. Die droë grond wys op die omstandighede waarin Hy sal moet optree. 'n Takkie in droë grond moet veg om aan die lewe te bly en dit was met Jesus ook die geval - dink maar aan sy geboortegeskiedenis en die verwerping deur sy eie mense¹.

Jesaja sien Hom as 'n mens wat verag is omdat Hy geen uiterlike voorkoms (aantrekkingskrag) gehad het nie. Hy sou wees soos iemand wat nie onder die mense geken is nie². As Hy nog uiterlike skoonheid gehad het, is dit deur sy folteraars ongedaan gemaak. Skoonheid was tog so hoog aangeskrewe as 'n leiers-eienskap in daardie tyd³.

Hy was bekend as iemand met siekte. Siekte het in sy enger betekenis gedui op melaatsheid en so 'n persoon moes uit die gemeenskap verwyder word. In sy uitgebreide betekenis kon siekte ook verwys het na wonde wat toegedien is - in hierdie geval, wonde deur hulle wat Hom gegësel het⁴.

Wanneer Hy vervolg word, word dit nie die moeite werd geag om regsverteenvoordiging vir Hom te kry nie. Niemand het die moed gehad om Sy kant in 'n saak te kies nie⁵.

Tog lê daar in hierdie beskrywing ook die lewenskragtigheid van die Messias opgesluit, naamlik dat Hy sal 'opskiet'. Saam met sy 'opskiet' sal die mens wat in Hom glo ook 'opskiet'⁶.

1. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 3. 1972. p. 342.

2. Ridderbos, J. Jesaja. Vol. 2. 1953. p. 160.

3. Leupold, H.C. Exposition of Isaiah. Vol. 2. 1971. p. 226.

4. Ridderbos, J. t.a.p.

5. Leupold, H.C. t.a.p.

6. Ridderbos, J. t.a.p.

3.8 Die Kneg (Jes. 42:1; 43:10; 49:3; 52:13; 54:17)

Volgens Jesaja het die HERE Een geroep as 'n Kneg vir sy volk. Hierdie Kneg sou vir sy volk 'n Lig wees¹. Hy sou die oë van die blindes open en sou die afgode nie ten prooi val nie. Hy sou die Een wees wat deur die volk aanbid sou word².

Volgens Edelkoort³ is hierdie Kneg 'n eskatologiese figuur. Hy is 'n figuur groter as die mens. Hy sou doen wat geen mens nog ooit gedoen het nie, want Hy sou sondes vergewe en versoening bewerkstellig voor God.

Edelkoort⁴ sien nie die Kneg as 'n ideale profeet, priester of Israeliet nie. So 'n leer strook nie met dié van die Messias nie en dit strook ook nie met sy name, geboorte en ander ooreenwings nie. Volgens Allis⁵ kan daar ook nie met sommige teoloë saamgestem word dat die Kneg een of ander tydgenoot van Jesaja was nie. As dit die geval was, kon hierdie profesie nie in Jesus Christus bewaarheid geword het nie⁶.

Al wat dan oorbly, is dat 'die Kneg van die HERE' die Messias, Jesus van die Nuwe Testament is⁷.

Die Targum maak 'n vertaling van Jes. 42:1, wat op die volgende neerkom: 'My Kneg die Messias'. Daar kan egter nie altyd met die Targum saamgestem word nie, veral met verwysing na die vierde Kneglied, waar net die heerlikheid aan die Messias gekoppel word, maar die lyding na Israel toe oorgegooi word⁸. Daar is 'n groot ooreenkoms tussen die Kneg, wat in 2 Jesaja beskrywe word en die HERE Jesus se optrede soos wat dit in die

1. König, A. Jesus Christus die Eschatos. 1970. p. 362.

2. North, C.R. The Second Isaiah. 1964. p. 110.

3. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 418.

4. Edelkoort, A.H. t.a.p.

5. Allis, O.T. The Unity of Isaiah. 1951. p. 93.

6. Allis, O.T. t.a.p.

7. Edelkoort, A.H. a.w. p. 420.

8. Edelkoort, A.H. a.w. p. 421.

vier evangelies uiteengesit word. Volgens Jesaja sou Hy 'n persoon sonder bedrog wees, maar tog sou Hy moes ly vir sy volk se sondes¹.

Aan die Kneg is daar die groot taak opgedra om op die aarde God se reg te verkondig en God se Koninkryk aan die Lig te bring². Hy sou as tussenganger tussen God en die volk moes staan³. As instrument om hierdie taak te verrig, sou Hy die Gees van God ontvang⁴ om as 'n Kneg van God voorspraak vir die mens te doen⁵.

Uit die goeie wat die Kneg bewerkstellig het, sou daar versoening vir die volk kom. Dit wat die volk gely het vir hulle sondes (43:25) was nie voldoende nie. Die Kneg moes ook nog ly. Hy sou versoening bring deur sy bloed te stort en dit sou voldoende wees⁶. Dit wat Jes. 53 ten opsigte van die Kneg gespreek het, is in Jesus Christus vervul⁷. Hy word nie net met 'n gewillige skaap vergelyk wat geslag word nie, maar ook met 'n skuldoffer⁸.

Hy sou hierdie dood en straf op die sonde plaasvervangend bekleed. Jesaja het hierdie sake wat 100(e) jare na sy tyd sou plaasvind, in 'n openbaring van God ontvang in geloof. God leer in hierdie openbaring dat Hy die aarde in die vlees sou besoek⁹.

Samevatting : Deur die name wat Jesaja aan hierdie komende Verlosser toeken, is die intieme verhouding tussen God en Verlosser beskrywe.

-
1. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 421.
 2. Edelkoort, A.H. a.w. p. 426.
 3. Vriezen, Th.C. Hoofddlijnen der Theologie van het Oude Testament. 1966. p. 253.
 4. König, A. Jesus Christus die Eschatos. 1970. p. 362.
 5. Pop, F.J. Bijbelse Woorden en Hun Geheimen. 1964. p. 28.
 6. Vriezen, Th.C. a.w. p. 213.
 7. Allis, O.T. The Unity of Isaiah. 1951. p. 99.
 8. Vriezen, Th.C. a.w. p. 295.
 9. Edelkoort, A.H. a.w. p. 431.

Die komende Messias sal sy volk verlos van hulle sondes. Hierdie verlossing is egter komende van God. In die name wat die Verlosser sal dra, word die nabyheid van God aan sy volk ook beskrywe. Die HERE is met sy volk (Immanuel). Waar die aardse konings misluk het, sal Hy die Raadsman wees wat sal kom red (Sterke God). As Hy redding bring, het dit nie betrekking op hulle aardse vyande nie, maar wel op hulle verlossing van die kwade, van dit wat alle onmin voorafgaan, naamlik die sonde (Vredevors). As Regeerder sal Hy 'n Ryk besit waarvan die grense nie bepaal kan word nie. Sy aardse werk word duidelik uitgebeeld deur die profeet as hy Hom beskrywe as 'n Kneg en as 'n Verworpene. Israel as kneg van die HERE het misluk, maar die komende Kneg sou slaag omdat Hy ook God is.

Hierdie beskrywing van Jesaja stem dan ook heeltemal ooreen met die beskrywing wat die evangeliste en ander Nuwe Testamentiese skrywers van Christus gee (Joh. 4:42; Luk. 2:11; Hand. 5:31; e.d.m.).

4. KARAKTER

As die Seun van God het Hy altyd opgetree volgens die wil van sy Hemelse Vader. Wat die mense teenoor Hom gesê en gedoen het, het Hom nie gehinder nie, want Hy was daar om die wil van sy Vader te volbring. Sy lewe was tot eer van die HERE.

Dit wat deur Jesaja en ander aangaande Hom voorspel is, het dan ook perfek by die periode van sy aardse optrede ingepas¹. Hy het Hom beywer vir die sake van sy Hemelse Vader (Joh. 2:17). Die vurigheid waarmee Hy opgetree het, word in Jes. 59:17 beskrywe. Die vurige ywer vir sy Vader se sake is van dieselfde karakter as die vuur wat op die altaar gebrand het - tot versoening vir almal se sondes².

1. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 86.

2. Lockyer, H. a.w. p. 93.

4.1 Regverdigheid (Jes. 54:17)

Jesaja 54:17 handel oor hulle wat in Jesus Christus as Messias glo. Geen oordeel sal hulle tref nie¹, want die HERE is regverdig teenoor elkeen wat in Hom glo, en Hy is die Skepper van genade². Die HERE het dit so gewil dat wapens gemaak word en dat soldate hierdie wapens hanteer, maar tog het Hy 'n Verdediger van Jerusalem (Sion) en sy gelowiges, naamlik die Messias, gewil³. Dit gaan dus in hierdie teks nie om 'n militêre oorwinning teen aardse magte, onder aanvoering van die Messias nie, maar om 'n hoër stryd⁴.

Soos wat die HERE dit gewil het dat daar 'n aardse wapen in die stryd teen die aardse magte is en dat daar ook verdedigers is, so het Hy dit ook gewil dat daar 'n Verdediger van Sion sal wees⁵. In die stryd teen Sion staan Satan vooraan, maar ook hier sal die Regverdige Messias die stryd voer. Hierdie belofte wat tot elke individu gerig word, word dan ook in vers 17 se laaste gedeelte bevestig⁶. Ook die beskuldigings (geestelike wapens) teen die gelowiges sal geen krag hê nie. Hierdie beskerming is die werk van die HERE⁷ en as't ware 'n erfdeel wat hulle van die HERE ontvang het.

Die regverdigheid van die knegte is die vrug wat kom uit die lyde van daardie een Kneg van die HERE. As Regverdige het hy regverdig gely⁸ en die gelowiges ontvang al die voorregte, omdat daardie een Kneg terwille van alle knegte gely het⁹.

As hierdie Regverdige verskyn, sal al die aardse vyande van die HERE ook verdwyn. Hy sal hulle rykdom as 'n losprys aan

1. Westerman, C. Isaiah 40-66. 1969. p. 278.

2. Leupold, H.C. Exposition of Isaiah. Vol. 2. 1971. p. 246.

3. Ridderbos, J. Jesaja. 1953. p. 182.

4. North, C.R. Isaiah. 40-55. 1964. p. 255.

5. Ridderbos, J. t.a.p.

6. Westerman, C. a.w. p. 279.

7. Van der Flier, A. Jesaja D1.2. 1923. p. 121.

8. Delitsch, F. Biblical Commentary on the Prophecies of Isaiah. Vertaalde Uitgawe. 1969. pp. 252-253.

9. Young, E.J. The Book of Isaiah. 1972. p. 373.

Israel gee (Jes. 43:3) en hierdie volke se konings sal Israel in die Heilige Land dien (Jes. 49:22). Vanaf daardie tyd sal daar ewigdurende vrede in Israel wees¹. Skynbaar dink die profeet ook hier aan regverdigheid in die regspraak wat teen Israel aanhangig gemaak is na die Ballingskap by die Persiese hof. In hierdie heil wat die profeet aankondig, is sowel daed as woorde opgesluit².

4.2 Billikheid of Geregtheid (Jes. 11:4-5)

Die HERE se regverdigheid is daarin geleë dat Hy eers die volk waarsku oor hulle sondes en hulle kans gee om hulle te beheer voordat Hy hulle straf³ (Jes. 1:2(v)). Daar is dus altyd geleentheid vir die volk om na die weë van die HERE terug te keer⁴.

Dieselfde eienskappe sal die komende Messias as Seun van God dra. Daar sal in die uitvoering van sy taak geen hindernis in sy pad bly staan nie⁵. In sy regverdigheid sal Hy bekleed wees met die Gees van God⁶ wat Hom in staat sal stel om sy reëls met regverdigheid deur te voer sodat al die armes en onderdrukte gehelp kan word⁷. Dit is hierdie mense wat vertrap word en nou na regverdigheid soek⁸. Hulle gaan verlore in die magstryd tussen die verskillende groepe. Dikwels soek hulle hul toevlug tot die HERE, wat aan hulle die karaktertrek van 'soeke na vroomheid' besorg⁹. Billikheid het nie 'n juridiese karaktertrek in hierdie geval nie, maar dui eerder op die religieuse¹⁰.

-
1. Von Waldow, H.E. Interpretation: The Message of Deutero-Isaiah Vol. 22. 1968. p. 280.
 2. Ridderbos, J. Jesaja. 1953. p. 183.
 3. Pop, F.J. Bijbelse Woorden en Hun Geheimen. 1964. p. 238.
 4. Vriezen, Th.C. Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament. 1966. p. 221.
 5. Young, E.J. The Book of Isaiah. 1972. p. 385.
 6. Hastings, J. e.a. Encyclopedia of Religions and Ethics. 1915. p. 572.
 7. Delitsch, F. Biblical Commentary on the Prophecies of Isaiah. Vertaalde Uitgawe. 1969. p. 284.
 8. Young, E.J. a.w. p. 384.
 9. Snijders, L.A. Jesaja D1.1. 1969. p. 147.
 10. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 247.

Die ware Messias sal in geregtigheid en billikheid kan oordeel, want Hy is bo die aarde verhewe¹. Hy kom juis om die stryd aan te knoop teen die onregverdige². In hierdie geval kry Hy ook die karaktereienskap van 'n Koning van geregtigheid³, omdat die konings en regters soms so onregverdig in hulle uitsprake is⁴. Die ware Messias sal in sy oordeel nog regverdiger wees as die wyse Salomo⁵. Hierdie geregtigheid is 'n eienskap wat meermale aan die Messias toegeken is (Ps. 72:2; Jer. 23:5v; Jes. 9:6)⁶.

Met elke asemteug van die Messias is Hy in staat om die onregverdige te vernietig (Jes. 30:33), want elke asemteug is die Woord van die HERE. Deur hierdie Woord het Hy die skepping daargestel⁷, en uit 2 Thes. 2:8 blyk dit dat die Messias se asem die goddelose ook sal vernietig⁸. Die boosdoener sal Hy dood omdat hy skuldig bevind sal word (Jes. 50:9). Dit is die Messias-Koning se plig om te straf. Hierdie Koning sal deel in die heiligheid van God wat daargestel is deur die Gees van God en nie uit eie krag nie. Die koningshuis van Dawid was juis nie weens die sonde daartoe in staat nie, maar God moes in geregtigheid 'n nuwe begin maak.

Geregtigheid en trou sal sy gordel wees. 'n Gordel is in hierdie geval 'n toonbeeld van krag en bereidvaardigheid (Ef. 6:14)⁹. Die oordeel is egter nie God se laaste Woord nie. Agter dit alles is daar 'n doel, naamlik redding. Deur redding wil Hy voltooi dit wat Hy eenmaal begin het, maar wat deur die sonde bederf geraak het. Alhoewel die huis van Dawid hierin misluk het, gaan Hy hiermee voort. Soos wat Hy Dawid verhef het uit die huis van Isai, so sal Hy ook die tweede Dawid verhef.

1. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 1. 1970. p. 385.

2. Van der Flier, A. Jesaja. D1.1. 1923. p. 107.

3. Snijders, L.A. Jesaja D1.1. 1969. p. 147.

4. Ridderbos, J. Jesaja. Vol. 1. 1952. p. 100.

5. Kaizer, O. Isaiah 1-12. 1972. p. 158.

6. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 248.

7. Young, E.J. t.a.p.

8. Young, E.J. t.a.p.

9. Ridderbos, J. a.w. p. 101.

Ook in hierdie verheffing lê die geregtigheid van die HERE, want Hy sal sy beloftes aan Dawid vervul.

Hierdie Messias sal navolgingswaardig wees, want Hy is 'n toonbeeld van die waarheid¹. Sy woord van geregtigheid sal die heidene al hulle hoop en lewenslus ontnem². In die oë van Jesaja is die geestelike Woord van God die grootste enkele faktor tot redding en dit is die woord wat Jesus tot troos aan die volk bring³. Tog sal hierdie Koning geen vegter wees nie, maar in geregtigheid en vrede regeer⁴.

4.3 Regverdige Oordeel (Jes. 9:7)

God is magtig en nie 'n neutrale teenstander van die wêreld nie⁵. Hy het die mag om sy beloftes te laat seëvier⁶ en dit is juis wat Hy besig is om hier te doen. Soos wat Hy 'n groot rol gespeel het in die Skepping en voltooiing daarvan, so sal Hy ook die beloftes wat Hy gemaak het in regverdigheid tot uitvoering bring⁷.

In Jesaja 9:7 word 'n oordeelswoord uitgespreek, maar in hierdie oordeel lê daar regverdigheid opgesluit. Omdat die mens God se gebod oortree het, is Hy verplig om hierdie Woord uit te stuur sodat die mens na Hom kan terugkeer. So 'n Woord van God dra geestelike krag en keer nie leeg terug nie⁸. Gewoonlik het hulle wat die Woord moes hoor, dit nie altyd herken nie⁹. Nadat die oordeel uitgespreek is, is daar ook altyd die gedagte van herstel. Hulle wat herstel is, se herstel lê in die verbintenis met die volk (en ook met God) opgesluit¹⁰.

-
1. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 89.
 2. Van der Flier, A. De Profeet Jesaja. 1931. p. 153.
 3. Pop F.J. Bijbelse Woorden en Hun Geheimen. 1964. p. 425.
 4. Gray, G.B. A Critical and Exegetical Commentary on the Book of Isaiah. 1962. p. 217.
 5. Kaizer, O. Isaiah 13-39. 1974. p. 130.
 6. Bright, L. Prophets 1. 1971. p. 91.
 7. Pop, F.J. t.a.p.
 8. Young, E.J. The Book of Isaiah. 1970. p. 348.
 9. Kaizer, O. a.w. p. 135.
 10. Hansoon, P.D. Interpretation: Old Testament Apocalyptic Re-examined. 1971. p. 468.

Hierdie dinge sal deur die verhewe Koningseun bewerkstellig word wanneer Hy op die troon van Dawid sal gaan sit. Hy is die uitbreider van die Koninkryk se grense deur geestelike gawes van vrede, oordeel en regverdigheid¹. Hy bring rampe en ellende op die weg van die volk wat sy eie heil probeer uitwerk².

4.4 Sagmoedigheid (Jes. 53:7)

Wanneer die Messias se karaktertrek van sagmoedigheid van naderby betrag word, word dit altyd in verband met sy vernedering of mishandeling gesien (Jes. 53:4). Sy sagmoedigheid was ook gekoppel aan sy regverdige optrede teenoor die onderdrukte³ alhoewel Hy sy eie mishandeling en vernedering gelate aanvaar het⁴. In hierdie verband kan ook gedink word aan die sinsnede: '... en Hy het sy mond nie oopgemaak nie', alhoewel Hy rede daartoe gehad het, want sy mishandeling was bo-menslik⁵. Hierdie eienskap stem ook ooreen met dit wat in Ps. 38:14 van Hom gesê word, naamlik dat Hy sonder teësprak die mense se sondes op Hom geneem het⁶. Hy het selfs nie eers gepoog om smaadwoorde met woorde kragteloos te maak nie.

Jesaja gebruik eers die beeld van 'n skaap wat geslag word om die geduld van die Messias uit te beeld. Om aan te toon dat die Messias nie bereid is om enige reaksie in die martelingssessies te openbaar nie, verander hy die beeld van 'n slagskaap na 'n skaap wat geskeer word⁷.

Hierdie beeld van 'n skaap is ook 'n heenwysing na die beeld van 'n Paaslam (Ex. 12:3), wat 'n voorafskaduwing van die Nuwe-Testamentiese Jesus Christus as Paaslam is⁸.

-
1. Delitsch, F. Biblical Commentary on the Prophecies of Isaiah. Vertaalde Uitgawe. 1969. p. 254.
 2. Van der Flier, A. Jesaja D1.1. 1923. p. 103.
 3. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 94.
 4. Leupold, H.C. Exposition of Isaiah. Vol. 2. 1971. p. 230.
 5. Westerman, C. Isaiah 40-66. 1969. p. 264.
 6. Van der Flier, A. Jesaja D1.2. 1923. p. 116.
 7. Ridderbos, J. Jesaja. Vol. 2. 1953. p. 165.
 8. Ridderbos, J. t.a.p.

In die Bybel word daarop gewys dat terwyl Hy mishandel is, Hy geen woord geuiter het nie¹. Hierdie beeld van die messias in sy aanvaarding is in teenstelling met ander persone uit die Ou Testament wat gekla het oor hulle lot (Job as voorbeeld)². Dit dui egter daarop dat Hy gewillig was om te ly, omdat Hy die Seun van God is.

4.5 Selfverloëning (Jes. 53:12)

Die eienskap van selfverloëning berus gedeeltelik op die vernedering en gedeeltelik op die Knege se verhoging. Hy wat as Seun van God Homself aan die kruishout tot offerande gegee het³, lê sy lewe hier vrywilliglik af, vir hulle vir wie die straf bedoel was⁴.

Hierdie offerande van Hom was uiters effektief⁵. Omdat Hy sy bloed gestort het en daarmee die dood betree het; Hy saam met oortreders gereken is; onregverdig veroordeel is, het Hy die oorwinning behaal⁶. Hy deel die vrug van sy oorwinning met sy Vader. Ook die grotes en magtiges trek voordeel uit hierdie geestelike vrug⁷.

Hy wat die 'Man van Smarte' was, is nou 'n oorwinnende Koning. In die slotwoorde van Jesaja 53:12, kom die gedagte van selfverloëning sterk na vore. Hy wat juis die teendeel van die oortreders was, moes vir die sondes van die mens sterf. Hulle vir wie Hy gesterf het, het juis sy dood veroorsaak⁸. Hy sterf saam met oortreders, vir oortreders⁹.

-
1. Delitsch, F. Biblical Commentary on the Prophecies of Isaiah. Vertaalde Uitgawe. 1969. pp. 322-323.
 2. Leupold, H.C. Exposition of Isaiah. Vol. 2. 1971. p. 230.
 3. Delitsch, F. a.w. p. 340.
 4. North, C.R. The Second Isaiah. 1964. p. 246.
 5. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 3. 1972. p. 358.
 6. Delitsch, F. t.a.p.
 7. Young, E.J. t.a.p.
 8. Ridderbos, J. Jesaja Vol. 2. 1953. p. 173.
 9. Young, E.J. a.w. p. 359.

Hierdie slotwoorde van die onderhawige teks verstrek ook die rede vir sy verhoging. Hy het sy siel blootgelê aan die dood. Die mense het nie sy lewe geneem nie, maar Hy het dit vrywilliglik afgelê.

Die selfverloëning van die Messias lê ook daarin dat Hy nooit 'n wonderwerk tot sy eie voordeel sou doen nie, alhoewel Hy daartoe in staat was. Mattheus 27:42 spreek baie duidelik in hierdie verband: 'Ander het Hy verlos, Homself kan Hy nie verlos nie'¹.

4.6 Liefde en medelye (Jes. 63:9)

In Jesaja 63:9 word daar gespreek van die HERE se liefde wat Hy vir die mens openbaar. In al sy liefde het hy Israel (die geestelike) verkies tot sy volk, maar dan op dié voorwaarde dat hulle Hom ook moet liefhê. Die HERE het Hom dan ook deur die geskiedenis bewys as 'n Verlosser, as 'n Heiland en as 'n Bewaarder. Dit alles bewys net een aspek, en dit is sy liefde².

As Seun van God word al hierdie eienskappe nou ook van toepassing gemaak op die Kneg, omdat Hy deur die HERE se liefde, Verlosser en Redder van sy volk word. Geen engel of enige iemand het Hom te hulp gesnel in hierdie reddende liefde vir sy volk nie³. Hy het saam met sy volk gely, omdat Hy hulle in sy liefde uitverkies het. Hy het hulle nood ook mededeelzaam geword en was dus geen toeskouer nie⁴. Nie net was sy volk se benoudheid sy benoudheid nie, maar het Hy ook simpatie met sy volk gehad. Daarin word ook die liefde van God geopenbaar, naamlik dat Hy medelye met die mens het⁵.

1. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 89.

2. Pop, F.J. Bijbelse Woorden en Hun Geheimen. 1964. p. 384.

3. Van der Flier, A. Jesaja D1.2. 1923. p. 145.

4. Hastings, J. The Great Text of the Bible. 1970. p. 501.

5. Hengstenberg, E.W. Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 491.

Die Messias se liefde word verder daarin geopenbaar dat Hy kennis gedra het van die lyding van die sonde deur sy eie versoeking, maar dat Hy nog gewillig was om dit te dra. In hierdie versoekinge dra Hy die pyn en lyding, maar is nog gewillig om die mens te hulp te snel¹. Hy voel die mense se lyding soos wat Hy sy eie gevoel het².

Die HERE het sy liefde vir die mens geopenbaar deur die sending van die Messias na die aarde³. In die Messias het die HERE, wat self liefde is, die mens besoek. Die HERE is die oorsprong van die liefde⁴.

Samevatting: Die karakter van die komende Verlosser wat Jesaja hier skilder, stem ook volkome ooreen met dit wat Jesus Christus van Homself in die Nuwe Testament openbaar.

Jesaja spreek reeds van die regverdigheid van Jesus wat dan ook sterk in die Nuwe Testament na vore kom (Joh. 5:30). Dit was juis 'n sterk karaktertrek van Jesus dat Hy in sy oordeel regverdig was. Hy kon regverdig wees omdat die Gees van die HERE in Hom vaardig was. In sy oordeel sou Hy in ooreenstemming met die woord van Jesaja nie sy vyande vernietig nie. Hierdie vyande is hulle wat nie in Hom glo nie, nie vrugte dra nie (soos die vyboom nie (Matt. 21:19)).

Teenoor die onderdrukte en vervolgdes was Hy egter sagmoedig (Matt. 11:29; 21:5; Jes. 11:4). Sy sagmoedigheid sou ook volgens Jesaja sterk na vore kom in sy verwerping deur die volk (en sy navolgers). Hy sal sy lewe vrywilliglik aflê (Jes. 53:7) waardeur Hy te kenne gegee het dat Hy soos 'n lam

1. Hastings, J. The Great Text of the Bible. 1970. p. 492.

2. Young, E.J. The Book of Isaiah. 1972. p. 481.

3. Ridderbos, J. Jesaja. Vol. 2. 1953. p. 241.

4. Hengstenberg, E.W. Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 481.

is wat na sy slagplek gelei word. Hierdie beeld word dan ook teruggevind in Johannes 1:29 en 36.

As gevolg van sy groot liefde vir en medelye met die mens sou Hy dan ook hulle wat gebuk gaan onder die sondelas tot hulp wees (Joh. 5:14).

5. DIE MESSIAS SE LEERSTELLINGE

5.1 Vreugde in die Wêreld (61:1-2)

Dit gaan hier om die ootmoediges, hulle wat verdrukking ly. In die leerskool van die lewe het hierdie mense geleer wat teleurstellings is. Hulle is gevangenis van hulle eie lewens wat wemel van slegte gewoontes en dade. As gevolg van hierdie genoemde gruwels, is hulle lewens sonder vreugde en vol bitterheid¹.

Dit is om die ontwil van hierdie mense dat die HERE die aarde besoek het, met die verskil dat Hy nie soos die sondige mensdom hierdie mense verag het nie. Die blye boodskap word juis aan hulle adres gerig. Dit is hulle wat in die Bergpredikasie beskrywe word as 'salig'. Dit is aan hulle wat die Messias die boodskap van heil sal bring. Volgens Jesaja 61:1-2 moet hulle net hul hoop op Hom vestig, want die gebeurtenis van verlossing lê nog êrens in die toekoms. Oor wanneer dit sal gebeur, gee die profeet nie uitsluitel nie en daarom koppel hy dit nie aan die terugkoms van die volk uit ballingskap nie².

In Jesaja 61:1-2 word die gawes van die HERE nie net aangekondig nie, maar dit word ook uitgedeel. Omdat die HERE Hom bekleed het met sy Gees, sal die Messias vreugde bring in die hele

1. Hastings, J. The Great Text of the Bible. 1910. p. 450.

2. Westerman, C. Isaiah 40-66. 1969. p. 357.

wêreld, deurdat Hy gebroke harte sal genees, gevangenis (van die hart) sal open en goeie nuus vir die verslaenis van hart sal bring¹.

Die boodskap van hoop wat die Messias sal uitdra, sal die geneesmiddel vir die gebroke harte wees. Gedurende sy optrede het Hy dit tog self bevestig toe Hy gesê het dat die gesondes die genesing nie nodig het nie (Luk. 5:31). Hy sal kom om hulle te verlos wat vasgevang is deur hulle eie sondes en om die oë van die blindes te open (die skille van die sonde word verwyder). Hy sal hulle genees van die blindheid van onkunde².

Hierdie verlossing word vir hulle as 'n genadejaar beskrywe. Vir hulle is dit die wraakdag van die HERE, omdat alle vyande vernietig word - Satan word neer gewerp³.

As dit gebeur het, is hulle burgers van die Koninkryk van God. Dit sal 'n Koninkryk wees wat alle volke oorspan (Dan. 2:35), maar Israel sal die hart daarvan wees (Jes. 60:3). Hierdie Koninkryk sal alleenlik deur die Messias gestig word (Immanuel volgens Jesaja 9:6)⁴.

Die optrede van Jesus Christus was dan ook 'n sprekende vervulling van hierdie teks⁵. 'Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul' volgens Lukas 4:21.

5.2 Genade aan die heidene (Jes. 42:1-4)

In die eerste van die sogenaamde Kneqliedere word die taak van die Knege saamgevat, naamlik om geregtigheid op die aarde te vestig⁶. Hierdie geregtigheid sal Hy nie op die nasies afdwing

1. Leupold, H.C. Exposition of Isaiah. Vol. 2. 1971. p. 324.

2. Hastings, J. The Great Text of the Bible. 1910. p. 453.

3. Ridderbos, J. Jesaja. Vol. 2. 1953. p. 230.

4. Hastings, J. t.a.p.

5. Lockyear, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 102.

6. Westerman, C. Isaiah 40-66. 1969. p. 96.

nie, soos wat dit die gebruik in dié tye was om vreemde godsdiens te bevestig¹. Hierdie geregtigheid is ontleen aan die reg (wette) wat deur Moses aan die volk oorgelewer is. Hierdie reg behoort alleen aan Israel. Die ware reg is kennis van die HERE en dit is dié ware reg wat na die heidene uitgedra moet word². In die tyd van die Kneg sal die heidene opgaan na Jerusalem om onderrig te ontvang. In hierdie geval beklee die Kneg 'n Middelaarsposisie tussen God en die volk³.

Volgens Jesaja 42:1-4 sal die Kneg iemand wees wat ná die era van die profeet sal optree. Hy sal deur die HERE ondersteun word, en die HERE se welbehag sal op Hom rus⁴. Hy is dus nie alleen 'n profeet nie, maar ook 'n wetgewer, 'n tweede Moses⁵. Volgens hierdie teksgedeelte sal Hy ook nie net 'n Koning wees nie, maar ook 'n priester, want alleen priesters het die Wet voorgelees⁶.

'n Kenmerkende taak van die Messias volgens Jesaja 42:1-4 is die daarstelling van geregtigheid⁷. In hierdie teks uit Jesaja word die taak van die Kneg beskrywe as een wat geregtigheid onder die heidene moet bring⁸. Edelkoort⁹ beweer dan ook ten opsigte van hierdie gedagte dat die beeld wat die profeet gebruik van die geknakte riet en die rokende lamp, 'n voorstelling is van die Babiloniërs wat besig is om onder te gaan. Die Kneg is in staat om hulle te help, maar Hy meng Hom nie in met die politiek van die dag nie, want Hy het beter dinge om te doen, naamlik om geregtigheid te verkondig onder die heidense volke¹⁰.

-
1. Young, E.J. The Book of Isaiah. 1972. p. 112.
 2. König, A. Jesus Christus die Eschatos. 1970. p. 262.
 3. Ridderbos, J. Jesaja Vol. 2. 1953. p. 65.
 4. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 385.
 5. Ridderbos, J. a.w. p. 67.
 6. North, C.R. The Second Isaiah. 1964. p. 62.
 7. Delitsch, F. Biblical Commentary on the Prophecies of Isaiah. Vertaalde Uitgawe. 1969. p. 174.
 8. Westerman, C. Isaiah 40-66. 1969. p. 95.
 9. Edelkoort, A.H. a.w. p. 386.
 10. Edelkoort, A.H. a.w. p. 387.

Met hierdie 'geregtigheid' moet die Kneg 'n Lig onder die nasies wees, alhoewel dit Israel se eerste taak is om die lewensvlam van die evangelie onder die nasies uit te dra. Sy optrede moet egter sonder basuingeklank gepaard gaan¹. Dit is die kenmerkende manier van optrede van die HERE, wat sterk kontrasteer met die gebruik van daardie tyd waar 'n leerstelling met lawaai verkondig is². In laasgenoemde geval kan maar net gedink word aan 1 Kon. 18, waar die optrede van die priesters van Baäl beskrywe word, toe hulle tot Baäl geskreeu het.

5.3 As 'n Onderwyser (Jes. 61:1; 48:17)

Die Messias sal Israel se regverdige en enigste onderwyser wees³. Om die weg van die HERE te bewandel, moes die mens sy gebooie onderhou⁴. Die HERE berei hierdie weg vir hulle voor (Jes. 48:17) deur die Messias as Leermeester aan hulle te skenk. Hy berei die pad voor deur die verkondiging van die goeie boodskap (Jes. 52:7)⁵.

Die doel van die koms van die Messias is tog om die oë van die blindes te open en om hulle lyding te versag (Jes. 61:1 v). Dit gaan nie hier om die fisiese genesing nie, maar om die genesing van die sondeblindheid, sodat hulle in die weë van die HERE kon wandel. Jesus Christus stel Homself dan ook bekend as die Lig van die wêreld, sodat die mense kan sien wat die weg van die HERE is⁶.

Samevatting: Jesaja sien die Verlosser as 'n Onderwyser, wat die pad vir die volk moes voorberei. Die voorbereiding geskied deur die verkondiging van die goeie blydskap. Dit sou 'n boodskap

1. Westerman, C. Isaiah 40-66. 1969. p. 96.

2. Young, E.J. The Book of Isaiah. 1972. p. 112.

3. Delitsch, F. Biblical Commentary on the Prophecies of Isaiah. Vertaalde Uitgawe. 1969. p. 116.

4. Ridderbos, J. Jesaja Vol. 2. 1953. p. 116.

5. König, A. Jesus Christus die Eschatos. 1970. p. 380.

6. Young, E.J. a.w. p. 121.

van blydskap wees vir die onderdruktes, weduwees en wese. Ja, Hy sou sonskyn bring in die lewens van hulle wat gebroke van hart is vanweë die sonde. Aan die een kant verag Hy hulle nie, maar aan die anderkant sou Hy ook nie geregtigheid op hulle afdwing nie. Hulle sal self opgaan na Jerusalem om die HERE te dien (Jes. 2:4 e.v.). Die optrede van die HERE Jesus op aarde was dan ook 'n vervulling van hierdie profesie. Daar kan in hierdie geval maar net gedink word aan die kosmopolitiese saamtrek in Jerusalem met die uitstorting van die Heilige Gees.

6. DIE NATUUR VAN DIE MESSIAS

Terwyl Hy ware God gebly het, het Hy ook die menslike natuur aangeneem. Hy was nie 'n halwe mens, sonder 'n 'Ek' nie, want Sy 'Ek' het saam met Hom uit die hemel neergedaal¹.

Hy het mens in die volste sin van die woord geword - deurdat Hy gebore is en 'n liggaam gehad het. Hy het uitgesonderd die sonde alle menslike eienskappe gehad².

6.1 Seun van God (Jes. 40:10)

In hierdie teksgedeelte gaan dit om sy heerskappy as Seun van God, wat alle mag teen Hom omver sal werp. Hierdie omverwerping van sy regering is deel van die aanslag teen Sy geregtigheid³ omdat slegs die Messias as Seun van God tot geregtigheid in staat is. Jesaja simboliseer hierdie regering in bogenoemde teks met 'n arm⁴ wat die vyand omver sal werp. Die HERE as Vader, sal in Hom Koninklike en Goddelike moontlikhede openbaar⁵.

1. Müller, J.J. Grondbegrippe van die Christelike Geloof. 1966. p. 108.

2. Müller, J.J. t.a.p.

3. Delitsch, F. Biblical Commentary on the Prophecies of Isaiah. Vertaalde Uitgawe. 1969. p. 146.

4. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 3. 1972. p. 391.

5. Ridderbos, J. Jesaja Vol. 2. 1953. p. 35.

Reeds in die Psalms word daar van die Messias as Seun van God melding gemaak (Ps. 2:7, 12; 89:27, ens.) en hierby sluit Jesaja aan (Jes. 9:6; 25:9 en 40:10).

Die name wat Jesaja aan Hom toeken, naamlik Immanuel, Wonderbaar, Sterke God, Ewige Vader, en derglik meer, dui al op sy verbintenis met die Vader (sien verder 4.3). Slegs as Seun van God is Hy in staat om versoening te bring tussen God en die mens, om sondes te vergewe (sien 4.4), om mag te hê oor die dood (sien 4.7.8 en 4.9), om mag te hê oor die natuur en skepping (sien 4.10.2. tot 4.10.6), om daardie onuitspreeklike liefde te hê (sien 4.4.6).

6.2 Seun van die mens (53:3-4)

Die titel 'Seun van die mens' verwys in hierdie bespreking na sy aardse afkoms¹, alhoewel Jesaja nooit na die Messias verwys as 'Seun van die Mens' nie. Hy verwys slegs na Hom as mens (53:3).

In Jesaja 53:3-4 handel die profeet oor die aardse lewe met sy seëninge en rampe, waarmee die Messias op grond van sy menslike natuur ook getref sou word. In hierdie genoemde teks word die woord 'siekte' verskeie kere genoem, en daarmee saam ook die woorde 'verwerp' en 'verag'. Hierdie gedagte word ook by die Psalms aangetref en dui daarop dat die Kneg (Messias), net soos 'n mens sal ly asof Hy 'n afstootlike siekte soos meelaatsheid onderlede het². Met elke tekening van die Messias word die beeld van Hom al hoe donkerder voorgestel³, omdat dit die elemente bevat wat die mens sou afstoot. Uiterlik sou daar geen kenmerke van aantreklikheid te bespeur wees nie. Die woord wat veragting ondersteun, is 'vermyding'. Dus sou die Messias net soos die mens uitgesluit word uit die samelewing⁴.

1. Lockyear, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 112.

2. Westerman, C. Isaiah 40-66. 1969. p. 262.

3. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 3. 1972. p. 346.

4. Westerman, C. t.a.p.

Die profeet kom in hierdie teks met die gedagte van 'moeitevolle lyde van sy siel' na vore¹. Menslike eienskappe soos benoudheid sou by Hom te bespeur wees (Jes. 53:4) asook dat hy honger sal word (Jes. 58:7)².

Wanneer die profeet na die Messias kyk, sien hy in Hom 'n toevlug teen die wind (gevare?) (Jes. 32:2) en Iemand wat soos elke mens gepla is met siekte (in die figuurlike sin van die woord). As Jesaja aan Hom gedink het in terme van siekte, dan sien hy Hom as draer van die mens se siekte, naamlik die sonde (Jes. 53:4)³. Al was die siening dus in 'n figuurlike sin, het dit tog 'n menslike eienskap aan Hom toegeken. Die heidene van daardie tyd het geglo dat siekte 'n straf van die afgode was, maar in die geval van die Messias dra Hy die straf van die sonde, die mens se siekte⁴. Ja, Hy word draer van die mense se benoudhede (Jes. 63:9)⁵.

Alhoewel Hy die krankhede van die mens geken het, het Hy nie omgee om dit te dra nie. Alhoewel die Messias 'n mens in die volste sin van die woord was en liggaamlik moeg geword het, sal dié wat in Hom glo nooit geestelik moeg word nie (Jes. 40:28). Geestelik het Hy ook nie moeg geword nie, al was Hy ook jonk by sy eerste optrede, en al was Hy ook deur Satan in die woestyn versoek. Hy sou in staat wees om die vermoede te verkwik (Jes. 50:4) en waar is daar 'n mooier voorbeeld hiervan as juis in Johannes 4:1-30⁶. Jesaja het voorspel dat hulle wat op die HERE wag, nuwe krag sal ontvang. As mens sou Hy arm wees, maar dit sou Hom in staat stel om reg en geregtigheid aan hierdie mense te laat geskied (Jes. 11:4). Daarom sou hierdie mense vertrou in Hom hê (Jes. 14:32)⁷.

1. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 114.

2. Lockyer, H. t.a.p.

3. Lockyer, H. a.w. p. 113.

4. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 3. 1972. p. 346.

5. Van der Flier, A. Jesaja D1.2. 1923. p. 115.

6. Lockyer, H. a.w. p. 125.

7. Lockyer, H. t.a.p.

Samevatting: As Seun van God sou Hy in staat wees om alle magte wat teen Hom opgestaan het, te onderwerp: 'Aan My is gegee alle mag ...' (Matt. 28:18). Dit is dan ook as gevolg van hierdie Seunskap van die komende Messias dat Hy in staat sou wees om sondes te vergewe, siekes te genees, dooies op te wek en om die natuur te bestraf (Matt. 10:1 en Mark. 6:7). Selfs die name waaronder Jesaja die komende Messias beskrywe (Immanuel, Raadsman, Sterke God, e.d.m.) dui op sy verbintenis met die HERE.

Alhoewel Jesaja nooit die komende Messias direk beskrywe as Seun van die mens nie, gee hy tog 'n aanduiding dat hy Hom in hierdie lig sien. Jesaja beskrywe Hom as 'n Mens. Dit is weer in ooreenstemming met die beskrywing van Jesus se geboorte as 'n Kind. Hy sou ook verwerplik wees soos 'n mens wat aan 'n aansteeklike siekte ly.

Hierdie verwerping van Hom as mens was dan ook deel van die straf wat Hy moes verduur ter wille van die mens se sondes (Jes. 53:12; 59:2). Nooit sou Hy geestelik moeg word as mens nie, want, sê Jesaja, Hy moes die vermoeide juis verkwik (Jes. 50:4).

7. DIE MESSIAS SE DOOD

7.1 Saam met Rowers gekruisig (53:9, 12)

In hierdie teksgedeelte word een Persoon uitgesonder wat gedood en begrawe moet word. Skande is deel van Sy lyding en skande is ook deel van sy dood. Daarom is Hy saam met die kwaaddoeners gereken¹.

1. Westerman, C. Isaiah 40-66. 1969. p. 266.

Die kwaaddoeners waarvan Jesaja melding maak, was nie die gewone oortreders van Godswil nie, maar misdadigers. Vir die volk wat sy dood gesoek het, was Hy een van die misdadigers (Jes. 53:9, 12)¹.

Die graf van 'n persoon het in die ou Oosterse bedeling 'n belangrike plek beklee² terwyl 'n oneervolle begrafnis as 'n geweldige skande beskou is³. In hierdie geval kan gedink word aan die lyke wat vir die honde gegooi is, in plaas daarvan dat hulle begrawe is (1 Kon. 14:11; 16:4; 21:24).

Hierdie aspekte sou dan ook volgens die profeet die dieptepunt van sy lyding gewees het⁴. Alhoewel al hierdie dinge nog moes plaasvind, is daar geen sprake van die verhewe eienskappe wat later in sy lewe toegevoeg sou word nie. Hierdie lyde sou onverdiend wees⁵.

Die vyand se planne het misluk, omdat God dit anders gewil het. Volgens God se wil moes Hy 'n graf tussen die rykes kry, want dit was deel van sy verhoging. Hierdie woord van Jesaja kom dan ook later tot vervulling⁶.

Die mens wou Hom met misdadigers reken en Hom so skuldig bevind. God wou egter sy onskuld bewys. Hy was iemand wie se daade enkel geregtigheid was en wie se woord louter waarheid was⁷. Die slotgedeelte gee dan ook die rede hoekom Hy 'n eervolle begrafnis moes kry. Hy het geen skuld gehad om hierdie smartvolle lyding deur te gaan nie. Onskuld kry by God loon en dit het Hy reeds gekry, deur saam met 'n ryke te wees in die dood⁸. Graf en dood moet in hierdie geval as 'n eenheid gesien word - in die graf was Hy ryk.

1. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 150.

2. Van der Flier, A. Jesaja D1.2. 1923. p. 110.

3. Ridderbos, J. Jesaja. Vol. 2. 1953. p. 167.

4. Van der Flier, A. a.w. p. 116.

5. Van der Flier, A. t.a.p.

6. Ridderbos, J. a.w. p. 168.

7. Ridderbos, J. a.w. p. 169.

8. Ridderbos, J. a.w. p. 168.

7.2 Bespotting (Jes. 52:13-14)

Om bespot te word was 'n geweldige diep vernedering. Die profeet profeteer dat sy (Messias) gestalte as gevolg van bespotting nie meer gereken sou word as die van 'n mens nie. Almal sal verslae wees oor hierdie behandeling¹. Die konings is stom geslaan². Die massa sien hierdie bespotting as 'n bewys van sy skuld³. Die vraag kan nou gevra word of hierdie konings wat hulle monde sluit nie dalk 'n heenwysing is na Pilatus wat nie-teenstaande die onskuld wat hy in Hom gevind het nie, nogtans stilgebly het by die massa se aandrang op sy kruisiging. Hierby kom ook nog die gëseling wat Pilatus oogluikend toegelaat het (Joh. 19:1).

Jesaja dui ook hier aan dat die vernedering en lyding van toepassing sou wees op die liggaamlike (en geestelike) en dit stem ooreen met dit wat in Johannes 19:1 (v) beskrywe word⁴.

7.3 Alleen in die stryd (Jes. 63:3)

Hy sal die volke oordeel (vertrap) soos wat druiwe in 'n wynpars vertrap word, sonder die hulp van mense of engele. In so 'n mate sal hulle ly onder sy toorn, dat hulle bloed aan sy klere sal kom⁵. Met hierdie bloed aan sy klere kom Hy Jerusalem ingery as oorwinnaar⁶.

Daar is geen twyfel dat die Messias hier self die oordeel hou nie. Die sap wat soos bloed spat, is simbolies van die lewenskrag van die nasies (kragtig). Hierdie daad sal uitgevoer word op die 'dag van die HERE', wat alleen deur Hom bepaal sal word⁷. In hierdie oordeel sal daar ook vir sommige redding en heil wees⁸.

1. Van der Flier, A. Jesaja D1.2. 1923. p. 114.

2. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 3. 1972. p. 337.

3. Young, E.J. a.w. p. 338.

4. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 150.

5. Van der Flier, A. a.w. p. 144.

6. Leupold, H.C. Exposition of Isaiah. Vol. 2. 1971. p. 341.

7. Delitsch, F. Biblical Commentary on the Prophecies of Isaiah. Vertaalde Uitgawe. 1969. p. 448.

8. Bright, L. Prophets D1.1. 1971. p. 209.

Soos wat Hy die oordeel alleen uitgevoer het, so het Hy ook sy lydensweg alleen bewandel. By sy gevangeneneming is sy vriende nog daar om Hom te verdedig, by sy verhoor word Hy deur een van hulle, naamlik Petrus, verloën en aan die kruis is dit net sy moeder, Johannes en 'n handjievool wat Hom bystaan. Hy sterf Godverlate¹.

7.4 Deurboor (Jes. 22:23)

Om die profesie van Jesaja beter te verstaan, sal dit nodig wees om kortliks by Jesaja 22:19-20 stil te staan. Die geskiedenis wat hier beskrywe word, stem, figuurlik gesien, ooreen met die werk van Jesus Christus.

Sebna sal verban word en in sy plek sal Eljakim as Kneg van die HERE kom om die HERE in opregtheid te dien². Sy regering sal ferm wees³. Sebna se mag en heerlikheid sal vir Eljakim beskore wees. Nou sal Eljakim die enigste toegang hê tot die koninklike voorraadkamers.

In hierdie situasie sal die HERE Hom as kneg bevestig⁴. Sy regering sal so ferm wees soos 'n pen wat in 'n vyeboom ingeslaan is⁵, om selfs artikels aan op te hang. Simbolies gesien, sal baie mense op hierdie Man kan steun⁶. Hierdie pen sal ook nie baie maklik verwyder kan word nie⁷.

Soos wat 'n tentpen die hele tent ondersteun, so sal hierdie man die hele Koninkryk van God ondersteun⁸. Hy sal dus 'n eretroon bestyg. Hierdie troon sal nie die gewone troon wees waarop gewone konings sit nie⁹, want dit is 'n heenwysing na die Gesant van die HERE wat in die voleinding sal kom, na

1. Lockyear, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 154.

2. Snijders, L.A. Jesaja D1.1. 1969. p. 221.

3. Gray, G.B. A Critical and Exegetical Commentary on the Book of Isaiah. 1962. p. 381.

4. Ridderbos, J. Jesaja D1.2. 1953. p. 164.

5. Gray, G.B. t.a.p.

6. Leupold, H.C. Exposition of Isaiah. Vol. 1. 1968. p. 356.

7. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 2. 1969. p. 116.

8. Kaizer, O. Isaiah 13-39. 1974. p. 158.

9. Gray, G.B. t.a.p.

die Kneg wat die Koninkryk van die Hemele sal oopsluit¹. El-jakim was reeds vir die ou kerkvader 'n simboliese voorstelling van Jesus².

7.5 Met die Ryke in die Dood (Jes. 53:9)

(Sien ook 7.1).

Dit was 'n algemene en geëerde gebruik dat 'n persoon saam met sy voorvaders begrawe sal word. Vir die uitgeworpenes, wat geen vriende gehad het nie, was daar 'n algemene begrafplaas³ van lae aansien.

Die Messias se vyande sou nie tevrede wees met sy kruisdood alleen nie, en wou Hom as 'n verdere vernedering ook nog saam met die misdadigers begrawe⁴, hulle wie se liggame soms vir die honde gevoer is⁵.

Hy is op aandrang van sy vriende, en binne God se Raadsbesluit, gebalsem en in die graf van Josef van Arimathea neergelê. Vir Hom was dit 'n rykdom in daardie opsig dat Hy 'n rusplek gehad het, in vergelyking met die misdadigers. Ook was hierdie Josef bekend as 'n vermoënde man. In die dood was Hy dus ryk⁶.

7.6 'n Suksesvolle lyding (dood) (Jes. 53:5, 6, 11)

Sy lyde was so volmaak soos wat voedsel en drank vir die honger en dorstige siel is. Dit is terwille van die mens se oortredinge dat Hy deurboor en gedood is. Die vraag kom onwillekeurig by die mens op of die woord 'deurboor' figuurlik gesien moet word, soos wat dit in Lukas 2:35 gebruik word en of dit letterlik gesien moet word. Dit word aanvaar dat die letterlike betekenis in hierdie geval van toepassing is⁷.

1. Snijders, L.A. Jesaja D1.1. 1969. p. 221.

2. Schoors, A. Jesaja D1.9a. 1972. p. 137.

3. North, C.R. The Second Isaiah. 1964. pp. 241-242.

4. Hengstenberg, E.W. Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 239.

5. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 157.

6. Hengstenberg, E.W. t.a.p.

7. North, C.R. a.w. p. 239.

Die oortreding wat begaan is, is nie ten opsigte van die menslike wette nie, maar ten opsigte van ongehoorsaamheid aan God. Die mens word gestraf op grond van die foute wat hy begaan het¹.

Hierdie sonde ontspring nie net uit die mens se innerlike bedorwenheid nie, maar dit gaan ook oor skuld voor God se aangesig. Wanneer die Kneg volgens Jesaja die mens se skuld en oortredinge dra, beteken dit dat Hy namens die mens skuldig is. Nou dra Hy die straf wat die mens reeds deelagtig geword het, naamlik die dood. Die versoening wat Hy sal verwerf, sal tweërlei van aard wees, naamlik vergifnis vir die mens se sondes en versoening voor God². Alleen Jesus Christus sou hiertoe in staat wees, omdat Hy die Seun van God is. Die vrede wat Hy sou bring, was meer as die vrede tussen mense, dit was die vrede van God. Deurdat Hy die dood moes deelagtig word, is die mens se behoefte aan vrede bevredig. Sy dood sou vir die mense genesing bring volgens hierdie profesie van Jesaja³.

God alleen, en daarom ook sy Seun, kan sukses behaal. Na hierdie ontberings sal die Kneg kan terugkyk op 'n suksesvolle lyding⁴. Soos wat God tevrede was na elke skeppingsdag ('Toe sien God dat dit goed was'), so kan die Kneg met sy lyde tevrede wees⁵ ('Dit is volbring').

Sy lewe was 'n lewe van gee, en aan die einde van Sy stryd op aarde kan hy uitroep: 'Dit is volbring'. Jesus bevestig dit ook aan die Emmausgangers, dat Hy moes ly (Luk. 24:44-47). Hierdie gewilligheid van Jesus om te sterf, word dan ook deur Jesaja uitgebeeld in hoofstukke 53:12 en 50:6⁶.

1. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 3. 1972. p. 347.

2. Kissane, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 2. 1941. p. 186.

3. Young, E.J. a.w. p. 349.

4. Leupold, C.H. Exposition of Isaiah. Vol. 2. 1971. p. 233.

5. Young, E.J. t.a.p.

6. Hengstenberg, E.W. Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 237.

Samevatting: Jesus Christus sou alleen in die stryd staan, 'n stryd waarin Hy as 'n rower gereken sou word. Deur Hom saam met die rowers te reken, sou die mense poog om sy skuld te bewys. In hierdie stryd is Hy mishandel, omdat die skande van bespotting deel van sy verwerping en lyde moes uitmaak. In die poging van die mens om Hom skuldig te bevind, sou God Sy onskuld bewys (Matt. 27:24). Dit moes Hy egter alles deurmaak terwille van die mens se oortredinge.

Jesaja meld dan ook dat Hy die mens se skuld sou wegneem (Jes. 40:2). Hierdie suksesvolle delging van die mens se skuld kon Hy alleen as Seun van God deurvoer, Hy wat volgens God se wil alle skuld op Hom verenig het.

Sy lewe sou ook 'n lewe van gee wees. Hy gee sy lewe vir die mens en daarom gee Hy ook terselfdertyd aan hulle vrede (Jes. 52:7; 53.5).

8. SY OPSTANDING

8.1 Mag oor die dood (Jes. 26:19)

Hierdie is 'n baie seldsame teks in die Ou Testament. Dit spreek van geloof in die opstanding. Oppervlakkig beskou, bestaan dit enersyds uit 'n gebed oor die opstanding en andersyds 'n belofte dat daar 'n opstanding sal wees¹.

Dit kan dan ook beskou word as 'n versekering van die HERE, dat sy dooies, hulle wat in sy Naam gesterf het², weer sal opstaan³. Hier word dus na regverdiges verwys, wat God van voorneme is om uit die dode op te wek⁴, 'n bewys dat God belang het by sy

1. Schoors, A. Jesaja D1.9a. 1972. p. 157.

2. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 2. 1969. p. 226.

3. Van der Flier, A. Jesaja D1.1. 1923. p. 138.

4. Ridderbos, J. Jesaja Vol. 1. 1952. p. 183.

uitverkorenes. As hulle dood is, dan is dit sy dooies, maar nou wil Hy dat hulle deel sal hê in die ewige lewe. Wanneer die profeet praat van hulle wat in die stof woon, dan verwys hy na hierdie dooies. Dit is hulle wat die profeet nou roep tot 'n opstanding en 'n gejubel in die HERE¹.

Dit is die geloof in die liggaamlike opstanding waarvan hier geskrywe word. Lewendwekkend tot hierdie opstanding is God se 'dou'. 'n Volk soos Israel wat in 'n droë land bly, het die krag van dou geken om lewe in verwelkte plante te bring². Die plantegroei het lewe gekry nadat dit deur die woestynson verskroei is³.

Volgens Jesaja was hierdie dou van die HERE afkomstig⁴, en soos wat Hy plante uit 'n halfdooie toestand kan opwek, so kan Hy ook die mens uit die dood opwek wat vir die profeet niks anders as 'n diepe slaap is nie. Hulle moet net wakker gemaak word⁵. Jesaja gebruik die beeld 'die aarde sal aan die skimme lewenslig skenk', as 'n verdere verwysing na die opstanding⁶. Soos wat die plante begin groei as die skaduwees wyk, so sal die dooies ook lewe kry as daar Lig te voorskyn kom. Na wat reeds genoem is by die bespreking van die Immanuelteken, kan dit aanvaar word dat hierdie 'Lig' na die Immanuel verwys. Dit sal dan ook goed aanpas by dit wat Jesus van Homself gesê het, soos wat dit opgeteken staan in Johannes 5:21. Die 'dou' is dan die simboliese vir die verfrissende genade van die HERE wat van die Hemel neerdaal⁷. Is die Messias nie ook 'n teken van die HERE se genade nie? Slegs God is in staat om terug te gee wat die mens verloor het en hierin het die mens geen sê nie. Jesaja stel 'n goeie voorbeeld hieroor: Wanneer alles vir die mens in sy stryd hopeloos lyk, dan rig hy hom tot die HERE en vind hy vreugde in die gedagte dat by God alles moontlik is⁸.

1. Leupold, H.C. Exposition of Isaiah. Vol. 1. 1968. p. 413.

2. Van der Flier, A. Jesaja D1.1. 1923. p. 138.

3. Leupold, H.C. t.a.p.

4. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 2. 1969. p. 229.

5. Young, E.J. a.w. p. 228.

6. Leupold, H.C. t.a.p.

7. Young, E.J. t.a.p.

8. Young, E.J. a.w. p. 226.

Wat die opstanding betref, wanhoop die profeet nie. God alleen kan hierdie wonderwerk laat plaasvind om die dooies wakker te maak, dit kan alleen in sy Naam geskied en Jesaja is vol vertrouwe dat die HERE sal oorwin¹.

Hierdie profesieë van Jesaja oor die opstanding het die HERE God aan hom geopenbaar as die waarheid wat hy aan die volk moes meedeel. Die profeet begin dan ook voorbereidings tref om hierdie boodskap vir die volk aanvaarbaar te maak. Sy aanloop is die Koninkryk van God (Jes. 9:6, 7), asook die 'Dag van die HERE' (Jes. 2:12 v) en die Ewige glorie².

Samevatting: God het volgens Jesaja die voorneme om afgestorwenes op te wek. Selfs in die graf behoort hulle aan Hom, en daarom wil Hy graag aan hulle lewe skenk. Jesaja voel homself as profeet van die HERE daartoe geneë om die dooies tot die opstanding op te roep. Om hierdie opstanding egter te bewerkstellig, skenk God 'dou'. Net soos dou in Palestina lewe skenk aan die plante, so sal God se 'dou' ook lewewekkend wees. Die vraag kan egter gevra word of Jesaja vir Jesus Christus as 'dou' hier in gedagte gehad het? Hy sou tog dieselfde uitwerking op die verdorde lewens van die mens (deur die sonde) gehad het as wat dou op die plante het.

9. DIE MESSIAS SE HEMELVAART

9.1 Skenking van gawes

Gedurende Jesus se omwandeling op aarde het Hy sy volgelinge belowe dat Hy aan hulle 'n Ander Trooster' na sy hemelvaart sou stuur. Hulle wou nie aanvaar dat hierdie 'Trooster' hulle

1. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 2. 1969. p. 228.

2. Young, E.J. a.w. p. 227.

omstandig beter sou maak as met Hom in hulle midde nie. Dit sou egter ook tot Jesus se voordeel wees as Hy hulle sou verlaat, want met sy wederkoms sal alles en almal tot sy wins wees en sal Hy hulle met die Vader deel. Dit beskrywe Jesaja baie mooi wanneer hy sê 'as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien' (Jes. 53:10-11). In Jes. 44:3 voorspel die profeet: 'Ek sal My gawes aan jou kroos giet'¹.

Wanneer Jesus Christus na die hemel opvaar, word Jes. 53:12 inderdaad bewaarheid: 'Daarom sal ek Hom 'n deel gee onder die grotes'². In bogenoemde teks gaan dit weer om die loon wat die Kneg sal ontvang - die HERE sal Hom 'n deel gee by vele. Hierdie deel wat Hy ontvang, is die skare wat Hy verlos het, 'n finale bewys dat die man van smarte 'n oorwinnaar is'³.

Daar is baie gawes aan die agterblywendes belowe (1 Kor. 12:4-13 en Rom 12:3-8), maar van alles was die Heilige Gees die belangrikste en grootste.

9.2. Die beoefening van sy Priesterskap (Jes. 53:12)

In sy lyding lê ook opgesluit die amp van die Kneg, naamlik om voorspraak te maak vir oortreders voor sy Hemelse Vader en om vergifnis te bring vir die mens se sondes. Hy pleit vir die mensdom omdat Hy in hulle plek gesterf het⁴.

Hy het vooruit gegaan om vir die mensdom 'n plek voor te berei (Jes. 53:12) '... en vir die oortreders te bid'. Dit was in teenstelling met die Ou Testamentiese priesters wat alleenlik

1. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 180.

2. Lockyer, H. t.a.p.

3. Ridderbos, J. Jesaja. Vol. 2. 1953. p. 173.

4. Young, E.J. The Book of Isaiah. Vol. 3. 1972. p. 359.

vir die volk, en nie namens die volk voor God gepleit het nie. Die Ou Testamentiese priester het die Allerheiligste van die tempel betree met die bloed van die geofferde diere. Jesus het met sy eie bloed na die Vader gegaan om namens die mensdom te pleit¹. Reeds aan die kruis het Hy begin met hierdie werk van Hom waar Hy 'n voorspraak vir die moordenaar gedoen het². Soos wat die HERE voorgestaan het om die volk uit die Ballingskap te lei (Jes. 52:12), so sal die Messias ook voorgaan om by die HERE versoening vir die mensdom te kry³.

Om hierdie volmaakte versoeningswerk te kon volvoer, moes Hy eers verhoog word, en dit geskied deur sy hemelvaart.

Samevatting: Van al die gawes wat aan die agtergeblewenes geskenk sou word, is dié van die Heilige Gees seker die belangrikste. God sou aan hulle die Heilige Gees as Trooster en vertrooster skenk. Die Heilige Gees sou die plek van Jesus as Trooster van die volk inneem.

Jesaja noem dat Hy die aarde sou verlaat om in die Hemel vir hulle 'n Voorspraak by die HERE te wees. Behalwe om 'n Voorspraak vir die mens te wees, sou Hy ook vir hulle wat uit die dood opgewek is, by God intree (Jes. 53:12).

In die profesieë van Jesaja is daar ongetwyfeld Messiaanse trekke. Dit wat hy geprofeteer het ten opsigte van die komende Verlosser (of Kind of Knecht) stem geheel en al ooreen met die geboorte, optredes, sterwe en dood van Jesus.

Jesaja het reeds eeue tevore voorspel dat hierdie Kind wat verlossing sou bring, uit die geslag van Dawid gebore sou word. Die geboorte uit die geslag van Dawid sou dan ook 'n nakoming van

1. Parker, T.H.L. Sermons on Isaiah's Prophecies by John Calvin. 1956. p. 136.

2. Parker, T.H.L. a.w. p. 146.

3. Ridderbos, J. Jesaja Vol. 2. 1953. p. 174.

die HERE se belofte aan Dawid wees. In Jesaja se tyd sou dit 'n herstelling wees van die koningshuis van Dawid, wat in daardie stadium skynbaar doodgeloop het.

Die name wat Jesaja aan hierdie Kind toeken, dui reeds op die noue verband wat daar is tussen die Kind en die HERE. In hierdie Kind sou die HERE by sy volk wees. Hierdie Kind wat uit 'n maagd gebore sou word, kon alleen 'n verwysing na Christus gewees het.

Verder kom die Goddelike in hierdie Kind se karaktereenskappe na vore. Hy sou regverdig wees. Selfs in sy oordeel van hulle wat nie in Hom glo nie, sou Hy genadig en regverdig wees. Hy wat self mishandel sou word, sou 'n Vriend van die onderdrukte wees. Aan hulle sou Hy heil en berusting gee. Dit is dan ook 'n karaktertrek wat sterk na vore kom uit die Evangelies.

Die leerstelling wat dié komende Messias sou verkondig, sou dan ook ten nouste aansluit by sy karakter. Hierdie boodskap van Hom sou 'n boodskap van heil wees, 'n boodskap van blydschap aan al die onderdruktes.

Omdat Hy die Seun van God sou wees, sou Hy sondes kon vergewe, siekes genees en dooies opwek. Sy dubbele natuur word nooit in direkte woorde deur Jesaja beskryf nie, maar kan wel afgelei word uit sy amp wat deur Jesaja uiteengesit is.

Om die beeld van Jesus verder te voltooi, gee Jesaja dan ook 'n beskrywing van die lyde en dood van die komende Messias. Jesaja beskryf reeds breedvoerig hoe Hy mishandel sou word, maar dat Hy tog onskuldig voor die oë van die HERE sou wees.

Die profeet skilder ook sonder enige twyfel die Hemelvaart (Jes. 53:12) en die uitstorting van die Heilige Gees (Jes. 53:10-11).

HOOFSTUK 5

DIE MESSIASVERWAGTING VAN JESAJA NUWE-TESTAMENTIES TOEGELIG

DIE VERVULLING VAN DIE JESAJA-PROFESIEË

1. AFKOMS

1.1 Uit die geslag van Dawid (Jes. 11:1; Luk. 3:23, 32; Rom. 11:26)

Tussen die talle gesinne waaruit die geslag van Juda bestaan, is daar slegs die gesin van Dawid gekies vir die geboorte van die Messias (Jes. 11:1, 2). Van al die Messiaanse profesieë uit die Ou Testament waarin daar 'n verband gelê word tussen Dawid en die Messias, is die profesieë van Jesaja weer die mees uitstaande¹.

Uit die geslag van Isai kies die HERE 'n man uit wie se huis die grootste van alle konings gebore sou word, naamlik Jesus Christus. Hierdie blye belofte, van 'n Ewige Koning, het Dawid dan ook gereeld in sy Psalms herhaal².

Hierdie belofte deur God aan Dawid, vind dan ook sy vervulling in Matt. 1:1; Luk. 1:32; Matt. 22:42; Rom. 1:3; Joh. 7:42; Luk. 2:11. So algemeen was dit aanvaar dat Jesus uit die geslag van Dawid sou kom dat selfs die Fariseërs dit later erken het (Matt. 22:42). Jesus Christus het ook nooit in sy gesprekke met die Fariseërs en andere sy koms uit die geslag van Dawid ontken nie³.

1. Cullman, O. The Christology of the New Testament. 1963.
p. 133.

2. Cullman, O. t.a.p.

3. Cullman, O. t.a.p.

In die geslag van Dawid sou dit sy seun Salomo wees waaruit die Messias gebore sou word. In 1 Kron. 28:5 bevestig Dawid self hierdie afstamming uit sy seun Salomo en in Matt. 1:6 word hierdie afstamming bevestig. Wanneer Jesus oor Homself spreek, bring Hy Salomo as seun van Dawid ook in gedrang. In Matt. 12:42 kondig Hy aan dat nieteenstaande Salomo se verstand en rykdom, is daar 'n Persoon wat groter is as Salomo. Jesus verwys verder so terloops na Salomo, wanneer Hy sê dat die lelies van die veld met meer prag bekleed is as wat Salomo bekleed was (Matt. 6:29)¹. Samevattend kan gesê word dat Jesus 'n verband getrek het tussen Homself en die huis van Dawid (Salomo).

Alhoewel Jesus, soos hierbo dan ook blyk, sy afkoms uit die geslag van Dawid nie ontken nie, het Hy sy Koningskap nooit as iets aards gesien nie. Hy het Homself gesien as Regeerder van God se Koninkryk². Uit Jesus se prediking blyk dit dan ook dat Hy 'n Nuwe Koninkryk bring wat die oue sal vervang³. In sy prediking is daar 'n noue verwantskap tussen Koninkryk van God en Seun van die Mens. Die rede vir hierdie verwantskap, is omdat die Seun van die Mens dit sal vestig⁴.

Dawid het die belofte van 'n Verlosser uit sy geslag oor en oor aan die volk herhaal. Hierdie belofte word veral in die Psalms (17:7; 19:15; 78:38) herhaal asook deur die profete. Niemand het gedurende Jesus se omwandeling sy afkoms uit die geslag van Dawid ontken nie, alhoewel hulle sy Seunskap van God gereeld ontken het. Daarom het die Fariseërs geen ander antwoord gehad op die vraag wie se Seun die Messias is, as: 'Dawid s'n'⁵ (Matt. 22:42)

1. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 56.

2. Cullman, O. The Christology of the New Testament. 1963. p. 133.

3. Ridderbos, N.H. The Coming of the Kingdom. 1963. p. 193.

4. Ridderbos, N.H. a.w. p. 31.

5. Berkhoff, L. Systematic Theology. 1969. p. 317.

1.2 As 'n Koning (Jes. 9:5; Luk. 23:2; Matt. 2:2)

Behalwe Psalm 45:7, is Jesaja 9:5 die enigste plek waar hierdie Regeerder of Koning gesien word as 'n God¹. Hierdie Koning wat 'n vervulling sou wees van die beloftes aan Dawid, se regering sal tot in ewigheid duur. Hy sal volgens die norme van God regeer, dit wil sê in reg en geregtigheid. Dit is op hierdie terrein waar die konings van Juda tekort geskied het. Sy Koninkryk sal vir die volk tot heil wees vir God tot eer². Hierdie heil is gegrond op geregtigheid³. Hierdie Koninkryk sal al twaalf stamme van Israel insluit⁴ en dit opsigself was 'n heilsbegeerte by Jesaja⁵.

Die Name wat Jesaja aan die verwagte Messias toeken, gee 'n beeld van die sukses wat Hy in sy regering sal hê, naamlik dat Hy onder andere geen raad van aardse wesens nodig sal hê nie⁶. Eintlik is dit heilswense wat hier tot die volk gerig word, wanneer die Koning se krag en heerlikheid breedvoerig deur die profeet beskrywe word⁷.

1.3 Maagdelike geboorte (Jes. 7:14; Matt. 1:18; Luk. 1:31, 34, 35)

Reeds vanaf die Moederbelofte in Gen. 3:15 is daar sprake van 'n maagdelike geboorte. In Genesis 3:15 spreek die HERE die slang aan en noem Hy dat uit die vrou se saad 'n oorwinnaar oor die slang sou kom, maar daar is egter nêrens sprake van die manlike saad nie. Soos reeds in Hoofstuk 2 genoem, kon daar slegs in hierdie verband na die HERE Jesus verwys word.

1. Kaiser, O. Isaiah 1-12:A Commentary. 1972. p. 129.

2. Ridderbos, N.H. Jesaja Deel 1. 1952. p. 80.

3. Van der Flier, A. Jesaja D1.1. 1931. p. 102.

4. Kaiser, O. t.a.p.

5. Snijders, L.A. Jesaja D1.1. 1969. p. 125.

6. Kaiser, O. t.a.p.

7. Snijders, L.A. a.w. p. 124.

Hierdie gedagte van die vrouesaad kom weer tersprake in Matt. 1:18. Die geboorte van Christus was 'n goddelike wonder waarin die mens geen deel gehad het nie. Dit word ook onder andere in Lukas 1:35 bevestig, waar daar gesê word dat die Heilige Gees oor Maria sal kom en dat sy swanger sal raak. Uit die geboortegeschiedenis wat deur Jesaja voorsê is en in die Nuwe Testament vervul is, leer die HERE aan die mens dat niks by Hom onmoontlik is nie. Alhoewel sy konsepsie 'n wonder was, was daar geen wonder in die geboorte self nie. Omdat sy konsepsie in die moederskoot sonder die tussenkoms van 'n man was (Jes. 49:1) maar wel deur die tussenkoms van die Heilige Gees, was Hy as Verlosser sondeloos¹.

Hierdie gedagte van 'n maagdelike geboorte, soos deur Jesaja in die vooruitsig gestel (7:14) was ook deur die vroegste Christelike kerke erken as die geboorte van Jesus Christus².

1.4 'n Voorloper (Jes. 40:3; Matt. 3:1-3)

Ook in hierdie profesie van Jesaja word die fyn beplanning van die HERE raak gesien. Hy is 'n God van orde, daarom moet daar Iemand verskyn, wat die geboorte van die Messias kan aankondig³ deur die stem van 'n herout of wegbereider⁴. In hierdie profesie dink die profeet verder as sy tyd⁵, naamlik na 'n tyd van verlossing. Hierdie stem is 'n opdrag van die HERE. Die een wat die stem nog nie gehoor het nie wandel nog in die duisternis (Jes. 9:1)⁶.

Jesus het van Johannes die Doper, as sy wegbereider, gesê dat hy meer as 'n gewone profeet is (Matt. 11:9, 11). Reeds vanaf sy kinderjare het Johannes geweet dat dit wat deur hom en andere verkondig is, binnekort vervul sal word. Johannes sou

-
1. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 60.
 2. Berkhoff, L. Systematic Theology. 1969. p. 335.
 3. Lockyer, H. a.w. p. 65.
 4. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.2. 1953. p. 30.
 5. Van der Flier, A. Jesaja D1.2. 1931. p. 102.
 6. Kaizer, O. Isaiah 1-12. 1972. p. 36.

nie werd wees om hierdie Persoon se skoenriem vas te maak
nie - dus sou Hy 'n persoon van hoë aansien wees¹.

Johannes die Doper was die persoon wat met sy prediking, die mense opgeroep het om die Verlosser te aanvaar (Matt. 3:8: 'Dra dan vrugte wat by die bekering pas'). Uit hierdie Nuwe-Testamentiese gedeelte, word die mens daarvan bewus dat Jesaja in sy profesieë na Johannes die Doper verwys het. Hierdie profesie van Jesaja het in vervulling gegaan met die koms van Jesus Christus en die optrede van Johannes in die woestyn van Judea².

1.5 Name

1.5.1 Immanuel (Jes. 7:14; 8:8; Matt. 1:23)

Volgens Snijders³ is Hoofstuk 9 van Jesaja, wat hoofsaaklik gaan oor die name van die Messias, 'n beskrywing van vrede in die ruimste sin van die woord, omdat dit dui op 'n tydperk van heil⁴. Alhoewel hier geen naam van 'n persoon genoem word nie, is dit duidelik dat hierdie Immanuelprofesie (Jes. 7:14) in noue verband staan met die HERE Jesus en sy optrede op aarde.

Wat Jesaja in hierdie verband wil leer, is dat die verlossing nie lê in die sluit van verbonde met naburige volke nie, maar in die Verbond met God en wel in die geboorte van hierdie Wonderkind. Wanneer Hy gebore sal word, sal die HERE in sy volk se midde wees. In Jesaja 9:5 noem die profeet hierdie Kind 'Sterke God', 'n naam waarmee slegs die Drie-ëenige God mee aangedui word⁵. Wanneer Jesaja die naam Immanuel gebruik, maak hy dit van toepassing op die Messias⁶.

1. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 65.

2. Ridderbos, H. Jesaja D1.2. 1953. p. 31.

3. Snijders, L.A. Jesaja D1.1. 1969. p. 125.

4. Snijders, L.A. t.a.p.

5. Young, E.J. The Book of Isaiah D1.3. 1972. p. 290.

6. Ridderbos, H. Jesaja D1.1. 1952. p. 79.

Hierdie Immanuel beskrywing sluit ook baie mooi aan by die geboorte van die HERE Jesus in die Nuwe-Testamentiese geskiedenis. Die geboorte sal 'n teken wees (Jes. 7:14 in ooreenstemming met Luk. 2:12), die moeder sal ongetroud wees, maar tog onberispelik van gedrag (Jes. 7:14 in ooreenstemming met Luk. 1:27, 28) en met die koms van die Kind, is die HERE tussen sy volk (Jes. 7:14 in ooreenstemming met Joh. 1:14)¹.

Wanneer Jesaja hierdie naam koppel aan die Messias, dan wil hy ook daardeur aandui wat die besondere verhouding sal wees waarin Hy tot sy volk sal staan. Dit word dan ook bevestig in die HERE Jesus se woorde wat opgeteken is in Matt. 28:20: 'En kyk Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld'. In die Ou Testament het die HERE in die tabernakel en tempel gewoon, maar nou sal Hy 'n volk hê om in te woon² en sal daar vir die volk beter tye aanbreek³.

1.5.2 Regeerder (Jes. 9:5; Matt. 2:6)

Jesaja (9:6) herinner die volk daaraan dat daar geen einde gaan wees aan die uitbreiding van hierdie Regeerder se Koninkryk nie alhoewel Satan sy grootste vyand sal wees⁴. Wanneer Mattheus (2:6) van hierdie Regeerder spreek, dan verwys hy indirek daarna dat hierdie Koninkryk 'n voortsetting sal wees van die koninkryk van Dawid, omdat Hy op die troon van Dawid sal sit⁵. Alhoewel Hy Seun van Dawid genoem sal word, sal sy regering 'n Wonderwerk wees, want op Hom sal die Gees van wysheid rus⁶.

1.5.3 Wonderbaar (Jes. 9:5; Matt. 21:15)

Hy sal Wonderbaar wees in woord en daad. Wanneer Matt. 21:15 die HERE Jesus beskrywe, dan beskrywe hy Hom as wonderlik in

-
1. Young, E.J. The Book of Isaiah D1.3. 1972. p. 291.
 2. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 99.
 3. Van der Flier, A. Jesaja D1.1. 1931. p. 99.
 4. Lockyer, H. a.w. p. 70.
 5. Greijdanus, S. Het Evangelie naar Lucas. 1955. p. 164.
 6. Young, E.J. The Book of Isaiah D1.2. 1969. p. 335.

In die lig van die Nuwe Testament gesien, was hierdie ook 'n openbaring van God se Drie-ëenheid. Jesaja is hier besig om 'n beskrywing te gee van hierdie wonder van drie persone in een - hy skryf van die Vader en noem dan dat 'n Kind gebore sal word wat sterke God sal heet¹. Omdat die Messias sterke God is, sal Hy geen raad van buitestaanders nodig hê nie, maar sal Hy sy eie planne in wysheid volg. Hierdie planne sal geldend wees vir die hele wêreld en sal ten uitvoer gebring word in die wêreld².

Wanneer die HERE Jesus in die Nuwe-Testamentiesetyd optree, erken sy dissipels die waarheid dat Hy ook God is (Luk. 9:20) en Jesus bevestig ook dat Hy en die Vader een is (Joh. 14:20)³.

In Matt. 28:18 het die beskrywing van Jesus se Mag wat deur Jesaja begin is, sy hoogtepunt bereik wanneer daar gesê word dat Hy algehele mag ontvang het⁴. Calvin het hierdie gedagte van 'n Magtige God die beste saamgevat in die volgende woorde: 'Daar komt bij, dat als Verlosser te verwachten was de zoon van Abraham en Dawid, die God in die wet en profeten beloofde had'⁵.

1.5.6 Ewige Vader (Jes. 9:5; Joh. 12:34)

Met sy omwandeling op aarde het Hy vir 33 jaar 'n menslike gestalte gehad. Hy bestaan by die Vader vanaf voor die grondlegging van die aarde af⁶. In sy bestaan van ewigheid af, lê ook opgesluit Jesus se regverdige liefde as Vader⁷. Wanneer die HERE Jesus sê 'Ek is die goeie Herder' (Joh. 10:11), dan is dit 'n goeie beskrywing van sy liefde as Vader. Hierdie liefde en teerheid word verder geopenbaar in dié benaming Ewige Vader wat aan hom toegeken word deur Jesaja⁸.

1. Young, E.J. The Book of Isaiah. 1970. p. 338.

2. Kaiser, O. Isaiah 1-12. 1972. p. 129.

3. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 73.

4. Cullman, O. The Christology of the New Testament. 1963. p. 221.

5. Calvin, J. (Vert. Sizoo, S.) Institutie. 1954. p. 504.

6. Van der Flier, A. Jesaja D1.1. 1931. p. 102.

7. Kaiser, O. t.a.p.

8. Young, E.J. a.w. p. 339.

sy werke en woorde. Verder was Hy in Homself, sy lewe en planne van verlossing, wonderbaar. Die gedagte van wonderbaarheid kan ook deurgetrek word na sy geboorte, dood en opstanding¹ omdat dit 'n Gods wonder was. Ja, oor alles wat Hy sou doen sou die mens verwonderd staan².

1.5.4 Raadgewer (Jes. 9:6; Ef. 1:11)

Die woord 'Raadgewer' dui op 'n wonderlike raadsman en stem in hierdie opsig ooreen met Jes. 25:1, waar gesê word: 'Want U het wonders gedoen, raadsbesluite uit ver tye, waarheid en trou'. Die werkwoord raadgee het ook die betekenis van planne maak of planne bedink en dui daarop dat die HERE groot en kragtige daade sal verrig³.

Die mens wat die raad van die HERE Jesus volg, sal nooit in die duisternis (Jes. 9:1) wandel nie. Jesaja spreek hier van die volmaakte wysheid, wat die Messias sal hê, want probleme wat vir die mens onoplosbaar is, sal Hy oplos. Die Messias bied aan om die mens te lei in die waarheid van sy Gees⁴ en die manier waarop die Messias raad sal gee, sal herinner aan God self, omdat Hy God is⁵.

1.5.5 Sterke God (Jes. 9:5; Luk. 1:49; Matt. 28:18)

Sterke God is 'n naam waarmee die HERE gereeld mee beskrywe word, en dui op sterkte, krag of ook dapperheid⁶. Opvallend is dat die komende Messias ook onder dié Naam beskrywe word⁷. Dit is so omdat die HERE aan die profeet Jesaja geopenbaar het dat die Messias, 'n Goddelike persoon sal wees⁸.

1. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 73.

2. Van der Flier, A. Jesaja D1.1. 1931. p. 102.

3. Snijders, L.A. Jesaja D1.1. 1969. p. 121.

4. Lockyer, H. a.w. p. 72.

5. Young, E.J. The Book of Isaiah. 1970. p. 335.

6. Snijders, L.A. a.w. p. 122..

7. Snijders, L.A. t.a.p.

8. Young, E.J. a.w. p. 338.

1.5.7 Vredevors (Jes. 9:5; Joh. 16:33)

Die naam Vredevors het sekerlik sy oorsprong in Rigters 6:24¹ waar gesê word 'Die HERE is vrede'. Jesaja se profesieë (en die ander profete s'n) karakteriseer Jesus as die Een wat vrede sal bring en is dit die rede hoekom die woord 'vrede' die Ou-Testamentiese profesieë oorheers. Die Jood het vrede gesien as 'n mag wat heers oor plant, mens en dier². Hierdie gedagte sluit dan ook baie mooi aan by Jesaja se siening van die Messiaanse staat (Jes. 35:1-7) wanneer die wildernis sal bloei en juig en die lamme sal spring soos takbokke.

Jesus Christus het die mens se vrede op aarde geword, omdat Hy die mens met God versoen het. In sy bloed aan die kruis lê die mens se vrede, 'n vrede sonder weerga³. Dit is 'n vrede en heil wat op geregtigheid gebaseer is. Dit is dus 'n duurzame vrede. Die bevestiging, dat hierdie heil wel die aarde sal bereik, lê opgesluit in sy liefde vir die mens, soos geopenbaar in Jesaja 63:9; 1 Kor. 16:24⁴.

1.5.8 Die_Kneg (Jes. 41:9; 42:1; 43:10; 48:20; 49:3,5,6; Jes. 50:10; 52:13; 53:11; Matt. 12:18)

Dit is 'n benaming wat in die Ou en Nuwe Testament aangetref word (in Messiaanse verband met 'n verwysing na Jesaja), maar wat nooit deur Jesus teenoor Homself gebruik is nie. Die benaming het skynbaar sy oorsprong in Jes. 53 gehad. Die Kneg word geroep in geregtigheid, tot 'n Verbond van nasies⁵. Die Kneg het Homself beskikbaar gestel tot volbrenging van geregtigheid.

1. Kaiser, O. Isaiah 1-12. 1972. p. 130.

2. Kaiser, O. t.a.p.

3. Kaiser, O. t.a.p.

4. Van der Flier, A. Jesaja D1.1. 1931. p. 102.

5. Pop, F.J. Bijbelse Woorden en Hun Geheimen. 1964. p. 432.

Jesaja 53:12 het sy vervulling gehad in Matt. 8:17, terwyl Matt. 12:18-21 weer 'n vervulling is van Jesaja se woorde soos opgeteken in Jesaja 62:1-4.

Hierdie twee tekste uit die profesieë van Jesaja het skynbaar ook 'n invloed gehad in die skrywe van Rom. 4:25; Fill. 2:5-11 en 1 Kor. 15:3 (v); Hebr. 9:28 en 1 Petr. 2:22-25¹.

Die Kneg van die HERE moes as sy belangrikste taak, geregtigheid op die aarde vestig en 'n Lig vir die nasies wees. Jesaja beeld die Kneg uit as 'n universele bringer van heil². In die uitvoering van hierdie taak, sou Hy egter swak ontvang word deur die mense - mishandel, gespot en selfs gedood word (Jes. 50:6; 52:4 in ooreenstemming met Matt. 27:26; Mark. 15:19; Luk. 23:33 en Joh. 19:16). Die lyde van Jesus soos uitgebeeld in Matt. 26:67 en 68 en Joh. 10:11, asook sy dood, sluit aan by die profesieë van Jesaja³.

2. PROFESIEË OOR DIE KARAKTER VAN DIE MESSIAS

2.1 Sy Regverdigheid (Jes. 53:11; 1 Joh. 2:29)

Die term 'Regverdigheid' is 'n juridiese begrip en dui in hierdie geval aan dat daar reg sal geskied aan hulle teenoor wie 'n onreg gepleeg is. Dit is in ooreenstemming met Ps. 7:12 waar die HERE geteken word as 'n Regverdige Regter⁴.

Dit gaan in hierdie profesie van Jesaja oor die korrekte toepassing van die HERE se wette⁵. Deur sy lyde sal die Messias geregtigheid vir baie bring⁶. Hy sal geregtigheid op die aarde

1. Pop, F.J. Bijbelse Woorden en Hun Geheimen. 1964. p. 432.

2. Pop, F.J. a.w. p. 53.

3. Pop, F.J. a.w. p. 237.

4. Pop, F.J. t.a.p.

5. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 80.

6. Van der Flier, A. Jesaja D1.2. 1926. p. 117.

vestig want in Hom is die HERE se regverdigheid beliggaam. Hy sal die geringe in geregtigheid lei¹. Hy is regverdig in sy oordeel omdat die oordeel ook op geregtigheid gebaseer is. Hy sal voor die mensdom aan wie Hy geregtigheid moet bring, as 'n regverdige staan².

In die Nuwe Testament (1 Joh. 2:29 en 1 Joh. 3:7) word Jesus Christus gesien as regverdig in al sy weë en getuienis. Hy was ook in sy optrede regverdig teenoor sy regverdige Vader. Sy lewe was 'n lewe van waarheid³ en was 'n toonbeeld van God se geregtigheid. Wat Jesus gedoen het, was 'n openbaring van sy karakter en 'n voorbeeld van Hom deur wie Hy gestuur is⁴. In Fillipense 2:7 word verklaar dat baie geregtigheid ontvang het deur die gehoorsaamheid van Jesus⁵. In Hand. 7:52 word Hy beskrywe as die regverdige, wat dieselfde gedagte is as dit wat deur Jesaja uitgespreek is in 53:11 wanneer die profeet voorspel dat Hy baie regverdig sal maak⁶.

2.2 Trou en waarheid (Jes. 11:4; 1 Joh. 5:20)

Dit het betrekking op die lojaliteit wanneer twee persone 'n verbond met mekaar gesluit het⁷ en dit hierna geopenbaar word in die eensgesindheid tussen die twee⁸.

Die HERE se Verbond met die mens, word verskeie plekke in die Bybel uitgelig (Deut. 7:9, 12; 1 Kon. 8:23 en Jes. 54:10), maar in Jes. 11:4 word dit egter op Jesus van toepassing gemaak⁹.

Teenoor die armes en onderdruktes, sal Hy getrou wees in sy oordeel¹⁰, maar die oordeel oor die goddelose en die anti-Chris

1. Pop, F.J. Bijbelse Woorden en Hun Geheimen. 1964. p. 239.

2. Westerman, C. Isaiah 40-66. 1969. p. 267.

3. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 87.

4. Taylor, V. The Person of Christ in the New Testament. 1963. p. 228.

5. Cullman, O. The Christology of the New Testament. 1963. p. 77.

6. Greijdanus, S. Het Evangelie naar Lukas. 1955. p. 48.

7. Pop, F.J. a.w. p. 263.

8. Pop, F.J. a.w. p. 264.

9. Pop, F.J. t.a.p.

10. Snijders, L.A. Jesaja D1.1. 1969. p. 147.

sal dodelik wees¹. Hierdie gedagte van trou en waarheid is ook 'n heenwysing na die Verbond wat die HERE met sy volk gesluit het. Hy het dié volk sy bruid gemaak², wat dan ook gebruik word om die verhouding tussen Jesus en die gelowiges aan te dui. In Jesus is hierdie Verbond dan ook vervul (1 Kor. 11:25).

2.3 Geregtigheid en Regverdigheid (Jes. 9:6; Hand. 7:52; Hand. 22:14; Joh. 5:30; Rom. 3:26)

Sy Ryk sal vasgestel en bevestig word op regverdigheid³. In die Ryk sal geregtigheid en regverdigheid beliggaam wees as ideaal soos wat dit van elke koning verwag is⁴. Hierdie Kind sal die las van verdrukking afwerp en die hele wêreld sal onder sy regering staan, wat 'n geestelike Koninkryk sal wees (Joh. 18:36). In die vervulling van die Immanuel profesie word hierdie Kind Jesus genoem (Matt. 1:21)⁵.

Hy het onregverdig gely sodat baie regverdig verklaar kan word⁶, maar in dit alles was Hy volgens Jes. 5:30 gehoorsaam aan die Wil van sy Vader⁷. Hy sterf vir die sondes van die mens en daardeur bring Hy geregtigheid⁸ aan die mens. In Hand. 7:52 word Jesus beskryf as die regverdige en in Hand. 4:11 as die hoeksteen wat deur die bouers verwerp is⁹ omdat die volk nie sy leerstellinge wou aanvaar nie.

Jesus verklaar ook self dat sy optrede 'n vervulling is van alle geregtigheid (Matt. 5:17-18)¹⁰ en daarom pleit Hy ook in sy prediking daarvoor dat die mense se geregtigheid meer moet wees as dié van die Fariseërs, want hulle geregtigheid moet dui op 'n korrekte verhouding tot die HERE¹¹.

-
1. Van der Flier, A. Jesaja D1.1. 1931. p. 107.
 2. Bright, J. Covenant and Promise. 1977. p. 90
 3. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.1. 1952. p. 80.
 4. Bright, J. a.w. p. 108.
 5. Young, E.J. The Book of Isaiah. 1970. p. 331.
 6. Marshall, I.W. The Work of Christ. 1969. p. 63
 7. Cullman, O. The Christology of the New Testament. 1963. p. 300.
 8. Berkhoff, L. Systematic Theology. 1969. p. 368.
 9. Taylor, V. The Person of Christ in the New Testament. 1963. p. 29.
 10. Spivey R.A. & Smith, D.M. Anatomy of the New Testament. 1963. p. 126.
 11. Spivey R.A. & Smith, D.M. a.w. p. 128.

2.4 Getrouheid (Jes. 11:5; 2 Tim. 2:13; 1 Thes. 5:24)

Die volk Israel het nog altyd hulle vertrou op die HERE gestel, omdat Hy van ewigheid tot ewigheid getrou sal wees om hulle te beskerm¹.

Volgens Jesaja 11:5 sal hierdie Kind ook bereid wees tot geregtigheid² en trou. Getrouheid sal sy gordel wees - die gordel is in hierdie geval 'n sinnebeeld van krag en bereidvaardigheid, maar dien ook as 'n sieraad³. Alle verwagtings wat op Hom gestel was, word vervul in sy getrouheid (1 Thes. 5:24): 'Hy wat julle roep is getrou; Hy sal dit ook doen'⁴. Die HERE Jesus is dan ook regverdig en getrou in sy oordeel soos blyk uit Openb. 19:11⁵.

2.5 Ywer en Geesdrif (Jes. 59:17; Luk. 2:49; Joh. 2:17; Joh. 9:4)

Elders in Ou-Testamentiese beeldspraak word die Messias beskrywe as 'n Kryger, maar nêrens kom die beskrywing so breedvoerig voor as juis in hierdie profesie van Jesaja nie. Sy pantser is geregtigheid, sy helm is heil en ywer sy kleed. Dit is dieselfde wapenuitrusting as waarvan daar sprake is in 1 Thes. 5:8 en Ef. 6:14-17, en wat nodig is vir die Christen gelowige in hierdie wêreld⁶. As Kryger sal Hy uittrek om sy vyande hulle verdiende straf te gee.

Die ywer dui op 'n geestestoestand. In geregtigheid en heil; wraak en ywer kom Hy met verlossing⁷ waarin Hy die wil van sy Hemelse Vader volbring: 'Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het, solank as wat dit dag is' (Joh. 9:4). Jesus spreek hier in figuurlike taal. Hy moet sy werke haastig voltooi voordat die kruis se skaduwee oor sy aardse werke val en Hy sy werk op 'n ander plek sal moet voortsit⁸.

1. Bright, J. Covenant and Promise. 1977. p. 47.

2. Van der Flier, A. Jesaja D1.1. 1931. p. 107.

3. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.1. 1952. p. 101.

4. Ridderbos, N.H. t.a.p.

5. Young, E.J. The Book of Isaiah. D1.1. 1970. p. 387.

6. Van der Flier, A. Jesaja D1.2. 1931. p. 137.

7. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.2. 1953. p. 219.

8. Bouman, A.M. Het Evangelie naar Johannes. 1950. p. 7.

- 2.6 Nederigheid en Geduld (Jes. 53:5-7; Matt. 11:29;
Matt. 21:5; 1 Tim. 1:16;
2 Pet. 3:15)

Verskillende betekenisse is al aan die woord 'geduld' gegee. So sien die Statevertaling dit as 'n sinoniem vir lydsaamheid, die Septuaginta as verwagting en die Jodedom as standvastigheid¹.

Dit gaan hier om sy geduld en nederigheid ten spyte van alle onreg. Wanneer sy optrede gegaan het teenoor onreg en oortreding wat teenoor die mensdom gepleeg is, was daar geen sprake van geduld nie. In hierdie geval kan maar gedink word aan sy optrede teenoor die Fariseërs en geldwisselaars in die tempel².

In die uitvoering van sy taak, was Hy gewillig om nie te kla en te murmureer nie³. Gedurende sy mishandeling was Hy kalm en het Hy dit sonder enige teësprak aanvaar en sonder om Hom teë te sit⁴. Dit is van hierdie mishandeling waarvan Jesaja (53:5-7) gespreek het en wat in die Nuwe-Testamentiese tyd vervul is (Matt. 27:27-31; Mark. 15:16-20; Luk. 23:16; Joh. 19:1 (v)). Behalwe in bogenoemde gevalle word daar ook in 1 Tim. 1:16 melding gemaak van Jesus se lang en geduldige lyding⁵.

- 2.7 Selfverloëning (Jes. 53:4-12; Luk. 17:33; Filiep. 2:8-9;
Mark. 10:45; Matt. 27:42; 1 Pet. 2:22-25)

Dit is een van die mees duidelike tekeninge, van die komende Messias wat die Ou Testament bevat. Jesaja is besig om die geregtigheid wat Jesus verskaf het, deur vrywillig die dood binne te gaan, te beskrywe. Verder is die profeet ook besig om die rede te verskaf vir Jesus se verhoging, naamlik dat Hy sy lewe vrywilliglik neergelê het⁶.

-
1. Pop, F.J. Bijbelse Woorden en Hun Geheimen. 1964. p. 532.
 2. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 94.
 3. Van der Flier, A. Jesaja D1.2. 1931. p. 116.
 4. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.2. 1953. p. 165.
 5. Taylor, V. The Person of Christ in the New Testament. 1963. p. 131.
 6. Ridderbos, N.H. a.w. p. 173.

In die Nuwe Testament is daar geen direkte aanhaling uit hierdie geskiedenis nie. In 1 Pet. 2:22-25 is daar wel 'n indirekte verwysing na hierdie profesie van Jesaja. Die woorde van Johannes die Doper (Joh. 1:29) sluit ook baie goed hierby aan (Jes. 53:4-7). Die uitspraak van Jesus in Matt. 20:28 is ook 'n klinkklare verwysing na hierdie profesie (53:12)¹ '... net soos die Seun van die Mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie'.

Ook in die Nuwe-Testamentiese prediking, kom die lyding van Jesus sterk na vore. Jesus Christus het gereeld die versekering gegee dat Hy volgens die Skrifte sou moes ly om tot die heerlikheid oor te gaan. Jesus as Seun van God het dus kennis gedra van sy lyde, wat sekerlik 'n heenwysing is na Jesaja 53².

Jesus het Homself geroepe gevoel om die werk te doen, waarvoor sy Hemelse Vader Hom gestuur het. In Luk. 22:37 het Hy Jesaja 53:12 op Hom van toepassing gemaak³ deurdat Hy die dood moes binnegaan sodat baie regverdig kon word⁴. In 1 Pet. 1:18-19 word dit dan ook baie duidelik gestel, dat die mens nie losgekoop kan word deur silwer en goud nie (Jes. 52:3), maar slegs deur die bloed van Jesus Christus. Petrus sien die offerhande van Jesus as 'n afsluiting van die Ou Testament⁵.

Jesus se hele lewe getuig van selfontlediging. By Hom was daar geen sprake van selfbejammering nie, selfgerief of eie liefde nie. Sy hele optrede en sterwe is 'n uitlewing van sy leerstellinge, naamlik selfverloëning. Hy het byvoorbeeld geen

1. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.2. 1953. p. 173.

2. Ridderbos, N.H. a.w. p. 174.

3. Marshall, I.W. The Work of Christ. 1969. p. 24.

4. Marshall, I.W. a.w. p. 41.

5. Marshall, I.W. a.w. p. 64.

wonderwerk gedoen voor sy dertigste jaar nie, want dit was beskou as die ouderdom waarop 'n Joodse jongman in die openbaar kon optree - Hy kon maklik vroeër begin optree het, want Hy was tog die Seun van God¹. Hy het ook geen wonderwerk tot sy eie gerief gedoen nie. Hy het Homself oorgelewer om te sterwe aan die kruis, alhoewel Hy Homself kon verlos uit die hande van die soldate en vanaf die kruis².

2.8 Liefde (Jes. 63:9; Joh. 13:1; 15:13; 17:26; 2 Kor. 5:14)

Die woord 'liefde' word in die Ou Testament in verskillende verbande gebruik, byvoorbeeld die liefde tussen 'n man en sy vrou; die liefde van die mens teenoor die HERE en die HERE se liefde vir die mens³.

Die HERE se liefde word in die Nuwe Testament uitgelig waar Jesus beskrywe word as God se geliefde Seun (Rom. 8:39). Paulus ken geen ander liefde as dié van God soos beliggaam in Jesus Christus nie⁴. Hy is die Engel van Liefde, omdat sy verlossingswerk op liefde gebaseer is⁵.

Jesaja is hier besig met 'n opeenhoping van woorde, waarin die volk se houding en liefde teenoor die HERE gesien word. Sy houding teenoor hulle word beskrywe met dié woorde: goedheid, genade en liefde⁶.

Dit is dan ook woorde wat sterk na vore kom in die Nuwe Verbond wat die HERE met sy volk gesluit het en wat beliggaam is in Jesus⁷. Indien hulle die HERE sou versaak, sou Hy hulle straf. In hierdie verbond kon hulle dus hulle eie heil uitwerk⁸. As gevolg van die HERE se liefde, kon die toekoms vir die volk net die mooie inhou.

1. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 98.

2. Lockyer, H. t.a.p.

3. Pop, F.J. Bijbelse Woorden en Hun Geheimen. 1964. p. 384.

4. Pop, F.J. a.w. p. 387.

5. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.2. 1953. p. 145.

6. Ridderbos, N.H. The Coming of the Kingdom. 1962. p. 202.

7. Bright, J. Covenant and Promise. 1977. p. 44.

8. Bright, J. t.a.p.

Christus se liefde word daarin geopenbaar dat Hy wat onskuldig was, die dood ingegaan het, terwille van hulle wat in Hom glo¹. Hierdie liefde van Christus word onderstreep in Joh. 10:11, 15: 'Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape'. Dieselfde gedagte van liefde word gevind in die stelling: 'Groter liefde het niemand, as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee' (Joh. 15:13). Wie hierdie vriende is, word nie gesê nie, maar dit is hulle wat in Hom glo².

In die eienskap van liefde is die Vader en die Seun een. Liefde is deel van Jesus Christus se bestaan. Hy het na die aarde gekom, as 'n liefdevolle Hemelse Vader. Paulus beskryf die liefde as die grootste gawe van die Christelike bestaan, en wat sy hoogste uitingsvorm aan die kruis van Golgota vind. Die Vader gee sy geliefde Seun om vrywilliglik vir die mens se sondes te sterf³.

3. DIE PREDIKING VAN DIE MESSIAS

3.1 Die Prediking bring blydschap in die wêreld (Jes. 58:1; Jes. 61:1; Luk. 4:17-18)

Reeds met die optrede van Johannes die Doper, begin die gejubel van die evangelie oor die aarde klink. Vir hulle wat in die duisternis gewandel het, het daar nou 'n lig gekom (Matt. 4:16 is 'n vervulling van Jes. 9:1 (v) en Matt. 3:3 is 'n vervulling van Jes. 40:3)⁴ met die evangelie van Jesus Christus. Dit is vir die HERE aangenamer om vryheid en liefde aan die mens te gee as om die mens te straf⁵.

1. Berkhoff, L. Systematic Theology. 1969. p. 396.

2. Marshall, I.W. The Work of Christ. 1969. p. 106.

3. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 99.

4. Spivey, R.A. & Smith, D.M. Anatomy of the New Testament. 1963. p. 124.

5. Westerman, C. Isaiah 40-66. 1969. p. 366.

Wat hier deur Jesaja beskrywe word, wys sterk heen na die Nuwe-Testamentiese tyd, gedurende die optrede van Jesus. Dit wat Jesaja hier beskrywe, is niks anders as die verlossingswerk van die Messias wat verhewe is bo dié van die gewone profete. Die spreker in hierdie geval is Jesaja, as 'n tipe van Christus. Hy kondig nie net die gawes van verlossing en redding aan nie, maar deel dit ook uit aan sy toehoorders. Aan sy toehoorders verkondig hy die verlossing van hulle gevangenskap en die heling van gebroke harte. Hierdie gebroke harte is 'n aanduiding van die mens se innerlike lewe (geestelike lewe), wat verwoes is deur die sonde. Die mens is in die gevangenis van hulle eie sondige lewens, maar in Jesus Christus as Verlosser lê vir hulle verlossing opgesluit¹.

Dit gaan hier om die genesing en verlossing van die ongelukkiges, deur God se heilswerk². Christus wat die verlossingswerk sal bring, sal gesalf wees met die Heilige Gees³.

Hierdie profesie het vervulling gevind in die geestelike werk wat die HERE Jesus verrig het onder die gebrokenes van harte en hulle wat na verlossing gesmag het⁴.

Die gemak waarmee die Messias opgetree het en die manier waarop Hy die profesieë op Hom van toepassing gemaak het, het die mense verbaas. Afgesien hiervan, het hulle daarby gebly om Hom te sien as 'n seun van Josef, en nie as die Messias nie⁵.

-
1. Young, E.J. The Book of Isaiah D1.3. 1972. pp. 459-460.
 2. Van der Flier, A. Jesaja D1.2. 1931. p. 139.
 3. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.2. 1953. p. 228.
 4. Ridderbos, N.H. a.w. p. 229.
Young, E.J. a.w. p. 459.
 5. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 102.

3.2 Heil aan die heidene (Jes. 42:1-4; Matt. 12:17, 21)

Jesus se opdrag kort voor sy hemelvaart was dat die evangelie in waarheid aan alle volke uitgedra moes word.

In hierdie profesie is Jesaja besig om die verbreiding van die evangelie¹ deur 'n stille Werker te verkondig². Die Kneg word hier as 'n profeet en wetgewer voorgestel, wat reg en geregtigheid sal uitdra. Hierdie reg is die Wet van die HERE, wat tot nog toe, net aan Israel bekend was, maar wat weldra ook uitgedra sal word na die heidene toe³. Dit is dus sendingwerk wat hier uitgevoer moet word⁴.

Die oppervlakkige toehoorder merk dit nie, maar die Kneg word deur God ondersteun in hierdie werk van Hom⁵. Die profesieë in Jes. 42:1-4 is in Matt. 12:17 vervul, waar die HERE Jesus 'n twisgesprek met die Fariseërs probeer vermy het en die mense verbied het om Hom bekend te maak (Stille Werker), sodat vervul kon word wat Jesaja gespreek het, naamlik: 'Ek het My Gees op Hom gelê, en Hy sal aan die nasies die reg aankondig' (Jes. 42:1)⁶.

Die werk van die HERE Jesus om die reg uit te dra tot die nasies, is deur Jesaja beskrywe in Hoofstukke 40 tot 55. Die Kneg is deur die HERE aangewys om geregtigheid op die aarde te vestig en om 'n lig vir die nasies te wees tot aan die eindes van die aarde (Jes. 42:1-9).

Hy wat die evangelie van heil aan die nasies moet bring, sal deur hulle verwerp word en leed aangedoen word (Jes. 49:7; 50:6)⁷ wat dan ook weerspieël word in sy optrede op aarde.

1. Van der Flier, A. Jesaja D1.2. 1931. p. 82.

2. Van der Flier, A. t.a.p.

3. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.2. 1953. p. 66.

4. Young, E.J. The Book of Isaiah D1.3. 1972. p. 111.

5. Ridderbos, N.H. t.a.p.

6. Young, E.J. a.w. p. 112.

7. Marshall, I.W. The Work of Christ. 1969. p. 23.

Hy het hierdie werk van Hom hooggeag, want Hy het nie net gekom om die verlore skape van Israel te soek nie, maar ook terwille van die heidene (Matt. 15:24-25)¹.

3.3 Met die Heilige Gees gesalf (Jes. 11:2; Matt. 3:16; Luk. 4:14,18; Joh. 3:34; Joh. 7:39)

Die Gees van die HERE sal op Hom rus, om Hom te bekwaam vir sy taak². Volgens Jesaja 11:2, sal die Gees van God in 'n milde mate geskenk word gedurende die Messiaanse tyd. In die Ou-Testamentiese tyd, het slegs mense soos Moses, die Rigters, en vele andere leiers van die volk die Gees van die HERE ontvang, maar in die tyd van die Messias, sal dit anders wees. Nou sal selfs die gewone lede van die volk die Gees van God ontvang.

Die Heilige Gees sal die Messias self, as Priester, Profeet en Koning. Dit word ook deur Jesaja beskryf hoe Hy die Gees van God sal ontvang, naamlik dat dit op Hom sal rus. Die Gees sal dus op Hom neerdaal en Hom nooit weer verlaat nie. As gevolg van die bekleding met die Gees sal Hy wysheid en verstand hê. Hy sal ook die kennis en vrees van die HERE hê (Luk. 4:17-19)³.

Jesaja is nie hier besig om al die gawes van die Heilige Gees te beskrywe nie, maar dit gaan hier net om wysheid en kennis.

In die koms van Hom was Hy 'n Wonderlike raadgewer weens sy kennis, wat pragtig aansluit by Luk. 24:19 (b): 'Die dinge aangaande Jesus, die Nasarener, wat 'n profeet was, kragtig in werk en woord voor God en die hele volk'.

1. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 102.

2. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.2. 1953. p. 228.

3. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.1. 1952. p. 99.

Die beste gawe van die Heilige Gees, is natuurlik om God die Vader te ken (Matt. 11:27 b)¹. Hierin lê Mattheus juis klem op die verbintenis wat daar tussen Jesus en die Vader is.

Die verwysing na Jes. 61:1, in die sinagoge van Nasaret, word Jesus voorgestel as 'n eskatologiese Kneg-Profeet, wat gesalf is met die Heilige Gees om wonders te verrig². Hierdie salwing het plaasgevind met sy doop (Matt. 3:13-17; Mark. 1:10; Luk. 3:22; Joh. 1:32). Deurdadig hy gesalf was met die Heilige Gees was Hy in 'n hoër amp as sy mede volksgenote en profete. (Dit moet egter in gedagte gehou word dat Hy reeds vroeër met die Heilige Gees kennis gemaak het, naamlik by sy ontvangs in die moederskoot)³. Die neerdaal van die Heilige Gees by geleentheid van sy doop, was slegs 'n afronding van sy Messiaanse taak⁴.

3.5 As onderwyser (Jes. 48:17; Joh. 3:2; 8:2; Luk. 13:26, Mark. 6:34)

In die Ou Testament was dit die HERE wat aan sy volk geleer het wat goed en sleg was (Jes. 28:26)⁵. Nou sal dit die Messias wees wat die leer van heil aan hulle, wat nog in die duisternis wandel, sal oordra⁶.

In sy prediking sal Hy blindes se oë open en gevangenes vrylaat. Soos wat die volk uit die ballingskap teruggelei is, so sal die Kneg van die HERE hulle verlos van die ballingskap van hulle eie sondes. Hulle oë moet geopen word, en dan sal Hy hulle verlos uit die gevangenis van hulle eie sondes⁷. Deur hulle oë te open, sal die deur van Satan se gevangenis verbreek word⁸.

1. Young, E.J. The Book of Isaiah. 1970. p. 382.

2. Greijdanus, S. Het Evangelie naar Lukas. 1955. p. 170.

3. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 103.

4. Lockyer, H. t.a.p.

5. Young, E.J. The Book of Isaiah. 1972. p. 261.

6. Young, E.J. a.w. p. 121.

7. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.2. 1953. p. 70.

8. Da Costa, I. Bijbellezingen. s.j. p. 340.

Hierdie oopsluiting van die kerker van sonde kan alleen geskied deur die leerstellinge van die Messias te aanvaar. Net soos die profete, het Jesus Homself, as gesagvol gesien en Homself baie min op die Geskrifte beroep. Hy het hulle deur middel van gelykenisse geleer, op welke terrein Hy 'n meester was¹.

In sy leer en onderwysing het Hy Hom baie gerig tot die onderdrukte en gebrokenes van harte. Aan hulle leer Hy hoe om hulle laste te verlig. Uit sy onderwysing blyk dit dat Hy hulle lewensomstandighede geken het².

Die sentrale tema in sy prediking was onder andere liefde. Liefde teenoor God en liefde teenoor die medemens wat tog die twee boustene was waarop die Wet en Profete gerus het³.

3.5 Sy Prediking verrig wonders

(Jes. 42:7; 35:5; Joh. 2:11,23; Hand. 2:22; Joh. 11:47; Joh. 7:31)

Deur sy prediking sal die gebroke harte geheel word⁴ en die deur van Satan se gevangenis geopen word⁵. Selfs die dood (simbolies die woestyn) waar Satan die septer swaai, sal verander in 'n paradys⁶. Sy prediking sal 'n tydperk van heil inlei, want dit is herskeppend van aard⁷. Dit sal die natuur, die menslike sowel as die dierenatuur, vernuwe⁸. In hierdie nuwe toekoms saam met die Messias sal daar geen verlange na die verlede wees nie, want sy krag lê (die Messias s'n) in die HERE en Hy is gesalf met die Heilige Gees⁹.

1. Klausner, J. Jesus of Nazareth. 1947. p. 411.

2. Klausner, J. t.a.p.

3. Spivey, R.A. & Smith, D.M. Anatomy of the New Testament. 1963. p. 127.

4. Von Rad, G. The Message of the Prophets. 1968. p. 246.

5. Da Costa, I. Bijbellesingen. s.j. p. 240.

6. Herbert, A.S. The Book of the Prophet Isaiah. 1973. p. 196.

7. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.1. 1952. p. 352.

8. Calvyn, J. (Vert. Sizoo, S.) Institutie. 1956. p. 505.

9. Ridderbos, N.H. a.w. p. 99.

Hulle wat in sonde lewe se oë is gesluit en Iemand moet dit kom open. Die komende Messias sal hiertoe in staat wees, want Hy sal 'n Lig vir die volke wees wat in duisternis wandel (sonde) (Jes. 9:1). Hierdie gedagte vind baie mooi aansluiting by die Nuwe Testament, waar Jesus van Homself gespreek het as die Lig van die wêreld (Joh. 8:12; 9:5). Selfs Mattheus spreek van die Lig wat in die donkerte van die menslike lewe sal skyn (Matt. 6:23; 10:27)¹. Wanneer Johannes die Doper boodskappers na Jesus stuur om uit te vind of Hy die Messias is, is sy antwoord 'n verwysing na die profesie van Jesaja soos opgeteken in Jes. 42:7 (Matt. 8:17)² ('Blindes sien weer, kreupeles loop, melaatse word gereinig ...').

Jesus se werke getuig van die Vader en van sy eie bo-natuurlike krag. Op dieselfde wyse getuig die gawes van die apostels na die uitstorting van die Heilige Gees, dat Hy met sy bloed 'n Goddelike instelling gebring het. Sy wonders getuig van Hom as Verlosser. Reeds het Jesus se toetrede tot die wêreld getuig van wonders (sy ontvangs van die Heilige Gees) asook sy verlating (hemelvaart)³.

4. DIE MESSIAS SE TWEE NATURE

Hy was waaragtig God en waaragtig mens. Die Hemelse Vader het besluit wat die beste vir die mens is, sodat die wolk van ongeregtigheid tussen Hom en die mens verwyder kon word. Die Verlosser kon nie net 'n mens, in die gewone sin van die woord wees nie, want hy het juis die sonde teenoor die HERE gedoen. Hy kon ook nie 'n engel gewees het nie, maar alleen die Seun van God kon hierdie rol gevul het. Hy was mens uitgesonderd

-
1. Young, E.J. The Book of Isaiah D1.3. 1972. p. 121.
 2. Taylor, V. The Person of Christ in the New Testament. 1963. p. 14.
 3. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 107.

die sonde om vir die mens 'n Immanuel te word (Jes. 7:14): 'God met ons'. In Hom was die Goddelike en die menslike natuur 'n volmaakte eenheid¹.

4.1 Goddelike Natuur

4.1.1 Seun van God (Jes. 9:5; 25:9; 40:10; Matt. 3:17; Kol. 1:15; Rom. 8:29)

As seun van Dawid sal Hy regeer volgens die norme van die HERE. Sy naam, Immanuel, dui op sy Goddelikheid, naamlik 'God met ons'². Die name Vredevors, Wonderbaar, Ewige Vader, Sterke God, dui op sy Godheid³. Die profesieë van Jesaja dui nie net op die vleeswording van die Messias nie, maar ook daarop dat Hy die Seun van God genoem sal word. Dit sal 'n Wonderlike Kind wees, want Hy sal ook Verlosser wees.

Hierdie Kind sal as 'n Seun bekend wees. As daar na die Nuwe Testament gekyk word, is Jesus die enigste wat die naam 'Seun' dra. Hy as tweede Persoon in die Goddelike Drie-Eenheid sal dus as gewone mens, Seun van God wees⁴.

In die Nuwe Testament word die benaming 'Seun van God' verskeie kere aan Jesus gekoppel, soos byvoorbeeld by sy doop (Mark. 1:11) en sy verheerliking op die berg (Mark. 9:7). Ook by geleentheid van sy versoeking in die woestyn word Hy deur Satan aangespreek as 'Seun van God' en nie as Messias nie. Dit is egter duidelik uit bogenoemde gevalle dat Seun van God 'n ekwivalent van Messias is⁵.

1. Calvin, J. (Vert. Sizoo, S.) Institutie. 1956. p. 501.

2. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.1. 1952. p. 80.

3. Herbert, A.S. The Book of the Prophet Isaiah. 1973. p. 75.

4. Da Costa, I. Bijbellezingen. s.j. p. 298.

5. Ladd, G.E. A Theology of the New Testament. 1975. p. 163.

'Seun van God' is 'n benaming wat nooit pertinent in die Ou Testament genoem word nie. Jesaja en ander profete (Jeremia) het indirek van die Verlosser, as Seun van God, gespreek. Hierdie Seun van wie daar in die Ou Testament gespreek word, verskyn in die Nuwe Testament as afskynsel van God se heerlikheid. In die profesieë van Jesaja word Hy voorgestel as 'n Verlosser, wat ook nog in die Nuwe Testament waar is. God het deur Jesaja tot die volk wat in duisternis wandel, gespreek (Jes. 9:1) en in die Nuwe-Testamentiese tyd, het Hy lig in die harte van die mens gebring¹.

Met sy verskyning het Jesus Homself ook aan die mens bekend gestel, in teenstelling met die duistere en skaduagtige voorstelling in die Ou Testament². Nou het Hy die lewe en die onverderflike aan die lig gebring deur 'n evangelie van lewe³.

As Seun van God was Hy bewus van sy verpligtinge teenoor sy Vader. Op twaalfjarige ouderdom in die Tempel, praat Hy al van die 'werke' van sy Vader (Luk. 2:49) en by die geleentheid van die Tempel reiniging, praat Hy van die 'Huis van My Vader' (Joh. 2:16)⁴.

4.1.2 God Drie-Enig (Jes. 48:16; 61:1; 63:9,10; Matt. 3:16-17)

In bogenoemde profesieë van Jesaja, is die Vader soms die spreker en is daar van sowel die Kneg (Messias) as die Gees van God sprake, of die Kneg is die spreker en die Vader en die Gees word genoem. In Jesaja 63:9 is daar byvoorbeeld sprake van die tweede en derde Persone van die Goddelike Drie-eenheid⁵.

1. Calvyn, J. (Vert. Sizoo, S.) Institutie. 1956. p. 452.

2. Calvyn, J. t.a.p.

3. Calvyn, J. a.w. p. 453.

4. Marshall, I.W. The Work of Christ. 1969. p. 16.

5. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.2. 1953. p. 241.

In die Ou Testament is die HERE die Verlosser van sy volk, maar in die Nuwe Testament vervul die HERE Jesus hierdie rol as Seun van God. In die Ou Testament (Jes. 8:18) het Jahwe sy volk besoek, maar in die Nuwe Testament word God geopenbaar in sy Seun Jesus Christus, wat albei verantwoordelik was vir die sending van die Heilige Gees (Joh. 14:26). Dus word die drie Persone baie duidelik deur Jesaja gestel as 'n Drie-eenheid¹.

In die Nuwe-Testamentiese tyd erken Johannes die Doper hierdie Seunskap as die tweede Persoon in die Goddelike Drie-eenheid. Hierdie Seunskap word ook vermeld by die Verheerliking op die berg (Matt. 17:5) en word ook in dieselfde lig deur Paulus en sy apostels erken² (Rom. 4:4).

4.2 Menslike Natuur

4.2.1 Seun van die mens (Jes. 53:3,4; Luk. 24:39; Matt. 11:19)

Jesaja gebruik nooit die benaming Seun van die Mens nie, alhoewel hy in sy profesieë wel te kenne gee dat daar 'n Kind, uit die geslag van Dawid, gebore sal word deurdat 'n maagd swanger sal raak.

'Seun van die Mens' het verband met die Messias se aardse verskyning omdat dit 'n heenwysing is na sy menslike afkoms. Dit is 'n benaming wat slegs deur Jesus self gebruik is en nooit deur iemand anders aangaande Hom nie³. In sy prediking het Jesus die rol van die Messias gekoppel aan dié van 'n Lydende Knecht. Die HERE Jesus het Homself 'Seun van die Mens' genoem omdat Hy wou aandui dat Hy 'n mens is wat uit die saad van 'n vrou gebore is⁴.

1. Berkhoff, L. Systematic Theology. 1969. p. 86.

2. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 111.

3. Lockyer, H. a.w. p. 113.

4. Calvyn, J. (Vert. Sizoo, S.) Institutie. 1956. p. 514.

Deur te sterf, was Hy dus mens in die volste sin van die woord¹. As mens sou Hy kennis hê van die menslike behoeftes, weemoed, liefde, hongerte en dors². Alhoewel Hy 'n aanduiding gegee het van sy menslike natuur, dui Hy ook aan dat hierdie mens in staat is tot die vergewing van sondes (Matt. 9:2,5)³.

4.2.1.1 'n Liggaam (Jes. 57:15; Hebr. 2:14; Joh. 1:14)

Volgens Jesaja sal daar 'n mens gebore word wat 'n Verlosser van sy volk sal wees. Al die beloftes wat die HERE aan sy volk gemaak het, sal vervul word wanneer hierdie Persoon sy verskyning in die toekoms sal maak⁴.

Dit sluit baie mooi daarby aan dat Jesus Homself 'n mens genoem het (Joh. 8:40) en dat Hy deur andere as 'n mens gesien is (Hand. 2:22; Rom. 5:15; 1 Kor. 15:21). In tekste soos Joh. 1:14; 1 Joh. 4:2 word daar verwys na sy 'vleeswording'⁵ deurdat Hy uit 'n vrou gebore is.

Sy liggaam het soos enige ander kind gegroei en Hy het ook toegeneem in wysheid. In Joh. 2:21 word geskilder hoe Hy liggaamlik in die tempel teenwoordig was en 'n gesprek gevoer het oor sy liggaam. As baba het Hy in die arms van Simeon gelê. Hyself sien Hom as mens wanneer Hy spreek van sy hande en voete⁶. As Middelaar sou Hy 'n menslike liggaam hê met alle menslike behoeftes (honger en dors). In alles van die liggaam was Hy dus die mens gelyk, uitgesonderd die sonde⁷.

1. Ladd, G.E. A Theology of the New Testament. 1975. p. 158.

2. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 113.

3. Ladd, G.E. a.w. p. 514.

4. Hastings, J. The Great Text of the Bible. 1910. p. 179.

5. Berkhoff, L. Systematic Theology. 1969. p. 318.

6. Lockyer, H. a.w. p. 114.

7. Calvyn, J. (Vert. Sizoo, S.) Institutie. 1956. p. 502.

4.2.1.2 Siel (Jes. 53:11; Matt. 26:38)

Jesaja voorspel dat die Kneg vermoeid na die siel sou raak¹. Omdat die Kneg van die HERE soveel lyding ten opsigte van sy siel sal ly, en sy siel vermoeid sal raak, sal Hy tevredenheid na sy lyde ontvang². Die Kneg sal tevrede terug kyk, want dit het hier gegaan om die heil van siele³. In hierdie teksgedeelte gaan dit daarom dat Hy nie net 'n liggaamlike lyde sal hê nie, maar ook 'n lyde ten opsigte van die gees⁴.

In sy gesprekke het Jesus soms ook na sy liggaam en siel verwys (Matt. 26:38) en in sy gesprek met Petrus het Hy onder andere verwys na die belangrikheid van die menslike siel⁵.

4.2.1.3 Emosies (Jes. 63:9; Matt. 9:36; Luk. 19:41; Joh. 11:33,35,36; Joh. 12:27)

Die HERE Jesus het emosies soos droefheid (Joh. 11:35)⁶, weemoed (oor Jerusalem) (Luk. 19:41-44), jammerte (Matt. 9:36), toorn (Mark. 3:5), stryd in die gebed (Luk. 22:44), ontsteltenis (Joh. 12:27)⁷, geken. Hierby kan nog emosies soos vreugde, liefde vir die mens, smart en medelye, gevoeg word.

4.2.1.4 Afmatting (Jes. 40:28,30; 43:24; Joh. 4:6)

Volgens sy Goddelike natuur het Jesus Christus nie moeg geword nie, omdat Hy die bron is van alle krag⁸. Ook in sy weldade aan die mens word Hy nie moeg nie⁹. Hulle wat egter nie hulle krag in Hom soek nie, raak afgemat, ja selfs die jonges onder hulle sal struikel (Jes. 40:38)¹⁰.

1. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 115.

2. Young, E.J. The Book of Isaiah. 1972. p. 356.

3. Leupold, H.C. Exposition of Isaiah D1.2. 1971. p. 233.

4. Ridderbos, H. Jesaja D1.2. 1953. p. 71.

5. Lockyer, H. a.w. p. 117.

6. Taylor, V. The Person of Christ in the New Testament. 1963. p. 117.

7. Berkhoff, L. Systematic Theology. 1969. p. 318.

8. Ridderbos, N.H. a.w. p. 42.

9. Young, E.J. a.w. p. 68.

10. Leupold, H.C. a.w. p. 93.

Met al die reise en optredes van Jesus, het Hy na sy menslike natuur moeg geword¹. Die menslike eienskappe van moegheid word in Joh. 4:6 aan Hom as mens verbind². In hierdie beskrywing word egter ook 'n profesie bewaarheid (Jes. 50:4), waar die Kneg 'n woord van vertroosting tot die geestelik moeë Samaritaanse vrou spreek³.

4.2.1.5 Smart (Jes. 53:3-7; Matt. 8:17; Joh. 11:33,38)

Die droefheid wat die mens moes dra weens sy oortredinge, het Hy as Kneg geken⁴ (siekte is 'n sinoniem van smart)⁵. Hierdie straf was nie net beperk tot die liggaam nie, maar het ook die gees omvat⁶.

Die Kneg was gepla met smart, maar het dit stilweg aanvaar⁷. Dit was alles 'n vervulling van dit wat Jesaja geprofeteer het (53:4), naamlik dat Hy die mens se krankhede op Hom geneem het⁸.

4.2.1.6 Hy ken armoede (Jes. 11:4; 25:4; Luk. 2:24)

In bogenoemde tekste is Jesaja besig om die Messias te teken as 'n Persoon wat medelye het met die armes. Hy is vir hulle 'n beskutting, soos wat 'n skaduwee aan die moeë reisiger verkwikking bied⁹.

Volgens Nuwe-Testamentiese getuienis het die Messias hierdie profesieë vervul, deels omdat Hy armoede geken het. Hy het beide armoede en rykdom geken - Hy is as 'n arme in 'n stal gebore, maar was na sy lydensgeskiedenis ryk voor God. Hierdie

-
1. Taylor, V. The Person of Christ in the New Testament. 1963. p. 17.
 2. Lenski, R.C.H. Interpretation of St John's Gospel. 1961. p. 300.
 3. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 122.
 4. Lockyer, H. a.w. p. 228.
 5. De Beus, Ch. Op het spoor van Israel. 1961. p. 112.
 6. De Beus, Ch. t.a.p.
 7. Young, E.J. The Book of Isaiah. 1972. p. 347.
 8. Cullman, O. The Christology of the New Testament. 1963. p. 69.
 9. Ridderbos, H. Jesaja D1.1. 1952. p. 177.

armoede en rykdom word uitgebeeld in die feit dat sy ouers twee duiwe as reinigingsoffer gebring het¹, en dat Hy in die graf van 'n ryke (Josef van Arimathêa) begrawe is². Christus het nooit armoede as 'n ongerief gesien nie, maar slegs as 'n voordeel (Luk. 6:20), want aan hulle wat arm van gees is, het Hy die Koninkryk van die hemele beloof.

4.2.1.7 Toorn (Jes. 13:9; Mark. 3:5)

In hierdie profesie van Jesaja (13:9) gaan dit om die straf op die mens se sondes. Die straf word figuurlik uitgebeeld in die beeld van Babilon³. Hierdie profesie bevat 'n stukkie eskatologie, wat heenwys na Matt. 24 (die profetiese rede van Jesus)⁴. Die term 'Dag van die HERE' wys heen na die eindgerig oor alle volke (Joh. 5:22), waarin daar geen genade sal wees nie, want die HERE Jesus kom as Regter om gerig te hou oor die nasies se sondes⁵.

5. DIE DOOD VAN DIE MESSIAS

5.1 Gemartel en Geslaan (Jes. 50:6; 52:14; Matt. 26:67,68; Matt. 27:30)

Daar is geen twyfel dat dit in hierdie bogenoemde twee profesieë van Jesaja gaan om Jesus Christus se lyding nie, want dit kom in 'n groot mate ooreen met Matt. 26:67 v; 27:26 v; Joh. 19:1 v. Hier word 'n beskrywing gegee van die Kneg se gewilligheid tot hierdie lyde. In plaas van klae, het Hy sy rug gegee vir die gyselaars⁶. Slegs Jesus as Seun van God was hier toe in staat, omdat Hy ook God was⁷. Hy het Hom in lydsaam hieraan onderwerp en in hierdie proses het Hy Godswil volbring⁸.

1. Greijdanus, S. Het Evangelie naar Lukas. 1955. p. 70.

2. Da Costa, I. Bijbellezingen. s.j. p. 389.

3. Young, E.J. The Book of Isaiah. 1970. p. 422.

4. Leupold, H.C. Exposition of Isaiah. D1.1. 1968. p. 244.

5. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.1. 1952. p. 112.

6. Young, E.J. The Book of Isaiah. 1972. p. 300.

7. Young, E.J. t.a.p.

8. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.2. 1953. p. 136.

5.2 Gekruisig saam met misdadigers

Die kruisiging van Jesus was eintlik die tragiese geskiedenis van 'n man wat vasgevang was tussen die politieke sieninge van sy tyd¹. Die breë volk het 'n aardse Verlosser verwag, terwyl die Qumran-gemeenskap die Messias as 'n Priester en 'n Koning verwag het². In 4 Esra word melding gemaak van 'n Messias wat sy vyande sou uitdelg³, wat in hierdie geval die Romeine sou gewees het⁴. Dit was juis hulle wat Jesus as 'n verlosser (van die Romeinse juk) verwag het wat die meeste teleurgestel was⁵. Hulle het daarna uitgesien dat Hy die twaalf stamme van Israel weer byeen sou bring en wanneer Hy dit nie doen nie, lewer hulle Hom oor om gekruisig te word.

As Prediker was Hy 'n gevaar vir die Farriseërs se godsdienstige siening. Jesus het nie nagelaat om hulle aan die kaak te stel nie⁶. Reeds vanaf sy vroegste optrede het Hy en die Farriseërs onversoenlik teenoor mekaar gestaan⁷ omdat Hy hulle onder andere daarvan beskuldig het dat hulle geestelik blind was, dat hulle geveinds is en dat hulle hul skuldig gemaak het aan lastering van die Heilige Gees⁸.

Selfs hulle wat sy dood gesoek het, het skynbaar lateraan gevoel dat hulle in hulle eie net vasgevang is (Joh. 11:47-48)⁹. As hulle Hom sou laat begaan, sou almal in Hom glo en dan sou die Romeine die land verwoes. As hulle Jesus sou veroordeel omdat Hy verkondig het dat Hy die Seun van God is, dan tree hulle op teen hulle eie geloof in die Ou Testament¹⁰.

-
1. Ladd, G.E. A Theology of the New Testament. 1975. p. 182.
 2. Ladd, G.E. a.w. p. 138.
 3. Ladd, G.E. t.a.p.
 4. Verhoef, P.A. Die Messiasverwagting. 1958. p. 10.
 5. Bright, J. Kingdom of God. 1955. p. 198.
 6. Duvenhagen, S. Dekòr van die Nuwe Testament. s.j. p. 158.
 7. Duvenhagen, S. a.w. p. 159.
 8. Duvenhagen, S. a.w. p. 160.
 9. Ladd, G.E. a.w. p. 182.
 10. Ladd, G.E. t.a.p.

5.3 Bid vir sy vervolgers (Jes. 53:12; Luk. 23:34)

In hierdie teksgedeelte spreek Jesaja van die Kneg wat onder andere vir die oortreders gebid het. Die profeet is hier besig met 'n toekomsbeeld, van Hom wat Israel sal verlos van hulle sonde. Dit is 'n tekening van Jesus Christus wat 'n voorspraak vir baie sou doen¹.

Wanneer Jesus, volgens Lukas 23:34, vir sy moordenaars in die bresse tree, is Hy eintlik besig om te voldoen aan dit wat Hy verkondig het, naamlik (Luk. 6:28): 'Bid vir die wat julle beledig'². Hier is Hy dus reeds besig met sy versoeningswerk³.

5.4 Deurboor (Jes. 22:23; 53:5; Joh. 19:34; 20:25,27)

Hy is terwille van die mens se sondes deurboor, en dit is na hierdie gebeurtenis wat Jesaja verwys in 53:12⁴. Hy sou gewillig wees om hierdie straf wat vir die mens bedoel was op Hom te neem. Hanson⁵ assosieer die bloed wat uit Jesus se wonde gevloei het met die water wat uit die rots gekom het nadat Moses dit geslaan het (Ex. 17:6). Volgens hom sou daar in albei hierdie gevalle lewe uit die besondere daad voortgekom het.

5.5 Vrywillige en plaasvervangende dood
(Jes. 53:5,6,11; Matt. 20:28; Mark. 14:24; Joh. 10:11,18; Luk. 22:20)

Die kastyding wat vir die mens bedoel was, waardeur daar vrede met God sou kom, was op Jesus Christus. Die vrede wat Hy sou bring, sou meer wees as waaraan die mens gewoond was. Die mens het hier die kastydings verdien, maar die Kneg het dit in die plek van die mens gedra, omdat die mens nie daartoe in staat was nie vanweë sy reedsgepleegde sonde. As gevolg van hierdie dood van Jesus, het die mens volkome vrede met God bereik⁶.

-
1. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.2. 1953. p. 174.
 2. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 151.
 3. Da Costa, I. Bijbellezingen. s.j. p. 394.
 4. Bright, J. A History of Israel. 1971. p. 457. Alhoewel daar skrywers is soos C. Torrey (J.B.L., LXVI(1947) pp. 253-278) trek Bright die stelling in twyfel.
 5. Hanson, A.T. Jesus Christ in the Old Testament. 1965. p. 122.
 6. Young, E.J. The Book of Isaiah. 1972. p. 349.

Die oortredinge van die mens het neergekom op die oortreding van God se grense. Die volk het van die weg van die HERE God afgedwaal, soos skape wat herderloos was, wat ter enigertyd die roofdiere ten prooi kan val¹. Omdat Israel Satan ten prooi kon val, moes hulle nou 'n Herder kry wat selfs sy lewe vir sy skape sou gee².

In Mark. 14:24; Matt. 26:28 en 1 Kor. 11:24, maak Jesus gedurende die Laaste Avondmaal bekend dat Hy sy bloed gaan stort ter vergifnis van baie se sondes. Niemand het die lewe van die ware Herder geneem nie, want Hy het dit vrywilliglik neergelê (Joh. 10:11)³. Uit Jesus se gesprekke is dit duidelik dat Hy sy dood gesien het as iets meer as net 'n moedige bevestiging van sy boodskap. Hy het dit gesien as 'n dood van verlossing, verrig vir die mens en as losprys vir sondaars⁴. Die grondgedagte van hierdie dood lê opgesluit in Jes. 53:10: 'Hy het Hom krank gemaak ...'

6. DIE OPSTANDING

6.1 Mag oor die dood (Jes. 26:19; Matt. 16:21; 17:9,23; Matt. 27:63; 28:2; Joh. 2:19,21; Joh. 11:25; 1 Kor. 15:22)

Alhoewel die dooies dood is, is hulle nog die HERE se dooies en het Hy belang in hulle dood. Daarom profeteer Jesaja (26:19a): 'U dode sal herlewe'⁵. Die HERE wil hulle opwek, sodat hulle die lof van die HERE sal verkondig. Die grond vir hierdie opstanding lê vir die profeet in die lewewekkende 'dou' wat die HERE sal skenk. Hierdie is een van die weinige Ou-Testamentiese verwysings wat spreek van 'n individuele opstanding⁶.

1. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.2. 1953. pp. 163-164.

2. Young, E.J. The Book of Isaiah. 1972. p. 350.

3. Cullman, O. The Christology of the New Testament. 1963. p. 58.

4. Marshall, I.W. The Work of Christ. 1969. p. 43.

5. Leupold, H.C. Exposition of Isaiah. D1.1. 1968. p. 413.

6. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.1. 1952. p. 183.

In Joh. 5:28 verklaar Jesus dat almal wat in die graf is, sal opstaan wat opsigself 'n baie sterk verwysing is na die woorde van Jesaja (Jes. 26:19)¹.

Daar word in Joh. 11:25; 14:3; 2 Kor. 5:1 ook gesprek van die gelowiges wat opgewek sal word, terwyl tekste soos Matt. 12:41 spreek van die ongelowiges wat ook opgewek sal word².

Omdat Jesus mag het oor die dood, kon Hy die dood vir die mens oorwin. In gesprekke met sy dissipels, het Hy verkondig dat Hy baie sou moes ly, en dan sou sterwe, maar na drie dae sou opstaan. Hieruit blyk dit dat Hy mag oor die dood het (Mark. 8:31; Matt. 16:21; Luk. 9:22)³ en dat Hy God is.

7. SY HEMELVAART EN VERHOGING

7.1 Gawes voor die hemelvaart (Jes. 53:12; Ef. 1:20-23; Ef. 4:7-16)

Die Hemelvaart was die afsluiting van die Messias se menslike bestaan. Soos wat sy koms na die aarde bo-natuurlik was, so was sy vertrek ook bo-natuurlik⁴.

Wanneer Jesus saam met die misdadigers aan die kruis hang, dan wend een van die twee hom na Jesus in medelye. Aan hom het Jesus beloof dat hy vanaf daardie dag af saam met Hom in die paradys wou wees. Die HERE Jesus verhoor hierdie man wat tot bekering gekom het se gebede met die belofte van 'n hemelse geluksaligheid.

1. Leupold, H.C. Exposition of Isaiah. D1.1. 1968. p. 414.

2. Berkhoff, L. Systematic Theology. 1969. p. 676.

3. Klausner, J. Jesus of Nazareth. 1947. p. 300.

4. Spivey, R.A. & Smith, D.M. Anatomy of the New Testament. 1963. p. 237.

Behalwe vir die gawe van gebedsverhoring, lê hierin ook nog opgesluit dat daar op sondebelydenis, skuldverfignis volg. Hy verlos die misdadiger nie van die kruis nie, maar doen tog 'n wonderwerk deur sy skuld te vergewe, omdat dit deel van sy Messiaanse taak is. Dus onder die gespot en gehoon van die omstaanders triomfeer Jesus as die oorwinnaar¹.

Met sy hemelvaart sou Jesus verder as die triomferende na vore tree as oorwinnaar oor Satan, wie se mag nou finaal verbreek is².

7.2 Gawes na die hemelvaart (Jes. 44:3; Matt. 12:18; 27:52; Joh. 16:13; Ef. 4:12-16; Hand. 2:4,17,18)

Die beeld wat Jesaja (in 44:3) gebruik, is dié van water wat uitgegiet word en wat simbolies is van die uitstorting van die Heilige Gees. Net soos water, besit die Heilige Gees 'n lewewekkende krag. Saam met die uitstorting van die Gees van God, is daar ook seëninge van die HERE, naamlik die stigting van die eerste gemeente op Pinksterdag, tien dae na Jesus se Hemelvaart³. Hierdie seën is nie net beperk tot die mens van daardie tyd nie, maar tot alle geslagte in ewigheid⁴.

Met Pinkster het die Heilige Gees eintlik van werkplek verander. Nou sou die Heilige Gees nie weer soos vroeër na God terugkeer nie, maar Hy sou in die harte van die mens en in die kerk van Jesus woon en werk⁵.

Wanneer die Heilige Gees in die harte van die mense arbei, is Hy besig om hulle voor te berei vir hulle taak, naamlik om die

1. Van der Walt, T. Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament. D1.B. 1973. p. 121.

2. Van der Walt, T. a.w. p. 132.

3. Young, E.J. The Book of Isaiah. D1.3. 1972. p. 167.

4. Ridderbos, N.H. Jesaja D1.2. 1953. p. 86.

5. Van der Walt, T. Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament. D1.C. 1973. p. 5.

mens lewend te maak (Rom. 8:11), om hulle te heilig (Rom. 8:11,13), om hulle te lei in die ware weë (Joh. 16:13; Gal. 5:18) en om hulle te versterk (Ef. 3:17). Dit word ook in die mense, in wie se hart Hy werk, geopenbaar, naamlik dat so 'n mens Christus tot sy Saligmaker aangeneem het (1 Joh. 4:13), dat hy die werke van die liggaam doodgemaak het (Rom 8:13)¹.

7.3 Beoefening van sy voorspelde priesterskap²
(Jes. 53:12; 59:16; Heb. 5:6,7; 7:25; Rom. 8:26;
1 Joh. 2:1)

Hy het as Priester en Verlosser die mag van die wêreld en die mag van Satan vernietig. Om die mens se Hoë Priester te kon wees, moes Hy God sowel as mens wees³. Hy moes die menslike liggaam waarmee Hy bekleed was, as 'n offerhande aan die kruis gee, om versoening vir die mens te bewerkstellig⁴.

Hy sou nie net die menslike skuld vir baie dra nie, maar sou ook in die hemel vir die mens voorspraak by God doen. In hierdie voorspraak lê sy priesterlike werk opgesluit, omdat Hy moet pleit vir hulle, wie se skuld Hy dra⁵. As Middellaar moes Hy die mens herskape as kinders van die mens, tot kinders van God. Die mens word kind van God omdat sy Verlosser Seun van God is⁶.

Hierdie daad van Jesus sluit pragtig aan by Jesaja 53:10, waar die Kneg sy siel gegee het as 'n offerhande vir baie. Die offer element in hierdie daad word ook pragtig uitgelig in Jesus se woorde soos opgeteken in Mark. 14:24: 'Dit is My bloed, die

1. Berkhoff, L. Systematic Theology. 1969. p. 98.

2. In hierdie geval kan ook verwys word na hoofstuk 4, p. 135 in verband met Jesus se Priesterskap.

3. Calvyn, J. (Vert. Sizoo, S.) Institutie. 1956. p. 503.

4. Calvyn, J. a.w. p. 505.

5. Lockyer, H. All the Messianic Prophecies of the Bible. 1973. p. 183.

6. Calvyn, J. a.w. p. 502.

bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word'. Hierby voeg Matteus (26:28) nog die woorde 'tot vergifnis van sondes'. Dit is 'n Verbond van vergifnis wat hier met God gesluit word¹.

Net soos Israel van die Ou-Testamentiese tyd, was Israel van die Nuwe-Testamentiese tyd verseker van 'n salige toekoms. In die Ou-Testamentiese tyd was die volk verseker van die HERE se bystand in die stryd, terwyl die volk wat in Jesus geglo het, verseker was van sy hulp en redding². Die HERE sou ewig by sy volk wees as gevolg van die Verbond wat Hy met hulle gesluit het - Sion sou die setel word van sy aardse Ryk³. Hy het 'n Verbond met Abraham, Moses en Dawid gesluit waarin seën en bystand aan hulle verseker is. Die Verbond met Dawid het later die middelpunt geword van hulle godsdiens⁴, naamlik dat uit sy (Dawid se) nageslag, 'n Verlosser gebore sou word.

Dit is in die lig van hierdie Ou-Testamentiese Verbond, dat Ladd⁵ beweer dat met Jesus se kruisiging, is 'n nuwe Verbond tot vergifnis gesluit.

Samevatting: Die profesieë van Jesaja oor die komende Messias, vind 'n sterk verwerkliking in die Nuwe Testament. Daardie profesie oor 'n lootjie uit die stam van Isai, is in die Nuwe-Testamentiese tyd in die stal van Bethlehem vervul. Alhoewel hierdie lootjie aanvanklik nietig en klein is, sal die Messias met buitengewone goeie gewes toegerus wees, naamlik met die Gees van die HERE, die Heilige Gees.

-
1. Ladd, G.E. A Theology of the New Testament. 1975. p. 189.
 2. Bright, J. Covenant and Promise. 1977. p. 45.
 3. Bright, J. a.w. p. 55.
 4. Bright, J. a.w. p. 67.
 5. Ladd, G.E. t.a.p.

Selfs sy menslike karakter is deur die profeet beskrywe, wanneer hy spreek van Jesus se maagdelike geboorte (Jes. 7:14). As mens sou Hy hongerte (Jes. 58:7,10), afmatting (Jes. 40:28), smart (53:3-7), toorn (13:9) ken. Hierdie voorspellings toon dan ook groot ooreenkomste met Nuwe-Testamentiese tekste soos Matt. 4:2; Joh. 4:6; Luk. 2:24.

Om die majesteit en heerlikheid van hierdie Vors te kon beskrywe, moes daar van verskillende name gebruik gemaak word deur Jesaja. Dit is dan ook name wat spreek van Jesus se Godheid, naamlik sy Ewige Heerskappy, Hy is Sterke God en Vredevors wie se Regering dan ook sou voortduur tot in Ewigheid. Hierdie Name het in vervulling gekom in Matt. 1:23; Matt. 2:6; Joh. 12:34 en Joh. 16:33. Omdat Hy ook God sou wees, sou Hy volgens Jesaja ook regverdig wees in sy oordele. Jesaja voel ook verseker van die Messias se trou en waarheid in sy oordele teenoor die onderdruktes. Hy sou die las van onderdrukking afwerp. Dit is juis ook 'n openbaring van sy liefde vir die mens, naamlik dat Hy onskuldig die dood sou ingaan, terwille van hulle wat in Hom glo.

Wanneer Jesaja die prediking van die komende Messias beskrywe, is hy besig om die Nuwe-Testamentiese tyd uit te lig. Die profeet beskrywe 'n tydperk van verlossing en redding wat tipies is van die tyd wat deur die vier evangeliste beskrywe word (Luk. 2:11; Joh. 4:42). Jesaja beskrywe in geen onbekende taal die heil wat die heidense nasies sou ontvang nie (42:1).

JESUS EN DIE MESSIASVERWAGTING BY DIE JODE IN DIE NUWE-TESTAMENTIESE TYD, GEGROND OP DIE PROFESIEË VAN JESAJA

1. Uit die Koninklike geslag van Dawid

Die volk het skynbaar die profesieë van Jesaja aanvaar ten opsigte van sy afkoms, naamlik dat Hy sal spruit uit die geslag van Dawid (Jes. 11:1). Daarom is Hy dikwels deur die volks-massa begroet as Seun van Dawid. In hierdie begroeting lê 'n

Messiasverwagting opgesluit (Matt. 12:23; 15:22; 20:30 en 21:9). Die godsdienstigeleiers van daardie tyd het besef dat met hierdie begroeting, die volk Hom erken as Messias en dit is daarom dat die volk telkens deur hulle bestraf is, soos wat dit ook die geval was met die intog in Jerusalem (Matt. 21:1-11). By daardie geleentheid het die volk aan hulle siening, dat Hy 'n buitengewone persoon was, uiting gegee deur Hom die lied van die Pelgrims (Ps. 118:25-28) toe te sing: 'Hy wat kom in die naam van die HERE'¹.

Die situasie waarin die volk Hom wou sien as 'n aardse Messias, het Jesus telkens probeer vermy. In bogenoemde geval laat Hy hulle egter toe om Hom op hierdie wyse te besing. Hy het hulle geesdrif ten opsigte van die Koningskap getemper, maar ontken nie dat Hy die Messias is nie². Wanneer Jesus dan ook verkondig dat die Koninkryk van God in die wêreld gekom het (Luk. 11:20 en Matt. 12:28), beskuldig die Jode Hom daarvan dat Hy 'n opstand teen die Romeine organiseer en lewer Hom dan ook oor aan hulle³. Die grondoorsaak van hierdie oorlewering is eintlik omdat Hy nie 'n koning wou wees wat die Romeine kon verwilder nie. Die feit dat Hy hoofsaaklik in Galilea gearbei het, toon dat Hy nie belang gestel het in die koningskap nie, want dié was juis in die suide (Judea) gevestig⁴.

Nog 'n rede hoekom Hy nie in die suide wou werk nie, was omdat daar gereeld in die suide konflikte was, terwyl dit in die noorde heel rustig gegaan het onder die eenvoudige inwoners van Galilea. Om die gevaar van 'n moontlike aanbod tot 'n koningskap te vermy, het Jesus Hom selfs, slegs een keer voorgestel as 'Seun van Dawid'⁵. Hy het 'n ander betekenis daaraan

-
1. Van der Walt, T. Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament. 1973. p. 95.
 2. Van der Walt, T. t.a.p.
 3. Ladd, G.E. A Theology of the New Testament. 1975. p. 144.
 4. Dibelius, M. Jesaja. 1963. p. 57.
 5. Bornkamm, G. Jesus of Nazareth. 1969. p. 229.

geheg as die Jode, wat 'n strydende koning gesoek het¹. Hulle sou graag 'n koning wou gehad het wat die verlore grondgebied sou terugwin en vrede sou bring. Hulle het dus in hulle siening aardsgebonde gebly².

Jesus was dus die teenoorgestelde van 'n nasionale volksheld, alhoewel Hy aangesluit het (Matt. 10:5,6; 15:24) by die profesieë van Jesaja en andere (Jes. 2:2-4), waarin Hy erken het dat Israel 'n roeping het. Dit was egter nie vir Hom 'n aardse roeping nie, want sy roeping het gelê in 'n Middellaarskap tussen God en die mens. Die volk wou dit egter nie in daardie lig sien nie, en het bly vaskleef aan die gedagte van 'n opstand teen Rome³.

Wanneer Jesus aan die kruis hang met die opskrif 'Koning van die Jode' bokant sy hoof, dui dit op die volk se teleurstelling in hierdie man. Vanuit die oogpunt van die Romein gesien, was dit egter 'n spot met sy koningskap wat niks opgelewer het nie⁴.

2. Seun van die mens (Jes. 7:14)

Jesaja het nooit die benaming 'Seun van die Mens' gebruik as hy na die komende Messias verwys het nie, alhoewel hy Hom tog as 'n mens beskrywe het. In hierdie profesie van Jesaja het hy Hom beskrywe as 'n koning, wat skuiling sou bied teen die wind (32:1-2) - dit wil sê Iemand by wie die mens beskerming sou kry teen die aanslae van Satan⁵.

Die benaming Seun van die Mens is die naam wat die meeste in die Nuwe Testament aan Christus gegee word. In al hierdie gevalle is dit net Jesus wat hierdie naam gebruik wanneer Hy sy

1. Sevenster, G. De Christologie van het Nieuwe Testament. 1948. p. 77.

2. Greijdanus, S. Het Evangelie naar Lucas. 1955. p. 24.

3. Brouwer, A.M. Jesus en de Sociale Vragen. 1933. p. 250.

4. Spivey, R.A. & Smith, D.M. Anatomy of the New Testament. 1963. p. 52.

5. Snijders, L.A. De Prediking van het Oude Testament: Jesaja Deel 1. 1969. p. 317.

dissipels onderrig het¹, maar nooit deur sy teenstanders in hulle gesprekke aangaande Hom nie².

Skynbaar was dit nie 'n aanvaarbare titel om die Messias mee te beskryf nie³. Dit is 'n Hebreeuse of Aramese benaming, wat heengewys het na die mens as individu⁴. Jesus het die naam skynbaar ook gebruik om die aandag van sy koningskap af te lei. Selfs sy dissipels het ook nie hierdie naam gebruik nie, want hierdie naam word nooit deur Paulus of die apostels gebruik nie⁵.

Wanneer Jesus hierdie naam gebruik, het dit eintlik drie sake beklemtoon, naamlik: Eerstens Hy is 'n ware mens óf tweedens Hy is 'n nuwe mens óf derdens Hy is die Seun van die Mens⁶.

Volgens Stevens⁷ staan hierdie benaming in 'n baie noue verband met die gedagte van 'n Kneg, soos voorspel deur Jesaja. Wanneer Jesus dan hierdie naam gebruik, is dit om die Kneggestalte te verdiep. In Jesus het hierdie twee name bymekaar uitgekom want Hy is bo-natuurlik en groot in sy liefde, maar nogtans 'n Kneg om almal te dien⁸.

3. Die Voorloper (Jes. 40:3)

Wanneer Johannes die Doper op die toneel verskyn, is dit 'n vervulling van Jesaja 40:1-6⁹. Johannes het nie 'n nuwe godsdiens verkondig nie, maar slegs dat die Koninkryk van God naby gekom het - die byl lê aan die wortels.

Die breë volksmassa het hierdie prediking aanvaar, maar die Fariseërs en Saduseërs het wantrouig gebly¹⁰.

-
1. Taylor, V. The Person of Christ in the New Testament. 1963. p. 27.
 2. Marshall, I.W. The Work of Christ. 1969. p. 23.
 3. Stevens, G.B. The Theology of the New Testament. 1956. p. 43.
 4. Marshall, I.W. a.w. p. 20.
 5. Stevens, G.B. t.a.p.
 6. Sevenster, G. De Christologie van het Nieuwe Testament. 1948. p. 79.
 7. Stevens, G.B. a.w. p. 48.
 8. Stevens, G.B. a.w. p. 49.
 9. Klausner, J. Jesus of Nazareth. 1947. p. 245.
 10. Klausner, J. a.w. p. 250.

4. Die Koninkryk van God

Geen woorde kan hierdie Koninkryk beskrywe nie en selfs die Ryk van Salomo met al sy heerlikheid, kan nie daarmee vergelyk word nie¹. Wat ook al deur die Profete (Jes. 35:5,6) oor die Messiaanse tyd voorspel is, is oor die algemeen reg verstaan deur die volk en het aangesluit by hulle Messiaanse-verwachting, naamlik dat die blindes weer sal sien, dowes weer sal hoor en moeës weer krag sal kry².

Wanneer Jesus begin met sy wonderwerke, het dit ook goed aangepas by hierdie Messiasverwachting en veral as Hy verkondig 'dat die Koninkryk van God het naby gekom', is Hy besig om die profesie van Jesaja (35:5-6) te vervul³. Sy antwoord aan Johannes die Doper op die vraag of Hy die verwagte Messias is, verwys na hierdie wonderwerke.

Gedurende Jesus se optrede in Galilea genees Hy heelwat melaat-ses, waarvan die siekte 'n teken van sonde en skuld was. Net so het ook die dowe en blinde magteloos gestaan as gevolg van die sonde⁴. Wanneer Jesus hierdie mense genees, het die wonderwerke geen simboliese betekenis nie, maar wys dit heen na daardie spesifieke omstandighede waarin hulle vasgeknel was. Deur hierdie genesings toon Jesus sy Almag.

Jesus het ook gedurende daardie tyd sy Almag getoon oor die natuur, wanneer Hy byvoorbeeld die storm stilmaak of die brood vermeerder het. Hy het gespreek en dit het geskied⁶.

In sy leerstellinge het Jesus ook die mens aangegryp in hulle Messiasverwachting van 'n koning wat dan hulle lewensomstandig-

1. Bright, J. Kingdom of God. 1965. p. 48.

2. Klausner, J. Jesus of Nazareth. 1947. p. 250.

3. Klausner, J. t.a.p.

4. Grossheide, F.W. De Openbaringsgeskiedenis in het Nieuwe Testament. 1953. p. 53.

5. Grossheide, F.W. t.a.p.

6. Grossheide, F.W. a.w. p. 54.

hede in die Joodse staat sou verander. Na die gevangeneeming van Johannes kom daar 'n wending in sy prediking en skilder Hy sy lyding en die aard van hierdie koninkryk. In die skildering van hierdie koninkryk gee Hy 'n opsomming van die Wet, gebaseer op liefde.

Die skildering van die Koninkryk van die Hemele vind 'n hoogtepunt in die Bergrede. Hier word die evangelie, onder die nuwe bedeling geskilder. Die ou bedeling is nou in Jesus Christus vervul, want dit wat daar gebied is, is nou verstaan. Saam met die ken van hierdie nuwe bedeling, ondervind hulle ook die vreugde daarvan (Matt. 6:25)¹.

Hierdie koninkryk sou 'n geestelike koninkryk wees². In hierdie koninkryk sal die Seun van God alle skeidings wat tussen hemel en aarde ontstaan het as gevolg van die sonde, afbreek. Deur gelykenisse en wonderwerke openbaar Jesus die geheimnisse van hierdie koninkryk³. Selfs Petrus, die rots waarop Jesus sy kerk sou bou, het skynbaar, net soos die volk, 'n ander siening van die koninkryk van God gehad (Matt. 16:22-23)⁴.

Dit is vir die volk 'n teleurstelling, want hulle het letterlik geklou aan hierdie wonders om hulle lewensomstandighede op aarde makliker te maak⁵. As hy moet ly, is Hy tog niks beter as hulle nie en dan kan Hy maar oorgelewer word aan die Romeine.

DIE NIE-REALISTIESE IN DIE JESAJA PROFESIEË GEE AANLEIDING TOT JESUS SE VERWERPING DEUR DIE VOLK

Die prediking van Jesus kon nie altyd ingang vind by die volk nie, omdat hulle onder andere Jesaja se prediking verkeerd geïnterpreteer het. Jesaja se siening van die Messias uit die

1. Grossheide, F.W. De Openbaringsgeskiedenis in het Nieuwe Testament. 1953. p. 53.

2. Spivey, R.A. & Smith, D.M. Anatomy of the New Testament. 1963. p. 200.

3. Spivey, R.A. & Smith, D.M. a.w. p. 199.

4. Ladd, G.E. A Theology of the New Testament. 1975. p. 141.

5. Ladd, G.E. a.w. p. 137.

geslag van Dawid het hulle, soos reeds aangedui, oorgeplaas na 'n politieke terrein. As Hy dan 'n koning uit die geslag van Dawid is, dan sou Hy ook die glorie van Dawid se regering in ere herstel en die Romeinse juk afwerp. Hulle hoop op 'n koning is versterk deur die feit dat met die geboorte van Jesus het die Wyse Manne uit die Ooste kom soek na die koning van die Jode. Selfs die geskenke wat hulle gebring het, het getuig van dit wat aan 'n koning gebring is (Matt. 2:11)

Vir sommige Jode was dit moeilik om die begrippe dogma en politiek in hierdie tyd van mekaar te skei¹. In hierdie periode tussen Maleagi en die geboorte van Jesus het die volk vir hulleself 'n eie Messiasverwagting opgebou, wat in stryd was met die Messiasbeeld wat in die Ou Testament verkondig is². Om by hulle eie beeld van 'n verlossende koning uit te kom, was hulle lief om die naam Seun van Dawid te gebruik in hulle Messiasverwagting³.

Dit was veral die Selote wat 'n Messias verwag het wat die volk van hulle aardse vyande sou verlos. Dus moes die Messias uit hulle oogpunt 'n Koning of veldheer gewees het⁴.

Omdat die Farriseërs en die Skrifgeleerdes die Koninkryk van God wou volbring deur wetsvervulling, het hulle uitgesien na 'n Wetgewer - 'n nuwe Moses wat 'n nuwe verbond met die HERE sou sluit⁵.

Vir die derde groep, uit die apokaliptiese kringe, was sy optrede 'n teleurstelling, want volgens hulle moes Hy legioene van engele uit die hemel gebied om die vyande van die volk te verdag⁶.

1. Stevens, G.B. The Theology of the New Testament. 1956. p. 14.

2. Van der Walt, T. Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament. D1.B. 1973. p. 35.

3. Ladd, G.E. A Theology of the New Testament. 1975. p. 144.

4. Verhoef, P.A. Die Messiasverwagting. 1958. p. 16.

5. Verhoef, P.A. t.a.p.

6. Verhoef, P.A. t.a.p.

Bright, J. Kingdom of God. 1955. p. 192.

Profesieë soos wat opgeteken staan in Jesaja 53 is nooit geïntegreer met die voorspelling van die Hemelse Messias nie. Dit het eers ter sprake gekom in die Nuwe Testament waar Jesus die koninkryk van God beskrywe het. Hulle gedagte was so gevul met die aardse (mag en heerlikheid) gedurende die Nuwe-Testamentiese tyd, dat die geestelike op die agtergrond geskuif is. Daarom was die idee van Jesus se Hemelse Koninkryk nie van belang nie¹. Jesaja het tog voorspel van 'n Verlosser en waar is Hy?²

Die idee van 'n vors of koning het skynbaar sy oorsprong in 2 Sam. 7:16 gehad³: 'Jou troon sal vasstaan tot in ewigheid'. As hierby nog gevoeg word Jesaja se profesie van 'n koninkryk wat sal strek van die Ooste tot die Weste, dan lyk die prentjie nog rooskleuriger⁴.

Jesus Christus wou Hom egter nie laat misbruik as 'n politieke figuur nie⁵. Indien Hy hulle aanbod van 'n aardse koningskap sou aanvaar het, sou Hy 'n geweldige aanhang gehad het. Wanneer Hy begin praat van 'n geestelike koninkryk waarin sy 'vlees geëet en sy bloed gedrink word', draai hulle die rug op Hom⁶.

Jesus het gedurig gepreek dat die tyd vervul is en dat die Koninkryk van God gevestig moet word⁷. Daarom is Jesus op aarde - Hy moet met dié werk begin⁸. In hierdie Koninkryk wat Hy op die aarde moes begin, sal dié wat die minste op aarde is, die hoogste geag word. Hierdie mense wat die minste is, is hulle wat die laste van die lewe dra⁹. Jesus het dan ook hierdie Koninkryk in Homself volbring gesien¹⁰, alhoewel dit vir die volk 'n vreemde gedagte was.

1. Stevens, G.B. The Theology of the New Testament. 1956. p. 15.

2. Bright, J. Kingdom of God. 1955. p. 18.

3. Stevens, G.B. a.w. p. 76.

4. Hodgkin, A.M. Christ in all the Scriptures. 1973. p. 144.

5. Spivey, R.A. & Smith, D.M. Anatomy of the New Testament. 1963. p. 214.

6. Ladd, G.E. A Theology of the New Testament. 1975. p. 140.

7. Bright, J. t.a.p.

8. Bright, J. a.w. p. 198.

9. Bright, J. a.w. p. 210.

10. Bright, J. t.a.p.

Hierdie prediking van Jesus was in stryd met hulle siening van 'n Messias. Jesaja het tog uitdruklik gespreek van 'n vors. Hulle soek Iemand wat iets drasties sou doen. As Jesus spreek van sy lyding is hulle beker vol¹, en lewer hulle hom in teleurstelling oor aan die Romeine.

Die volk het uitgesien na 'n leiersfiguur en hier kom verkondig Hy dat Hy sou moes ly as die Lydende Kneg van God. Dit was ook nie snaaks dat dié mense teleurgesteld was nie, want hulle was eintlik teenstanders van die HERE. Dit sou hulle nie help om hulle teen Hom te verset nie, want die reg van die HERE sal aan elkeen volbring word in hierdie Koninkryk².

Dit was vir die Fariseërs en ander godsdienstige partye onaanvaarbaar dat hulle Messias Hom sou meng met die tollenaars en sondaars (Matt. 9:11). Omdat die Fariseërs en Saduseërs geglo het dat die Messias hulle nie net sou verlos van die aardse vyande nie, maar ook van die sondaars, kon hulle nie aanvaar dat Hy Hom sou meng met hierdie mense van twyfelagtige karaktertrekke nie. Dit het ook ingedruis teen hulle oortuigings van die reinigingswette³. Volgens die Fariseërs en ander, was dit hierdie sondaars wat verhoed het dat die Messias nog nie gekom het nie. Daarom moes hulle talle wette uitvaardig om sy koms te bespoedig⁴.

Die Fariseërs was onder andere daardie mense wat deur Jesaja (9:1) beskryf is as die volk wat in die duisternis wandel. Hulle het Jesus se meng met sondaars nie gesien as 'n vervulling van Jes. 61:1,2, waar vryheid aan die wêreld beloof word nie⁵.

-
1. Stevens, G.B. The Theology of the New Testament. 1956. p. 14.
 2. Stevens, G.B. t.a.p.
 3. Duvenhage, S. Dekor van die Nuwe Testament. s.j. p. 159.
 4. Duvenhage, S. a.w. p. 158.
 5. Van der Walt, T. Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament. D1.B. 1973. p. 32.

Hierdie mense het uit die profesieë net dit geneem wat vir hulle tot voordeel sou wees, naamlik die verlossing van Israel (49:7; 54:5).

Dat daar ook aan die heidene heil gebring moes word (Jes. 52:10) was vir hulle van minder belang. In hulle egoïstiese siening¹ en onder die profesieë van Jesaja wat net gehamer het op verlossing, was Israel as volk vir hulle alleen van belang.

Hulle het die Messias alhoemeer vir hulleself toegeëien. Hierdie gedagte kom dan ook baie sterk na vore in hulle buite-Bybelse geskrifte².

Sonde het hulle harte so verhard dat hulle 'n eie vertolking van die Messiaanse verwagting opgebou het. Hulle oë was so verduister dat toe die ware Messias kom, hulle Hom nie kon raaksien nie³. Hulle was soos 'n skare wat na 'n feesmaal genooi is, maar wat ander verskonings gehad het⁴ (Luk. 14:18). Hulle sien die Messias maar soek verskonings om Hom nie te aanvaar nie.

Samevatting: By die volk was daar na aanleiding van Jesaja se profesieë, 'n verwagting van 'n Messias uit die geslag van Dawid. Die volk het Hom dan ook begroet as die Seun van Dawid. Hulle mistasting het egter daarin gelê dat hulle Hom gesien het as 'n verlosser, om die mag van die Romeine te verbreek. Daarom was hulle teleurgesteld in Hom, want Hy was geen nasionale volksheld nie.

-
1. Van der Walt, T. Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament. D1.B. 1973. p. 35.
 2. Van der Walt, T. t.a.p.
 3. Ladd, G.E. A Theology of the New Testament. 1975. p. 182.
 4. Dibelius, M. Jesaja. 1963. p. 116.

Die uiteenlopende Messiasverwagtings blyk dan ook duidelik wanneer daar na buite-Bybelse bronne gekyk word. In dieselfde lig sien die skrywer van die Apokriewe, Die Psalms van Salomo, die komende Koninkryk aardsgebonde, met groot klem wat gelê word op die verlossing van Israel¹.

Alhoewel die Psalms van Salomo die koms van die Messias in 'n aardse verband sien, is daar tog in die Testament van die Twaalf Patriarge 'n element van bo-natuurlike, naamlik die opstanding van die ontslapenes en die vernuwung van die natuur.

In die Testament van Juda, word die Messias vergelyk met 'n leeu wat die Romeinse mag sou verbreek².

Uit 2 Baruch (29:8) blyk dit dat die Messias sou optree in die volheid van die tyd wanneer daar ook 'n opstanding sou plaasvind³.

Die Assumpsie van Moses (1:18) spreek van die laaste dae waar-in die HERE besoeking sal bring aan sy volk. Hierdie werk spreek ook van berou wat op hierdie dag ondervind sal word⁴.

Hy sou die mens verlos van 'n geestelike ballingskap, blindheid en siekte, naamlik die sonde. Dit kon alleen geskied as hulle sou luister en glo in sy prediking. Sy prediking sou die mens se gebroke hart heel en die Skepping van God vernuwe (Jes. 35: 1,7 en Matt. 8:17).

Jesaja maak ook melding van Jesus se kruisiging (53:9); sy dood (50:6), dat Hy vir sy vervolgers sou bid (53:12). Die profeet spreek baie duidelik van die opstanding (25:19) en dat Hy na die Hemel sou vaar om vir die mens voorbidding te doen.

1. Laubscher, F.d.T. 'Aharîṭ Hajjāmîm in die Qumran-Geskrifte. 1973. p. 160.

2. Laubscher, F.d.T.

t.a.p.

3. Laubscher, F.d.T.

a.w.

p. 163.

4. Laubscher, F.D.T.

a.w.

p. 164.

Jesaja het die koms van die Messias eeue tevore reeds voor-
spel. Wanneer Jesaja spreek van die maagdelike geboorte, kan
daarin maar net na een gebeurtenis verwys word, naamlik na
die geboorte van Jesus Christus soos beskrywe in die Nuwe Tes-
tament. Die HERE God het Jesaja gebruik om sy volk wat 'n tyd-
perk van duisternis (ballingskap) in die gesig gestaar het,
te bemoedig.

Vir die volk wat baie bedreiginge in die gesig gestaar het,
was hierdie woorde van die profeet 'n bemoediging, dat daar 'n
klein oorblyfsel sal wees wat uit die ballingskap sou terug-
keer.

Ongelukkig was die volk se oë gesluit as gevolg van die sonde,
gedurende die koms van Jesus. Omdat hulle hul oë nie meer
hemelwaarts gerig het nie, het hulle hul verlossing ook op 'n
horisontale vlak gesoek. Omdat Hy hom gemeng het met geval-
lenis op aarde, wou die sogenaamde regverdiges onder die volk
(die Fariseërs) Hom nie aanvaar nie. Hulle het verwag dat Hy
Hom sou meng met hulle wat hulleself al verlos het met hulle
eie goeie daade.

As gevolg van die sonde het hulle hul harte so verhard dat
hulle 'n eie vertolking van die Messiaanse verwagting opgebou
het. Hulle oë was so verduister dat toe die ware Messias kom,
hulle Hom nie kon raaksien nie. Hulle was soos 'n skare wat na
'n feesmaal genooi is, maar wat allerlei ander verskonings ge-
had het (Luk. 14:18).

Alhoewel Jesaja die komende Messias as mens beskrywe (Maagde-
like geboorte onder andere), noem hy Hom nooit Seun van die
Mens nie. Ook het Jesus se teenstanders nooit hierdie term
gebruik nie.

Die tyd van wonderwerke soos deur Jesaja voorgestel, het aange-
pas by die volk se verwagtinge. Wanneer Johannes die Doper
boodskappers na Jesus stuur om te verneem of Hy die Messias
is, dan verwys Jesus na die profesieë van Jesaja (Matt. 11:5;
Luk. 7:22).

Die volk se eintlike teleurstelling het daarin gelê dat hulle 'n strydende Messias en nie 'n geestelik, verlossende Messias verwag het nie.

HOOFSTUK 6

KONKLUSIE

1. DIE MESSIASVERWAGTING

Die Messiasverwagting loop soos 'n goue draad dwarsdeur die Ou-Testamentiese, donker en ontstuimige tye. Dit begin in Gen. 3:15 as 'n belofte van die 'saad van die vrou', en soos wat die tempo van die afvalligheid teenoor die HERE en die woelinge in die volkere se geledere toegeneem het, word dit nader ontplooi, totdat dit in die 'volheid van die tyd' soos 'n breë vaandel oor die hele Nuwe Testament strek.

In Gen. 3:15 is hierdie Messiaanse belofte nog in die embriale stadium. Die 'Hy' wat die slang se kop sou vermorsel, sinspeel egter op 'n Mens, wat dan nog in daardie stadium onbekend is.

Na die sondeval is die belofte uitgebou. Volgens Gen. 9:26 (v) kom die verlossing byvoorbeeld uit die geslag van Sem. Uit die geslag van Sem word Abraham gekies in wie alle nasies van die aarde geseën sal wees (vergelyk ook Joh. 8:56-58). Uit die geslag van Abraham sal dit Juda wees wat die Verlosser sal voortbring (Gen. 49:10). Die koningsepter sal van Juda nie wyk totdat Silo gekom het nie¹. Ook Bileam bevestig hierdie gedagte (Num. 24:17-19).

In die koningstyd het die trekke van die Messias as mens al hoe duideliker geword, naamlik dat Hy uit die geslag van Dawid sal voortkom. In hierdie tyd was dit veral die Psalms van Dawid wat die draer van die Messiasgedagte was. Omdat Israel

1. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 84.

nooit die konings verafgood het nie, kan aangeneem word dat waar 'n Psalm 'n koning met Goddelike eienskappe beskrywe, dit van toepassing gemaak kan word op die Messias. Wanneer die HERE in 2 Sam. 7 sê dat Hy vir Dawid 'n huis wil bou, dan beteken dit dat Hy Dawid se koninkryk tot in ewigheid wil bevestig.

Dit is dan ook vervul in Jesus Christus, wat uit die geslag van Dawid gebore is en wat tot in ewigheid sal regeer¹.

Die koningstydperk is verder gekenmerk deur die optrede van die profete, onder andere Jesaja, wat sterk na vore gekom het as die verkondiger van die Messiaanse gedagte.

Jesaja was die profeet in wie se uitsprake, die profesieë van die Ou en Nuwe Testament 'n aanknopingspunt het. Sy profesieë oor die Messias het teruggewys na dit wat reeds gesê is in die Ou Testament en dit wat nog in die Nuwe Testament sou plaasvind.

In die donker eeue (van koning Agas) wat die koningstydperk soms oorheers het, was Jesaja die profeet gewees wat die geloof versterk het. Die profesie van Jesaja is uitstaande. Daarin word die mens getref deur die mag en liefde van die HERE - Hy straf die mens, maar druk hom ook soos 'n lam teen sy boesem aan (Jes. 40:11). Hy spreek oordele uit teen Egipte, Tirus en andere². Selfs die afgode het geen bestaansreg teenoor Hom nie (44:8).

Jesaja is in staat om hierdie indrukwekkende profesieë uit te spreek omdat hy die HERE gesien het (6:1). Volgens die evangelie van Johannes het hy die Enig gebore Seun van God gesien,

1. Bright, J. A History of Israel. 1960. p. 223.

2. Hodgkin, A.M. Christ in all the Scriptures. 1945. p. 143.

naamlik Jesus Christus (Joh. 12:37-41). Hy is die Heilige van Israel, 'n term wat eie is aan Jesaja en ook algemeen in die Psalms voorkom (Ps. 71:22; 78:41).

Die heil in die boek Jesaja konsentreer juis rondom die persoon van die komende Verlosser. In dié profesieë word die leser se aandag vasgevang in die manier waarop Jesus voorgestel word. Hierdie komende Kind word geassosieer met die menslike geslag - 'n Kind gebore, 'n Seun gegee' - wat Hy moet verlos.

In die beskrywing van die Messias spreek die profeet van die Wonderbare (die naam waarmee die HERE Homself aan Manoag en sy vrou bekend gestel het (Rigters 15:18), Wyse (Spr. 2:6: 'Want die HERE gee wysheid'), Sterke God (Emmanuel), Ewige Vader en Vredevors ('n benaming wat verband hou met Melgisedek, die koning van Salem¹).

Al hierdie voorspellings is vervul met die geboorte van Jesus: 'Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word' (Luk. 1:32) en 'Vir julle is vandag in die stad van Dawid gebore, die Saligmaker, wat Christus, die HERE is' (Luk. 2:11). In aansluiting hierby voorspel Jesaja: '... en Hy word genoem Sterke God, Vredevors' (9:5). Lukas spreek van 'Eer aan God in die Hoogste Hemele' (Luk. 2:14) en Jesaja spreek van die volk wat in die duisternis woon en wat 'n groot Lig gesien het (Jes. 9:1).

Selfs wat die afkoms van Jesus Christus betref, was Jesaja korrek toe hy voorspel het dat die Verlosser uit die geslag van Dawid sal kom. Veral die profesieë in 11:2 stem ooreen met wat Jesus van Homself gesê het in die Sinagoge van Nazaret: 'Die Gees van die HERE is op My' (Luk. 4:18). In bogenoemde

1. Hodgkin, A.M. Christ in all the Scriptures. 1945. p. 145.

gevalle was die gevolg van die salwing dieselfde, naamlik dat Hy daardeur 'n Vriend van die armes en verdruktes sou wees. Met sy eerste koms het Hy gekom om te red, maar by sy tweede koms sal Hy kom om te oordeel in sterkte en wysheid omdat die Gees van die HERE op Hom sal rus¹.

Vir die regspraak wat Hy sal beoefen, sal Hy nie soos die mens sy oë en ore nodig hê nie. Aan alle brutaliteit en onderdrukking sal Hy 'n einde maak en reg laat seëvier oor die armes en onderdruktes (Luk. 4:18; Rom. 6:10). Hierdie gedagte van geregtigheid waarvan Jesaja spreek, sluit dan ook mooi aan by die ander Ou-Testamentiese profesieë (Psalm 72:2)².

Vanaf Jes. 42 tot 52 word die komende Messias voorgestel as 'n Kneg, maar alhoewel baie van hierdie profesieë heenwys na Kores as die een wat die HERE se volk moes verlos uit die ballingskap, wys die meeste heen na die Grootste Verlosser³.

Vanaf hoofstuk 49 word die lyde van die Messias eers werklik beskrywe. Die mens het Hom gesmaad en gehaat, maar nieteenstaande dit sal konings Hom aanbid. In hoofstuk 50 neem hierdie lyde van Jesus in felheid toe. Volgens Jesaja sal Hy Homself aan hierdie lyde gewilliglik oorgee. In hoofstuk 53 van die profesie van Jesaja word die volmaakte beeld en doel van die lyde van Christus beskrywe. Hy dra die mens se sondes (Jes. 53:4). Waar kon hierdie voorspelling nader aan bewaardeid kom as juis in Joh. 1:29 en Hand. 3:19.

Jesaja voorspel nie net nie, maar hy gee ook breedvoerige beskrywings van die tyd van die Messias. Dit sal 'n heilstyd wees en die invloed daarvan op die mens sal wees soos die vloed van reën op die woestynlandskap - dit sal bloei.

1. Hodgkin, A.M. Christ in all the Scriptures. 1945. p. 146-149.

2. Edelkoort, A.H. De Christus Verwachting in het Oude Testament. 1941. p. 247.

3. Hodgkin, A.M.

t.a.p.

In Jesaja 11:6-9 word die titel Vredevors ten volle openbaar in die idilliese toestande wat die profeet beskrywe (Jes. 11:6 en 65:25). Sulke vrede kom slegs uit geregtigheid wat bekend staan as die kennis van God. As die kennis van God die aarde vul, sal selfs die diere tot bedaring kom¹. Die regering van Christus bring hierdie soort verandering ook in die mens na vore².

Hierdie vrede, wat gepaardgaan met die Messiaanse regering, word dan ook pragtig uitgedruk in Jes. 5:2-5 met 'n sterk profetiese verwysing na die einde van die tyd³.

In hierdie teks (Jes. 5:2-5) word die vrede onder die mense beskrywe, asook die verskynsel dat die mens se karakter 'n verandering sal ondergaan. In hierdie verandering in die mens se lewe sal die tempel in Jerusalem 'n sentrale plek beklee. Uit vrye wil sal alle volke na die tempel gaan⁴ waar hulle die vrede van die HERE sal smaak wat oor die hele aarde sal heers, en Hom sal kan dien⁵.

In hierdie laaste dae sal die HERE Homself in die tempel openbaar om alle volke hier te onderrig. Hierdie woorde van Jesaja het dan ook in die Nuwe Testament met die optrede van Jesus betekenis gekry⁶.

As alles dan saamgevat word, kan daar net tot een gevolgtrekking gekom word, naamlik dat Jesaja een van dié profete in die Ou Testament was wat by uitstek verkondiger was van Jesus Christus, Hy wat sou kom om die karakter van die mens, van die dier en die aarde te verander soos wat dit was voor die Sondeval.

1. Black, M. & Rowley, H.H. Peake's Commentary on the Bible. 1919. p. 499.

2. Guthrie, D. e.a. The New Bible Commentary. 1970. p. 598.

3. Hengstenberg, E.W. Christology of the Old Testament. Eerste Amerikaanse Uitgawe. 1970. p. 131.

4. Snijders, L.A. Jesaja Deel 1. 1969. p. 45.

5. Kaizer, O. Isaiah 1-12. 1972. p. 27.

6. Kissane, E.J. The Book of Isaiah. 1941. p. 27.

Jesaja wys nie net op die Messiaanse tyd nie, maar hy is dié profeet in die Ou Testament wat 'n beskrywing gee van God die Heilige Gees (11:2; 42:1; 44:3; 48:16), God die Vader asook van die komende Verlosser (Seun)¹.

2. VERWERPING VAN JESUS DEUR DIE JODE

Jesaja het die gedagte van die gesuiwerde oorblyfsel van die volk verkondig, uit wie die Messias gebore sou word (9:2-7 en 11:1-9). Jesaja benadruk die woord 'oorblyfsel' meer as enige ander profeet. In die 'dag van oordeel' sal hierdie oorblyfsel sterk op die Heilige van Israel steun as Hy hulle terugbring. Die 'dag van die HERE' sal dus hierdie oorblyfsel tot seën wees, want slegs hulle sal van hierdie oordeel onthef word².

Hierdie oorblyfsel impliseer dan ook die gedagte dat die bondsvolk God se volk deur verlossing is. Die HERE eis van Sy volk dat hulle heilige sal lewe, en wys hulle daarop dat hulle nie vanweë verdienste 'n oorblyfsel is nie, want hierdie verlossing is onverdiend³.

Hierdie profesieë van Jesaja was gegrond op die beloftes aan Dawid dat 'n Verlosser sou kom om die volk te verlos. In die profesieë van Jesaja is hierdie gedagte soms verhoog bo sy werklike betekenis en bo die werklike monargie van die profeet se tyd⁴.

In die Nuwe-Testamentiese tyd was die Jode se verwagting gesentreer om 'n Heerser oor 'n aardse koninkryk. Dit was veral die Psalms van Salomo wat hierdie verwagting sterk ondersteun het. Ook in die boek van Juda word Hy gesien as 'n Kryger wat die Romeinse mag sou vernietig.

1. Rowley, H.H. The Re-Discovery of the Old Testament. 1945. p. 241.

2. Black, M. & Rowley, H.H. Peake's Commentary on the Bible. 1962. p. 490.

3. Davidson, F. The New Bible Commentary. 1953. p. 573.

4. Buttrick, G.A. The Interpreters Bible. 1956. p. 249.

Uit hierdie geskrifte blyk dit dan ook dat die Messiasverwagting 'n groot rol in die Joodse toekomsverwagting gespeel het. Alhoewel hulle dit in 'n verkeerde lig gesien het, was daar vir hulle 'n noue verband tussen die komende Messias en die Koninkryk van God. Volgens die Psalms van Salomo het hulle dan ook hierdie Koninkryk gekoppel aan die begrip 'saligheid'.

Dit was egter nie die bedoeling van God met die koms van Jesus na die aarde nie, want die sentrale feit hier was sy Messias-skap (Joh. 1:42 en Joh. 4:25). Die Jode het verskillende voorstellings van Jesus gehad, soos byvoorbeeld dié van 'n profeet soos Moses. Hy is egter nooit gesien as dié Profeet wat die mens sou vrymaak van die sondes nie¹. Die besondere verhouding waarin Hy tot sy Hemelse Vader staan, het hulle as Godslastering beskou en daarom moes Hy sterwe.

Die Jode kon nooit aanvaar dat hulle Verlosser 'n Lydende Kneg sou wees nie, want hulle was dan op daardie stadium 'n Lydende volk wat verlossing nodig gehad het. Dit was 'n verwagting wat aan die Dawidiese koningskap gekoppel was².

3. LEWE UIT DIE DOOD

Die Kneg het die spesifieke taak om 'n Lig vir die nasies te wees, om hulle uit die duisternis (dood) na die lig (lewe) te lei. Die verlossing deur die Kneg is lewewekkend, is die slotsom waartoe gekom word in die profesie van Jesaja.

Die Kneg is die basis van die gedagte van lewe uit die dood. Hy is die Een wat die dood ontsluit het, sodat die mens weer kan leef na die dood wat deur die sonde gebring is. Die

1. Bright, J. Kingdom of God in Bible and Church. 1955. p. 203.

2. Davidson, F. The New Bible Commentary. 1953. p. 592.

Messias sterf en herleef weer (Jes. 53:10). Dit, wat die grondoorzaak van die dood was (sonde), vernietig Hy en daaruit word 'n nuwe lewe gebore.

Wanneer Sanherib, die aanvoerder van Assirië, opruk na Jerusalem, staan die volk in die skadu van die dood. Omdat die volk Jesaja se prediking glo en vra om sy voorbidding (37:4), red die HERE hulle en gee Hy die lewe aan hulle deur hierdie daad.

As die volk wel later in ballingskap gaan (dood), dan is daar weer die troosvolle woorde van die HERE wat dui op lewe: 'Troos, troos My volk, sê julle God' (Jes. 40:1). As gevolg van Jesaja se prediking is die ballingskap nie 'n graf nie¹, maar is dit die geboorte van 'n nasie².

Die bondsvolk is vernietig. Soos wat 'n boom vernietig is en net 'n stomp oorbly, so word die volk van die HERE ook vergelyk met 'n stomp. Oppervlakkig beskou, is daar geen lewe meer in daardie stomp oor nie. Soos wat daar egter uit die stomp weer 'n takkie sal uitspruit wat sal groei tot 'n magtige en sterk boom, so sal daar uit die huis van Dawid weer 'n magtige Koning kom. Dieselfde geld ook vir die volk Israel. God bied lewe waar dit vir die mens onmoontlik lyk.

Die HERE is 'n lewende God en dus God van die lewendes (Matt. 22:32), daarom gee Hy ook hier lewe. Hierdie stomp se wortels sal uitloop (Jes. 11:1) en uit hom (stam van Isai) sal daar Iemand kom wat redding sal gee. Hier is dus 'n verwagting wat gekoppel is aan die Dawidiese koningskap; daarom is daar sprake van lewe uit die stomp van Isai³.

1. Helberg, J.L. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament Deel 2. 1976. p. 140.

2. Du Toit, S. Openbaringsgeskiedenis. 1969. p. 183.

3. Helberg, J.L. a.w. p. 146.

In Jesaja 40 word die mens se doodse bestaan geteken vanweë die sonde. Daar word nie by hierdie troostelose bestaan stilgestaan nie, maar God bied sy reddende genade aan die mens deur lewe en redding¹. Daar is nou hoop op die toekoms.

1. Helberg, J.L. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament Deel 2. 1976. p. 146.

FINALE OPSOMMING

Uit die Bybel word dit duidelik dat die breë begrip 'Verlosser' reeds baie vroeg by die mens aanwesig was omdat hy altyd blootgestel was aan onderdrukking en onderwerping en dat hy gesmag het om uit hierdie staat te kom.

Hierdie gedagte van verlossing uit die vyand se hande word egter onderlê deur 'n groter verlossingsdaad, waaraan die mens geen aandeel sou gehad het nie, omdat dit 'n verlossing moes wees uit die hand van iemand wat sterker as hy was. Hierdie vyand, Satan, sou die mens nie net liggaamlike ongerief aandoen nie, maar hom ook geestelik knel, waaruit hy ook graag verlos sou wou word (Ps. 6:5), maar waarin hy magteloos was. Hierdie verlossingsdaad kon alleen plaasvind deur 'n Persoon groter as die mens en dus 'n Goddelike Wese.

Dit was dan ook die doel van hierdie studie om in te gaan op die belofte van 'n Verlosser, hoe dit die mens bygebly het deur die eeue en wat die mens se siening was van die beloofde Verlosser met sy koms na die aarde.

Reeds in Gen. 3:15 sê die HERE Satan die stryd aan en gee Hy die eerste belofte van 'n Verlosser wat Satan sou oorwin (kop vermorsel). Hierdie gedagte van verlossing strek soos 'n goue draad dwarsdeur die Ou Testament, alhoewel dit nie altyd ewe duidelik in woorde uitgespel is nie (Gen. 49:10; Num. 24:17; Esegïël 17:22-24; Daniël 2:31-41), tot en met die geboorte van Jesus as Messias.

In die Openbaringsgeskiedenis word die Messias aan die mens bekendgestel as onder meer 'n Koning (wat kom uit die geslag van Dawid), 'n Priester, 'n Profeet en die Seun van God. Dit is beelde wat almal verband gehou het met sy taak as Verlosser.

Die profeet Jesaja gee egter 'n baie duidelike beeld van die Messias wat korrespondeer met Jesus Christus se Persoon en optrede. Die profeet beskrywe Hom as mens, maar wel ook as 'n buitengewone mens wat deur 'n maagdelike geboorte die aarde betree het. Sonder groot omhaal van woorde stel Jesaja die Verlosser se taak, sy lyding en sy bo-menslike vermoëns. Hy sou God (Immanuel) (7:14), Raadgewer (40:13), Regeerder (9:6) en Vader van sy volk wees. Waar die aardse konings misluk het, sal Hy hiervoor vergoed as die sagmoedige en regverdige in sy oordele. Hy sou Homself as 'n Kneg (53:11) oorlewer om deurboor en gedood te word en om daardeur vir die mens redding te bring.

Hierdie profesie van Jesaja is dan ook, soos reeds genoem, vervul met die koms van Jesus Christus na die aarde, toe Hy uit die geslag van Dawid (Luk. 1:31), uit 'n maagd gebore is. In sy optrede was Hy die mens se Raadgewer (Ef. 1:11), Sterke God (Luk. 1:49) en Ewige Vader (Joh. 10:38). Uit hierdie optrede van Jesus blyk dit dan ook verder dat Jesaja korrek was in sy profesieë aangaande Jesus as die Regverdige (Rom. 3:25, 26), die Getroue (1 Joh. 5:20), die Nederige (Matt. 11:29), wat Homself verloën het (1 Pet. 2:22-25). Sy prediking was ook in ooreenstemming met die profeet se profesieë omdat Hy heil aan die nasies gebring het (Matt. 12:21) en dat hierdie prediking wonders verrig het (Joh. 2:11). Dit alles kon geskied omdat die Messias gesalf is met die Heilige Gees (Matt. 3:16).

Omdat die mens se lewe aangetas is deur Satan, kon hy hierdie gedagte van 'n Verlosser nie altyd korrek verwerk nie. Hulle het 'n Verlosser gesoek wat hulle kon verlos van aardse vyande. Dit was moontlik die gevolg van die profesieë waarin die Messias voorgestel is as 'n Koning uit die geslag van Dawid. Dawid was 'n krygsman, dus moes hierdie Messias ook strydende Messias wees. Die volk het dus vir hulle messiasse geskep wat aangepas het by die behoefte van die tyd en kon of wou hulle nie die ware Messias raaksien toe Hy verskyn nie.

LYS VAN AANGEHAALDE VAKKUNDIGES

1. Aalders, G.Ch. 10, 11, 23, 24, 29, 33, 34, 37, 41, 42, 43, 72, 73, 74, 102.
2. Ackroyd, P.R. en Linders, B. 100.
3. Allis, O.T. 108. 109.
4. Anderson, G.W. 14, 17, 23, 55, 56, 58, 60.
5. Andriesen, P. 73, 74.
6. Bakker, F.L. 22.
7. Bauman, A.M. 150.
8. Bavinck, J.H. 5, 7.
9. Bentzen, A. 43.
10. Berkhoff, L. 139, 141, 149, 153, 163, 164, 165, 171, 173.
11. Black, M. en Rowley, H.H. 21, 26, 29, 41, 49, 52, 59, 192.
12. Bornkamm, G. 176.
13. Bright, J. 12, 13, 15, 25, 26, 27, 34, 46, 48, 50, 58, 59, 60, 83, 86, 149, 150, 153, 168, 169, 174, 179, 181, 182, 189, 194.
14. Bright, L. 90, 91, 92, 93, 94, 106, 114, 128.
15. Brouwer, A.M. 177.
16. Brullenburgh-Wurth, G. 2.
17. Buksbazen, V. 11, 90, 91, 93, 98, 99, 101.
18. Buttrick, G.A. 22, 72, 85, 86.
19. Calvyn, J. (Vert. Sizoo, S.) 145, 159, 161, 162, 163, 164, 173.
20. Charles, R.C. 46, 49.
21. Church, L.F. 85.
22. Cullman, O. 138, 139, 145, 148, 149, 166, 170.

23. Da Costa, I. 158, 161, 167, 169.
24. Davidson, F. 19, 22, 24, 26, 29, 37, 42, 43, 44, 61, 62, 63, 64, 65, 68, 72, 78, 80, 81, 194.
25. De Beus, Cn. 166.
26. De Graaf, S.G. 18, 22.
27. De Klerk, P.J.S. 72, 73, 74.
28. De Kock, B.P. 68, 69, 79.
29. Delitsch, F. 90, 94, 96, 97, 98, 99, 105, 111, 112, 115, 116, 121, 122, 123, 128.
30. Dibelius, M. 176, 184.
31. Dijk, K. 5.
32. Dodd, C. 43.
33. Driver, S.R. en Gray, G.B. 28, 29.
34. Duhm, B. 101.
35. Dummelouw, J.R. 20.
36. Du Plessis, H.G. 5, 13.
37. Du Toit, S. 7, 8, 195.
38. Duvenhage, S.J. 4, 168, 183.
39. Edelkoort, A.H. 12, 17, 18, 19, 22, 23, 25, 27, 28, 36, 37, 38, 40, 41, 43, 56, 57, 58, 78, 96, 105, 108, 109, 112, 113, 121, 188, 191.
40. Eichorn, J.G. 9.
41. Eichrodt, W. 37.
42. Eiselen, F.C. 14, 15, 55, 56, 57, 58, 61, 63, 80, 81.
43. Fensham, C. 47.
44. Geiseler, N.L. 75.
45. Geldenhuys, N. 95.
46. Gispen, W.H. 16, 18.
47. Gore, G.A. 39, 68, 85.
48. Gray, C.B. 85, 102, 114, 129.

49. Greenstone, J.H. 35.
50. Greijdanus, S. 143, 148, 158, 167, 177.
51. Groenewald, J.H. 20.
52. Grossheide, F.W. 179, 180.
53. Gunn, G.S. 31.
54. Guthrie, D. 192.
55. Hanson, A.T. 169.
56. Hansoon, P.D. 114.
57. Hargreaves, J. 31.
58. Hastings, J. 97, 99, 101, 103, 105, 106, 112, 117, 118,
119, 120, 164.
59. Helberg, J.L. 4, 6, 7, 35, 37, 41, 195, 196.
60. Hengstenberg, E.W. 21, 22, 23, 24, 32, 33, 34, 35, 38,
39, 40, 69, 76, 77, 92, 103, 104, 106, 117, 118, 130,
131, 192.
61. Henry, M. 19, 20, 27, 63, 64, 68, 76, 77, 78, 80, 82,
84, 85.
62. Herbert, A.S. 79, 90, 96, 101, 102, 159, 161.
63. Hodgkin, A.M. 28, 29, 30, 46, 63, 84, 182, 189, 190, 191.
64. Hölscher, P. 39.
65. Jamieson, R. 17, 18, 21.
66. Kaizer, O. 90, 91, 96, 113, 114, 129, 140, 141, 145,
146, 192.
67. Keil, C.F. en Delitsch, F. 23, 27, 30, 32, 33, 34.
68. Kissane, E.J. 90, 95, 97, 98, 131, 192.
69. Klausner, J. 79, 159, 171, 178, 179.
70. König, A. 108, 109, 120, 122.
71. Kraus, H.J. 31, 32, 33, 64, 65, 66, 67.
72. Kroeze, J.H. 15, 16, 28, 30, 61, 72.
73. Ladd, G.E. 161, 164, 168, 174, 176, 180, 181, 182, 184.

74. Landman, W.A. 2.
75. Laubscher, F. du T. 46, 47, 48, 49, 50, 185.
76. Layman, C.M. 84, 85, 86.
77. Lenski, R.C.H. 166.
78. Leupold, H.C. 21, 30, 90, 91, 94, 106, 107, 111, 115,
116, 120, 128, 129, 131, 133, 165, 167, 170, 171.
79. Lockyer, H. 68, 101, 103, 104, 105, 106, 110, 114, 115,
117, 120, 124, 125, 127, 128, 129, 130, 135, 138, 140,
141, 143, 144, 145, 147, 148, 151, 153, 154, 155, 157,
158, 160, 163, 164, 165, 166, 169, 173.
80. Manley, G.T. 60.
81. Marti, D.K. 105.
82. Marshall, I.H. 69, 70, 71, 72, 74, 75, 149, 152, 153,
156, 162, 170, 178.
83. McCarthy, D.J. 102.
84. McCrossan, T.J. 1.
85. Müller, J.J. 6, 70, 80, 123.
86. Noordsij, A. 38, 63.
87. North, C.R. 89, 108, 111, 115, 121, 130.
88. Parker, T.H.L. 136.
89. Pfeiffer, R.H. 10.
90. Pop, F.J. 109, 112, 114, 117, 146, 147, 148, 151, 153.
91. Pope, M.H. 28, 29.
92. Porteous, N.W. 42, 43.
93. Richardson, A.A. 100, 103, 104.
94. Ridderbos, J. 92, 95, 97, 98, 106, 107, 111, 112, 113,
115, 116, 118, 120, 121, 122, 123, 127, 129, 132, 135,
136, 140, 142, 143.
95. Ridderbos, N.H. 30, 31, 139, 140, 149, 150, 151, 152,
153, 155, 156, 157, 158, 159, 161, 162, 165, 166, 167,
169, 170, 172.
96. Ringgren, H. 104.

96. Rosenberg, R.A. 184.
97. Roth, Wm.W. 89.
98. Rowley, H.H. 48, 193.
99. Schöfield, J.N. 10.
100. Schoors, A. 130, 132.
101. Sevenster, G. 177, 178.
102. Snijders, L.A. 95, 101, 106, 112, 113, 129, 130, 140,
142, 144, 148, 177, 192.
103. Spivey, R.A. en Smith, D.N. 149, 154, 159, 177, 180,
182.
104. Stevens, G.B. 178, 181, 182, 183.
105. Taylor, V. 33, 148, 149, 151, 162, 165, 166, 178.
106. Van der Flier, A. 92, 111, 113, 114, 115, 117, 125,
127, 128, 132, 133, 140, 141, 143, 144, 145, 146, 147,
149, 150, 151, 155, 156.
107. Van der Walt, T. 172, 176, 181, 183, 184.
108. Van der Woude, A.S. 63, 64.
109. Van Rooyen, E.E. 20.
110. Van Selms, A. 17, 19, 21, 22, 31, 32.
111. Verhoef, P.A. 46, 47, 48, 49, 51, 52, 168, 181.
112. Visser, P. 19, 62, 63, 68, 74.
113. Vonck, C. 17, 19.
114. Von Rad, G. 18, 22, 94, 96, 100, 159.
115. Von Waldow, H.E. 112.
116. Vor der Hake, J.A. 12, 13, 14, 22, 40, 61, 62, 63, 74,
81, 82.
117. Vriezen, Th.C. 9, 109, 112.
118. Waterink, J. 19.
119. Wier, T.H. 89.
120. Westerman, C. 18, 20, 21, 111, 115, 119, 120, 121, 122,
124, 126, 148, 154.

121. Wifall, W. 91.
122. Wildberger, H. 63.
123. Wood, L. 44.
124. Young, E.J. 61, 62, 80, 91, 95, 99, 100, 101, 102, 103,
104, 105, 107, 111, 112, 113, 114, 116, 118, 121, 122,
123, 124, 125, 128, 129, 131, 132, 133, 134, 135, 142,
143, 144, 145, 149, 150, 155, 156, 158, 160, 165, 166,
167, 169, 170, 172.
125. Zimmerli, W. 55, 58, 61, 63, 64, 76.

Lys van Bybels, Konkordansies en Buite-Bybelse werke

1. Die Afrikaanse Bybel.
 2. Die Bybelse Konkordansie.
 3. Die Nederlandse Geloofsbelydenis. 19.
 4. 'n Diktaat van Unisa vir Bybelkunde 2. 45, 46, 49, 50,
57.
-